UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE ONTWIKKELING VAN DIENSBARE LEIERSKAP IN 'N POST-MODERNE GELOOFSGEMEENSKAP:

## 'n Prakties-Teologiese Ondersoek van Suid-Afrikaanse Immigrante in Brisbane, Australië


deur

Gerhard Oberholzer


Ingedien ter vervulling van die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in

PRAKTIESE TEOLOGIE

in die

FAKULTEIT TEOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

**Promotor: Prof J.C. Müller**

Augustus 2010


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Verklaring

Ek, Gerhard Oberholzer, verklaar dat

**DIE ONTWIKKELING VAN DIENSBARE LEIERSKAP**
**IN 'N POST-MODERNE GELOOFSGEMEENSKAP:**
**'n Prakties-Teologiese Ondersoek van**
**Suid-Afrikaanse Immigrante in Brisbane, Australië**

my eie werk is en dat alle bronne wat gebruik of aangehaal is deur volledige verwysing in die teks en in die bronnelys vermeld is.

Handtekening
Augustus 2010

# Opsomming


In hierdie studie word daar na die narratiewe van Suid-Afrikaans gebore immigrante, wat hulself in Brisbane, Australië, gevestig het, geluister. Die plaaslike konteks word in die gereformeerde gemeente van Mansfield gevind en die ontwikkeling van diensbare leierskap word beskryf as deel van die kultuur van die gemeente wat fokus op die nood van immigrante.

Die navorsing vind plaas vanuit 'n epistemologie wat uit 'n narratiewe benadering vloei. Die post-fundamentele teologiese posisionering inkorporeer die sosiale konstruksionisme, met die doel om 'n dieper verstaan van die narratiewe navorsing te bewerkstellig. Die praxis word as die beginpunt van navorsing in hierdie post-fundamentele prakties-teologiese studie gesien. Die gevolg is dat eerstehandse kennis opgedoen en geïnterpreteer word deurdat die verhale van mede-navorsers aangehoor en beskryf word. Die plaaslike geloofsgemeenskap in Mansfield bied in-kontekstuele ervaringe wat deur die mede-navorsers vertel word en wat deur die tradisies van interpretasie beïnvloed word. Hierdie ervaringe word deur die aanstelling van respondente vanuit verskillende vakgebiede verder geïnterpreteer en betekenis word aan die verhale gegee in 'n inter-dissiplinêre gesprek. Die inter-dissiplinêre gesprek word vanuit die teorie van transversale rasionaliteit gestimuleer en 'n relevante literatuurstudie komplementeer die navorsingsproses en word in die studie geïntegreer. Aan die einde van die navorsingsproses word alternatiewe interpretasies en voorstelle gemaak wat dui op die konteks groter as net die plaaslike.

Die navorsingsproses word dus ontwikkel vanuit 'n post-fundamentele teologiese posionering met die doel om die narratiewe van immigrante aan die orde te stel. Hierdie narratiewe word geïnterpreteer en 'n dieper verstaan word ontwikkel deurdat sekere diskoerse geïdentifiseer word deur 'n proses

van dekonstruksie. Kritiese vrae word gevra en die spesifieke temas vanuit die verhale word bespreek met die doel om die werklikheid van immigrasie te beskryf soos wat die mede-navorsers dit beleef.

Die taalkwessie en hoe taal aangewend word om betekenis aan verhale te gee word bespreek. Die eie interpretasies van mede-navorsers word in opvolggesprekke getoets en die verhale word hierdeur toegelaat om te ontwikkel. Die geloofstaal en die taal van die twyfel van immigrante word aangehoor ten einde hulle belewenisse van die teenwoordigheid van God in hulle lewens tydens immigrasie te verstaan.

Die ontwikkeling van Diensbare Leierskap word as ‘n natuurlike uitvloeisel van die immigrasieproses bespreek. Die immigrante beleef die diensbaarheid van die leiers in die gemeente van Mansfield positief. Hierdie studie vertel die verhale van immigrante wat deur die diensbaarheid van ander, self ook die kultuur van diensbaarheid aanneem en deelneem aan omgee-aksies om ander immigrante te bedien. Die literatuur oor diensbare leierskap wys self-leierskap, leierskap in spanverband, leierskapontwikkeling en strategiese leierskap uit as kritiese areas in die ontwikkeling van diensbare leierskap.

Die gevolgtrekking op hierdie studie is dat diensbare leierskap as ‘n integrale deel van gelowige immigrasie verstaan word en dat dit intensioneel deel vorm van die leierskapkultuur in ‘n immigrant-vriendelike gemeente. Die voorstel wat hieruit voortvloei is dat verskillende gemeentes en kerkverbande kan baat by die aanwending van diensbare leierskap binne die konteks van immigrasie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Sleutelterme

- Diensbare leierskap
- Narratiewe benadering
- Post-fundamentele benadering
- Praktiese teologie
- Inter-dissiplinêre gesprek
- Epistemologie
- Sosiale konstruksionisme
- Post-modernisme
- Mede-navorsers/Navorsingsgenote
- Respondente
- Transversale rasionaliteit
- Diskoers
- Dekonstruksie
- Geloofsgemeenskap

# Summary

In this study narratives of immigration are listened to and described from the local context of the Christian Reformed Church, Mansfield in Brisbane, Australia. The development of servant leadership is described as part of the culture of the congregation. The congregation focuses on the needs of immigrants as an immigrant-friendly church.

The research approach in this study flows from an epistemology based on a narrative theory. The post foundational approach incorporates social constructionism as part of the process in exploring a deeper meaning of the stories told by immigrants. Within this framework of post foundational practical theology, the praxis is the starting point of research. This consists of local knowledge, described and interpreted by the co-researchers and informed by traditions of interpretation.

The experiences of co-researchers are interpreted on a second level with the appointment of four interdisciplinary respondents. The respondents take part in an interdisciplinary conversation and they each contribute from their field of experience. This is done by using transversal rationality and the in-context experiences are thickened through interdisciplinary investigation. Furthermore, a study of relevant literature is introduced and added to the conversation. At the end of the research process some suggestions and alternative interpretations that point beyond the local context, are made.

The research process is therefore developed from a post foundational theological positioning with the aim of describing immigration narratives and interpreting these narratives in order to facilitate a deeper knowledge and insight into the immigration process. Different discourses will be explored by

asking critical questions and using a process of deconstruction. The in-context experiences of co-researchers are the primary narrative and their interpretations of experiences will be studied.

The language of co-researchers and how they use language will be discussed. Their own interpretations will be used as discussion points in follow up conversations and their narratives will therefore be allowed into a process of growth. Their language, pointing to their experience of the presence of God as well as their language of doubt in the process of immigration will be listened to.

Servant leadership will be discussed as an integral part of immigration for believers. The stories of the co-researchers reveal servant leadership in many different forms as part of the culture of the congregation in Mansfield. The narratives show the co-researchers becoming part of the ministry of servant leaders in the congregation. Co-researchers experience the influence of the servant leadership of others in their lives and tell stories of how their needs as immigrants are met by the servant leaders in the congregation. The literature on servant leadership points to self leadership, team leadership, leadership development and strategic leadership as relevant themes to be explored.

The conclusion of this study shows servant leadership as an integral part of immigration and that an intentional focus on a culture of servanthood will benefit an immigration friendly congregation. The proposal following from this study is to engage other congregations and churches in a conversation on the effect of servant leadership within the context of immigration.

# Erkennings

Hiermee wil ek die volgende persone en instansies vir hulle ondersteuning en hulp tydens hierdie studie bedank:

- Professor Julian Müller wat my as promotor met groot wysheid, geduld en insig tydens hierdie studie begelei het.
- Die Christian Reformed Church, Mansfield, wat hierdie immigrasie-studie van gelowiges binne die gemeente toegelaat het.
- Die mede-navorsers wat hulle verhale vertel het ten einde hierdie studie moontlik te maak. (Name word in geen spesifieke volgorde genoem nie, ten einde die identiteit van persone te beskerm):
  - Nico en Esta de Jager
  - Frans en Maria Dekker
  - Thinus en Corlia Roos
  - Johann en Helena Fölscher
  - Jakobus en Karen du Plessis
- Die respondente wat die inter-dissiplinêre gesprek vanuit verskillende vakgebiede gevoer het:
  - Dr. J.M.B. Eloff
  - K.J. Tromp
  - Nadia Janse van Rensburg
  - Dr. Johann Eloff
- My gesin: Susann, Johann en Imke vir hulle liefde, bystand, hulp en aansporing.
- My Ma, Miemie, vir haar ondersteuning en praktiese hulp, veral wanneer ek nie in Pretoria kon wees nie.
- My broer, Hardi, vir sy inspirasie.
- Soli Deo Gloria!

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK1 .......... 18

POSISIONERING .......... 18

1. INLEIDING .......... 18

2. DIE SPESIFIEKE KONTEKS VAN STUDIE .......... 20

2.1 Die aksieveld/ habitus van die navorsing .......... 20

2.2 Die navorser se kennis rakende die konteks en die verband tussen sy eie verhaal en die konteks .......... 21

2.3 Die verhouding tussen navorser en konteks .......... 23

2.4 Die navorser se teologiese posisionering en die invloed daarvan op die verhouding met die konteks en vice versa .......... 27

2.4.1 Teologiese posisionering .......... 30

2.4.1.1 Teologie in ‘n post-moderne paradigma .......... 30

2.4.1.2 ‘n Prakties-teologiese epistemologie vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese wetenskapteorie .......... 32

2.4.1.3 ‘n Narratiewe benadering tot praktiese teologie .......... 37

2.4.1.4 'n Post-fundamentele teologie .......... 39

2.4.2 Die invloed van die teologiese posisionering op die verhoudingmet die konteks .......... 40

2.4.2.1 Die konteks van studie .......... 40

2.4.2.2 Post-fundamentele praktiese teologie .......... 42

2.4.2.3 Transversale rasionaliteit .......... 43

2.4.3 Samevattende opmerkings oor hoe die teologiese posisionering die konteks van studie beïnvloed .......... 45

3. IN-KONTEKSTUELE ERVARINGE .......... 47

3.1 Die kriteria waarvolgens mede-navorsers aangewys word .......... 47

3.2 Etiese riglyne .......... 49

3.3 Metodiek van studie, ten einde getrou te bly aan die teologiese posisionering ..... 52

3.4 Die 'luister na ervaringe' word die 'beskrywing van ervaringe' ..... 55

4. INTERPRETASIES VAN ERVARINGE WORD IN SAMEWERKING MET NAVORSINGSGENOTE GEMAAK, BESKRYF EN ONTWIKKEL ..... 57

4.1 Die navorser se interpretasies word met die interpretasies van mede-navorsers gebalanseer ..... 57

4.2 Metodiek om navorsingsgenote se eie interpretasies van ervaringe te fasiliteer ..... 59

4.3 Terugvoer aan navorsingsgenote ..... 60

5. 'N BESKRYWING VAN ERVARINGE SOOS WAT DIT DEURENTYD DEUR TRADISIES VAN INTERPRETASIE GEVORM WORD ..... 61

5.1 Die basis waarop die 'tradisies van interpretasie' bestudeer word ..... 61

5.2 Die invloed van die wetenskaplike gemeenskap op die literatuurstudie ..... 62

5.3 Die vorming van in-kontekstuele ervaringe deur tradisies ..... 62

6. 'N REFLEKSIE OP DIE RELIGIEUSE EN SPIRITUELE ASPEKTE SPESIFIEK OOR GOD SE TEENWOORDIGHEID, SOOS WAT DITERVAAR WORD IN DIE SPESIFIEKE SITUASIE VAN HIERDIEGELOOFSGEMEENSKAP IN BRISBANE ..... 63

6.1 Die taal wat deur navorsingsgenote gebruik word om oor hul belewenis van God se teenwoordigheid te praat ..... 63

6.2 Die gesprek oor God word gefasiliteer in onderhoude, sonderom religieuse taal af te forseer ..... 65

6.3 Die realiteit van vorige positiewe en negatiewe ervaringe rakende God se teenwoordigheid ..... 66

7. 'N RYKER BESKRYWING DEUR INTER-DISSIPLINÊRE NAVORSING ..... 67

7.1 Temas vir verdere inter-dissiplinêre studie ..... 67

7.2 Die korrekte gebruik van relevante materiaal uit ander dissiplines en vakgebiede ..... 68

7.3 Teologiese en nie-teologiese bewyse word gebalanseer ..... 69

8. ALTERNATIEWE INTERPRETASIES MET BETREKKING TOT 'n BYDRAE WYER AS NET DIE PLAASLIKE GEMEENSKAP ..... 70

8.1 Metodiek om 'n alternatiewe verstaan van verhale te verseker ..... 70

8.2 Die betrokkenheid van navorsingsgenote ..... 71

8.3 'n Bydrae wyer as net die plaaslike gemeenskap ..... 72

8.4 Voorlopige raamwerk van proefskrif ..... 73

HOOFSTUK 2 ..... 75

IMMIGRASIE NARRATIEWE ..... 75

1. MOONTLIKE PERSPEKTIEWE IN REAKSIE OP VERSKILLENDE IMMIGRASIEVERHALE ..... 75

1.1 Die fundamentele perspektief ..... 75

1.2 Die nie-fundamentele perspektief ..... 76

1.3 Die post-fundamentele perspektief ..... 76

2. 'N POST-FUNDAMENTELE PERSPEKTIEF OP DIE IMMIGRASIE-VERHALE VAN GEBORE SUID-AFRIKANERS IN BRISBANE, AUSTRALIË ..... 78

2.1 Immigrasieverhaal van Johan en Ansie van Zyl ..... 78

2.2 Immigrasieverhaal van Ben en Jackie de Vos ..... 82

2.3 Immigrasieverhaal van Pieter en Karien Venter ..... 88

2.4 Immigrasieverhaal van Anton en Suzet Muller ..... 94

2.5 Immigrasieverhaal van Jaco en Linda Botha ..... 100

2.6 DIE PROSES VAN 'LUISTER NA ERVARINGE' WORD DIE 'BESKRYWING VAN ERVARINGE' DEUR MIDDEL VAN INTER- DISSIPLINêRE INTERPRETASIE ..... 106

HOOFSTUK 3 ..... 108

INTER-DISSIPLINêRE GESPREK EN INTERPRETASIE VAN IMMIGRASIE-NARRATIEWE ..... 108

1. RESPONDENTE ..... 108

1.1 Respondent 1: Dr. J.M.B. Eloff ..... 109

1.2 Respondent 2: Nadia Janse van Rensburg ..... 109

1.3 Respondent 3: K.J. Tromp ..... 109

1.4 Respondent 4: Johann Eloff ..... 109

2. BYDRAES VAN MEDE-NAVORSERS VANUIT VERSKILLENDE PERSPEKTIEWE EN VAKDISSIPLINES ........ 110

2.1 Wat is u besorgdhede wanneer u hierdie immigrasieverhale lees? ........ 111

2.1.1 Inleidende opmerkings deur respondent 1 ........ 111

2.1.2 Besorgdhede rakende die immigrasieverhale ........ 112

2.1.2.1 Besorgdhede oor die verhaal van Johan en Ansie van Zyl ........ 112

Respondent 1 ........ 112

Respondent 2 ........ 117

Respondent 3 ........ 118

Respondent 4 ........ 119

2.1.2.2 Besorgdhede oor die verhaal van Ben en Jackie de Vos ........ 119

Respondent 1 ........ 119

Respondent 2 ........ 127

Respondent 3 ........ 128

Respondent 4 ........ 129

2.1.2.3 Besorgdhede oor die verhaal van Pieter en Karien Venter ........ 129

Respondent 1 ........ 129

Respondent 2 ........ 136

Respondent 3 ........ 137

Respondent 4 ........ 138

2.1.2.4 Besorgdhede oor die verhaal van Anton en Suzet Muller ........ 138

Respondent 1 ........ 138

Respondent 2 ........ 145

Respondent 3 ........ 146

Respondent 4 ........ 147

2.1.2.5 Besorgdhede oor die verhaal van Jaco en Linda Botha ........ 147

Respondent 1 ........ 147

Respondent 2 ..... 156

Respondent 3 ..... 157

Respondent 4 ..... 158

2.2 Refleksie op besorgdhede rakende die immigrasieverhale ..... 159

2.2.1 Johan en Ansie van Zyl ..... 160

2.2.2 Ben en Jackie de Vos ..... 161

2.2.3 Pieter en Karien Venter ..... 163

2.2.4 Anton en Suzet Muller ..... 164

2.2.5 Jaco en Linda Botha ..... 166

2.3 Samevattende opmerkings ten opsigte van besorgdhede rakende die immigrasieverhale ..... 168

2.4 Waarom bied u dissipline/vakgebied 'n unieke perspektief op die verhale? ..... 170

2.4.1 Respondent 1 ..... 170

2.4.2 Respondent 2 ..... 171

2.4.3. Respondent 3 ..... 172

2.4.4 Respondent 4 ..... 172

2.5 Refleksie op die unieke perspektiewe wat die verskillende dissiplines bied ..... 173

2.5.1 Respondent 1 ..... 173

2.5.2 Respondent 2 ..... 173

2.5.3 Respondent 3 ..... 174

2.5.4 Respondent 4 ..... 174

2.6 Samevattende opmerkings ten opsigte van die unieke perspektiewe wat die dissiplines bied ..... 174

2.7 Waarom dink u sal u perspektief deur ander dissiplines verstaan en waardeer word? 175

2.7.1 Respondent 1 ..... 175

2.7.2 Respondent 2 ..... 176

2.7.3 Respondent 3 ..... 176

2.7.4 Respondent 4 ... 177

2.8 Refleksie op die verstaan en waardering van ander dissiplines ... 177

2.9 Samevattende opmerkings ten opsigte van die verstaan en waardering van ander dissiplines ... 178

2.10 Wat is u grootste besorgdheid, indien u perspektief nie deur ander dissiplines erken sou word nie? ... 179

2.10.1 Respondent 1 ... 179

2.10.2 Respondent 2 ... 179

2.10.3 Respondent 3 ... 180

2.10.4 Respondent 4 ... 180

2.11 Refleksie op die besorgdhede wanneer ander dissiplines 'n spesifieke dissipline nie ag en waardeer nie ... 181

2.12 Samevattende opmerkings ten opsigte van die verstaan en waardering van ander dissiplines ... 181

3. GEVOLGTREKKING ... 182

4. SAMEVATTENDE OPMERKINGS ... 183

5. REFLEKTIEWE BEWEGING VIR VERDERE STUDIE ... 185

HOOFSTUK 4 ... 188

DIE NARRATIEF VAN DIENSBARE LEIERSKAP IN 'N POST-MODERNE GELOOFSGEMEENSKAP IN BRISBANE, AUSTRALIË ... 188

1. INLEIDING ... 188

2. DIENSBARE LEIERSKAP ... 193

2.1 Self-leierskap ... 193

2.2 Leierskapontwikkeling ... 200

2.3 Leierskap in spanverband ... 209

2.4 Strategiese Leierskap ... 219

3. SLOTOPMERKINGE RAKENDE DIENSBARE LEIERSKAP IN DIE GELOOFSGEMEENSKAP VAN MANSFIELD ... 223

HOOFSTUK 5 ..... 225

DIE BELEWENIS VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID IN 'N POST-MODERNE GELOOFSGEMEENSKAP IN BRISBANE, AUSTRALIË ..... 225

1. 'N REFLEKSIE OP DIE BELEWENISSE VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID IN DIE VERHALE VAN MEDE-NAVORSERS ..... 225

1.1 Eerste diskoers: God as Bondgenoot ..... 232

1.2 Tweede diskoers: 'n Dinamiese verhouding met God bepaal die ander verhoudinge in die lewens van immigrante ..... 234

1.3 Derde diskoers: 'n Soeke na die wil van God ..... 237

1.4 Vierde diskoers: Die Woord van God in die lewens van gelowiges ..... 240

1.5 Vyfde diskoers: God is teenwoordig in die Liggaam van Christus ..... 243

1.6 Slotopmerkings ten opsigte van die teenwoordigheid van God in 'n post-moderne geloofsgemeenskap in Brisbane ..... 245

1.6.1 Dekonstruksie van verhale ..... 245

1.6.2 Gemarginaliseerde narratiewe ..... 248

1.6.3 Sosiale konstruksionisme en post-modernisme in die verhale van immigrante ..... 250

2. TRANSVERSALE RASIONALITEIT EN DIE BETEKENIS VAN DIE NARRATIEWE ..... 254

3. WAARDES WAT OP GOD SE TEENWOORDIGHEID REFLEKTEER ..... 259

4. TRADISIE-INTERPRETASIE ..... 261

4.1 Beskrywing en interpretasie van tradisie ..... 261

4.2 Gereformeerde tradisie ..... 262

4.3 Geloofsgemeenskap ..... 264

4.4 Samevattende opmerkings ..... 265

5. DIE VERHAAL VAN DIE ERVARING VAN GODDELIKE TEENWOORDIGHEID IN MANSFIELD ..... 265

HOOFSTUK 6 ..... 268

DIE ONTWIKKELING VAN ALTERNATIEWE INTERPRETASIES WAT WYER STREK AS DIE PLAASLIKE KONTEKS IN MANSFIELD ..... 268

1. INLEIDING ... 268

2. DIE TEMAS VAN STUDIE ... 269

2.1 Temas afgelei vanuit respondente se besorgdhede ... 274

2.2 Temas afgelei vanuit die belangrikheid van taalgebruik in mede-navorsers se immigrasieverhale ... 275

3. ALTERNATIEWE INTERPRETASIES RAKENDE DIE VERHALE VAN IMMIGRANTE ... 277

3.1 Alternatiewe interpretasies rakende twyfel en pyn ... 277

3.2 Alternatiewe interpretasies rakende die geloofsgemeenskap in Mansfield ... 283

3.2.1 Alternatiewe interpretasies ten opsigte van diensbare leierskap *binne die geloofsgemeenskap* ... 286

3.2.2 Alternatiewe interpretasies rakende die ervaring van God se teenwoordigheid en die bydrae van praktiese teologie *binne die geloofsgemeenskap* ... 288

3.3 Alternatiewe interpretasies rakende die belangrikheid van verhoudings in die lewens van immigrante ... 292

3.4 Alternatiewe interpretasies rakende besluitnemingsprosesse van immigrante ... 295

4. DIE ONVERTELDE VERHALE ... 297

5. 'N VOORGESTELDE BENADERING TEN OPSIGTE VAN DIENSBARE LEIERSKAP ... 299

6. SLOTOPMERKINGS EN VOORSTELLE TEN OPSIGTE VAN DIE ONTWIKKELING VAN ALTERNATIEWE INTERPRETASIES WAT WYER STREK AS NET DIE PLAASLIKE KONTEKS ... 300

HOOFSTUK 7 ... 304

REFLEKSIE OP NAVORSING ... 304

1. INLEIDING ... 304

2. DIE NARRATIEWE BENADERING ... 304

3. MY EIE POSISIONERING AS NAVORSER ... 306

4. PRAKTIESE GEVOLGTREKKINGS ... 307

5. MY EIE GROEI ... 308

6. TOEKOMSTIGE STUDIE ... 308

7. SLOTOPMERKINGS.....309

BIBLIOGRAFIE.....310

BYLAE.....324

Bylaag 1: Aanvanklike vraelys aan mede-navorsers met die oog op 'n semi-gestruktureerde gesprek wat tot 'n oop gesprek lei.....324

Bylaag 2: Etiese vraelys.....325

Bylaag 3: Opvolggroepsgesprek met mede-navorsers.....337

Bylaag 4: Opvolggesprek met Respondente.....339

# HOOFSTUK1

# POSISIONERING

## 1. INLEIDING

Die verhale van Suid-Afrikaans gebore immigrante vorm die fokus van hierdie studie. Die studie neem 'n narratiewe verloop deurdat vyf verskillende immigrasieverhale opgeteken word as die verhale van mede-navorsers, oftewel navorsingsgenote. Ander stemme word inter-dissiplinêr toegevoeg tot die navorsing, deurdat vier respondente vanuit verskillende vakgebiede 'n bydrae lewer. Hierdie proses stel dit ten doel om 'n beter begrip van gelowiges wat immigreer te bewerkstellig. Die verhale van mense speel binne die konteks van 'n nuwe geloofsgemeenskap in Brisbane, Australië, af.

Die fokus van hierdie studie kan soos volg opgesom word:

- Die beskrywing van die verhale van gelowige Suid-Afrikaanse immigrante na Brisbane, Australië
- binne die konteks van 'n post-moderne geloofsgemeenskap
- deur van narratiewe navorsing gebruik te maak
- vanuit 'n post-fundamentele, prakties-teologiese posisionering.

Die verskillende hoofstukke handel oor die bogenoemde posisionering ten opsigte van die studie en 'n beskrywing van die verhale van immigrante om sodoende 'n beter begrip van die immigrasieproses van Suid-Afrikaners te bewerkstellig. Voorstelle sal ontwikkel word om daardeur 'n bydrae te lewer wat wyer strek as net die plaaslike konteks van die studie.

Die proses van navorsing strek oor ‘n tydperk van ongeveer vier jaar. Formele gesprekke met mede-navorsers en respondente is op band opgeneem en daarna neergeskryf. Die respondente is met rede uit die vakgebiede van praktiese teologie en sielkunde gekies en sal mettertyd as ‘n verdere ontwikkeling in die interpretasie van die verskillende verhale bekendgestel word. Die navorsing bestaan egter ook uit die interpretasies en bydraes van die mede-navorsers. My dank gaan aan beide die mede-navorsers en die respondente vir hulle unieke bydraes.

Vanuit die posisionering wat in hoofstuk een aan die orde gestel word, is dit nodig om hier kortliks die navorser se bydrae tot die studie te beskryf. Dit sal later in meer detail beskryf word. Hieronder net die volgende: Ek is ‘n drie-en-veertigjarige getroude man wat in Suid-Afrika gebore is en alreeds vier jaar in Brisbane, Australië, woon. Gedurende my bediening van ongeveer sestien jaar as gemeenteleraar van drie verskillende gemeentes in Suid-Afrika en Australië, was die praktiese teologie my veld van belangstelling.

Die belangstelling in die immigrasieverhale van mense het vir my begin met ‘n leierskapseminaar, wat gelei is deur Dr.Stephan Joubert, te Moreleta Park in 2005. Tydens hierdie seminaar is daar verwys na die groot hoeveelheid Suid-Afrikaners wat as gelowiges na die buiteland immigreer en hoe hierdie verhale van immigrant-gelowiges die wêreld kan beïnvloed. Hierdie studie het daarvandaan ontwikkel om te fokus op die verhale van gelowige Suid-Afrikaansgebore immigrante wat hervestig in een van die gewildste immigrasiebestemmings onder Suid-Afrikaners, naamlik Brisbane, Australië. Die narratiewe navorsing wat daaruit voortvloei word in hierdie proefskrif beskryf.

Die eerste hoofstuk word aan die beskrywing van die spesifieke konteks van studie en die belangrikheid van in-kontekstuele ervaringe gewy. Die metodiek van interpretasie volg hierop en die rasionaal om navorsingsgenote te gebruik word verduidelik. Verskillende interpretasies word bestudeer deurdat ware lewensverhale en ervaringe van mense in ag geneem word. Hierna volg 'n religieuse refleksie en spesifieke verwysing na mense se ervaring van God se teenwoordigheid in hulle lewens. Daarna word daar gekyk na 'n moontlike wyer bydrae van hierdie studie wat groter is as die plaaslike konteks. 'n Inter-dissiplinêre studie word voorgestel, respondente uit twee verskillende vakgebiede aangewys en 'n prakties-teologiese studie geloods.

In die tweede en derde hoofstukke word die immigrasieverhale van mense vertel en die inter-dissiplinêre stemme van vier respondente aangehoor.

Kritiese areas van verstaan word vervolgens uitgewys: In hoofstuk vier word diensbare leierskap bespreek. Hoofstuk vyf handel oor mede-navorsers se ervaring van God se teenwoordigheid in hulle immigrasieverhale. In hoofstuk ses word alternatiewe interpretasies ondersoek. Voorstelle en gevolgtrekkings word in hoofstuk sewe gemaak, met inagneming van 'n kritiese refleksie op die navorsing.

## 2. DIE SPESIFIEKE KONTEKS VAN STUDIE

### 2.1 Die aksieveld/ habitus van die navorsing

Die aksieveld van hierdie studie word gevind in die daaglikse lewens van gebore Suid-Afrikaners, wat hulself in een van die groeipunte in die Australiese

samelewing in en rondom Brisbane, Australië bevind. Die veld vir navorsing fokus spesifiek op immigrante wat as diensbare leiers in 'n post-moderne samelewing leef. Dit gaan hier oor die lewens van gelowiges, nie net op Sondae nie, maar veral hulle dag tot dag lewens van Maandag tot Saterdag, te midde van al die uitdagings wat immigrasie aan hulle stel. Die praktiese konteks is dus 'n ontwikkelende geloofsgemeenskap in die “Reformed Church of Mansfield” in Brisbane, wat rekening hou met die lewensverhale van die mede-navorsers en hulle interpretasies van die unieke omstandighede waarbinne hulle hulself bevind.

Volgens Gerkin (1997:35) is 'n Christelike geloofsgemeenskap altyd in wisselwerking met die kuturele konteks en die tradisie wat die gelowiges se Christelike identiteit gevorm het. Hierdie wisselwerking beïnvloed die individu op verskeie vlakke. Dit is vir hierdie studie van belang omrede daar na die individuele verhale van immigrasie geluister word, maar spesifiek binne die kulturele konteks van 'n geloofsgemeenskap wat aan die vorm is op 'n nuwe dinamiese manier in Brisbane, Australië. Die agtergrond en tradisie van die gelowiges sal dus ook in ag geneem word om die verband en invloed hiervan op die geloofsgemeenskap te bepaal.

## 2.2 Die navorser se kennis rakende die konteks en die verband tussen sy eie verhaal en die konteks

Die kennis waaroor die navorser beskik word deur drie verskillende faktore bepaal:

Eerstens ontmoet my lewensverhaal die konteks deurdat ons gesin vir 'n periode van vier jaar onsself kom vestig het in 'n geloofsgemeenskap in Brisbane,

Australië. Meer as 80% van hierdie geloofsgemeenskap bestaan uit Suid-Afrikaansgebore immigrante na Australië. Die oorblywende bykans 20% van die geloofsgemeenskap word verteenwoordig deur gereformeerde lidmate van die Christian Reformed Church, Mansfield, in Brisbane, wat oorwegend Australiese burgers is omdat hulle ouers in die 1950s uit Nederland geëmigreer het en hulself in Australië kom vestig het. Hierdie studie sal net fokus op die verhale van Suid-Afrikaans gebore gelowiges wat as diensbare leiers optree in die breër gemeenskap van Brisbane of anders gestel, daar waar hulle woon en werk. Ek beskik dus oor eerstehandse kennis en ervaring deurdat ek die lewenswêreld van die mede-navorsers op 'n daaglikse basis deel.

Tweedens is ek as navorser geïnteresseerd in die prakties-teologiese ontwikkeling van geloofsgemeenskappe wêreldwyd. My belangstelling in hierdie veld het in 2005, tydens 'n leiersweek wat Dr. Stephan Joubert aangebied het, ontstaan. Die e-kerk bediening en spesifiek die gedagte van e-gemeenskappe wat wêreldwyd in 2006 begin ontstaan het, het by my die besef gelaat dat daar baie Suid-Afrikaansgebore gelowiges is wat hulself in die buiteland bevind met 'n behoefte om aan 'n geloofsgemeenskap te behoort. Die verhale van gelowige Suid-Afrikaansgebore immigrante na Brisbane wat ook so 'n soeke na 'n geestelike tuiste het, sal die basis van hierdie studie vorm. Die waardes en uitgangspunte van die e-gemeenskappe is volgens Lombaard (2006:1), wat ‘n medewerker van Dr.Stephan Joubert is, nie 'n bloudruk nie – daar is geen vaste model nie, slegs gedeelde Bybelse waardes, binne sinvolle verhoudings. Die lewensverhale van die mede-navorsers sal gedokumenteer word in hul soeke na 'n nuwe geestelike tuise in 'n nuwe land, binne 'n nuwe kultuur en te midde van 'n post-moderne samelewing.

Derdens en laastens dra ek as praktiese teoloog en navorser ook my eie lewensverhaal in die konteks in. Ek is 'n leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met dertien jaar ervaring in die bediening en is reeds twee jaar lank aan die Christian Reformed Church, Mansfield as predikant verbonde.

Met die aanvang van die studie en tydens groot dele van die navorsing het ek myself buite die geriefsone van ‘n gemeentebediening bevind. Met ‘geriefsone’ word bedoel dat ek nie ‘n vaste inkomste gehad het nie en aanvanklik self ook die belewenisse met immigrante, wat van voor af ‘n nuwe lewe in ‘n nuwe land moet konstrueer, kon deel.

Hier is twee aspekte van belang.  Eerstens moes ek waak om nie eensydig-teologiese insette te lewer nie.  Die bedieningservaring wat ek binne die konteks van twee verskillende Nederduits Gereformeerde gemeentes die afgelope dertien jaar opgedoen het, dra egter by tot 'n verstaan van kerkwees in hierdie gesamentlike soeke na 'n nuwe geloofsgemeenskap. Die gebruik van mede-navorsers en respondente, wat later verduidelik sal word, gee integriteit aan ‘n proses wat andersins groot gebreke sou kon vertoon, as gevolg van die gevaar van ‘n moontlike eensydige interpretasie deur my as navorser alleen.

Tweedens kon ek die ervaringsveld ten volle met die mede-navorsers deel, aangesien hulle my aanvanklik, toe hulle verhale vertel is, nie as hulle gemeente-leraar beleef het nie.  Hierdie is 'n unieke geleentheid vir navorsing en die lewensverhale van mede-navorsers sal ontvou in eie kontekstuele en konkrete ervarings, wat die kontemporêre werklikheid van gelowige mense wat immigreer, insluit.

## 2.3 Die verhouding tussen navorser en konteks

Om die verhouding tussen die konteks en myself te verstaan is dit volgens Pattison (2000:135-141) nodig om die metode van kritiese dialoog te verstaan.

- Eerstens dra elke navorser sy/haar eie idees, geloofsoortuiginge, gevoelens, persepsies en voorveronderstellings in die studie in.

- Tweedens het die spesifieke Christelike tradisie vanwaaruit die navorser kom 'n bepaalde invloed op sy idees, oortuiginge en veronderstellings.

- Derdens moet die invloed van die hedendaagse wêreld nie onderskat word nie en gevolglik sal die studie deeglik hiermee rekening hou. Die doel van kritiese dialoog is om 'n dieper verstaan te weeg te bring.

My verhouding met die konteks word gevind in die feit dat ek goeie verhoudinge opbou met mede-navorsers in die soeke na 'n sinvolle geloofsgemeenskap in Brisbane wat beantwoord aan die behoeftes van gelowiges wat in Suid-Afrika gebore is en na Australië geïmmigreer het. Hierdie reis van gelowige immigrante is die ruggraat van hierdie studie en ek as navorser is in die bevoorregte posisie om die reis met die mede-navorsers mee te maak.

Hier is dit nodig om die volgende kritiese opmerkinge rondom my verhouding met die mede-navorsers te maak binne die *sosiaal konstruksionistiese* metode van navorsing. Die mede-navorsers is deelnemers aan die proses en nie maar bloot subjekte van die studie nie. Dit beteken dat hulle as navorsingsgenote 'n unieke bydrae tot die studie maak. As navorser verbind ek myself dus tot die interpretasies en die soeke na betekenis binne die konteks deur die mede-navorsers. Die gevolg hiervan is dat die taalwerklikheid van gespreksgenote duidelik gehoor en opgeteken word. Hulle eie verhale word opgeteken en die verhale word toegelaat om te ontvou binne die konteks van die werklikheid waarbinne hulle hulself bevind.

Die proses word aanvanklik in beweging gebring deur van semi-gestruktureerde gesprekke (Bylaag 1) gebruik te maak. Bosman (2001:86) wys egter op die belangrikheid daarvan om ruimte te skep in die gesprekke, sodat mede-navorsers se verhale werklik toegelaat word om te ontvou. Hiermee word duidelik rekening gehou. Die inligting word dus grootliks bekom deurdat die navorsingsgenote as immigrante toegelaat word om hulle eie verhaal volgens hulle eie unieke ervaringe te vertel. Rubin & Rubin (1995:5) maak voorsiening vir die gebruik van beide ongestruktureerde en semi-gestruktureerde gesprekke in kwalitatiewe navorsing en derhalwe wend hierdie navorsing beide kanale aan in die soeke na ‘n ware weergawe van die lewensverhale van die mede-navorsers.

Volgens Elmesky (2005:9-12) is respek vir gespreksgenote van kardinale belang. In hierdie studie kulmineer die verhouding tussen navorser en mede-navorsers in die sensitiewe aanhoor en hantering van verskillende mense se omstandighede, agtergronde en kontekste.

Die narratiewe benadering maak dit moontlik om die lewensverhale van mense wat as gelowiges geïmmigreer het, te hanteer. Sodoende word hulle verlies aan 'n geestelike tuiste opgeteken en betekenis word gesoek in hulle nuwe lewensomstandighede met die dinamiek van verskillende nuwe invloede in hulle lewensverhale. Dit noodsaak die navorser om ten opsigte van die post-moderne wêreld verantwoordbaar te wees en die invloed daarvan op mense se lewens te ondersoek.

Die konteks sluit dus die mede-navorsers in en hul verhouding met die nuwe omgewing en gemeenskap waarbinne hulle hulself bevind, is van belang. Die vraag word gevra of die post-modernisme 'n bepaalde invloed op die gemeenskap het en ook gedeeltelik aanleiding gegee het tot die keuses van Suid-Afrikaners om in die buiteland te vestig al dan nie.

Bosman (2001:22) wys op die volgende onderskeidinge wat gehandhaaf moet word in enige bespreking waar daar sprake is van groot verskuiwings in 'n samelewing:

- Eerstens val die klem op verskuiwings in die gemeenskap self, wat met die manier waarop die gemeenskap georganiseer word, te make het. Hier is dit vir hierdie studie van belang om aan die politieke bestel van Suid-Afrika, die herstrukturering van die werkskrag in Suid Afrika en die opvoedingsisteem wat verander het, aandag te gee, insoverre dit die lewens van die mede-navorsers raak.

- Tweedens moet die verskuiwings in die kultuur onderskei word van ander verskuiwings wat gelyklopend plaasvind. Hierdie veranderinge het te make met die wyse waarop mense in 'n bepaalde gemeenskap hul werklikheid interpreteer. Dit is ook 'n interessante veld van hierdie studie wat verder ontgin word, aangesien Suid-Afrikaners in Brisbane verskillende omgewings, agtergronde en woonplekke verteenwoordig. Die verskille in kultuur en agtergrond kulmineer in ‘n enkele nuwe geloofsgemeenskap in Mansfield, Brisbane. Hierdie gemeenskap is dus nie per sé ‘n gemeenskap van eendersdenkendes nie en 'n diverse kultuur is binne hierdie geloofsgemeenskap in Brisbane ‘n realiteit.

- Laastens word daar gelet op verskuiwings wat in die diskoers oor 'n gemeenskap uitgewys word. Hier handel dit oor veranderings in die dominante beskouings van lede van die gemeenskap, die interpretasie van die media en die invloed wat dit het op die gemeenskap. Hierdie invloede vorm deel van die die narratief wat nagevors word en dit word

aan die orde gestel as werkende kragte in die Brisbane-samelewing wat ondersoek word.

Hier is dus sprake van 'n inter-dissiplinêre benadering, wat ontwikkel en vorm aanneem, soos wat die verhale ontvou en nuwe ervaringe opgeteken word. Daar word betekenis en waarde aan die ervaringe toegeken deur die mede-navorsers self, wat elk ‘n unieke bydrae tot hierdie studie lewer.

## 2.4 Die navorser se teologiese posisionering en die invloed daarvan op die verhouding met die konteks en vice versa

Ek beskou myself as 'n praktiese teoloog en wil dit verduidelik aan die hand van Pattison en Woodward (2000:6-7) wat die volgende riglyne stel vir *Praktiese Teologie*:

Praktiese teologie is op die praktyk gefokus. Hierdie praktyk staan in verhouding tot 'n spesifieke Christelik-teologiese tradisie wat in 'n spesifieke geloofsgemeenskap gevind word. In hierdie geloofsgemeenskap is daar 'n spesifieke bediening en praktiese teologie het te make met *hoe* hierdie bediening in die praktyk gestalte vind. Dit alles is in die kontemporêre gebruike van die dag en die spesifieke plek waar mense hulself bevind ingebed.

'n Definisie van praktiese teologie wat die uitgangspunt van hierdie studie verduidelik lui so: "Practical Theology is a place where religious belief, tradition and practice meets contemporary experiences, questions and actions and conducts a dialogue that is mutually enriching, intellectually critical and practically transforming" (Pattison en Woodward, 2000:6).

Alvorens die invloed van my teologiese posisionering op die verhouding met die konteks en vice versa bespreek kan word, is dit nodig om eers 'n kort oorsig oor die *narratiewe benadering* te gee.

Die keuse vir 'n narratiewe benadering en 'n oop dialoog val volgens van Huyssteen (1997:182) in drie dele uit:

- Eerstens is daar die beskrywende fase. Hier is dit belangrik om die volle verhaal vas te vang en met 'n holistiese benadering te soek na die historiese, psigologiese en sosiale kante van die verhaal en dit bloot te beskryf.

- Daarna vind die tweede fase in die proses van verstaan of verduideliking plaas. Hier is dit noodsaaklik om 'n dialoog te fasiliteer waar verskillende rolspelers vanuit verskillende vakdissiplines in gesprek met mekaar tree en die taalgebruik van elkeen aan die orde gestel word. Die kuns is om die verskillende tale van mense te hoor, raak te sien en te kodeer.

- Die derde fase word beskryf as die regverdiging van die interpretasie wat gemaak word. Hier is dit nodig om die voorbeeld van die Christelike geloofsgemeenskap goed te bestudeer, ten einde te verstaan waarom mense hulle eie waarheid in 'n spesifieke situasie en konteks sien en dit as die werklikheid beleef.

Die bogenoemde drie fases is belangrik aangesien dit binne die narratiewe benadering in praktiese teologie, die epistemologiese probleem aanspreek.

Epistemologie ondersoek die oorsprong, aard, metodes en beperkinge van menslike kennis. Die narratiewe benadering stel die realiteit van kontemporêre teologie suksesvol aan die orde deurdat mense se ervarings beskryf, verstaan en geïnterpreteer word.

My eie teologiese posisionering beïnvloed die konteks deurdat ek 'n spesifieke beklemtoning in die studie indra deur te fokus op diensbaarheid as onlosmaaklike deel van geestelike leierskap. Grenz en Franke (2001:17) vra na die doel van teologie en stel dit dan duidelik dat dit diensbaarheid is, deurdat die kerk gelowiges in Christelike geloofsgemeenskappe behoort te bedien. Hierdie teologiese beeld is myns insiens deel van die praktiese teologie en belangrik in die narratiewe benadering, wanneer gelowiges in gespek met mekaar en die wêreld waarbinne hulle hulsef bevind, bly.

Pinnock (1990:182) verduidelik voorts dat teologie 'n sekondêre taal behoort te wees wat deur gelowiges gepraat word, met die doel om oor die primêre verhaal van die Evangelie te besin. Die verhouding tussen teologie en die verhaal van Christene in die wêreld, kulmineer in diensbare leierskap. Die konteks beïnvloed dus die studie en my posisionering deurdat die oop verhale van mense in hierdie nuwe geloofsgemeenskap in Brisbane aangehoor en vertel word.

Phillips (1988:7) tree tot die teologiese debat toe deur te sê dat daar verskillende teorieë en hipoteses bestaan wat uiteindelik oor die vraag handel of God bestaan al dan nie. Die doelwit is dan om die hipotese as waar of onwaar te bewys. Hierdie studie wil egter heeltemal wegbeweeg van 'n metodiek om enige hipotese te stel, maar wil eerder na die praktiese toepassing kyk en vanuit die praktyk vra wat ter sake is in die konteks van die studie. As sulks is die studie dus nie filosofies van aard nie, maar prakties in die ware sin van die woord. Die werklike lewens van mense en hulle ervaring van God se teenwoordigheid in hulle lewens word vanuit hulle eie konteks, omstandighede en kulturele invloede ondersoek.

Dit is belangrik om daarop te let dat mense hulself en hulle optrede verdedig in die lig van die *kultuur* waartoe so 'n persoon behoort. Bruner stel dit duidelik deur te sê dat die kultuur die karaktereienskappe en konsepte dra waarbinne die individu hom/haarself regverdig. Hierdie konsepte noem hy ‘n "volk-psigologie" wat soos volg beskryf word: "All cultures have as one of their most powerful constitutive elements a folk psychology, a set of more or less connected, more or less normative descriptions about how humans tick" (Bruner, 1990:35).

Hierdie studie fokus op die verhale van gelowige mense wat geïmmigreer het en hulself nou bevind in 'n posisie om in te skakel by 'n nuwe geloofsgemeenskap met 'n nuwe kultuur. Vanuit hierdie kultuur interpreteer en regverdig mede-navorsers hulle immigrasiebesluit en sodoende word die konteks van studie beïnvloed.

### 2.4.1 Teologiese posisionering

#### 2.4.1.1 Teologie in ‘n post-moderne paradigma

Ek plaas myself in 'n *post-moderne* paradigma ten opsigte van die konteks waarbinne hierdie studie plaasvind. Alhoewel daar volgens Scheepers (1998:19) nie konsensus bestaan oor die begrip, betekenis en selfs die geldigheid van hierdie begrip nie, is dit aan die hand van die groot aantal publikasies oor post-modernisme 'n voldonge feit dat daar 'n reaksie op die moderne samelewing is. Bosman (2001:13) maak die opmerking dat post-modernisme op allerlei terreine van die lewe te vinde is.

Volgens Bosman (2001:11) het daar gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu 'n paradigmaskuif ten opsigte van die kulturele wêreldverstaan plaasgevind. Hierdie paradigmaskuif vanaf die modernisme na die post-modernisme het ook 'n bepaalde invloed op die teologie van die dag. Jonker en Heyns (1977:132-7) praat van Teologie as 'n "antwoordende spreke" op die openbaring van God, vanuit 'n bepaalde tyd en vir 'n bepaalde tyd. Hiervolgens het die kulurele skuif van die tyd waarbinne mense leef dus 'n bepaalde invloed op die teologie.

Tabel 1 het ten doel om die beweging van modernisme na post-modernisme te verklaar deur die verskille uit te wys ten einde 'n beter greep op post-modernisme te verkry.

**TABEL 1: ‘N VERGELYKING TUSSEN MODERNISME EN POST-MODERNISME**

| **Modernisme** | **Post-modernisme** |
|---|---|
| Rasionele en intellektuele kennis | Intuïtiewe kennis, leer deur ervaring en emosionele klem |
| Outoritêre styl | Buigsaamheid en styl van openheid |
| Monargieë | Demokrasieë |
| Tradisie en klem op spesifieke kultuur | Populêre kultuur, kommersialisering van plesier |
| Dissipline | Hedonisme |
| Absolute waarhede | Relatiwiteit |
| Beplanning | Eksperimentering |
| Homogeniteit | Heterogeniteit |
| Sekerhede, sisteme en sintese | Skeptisisme en dekonstruksie |

(Goudzwaard 1998:7-8, Rossouw 1995:77 en Du Toit 2000:24-30)

'n Vernuwende geloofsgemeenskap is aan die vorm tussen Suid-Afrikaansgebore gelowiges en Australiese Christene in Brisbane. Hier is dit dus van belang om te let op die verhale van mense wat hulself in 'n totaal nuwe lewenswêreld bevind. Hulle denke, styl en wyse waarop hulle die nuwe konteks rondom hulle interpreteer, word op een of ander manier deur die post-moderne wêreld waarbinne hulle hulself bevind, beïnvloed.

Vanuit Tabel 1 is dit duidelik dat hierdie studie deeglik met die post-modernisme rekening hou. Wanneer die verhale van navorsingsgenote vertel word, word hulle *lewenservaringe* beskryf. Die *kultuur* waarbinne hierdie studie plaasvind sal later in hierdie studie ondersoek word en die invloed daarvan sal duidelik uitgewys word. Die navorsingsbenadering waarvoor ek kies is nie ‘n soeke na *absolute waarhede* nie, maar prosesse van *dekonstruksie* word aan die orde gestel om die werklike interpretasies van navorsingsgenote weer te gee.

Die diversiteit van verskillende lewensterreine veroorsaak dus dat dit onmoontlik is om 'n absolute definisie vir post-modernisme te gee (Bosman, 2001:14). Dit beteken egter nie dat post-modernisme nie 'n realiteit in die lewens van immigrante in Brisbane is nie. Hierdie prakties-teologiese studie poog juis om die uitdagings en geleenthede van post-modernisme raak te sien en te benut.

#### 2.4.1.2 ‘n Prakties-teologiese epistemologie vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese wetenskapteorie

Binne die post-moderne raamwerk kies ek vir die *sosiaal-konstruksionistiese wetenskapteorie*. Hierdie teorie gaan van die veronderstelling uit dat mense sekere konstrukte oor hulle werklikheid konstrueer en dan daaraan betekenis

heg. Dit hou ook verder rekening met die rol wat tradisie speel in die vorming van menslike waardes waarmee daar in 'n spesifieke situasie geleef word.

My motivering vir hierdie keuse vind ek in die volgende woorde van Gergen (1999a: www.swarthmore.edu): "From a constructionist perspective, the traditional attempt to test hypotheses about universal processes of the mind (cognition, motivation, perception, attitudes, prejudices, self conception) seems at a minimum misguided and more tragically, an enormous waste of resources (intellectual, monetary, temporal, material). Not only is the subject matter itself a social construction, thus not subject to empirical evaluation outside a particular tradition of interpretation, but such research represents the arrogation of a uniquely western ontology of the mind to the status of the universal. "

Ek maak dus 'n keuse om binne die sosiaal-konstruksionistiese metode die navorsingsproses van hierdie prakties-teologiese studie te hanteer. Die hoofrede is omdat dit 'n deelnemende navorsingsproses is waar die waarheid van gebeure nie deur die teorie of die navorser bepaal word nie. Hier is sprake van navorsingsgenote wat saam soek na betekenis en eie interpretasies van gebeure in hul lewenswêreld maak. Elkeen is deel van die navorsingsproses. 'n Navorser in die sosiaal-konstruksionistiese metode staan dus in verhouding met die konteks en sy navorsingsgenote of deelnemende navorsers.

Ganzevoort (2002:35-39) bespreek 'n *prakties-teologiese epistemologie* vanuit 'n *sosiaal-konstruksionistiese* oogpunt. Hy beklemtoon dat daar 'n eerste en 'n tweede orde diskoers is waaraan 'n navorser moet aandag gee. ‘n Diskoers kan volgens Mustin soos volg saamgevat word: “A discourse is a system of statements, practices and institutional structures that share common knowledge” (in Freedman and Combs, 1996:42). Ganzevoort (2002:35-39) stel ‘n eerste orde diskoers as die verwysingsdimensie van taalaanwending voor. Die spreker gebruik taal op 'n spesifieke wyse om na sekere sake in sy/haar fisiese

leefwêreld of in sy/haar gedagtes te verwys. Die tweede orde diskoers is die deelnemende dimensie van taal wat verwys na die manier waarop woorde iets tot die sosiale wêreld bydra. Die bogenoemde staan bekend as sosiale diskoers of gesprekvoering. In hierdie studie word taal aangewend om die verhale van mede-navorsers te vertel. Die deelnemende dimensie van taal sal aangewend word om mede-navorsers toe te laat om eie interpretasies van hulle verhale weer te gee.

Kennis word opgedoen aan die hand van die verhale wat navorsingsgenote vertel. Hierdie kennis ondergaan 'n proses van die *dekonstruksie* van verskillende diskoerse, alvorens daar 'n dieper verstaan van die verhale kan wees. Die dekonstruksie van verhale behels dat daar na betekenis gesoek word wat dieper lê as net die aanteken van chronologiese gebeure en feite. Gebeure, stellings en strukture is ineengeweef in die verhale en verstaan word moontlik gemaak deur 'n proses van dekonstruksie van die kennis waaroor 'n verhaal beskik op 'n gegewe tyd binne 'n bepaalde konteks.

"The very meaning and mission of deconstruction is to show that things – texts, institutions, traditions, societies, beliefs and practices of whatever size and sort you need – do not have definable meanings and determinable missions, that they are always more than any mission would impose, that they exceed the boundaries they currently occupy" (Caputo, 1997:31). Hiervolgens is die doel van dekonstruksie dus om nuwe interpretasies te open. Die nuwe interpretasies word bespreek, vrae word gevra en navorsing vind plaas deurdat die volle verhale aangehoor word.

Uit die verhale wat aangehoor word, word kennis opgedoen. Foucault (1998:338) meld dat mag en kennis aan mekaar verbonde is en in die samelewing, verhoudings, ekonomie, politiek en die godsdiens tot uiting kom. Hy redeneer dat institusies verskeie vorme aanneem en dat daar verskillende soorte

institusies in die samelewing teenwoordig is. Foucault sien die 'self' as 'n institusie op sy eie, wat in hierdie studie in die navorsingsgenote gestalte vind. Hy beskryf die verhoudinge tussen institusies as 'n interaksie van mag. Hierdie studie sal die onderliggende verhoudinge dekonstrueer en vra na die verhouding tussen mag en kennis in die samelewingsverbande waarbinne die immigrante hulself bevind.

Die vraag bestaan: "Hoe word kennis verkry?" Volgens Van der Westhuizen (2008:13) is daar nog meer vrae wat by hierdie aanvanklike vraag gevra moet word, naamlik:

- Hoe verstaan ons kennis?
- Wat weet ons oor kennis?
- Hoe interpreteer ons kennis?

Hy verduidelik hierdie vrae aan die hand van 'n *epistemologie*, wat 'n metodologie is waarvolgens daar aansprake op kennis gemaak word, spesifiek ten opsigte van die bogenoemde vrae. Hier handel dit oor sisteme, hoe sisteme werk, die velde van belangstelling van die mede-navorsers en hoe institusies funksioneer. Kennis hieroor help die verstaan en die prosedure van verstaan met die doel om verskillende diskoerse te dekonstrueer.

Volgens Elgin (1998:27) is daar drie klassifikasies vir 'n epistemologie:

- Teorieë van perfekte prosedure waar redes en gevolgtrekkings algemeen aanvaar word. Dit impliseer dat die prosedures waarvolgens kennis verkry word, sonder gebrek is.

- Teorieë van nie-perfekte prosedures waar daar nie altyd geldende gevolgtrekkings gemaak kan word nie.

- Teorieë van suiwer prosedure waar die waarheid as uitkoms bereik word deurdat ‘n gemeenskap die waarheid as produk van die prosedure beskryf.

Hierdie studie kies vir die derde klassifikasie hierbo en die verhale van die mede-navorsers word prakties-teologies ondersoek met ‘n epistemologie in gedagte wat soek na die suiwer waarheid van die verhale op alle vlakke. Elgin (1998:27) beskryf dit soos volg: “Consensus is achieved – when, that is, the community agrees that its objectives have been realized – a result becomes part of the corpus of knowledge.”

*Sosiale konstruksionisme* voeg ‘n nuwe dimensie by die epistemologie wat hierbo beskryf is. Gergen (1999:33) beskryf sosiale konstruksionisme as die interpretasie en praxis van die self, die waarheid, objektiwiteit, wetenskap en moraliteit. Sosiale konstruksionisme fokus dus op die sosiale momente wanneer mense, gemeenskappe en kulture in Brisbane ontmoet en is in lyn met die epistemologie van suiwer prosedure, soos hierbo bespreek.

Die navorsing van hierdie studie berus op die verstaan dat kennis sosiaal gekonstrueer word en dat die navorser nie alleen met navorsing besig is nie. Daar ontwikkel ‘n dinamiese dialoog tussen die navorser en die mede-navorsers sodat die verstaan van die immigrasieverhale tussen mense in hulle sosiale konteks plaasvind. Die epistemologiese verstaan behels dus ‘n proses van gemeenskaplike verstaan vanuit die verhale wat vertel word. Tydens hierdie proses ontmoet die mede-navorsers die navorser en die konteks om verstaanshorisonne los te maak word gefasiliteer, wat in ‘n eensydige benadering nie moontlik sou wees nie.

### 2.4.1.3 ‘n Narratiewe benadering tot praktiese teologie

Die *narratiewe benadering* is 'n sinvolle voertuig waardeur die verhale van die medenavorsers opgeteken kan word om sodoende betekenis daaraan te heg. Die narratiewe benadering hou die voordeel in dat die stemme van alle mede-navorsers gehoor word. Ek kies vir die begrip mede-navorsers omrede die mede-navorsers aktief deelneem aan die navorsingsproses en nie bloot subjekte van studie is nie. Die mede-navorsers se lewensverhale word aangehoor en op 'n verhoudingsgebaseerde wyse word aan hulle die ruimte gegee om self betekenis aan hulle eie lewensverhale te gee.

Volgens Mishler (1986:67) hou die narratiewe benadering groot voordeel in, deurdat die stories van mense – hul lewensverhale – 'n baie komplekse proses aan die gang sit. Die studie word nie bepaal deur die navorser wat grense aan die verhale van mense stel nie. Daar word werklik geluister na die stories wat hulle het om te vertel om sodoende betekenis aan hul eie konteks toe te ken.

Hermeneutiek is aanvanklik gesien as die dissipline van kontekstuele interpretasie, maar gedurende die negentiende en vroeë twintigste eeu is die bogenoemde interpretasie verbreed om menslike aksie in te sluit (Ricoeur, 1977:10). Die narratiewe benadering het hierby in teologiese navorsing 'n groot bydrae om te lewer. Die tegniek van beskrywende verhale laat spesifiek ruimte vir die inagneming van kulturele en tradisionele aspekte toe. Om mense se optrede in hierdie studie prakties-teologies te verstaan word daar dus gekies om 'n narratiewe benadering te volg.

Phillips (1994:15) werp voorts lig op 'n interressante aspek wat uitloop op die gedagte dat daar in gemeenskappe gewoonlik 'n werkbare konsensus bestaan waarvolgens sekere kriteria ontwikkel om 'n beter verstaan te bewerkstellig.

Hierdie studie sal die kulturele aspekte van oorsprong en die eie tradisies wat die mede-navorsers indra onder die loep neem en vra na die betekenis daarvan in die geloofgemeenskap van Mansfield Christian Reformed Church in Brisbane. Die studie neem dit egter ook in ag dat daar 'n eiesoortige kultuur aan die ontwikkel is onder Suid-Afrikaansgebore immigrante. ‘n Prakties-teologiese ondersoek word dus geloods na nuwe waardes en nuwe verhoudinge, gegewe die nuwe situasie waarbinne immigrante hulsef bevind.

Die prakties-teologiese vraag ontstaan nou na die geloofwaardigheid van die verhale van mense wat 'n lewe maak in 'n land wat nie hulle geboorteland is nie. Bruner (1986:14) maak 'n sterk saak uit dat daar 'n wesenlike verskil is tussen 'n spekulatiewe verhaal en 'n ware verhaal. Hierin wil ek hom ondersteun en voer gevolglik aan dat die verhale van immigrante wat in die Brisbane-omgewing 'n lewe herkonstrueer, 'n werklikheid (‘n ware verhaal) is met groot geloofwaardigheid. Dit word duidelik soos wat die verhale ontvou.

Ricoeur (1991:22) sien ‘n verhaal as ‘n reeks gebeure binne ‘n sekere tyd. Hy redeneer dat die storie egter ‘n spesifieke vorm aanneem op ‘n spesifieke tydstip. Hierdie studie handel oor ‘n tydperk in die lewens van mense wat onlangs geïmmigreer het en hulself nou in ‘n nuwe omgewing bevind. Daar is verskillende en veranderende diskoerse, tekste, sub-tekste, behoeftes, begeertes en geloofsoortuigings wat deel uitmaak van hulle onderskeie verhale.

Schrag (1992:94) maak die stelling dat al die bogenoemde dimensies in die verhale van mense ineengeweef is en van mekaar afhanklik is. Dit moet in ag geneem word wanneer daar na die waarheid, in die interpretasie van alle gebeure wat deel uitmaak van die volle verhaal wat mense vertel, gesoek word. Die verstaan van die verhaal vind egter eers plaas wanneer die wêreld van die teks en die leser mekaar ontmoet (Ricoeur,1991:26).

Hierdie gedagte word verder ontwikkel deur Gadamer (1998:193) wat oorspronklik die dialoog tussen mense beskryf het as die manier van verstaan. Hy sien die narratiewe benadering as die wyse waarop mense deur middel van woorde mekaar ontmoet en verstaan. Die interpretasie van gebeure vind dus tussen mense en in dialoog plaas om ‘n semantiese geheel te verkry wat saamgestel is deur die verskillende verhale van navorsingsgenote wat beskryf word.

Die vraag of ‘n verhaal 'n goeie narratiewe lyn aandui wat dit die moeite werd maak om te vertel, moet beantwoord word. Connely en Clandinin (1990:8) doen aan die hand dat so 'n verhaal meer as net geloofwaardigheid moet besit. Dit moet ook 'n algemene waarheidskomponent bevat. Hulle beweer verder dat kontekstualiteit, 'n duidelike ooreenstemming en oortuiging ook deel uitmaak van die totale verhaal. Die fokus van hierdie studie lê daarin dat die geloofsoortuiginge van immigrante hulle skuif na Australië en 'n nuwe omgewing met ‘n nuwe kultuur en vreemde konteks, beïnvloed het.

#### 2.4.1.4 'n Post-fundamentele teologie

Ten slotte kies ek hier vir 'n *post-fundamentele benadering* (wat in die volgende afdeling in detail bespreek word), met in agneming dat die studie binne die veld van praktiese teologie plaasvind. Die studie hou rekening met die invloed wat tradisie op die vorming van waardes in 'n spesifieke samelewing het (Van Huyssteen, 1997:4). Daar word na die verhale van mede-navorsers geluister, ten einde te bepaal of immigrasie en die inskakeling in 'n nuwe samelewing die konstruksie van 'n nuwe kulturele omgewing tot gevolg het al dan nie.

### 2.4.2 Die invloed van die teologiese posisionering op die verhouding met die konteks

#### 2.4.2.1 Die konteks van studie

Die konteks van studie word gevind in die oorvleueling van die gespreksgenote se verskillende immigrasieverhale wat mekaar in ‘n post-moderne geloofsgemeenskap in Brisbane ontmoet. My eie teologiese posisionering het 'n bepaalde invloed op die omgewing, in die sin dat ek as praktiese teoloog funksioneer binne die raamwerk van deelnemende navorsing. Volgens Müller en Schoeman (2004:9) is een van die voordele van hierdie benadering dat gemeenskappe vrygemaak word van 'n bestel van orde en kontrole. Die klem val op die verstaan van die konteks deur almal wat aan die studie deelneem. My eie interpretasies, sowel as die interpretasies van mede-navorsers sal dus die konteks van die studie beïnvloed.

Ek glo dat die konteks van gebore Suid-Afrikaners wat hulself sonder geestelike tuiste in die buiteland bevind, ook 'n bepaalde invloed op my as navorser sou kon hê, omrede ek myself nie in diesulkes se situasie kon indink nie. Hierdie leemte in my verstaan het ek gedeeltelik oorbrug deurdat ek self verhuis het na Brisbane en sodoende dieselfde multi-dimensionele invloede waaronder die navorsingsgenote lewe, eerstehands beleef. Die behoeftes wat bestaan was ver verwyder van die konteks wat as gemeentepredikant aan my bekend was. Die feit dat ek as navorser vir die afgelope vier jaar in die Brisbane-gemeenskap gevestig is, hou die voordeel in dat ek deel word van die gemeenskap en dat daar genoeg tyd is om vertrouensverhoudinge binne die gemeenskap op te bou.

Volgens Phillips (1994:14) is die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog van wesenlike belang, wanneer die vraag na teologie in mense se lewens gevra word. Die stryd wat hy beskryf word gevind in verskeie pogings om ‘n epistemologie, waarvolgens ons as mense soek na betekenis en 'n sinvolle manier van lewe, daar te stel.

Brunner (1990:1) sluit hierby aan deur te verwys na 'n kognitiewe revolusie wat plaasgevind het deur die insig dat mense se beweegredes in hulle rede, motiewe en begeertes gevind word. Hierdie studie se navorsingskomponent hou deeglik hiermee rekening. Soos Brunner, glo ek ook dat ons verder wegbeweeg van 'n verstaan van die werklikheid as ons sake slegs vanuit 'n kognitiewe oogpunt bestudeer. Vir hierdie studie is dit dus nodig om betekenis te soek in die motiewe en begeertes van gebore Suid-Afrikaners wat in die buiteland, om welke rede ookal, 'n bestaan voer.

Volgens Van Huyssteen (1997:12) hoort teologie en spesifiek ook praktiese teologie, midde-in 'n inter-dissiplinêre gesprek. Die rede hiervoor is dat menslike ervaring op 'n holistiese vlak van kritiese belang is. ‘n Kognitiewe beskrywing bevat nie die volle verhaal nie. Die interdissiplinêre gesprek word deur die post-fundamentele model gefasiliteer om die werklike realiteit waarbinne mense leef, weer te gee. Daar word gepoog om te soek na betekenis en om kennis op te bou, ook op die vlak van geloof (Van Huyssteen, 1997:20).

Hierdie teologiese posisionering beïnvloed dus die konteks deurdat dit die geloofsdimensie wat uitmond in menslike ervaring, in ag neem. Verder laat dit ruimte vir die inter-dissiplinêre gesprek om plaas te vind en die interpretasies van Suid-Afrikaansgebore mede-navorsers in Brisbane word aangehoor en vorm op hierdie manier ‘n onmisbare deel van die studie.

#### 2.4.2.2 Post-fundamentele praktiese teologie

Dit is belangrik om daarop te wys dat die *post-fundamentele model* onderskei moet word van die fundamentele en nie-fundamenetele modelle (Van Huyssteen, 1997:4).

Die *fundamentele prakties-teologiese benadering* laat nie ruimte vir wetenskaplike gegewens of 'n oop gesprek, waar verskillende benaderings oorweeg word, nie. Om vir so 'n model te kies, sou beteken om nie in gesprek met enige ander dissipline te gaan nie. Die gevolg sou 'n teologie wees wat nie verantwoordbaar is nie.

Die *nie-fundamentele model* is 'n reaksie op die bogenoemde, deurdat kennis relatief verklaar word. Dit bring 'n eie stel probleme, aangesien die wetenskap en teologie elkeen hulle eie uiteenlopende interne kriteria en oortuiginge het en die gesprek tussen die dissiplines eintlik dan geen raakpunte oplewer nie. So 'n model sou ook nie geskik wees vir hierdie prakties-teologiese studie nie.

Die *post-fundamentele benadering* staan binne die praktiese teologie as 'n derde moontlikheid teenoor die bogenoemde twee benaderings en maak dit duidelik dat 'n inter-dissiplinêre gesprek van kritiese belang is. Dit is dus nodig om te verstaan dat teologie nie meer in isolasie binne die post-fundamentele raamwerk bedryf word nie. Die *post-fundamentele benadering* gaan van die veronderstelling uit dat teologie en wetenskap in verhouding staan en dat daar, ten einde die waarheid te rekonstrueer, definitiewe areas van oorvleueling gesoek behoort te word (Van Huyssteen, 1997: 24-25).

Die belangrikste bydrae van hierdie benadering is myns insiens die feit dat die teologie 'n wetenskaplike vennoot in 'n inter-dissiplinêre gesprek word. Van Huyssteen (1997:4) maak die opmerking dat post-fundamentele teologie 'n kritiese rol speel deurdat dit die konteks ten volle in ag neem. Die geloofsdimensie word in hierdie studie binne die nuwe kultuur wat aan die vorm is in die geloofsgemeenskap in Mansfield, Brisbane, ondersoek. Die onderliggende teologiese tradisies van mede-navorsers is 'n belangrike aspek wat bepaalde invloede op die nuwe geloofskultuur in Brisbane indra. Dit maak deel uit van die konteks en vorm die verstaan van mense binne hulle omgewing.

#### 2.4.2.3 Transversale rasionaliteit

‘n Post-fundamentele benadering baan die weg vir die interpretasie van ervaringe en terselfdertyd wil dit verder as die plaaslike gemeenskap ‘n inter-dissiplinêre gesprek open. Hierdie inter-dissiplinêre, post-fundamentele gesprek vind binne ‘n narratiewe benadering plaas, deurdat die verhale van mense onbelemmerd aangehoor word. Die ‘luister na ervaringe’ word die grondslag van ‘n *transversale rasionaliteit*. Volgens Van Huyssteen (2006:9) laat transversale rasionaliteit die klem val op ‘n inter-dissiplinêre gesprek met die doel om dialoog te bewerkstellig. Die dialoog wat bewerkstellig word, word op verskillende vlakke sigbaar, deurdat die mede-navorsers se verhale vertel word en daar dan ‘n interdissiplinêre gesprek ontwikkel tussen die praktiese teoloë en sosiale wetenskaplikes.

Rasionaliteit vorm dus die basis vir die gesprek. Die konteks en interpretasie van evaringe, saam met die verskillende tradisies vorm volgens Van Huyssteen (1997:113) die epistemiese waardes waarmee toegetree word tot die inter-dissiplinêre gesprek. Die inter-dissiplinêre gesprek binne die konteks van studie word met die doel om die lewenswêreld van die mede-navorsers beter te

verstaan, gevoer. Hierdie benadering maak dus vir die feit dat die onderskeie verhale uniek en verskillend kan wees, voorsiening. Die verskillende wetenskaplike perspektiewe wat saam met die teologiese interpretasies as gelykwaardige gespreksgenote bydraes lewer, het dus ‘n demokratiese konstruktiewe dialoog tot gevolg (Van Huyssteen, 1999:282-6).

Alle gespreksgenote vanuit verskillende wetenskappe openbaar die metafoor van transversale denke. “The use of the concept/metaphor of transversality in all of these approaches exhibits interrelated senses of lying across, extending over, intersecting, meeting and converging without achieving coincidence” (Schrag, 1992:149).

Die belangrike bydrae hier vir ‘n narratiewe studie is die besef dat, wanneer daar van een dissipline na ‘n ander beweeg word, ‘n inter-dissiplinêre gesprek moontlik gemaak word. Osmer (2006:338) voer aan dat die praktiese teologie ‘n verantwoordelikheid het om die metodologie van die sosiale wetenskappe te verstaan. Die rede hiervoor is dat daar ‘n pluralisme van idees in beide die wetenskappe en die teologie bestaan en dat die sosiale wetenskappe en die teologie in ‘n bepaalde verhouding tot mekaar staan.

Die fokus verskuif nou volgens Schrag (1992:151) vanaf ‘n blote aantekening van gebeure in ‘n chronologiese volgorde na ‘n sosiale verstaan van die praxis. Hy beskryf dit soos volg: “The focus is no longer on a present even of consciousness and much less on a belief structure that accompanies such an event, but rather upon the assemblages and patterns of discourse and action as progeny of communicative praxis” (Schrag,1992:151). Hierdie kommunikatiewe praxis voed die transversale rasionaliteit op so ‘n wyse dat die sosiale en historiese momente gekontekstualiseer word. Die betekenis hiervan vir hierdie studie is dat die verstaan van die verhale van immigrante ‘n wedersydse kommunikasieproses word tussen die sosiale wetenskappe en die teologie, met

die gevolg dat die gevolgtrekkings ‘n ‘praxis-verstaan’ tot gevolg het (Schrag, 1992:153).

‘n Transversale rasionaliteit laat ‘n proses van integriteit toe, wel menende dat ons as praktiese teoloë die werklikheid in die verhale van mense met ander vakgebiede deel en dus nie anders kan as om in ‘n inter-dissiplinêre gesprek betrokke te wees nie.

### 2.4.3 Samevattende opmerkings oor hoe die teologiese posisionering die konteks van studie beïnvloed

Uit die bogenoemde gesprek is dit duidelik dat ek 'n keuse maak vir 'n spesifieke narratiewe benadering wat die konteks op die volgende maniere beïnvloed:

- Eerstens kies ek vir 'n epistemologiese posisionering wat realiteit verstaan binne die sosiale raamwerk van die kultuur en tyd waarbinne die verhale van mense se lewens afspeel.

- Die navorser kan nie volledig objektief funksioneer nie en moet dus in konstante gesprek met mede-navorsers bly ten einde 'n subjektiewe integriteit te behou.

- Hierdie narratiewe benadering plaas klem op die vertel en her-vertellings van verhale wat eindelik 'n verhaal op sy eie word en self ontwikkel binne die sosiale bestel, met al die invloede wat op 'n holistiese manier in ag geneem word.

- Die betekenis hiervan is dat daar geluister word na die verhale van mense en dat die verhale van mense nie geanaliseer word nie. Die mede-navorsers word met respek behandel en die gevolg is 'n mede-verantwoordelikheid ten opsigte van die verhaal wat op hierdie plek en tyd in die geskiedenis vertel word.

Die resultaat is dat daar drie uitgangspunte geld wat die navorsing soos volg beïnvloed:

- Die navorser en mede-navorsers neem nie 'n magsposisie in ten opsigte van 'n meerdere kennis nie; die posisie waarbinne ons onsself bevind is een van ‘ons weet nie’ en daarom luister ons.

- Die luister is nie passief nie, maar is 'n aktiewe, reagerende luister, waar die navorser en mede-navorsers dinamies aan 'n oop gesprek deelneem.

- Die metodiek is een van vraagstelling soos wat die oop gesprek ontvou, ten einde 'n verhaal te stimuleer wat die werklike leefwêreld van mense weergee.

# 3. IN-KONTEKSTUELE ERVARINGE

## 3.1 Die kriteria waarvolgens mede-navorsers aangewys word

In hierdie narratiewe studie is die uitgangspunt dat gespreksgenote as navorsingsgenote gesien word en nie bloot as objekte van studie hanteer sal word nie (Rubin & Rubin, 1995:10). Die doel is nie om ‘n empiriese studie, wat verteenwoordigend van alle Suid-Afrikaansgebore immigrante is, daar te stel nie.

Die verhale van tien persone, of anders gestel, vyf gesinne, sal aangehoor en beskryf word. Die individuele verhale is egter die fokus van studie en elke verhaal wat vertel word, beïnvloed die studie deurdat die verhaal ‘n bydrae tot die beter verstaan van immigrante in ‘n post-moderne geloofsgemeenskap lewer. Die groep mede-navorsers vir hierdie studie is uit Suid-Afrikaansgebore Brisbaniete saamgestel, wat elkeen vanuit hulle verskillende agtergronde in die Suid-Afrikaanse samelewing ‘n unieke bydrae maak. Daar vind aanvanklike persoonlike gesprekke tussen die navorser en mede-navorsers plaas met die doel om betekeniswaarde aan hulle verhale te gee. Hier is dit belangrik om die gespreksgenote se verhale en spesifiek hul eie interpretasies van die verhale te vertrou.

Die verhale van mense wat hulle werk verloor het, asook mense wat in ‘n nuwe werksektor hul toekoms moet verseker, word opgeteken. Verder word die verhale van mense wat onder moeilike sosio-ekonomiese omstandighede ‘n nuwe lewe bou, aan die orde gestel. Die psigologiese uitwerking van die bogenoemde faktore word in ‘n tweede-vlak gesprek aan die orde gestel deurdat daar van respondente vanuit die sielkunde gebruik gemaak word om ‘n inter-dissiplinêre bydrae te lewer. Hierdie studie handel egter oor gelowiges wat immigreer en as sulks is daar spirituele aspekte in die verhale teenwoordig, wat die praktiese teologie ‘n gespreksgenoot in die inter-dissiplinêre gesprek maak.

Phillips (1993:14) definieer die term gemeenskap as ‘n groep mense wat binne 'n bepaalde konteks, geografies saamleef, 'n gedeelde agtergrond en waardes het en wat saam aan spesifieke aktiwiteite deelneem. Hulle beskik ook oor 'n hoë vlak van solidariteit. Die verskillende verhale van mede-navorsers dra tot die gedagte van solidariteit by wat in die vorming van ‘n nuwe geloofsgemeenskap met ‘n eiesoortige karakter gesien word.

Volgens Phillips (1994:15) is dit belangrik om die gemeenskap waarbinne die studie plaasvind toe te laat om self te bepaal wat die kriteria vir bespreking behoort te wees. Hy voer aan dat daar altyd 'n werkbare konsensus tussen mense bestaan en noem dit 'n gemeenskaplike verstaan, wat binne die gemeenskap waar die navorsing gedoen word, alreeds bestaan. Die kuns lê in die hande van die navorser om hierdie kriteria raak te sien en sodoende 'n epistemologiese waarborg vir die studie te verkry. In die geloofsgemeenskap van Mansfield, Christian Reformed Church, vorm diensbare leierskap deel van die manier waarvolgens lidmate leef. Daar bestaan alreeds ‘n kultuur van diensbaarheid binne die gemeenskap; derhalwe moet dit deel van die bespreking van die kriteria wees. Al vyf gesinne wat as mede-navorsers optree, is op die een of ander wyse betrokke by diensbare leierskap, soos wat die verhale sal uitwys.

Die konsep van ‘geloofsgemeenskappe’ staan volgens Grenz en Franke (2001: 204) direk teenoor die individualisme van die westerse wêreld en dit bring die teologiese debat van individualisme versus gemeenskappe na die oppervlak. Die verstaan van ‘gemeenskappe’ in hierdie studie het geen politieke konnotasie nie en die term is dus nie met 'n *ander* betekenis as die Bybelse verstaan van *geloofs*-gemeenskappe gelaai nie.

Die kriteria waaraan 'n mede-navorser moet voldoen is dat hy/sy 'n gebore en gelowige Suid-Afrikaner moet wees wat in Brisbane woonagtig is. Daar word geluister na die werklike immigrasieverhale van mense en die swaarkry van mense wat geïmmigreer het word beskryf. Hulle ware belewenisse word in ag geneem en daar word daarna gestreef om ‘n holistiese blik op hulle menswees te verkry.

## 3.2 Etiese riglyne

Die keuse om van narratiewe navorsing gebruik te maak ten einde die verhale van immigrante na Brisbane op te teken laat die fokus op etiese kwessies val. Die persoonlike onderhoud sal as voertuig gebruik word om die navorsingsgenote in staat te stel om hul eie verhale te vertel en hulle word self toegelaat om daaraan betekenis te gee.

Hierdie navorsing handel oor immigrasie en mense vanuit verskillende geloofsgemeenskappe en die moontlikheid bestaan dat persoonlike ervarings en interpretasies van mede-navorsers sensitief van aard mag wees. Dit sal van die navorser verwag word om die vertroulikheid van gesprekke te eer en die moontlikheid van anonimitiet word deurgaans aan elkeen gekommunikeer. Smythe & Murray (2001:196-197) stel voor dat die navorser voortdurend bewus moet wees van grade van insluiting en die bereidheid of gereedheid van mense om dele van hulle lewensverhaal te vertel of nie te vertel nie.

Die persoonlike aard van die gesprekke het die gevolg dat sekere etiese riglyne daargestel behoort te word. Smythe & Murray (2000:313-318) stel die volgende riglyne voor:

- Vrywillige deelname aan die navorsing is ‘n voorvereiste.
- Die gespreksgenoot moet ingelig word oor die navorsingsproses en moet toestemming verleen tot deelname.
- Die identitiet van mede-navorsers moet beskerm word. Dit beteken dat geen persoonlike of identifiseerbare inligting oor die persoon sonder sy/haar toestemming gepubliseer mag word nie.
- Die navorsing mag nie die persoon in enige opsig benadeel nie.
- Die navorser en navorsingsgenote behoort nie ‘n konflik van belange te ontwikkel nie.
- Die mede-navorsers mag nie mislei word oor die uitkoms en doel van die navorsing nie.
- Die gespreksgenote behoort onder alle omstandighede ingelig te word oor die resultate van die navorsing.

Die etiese riglyne is op alle vlakke van die studie van belang en die navorser moet sensitief omgaan met die kennis wat uit die verhale voortspruit. Die gespreksgenoot se bedoeling moet voortdurend getoets word ten einde te verseker dat etiese kwessies nie die betekenis van die verhaal aantas nie. Die uniekheid van die individuele verhaal moet gerespekteer word en terselfdertyd moet die integriteit van die deelnemers, sowel as die persone en instansies wat genoem word, beskerm word.

Die Universiteit van Pretoria se amptelike Etiese Vorm (sien Bylaag 2) sal ingevul word, ten einde op 'n professionele manier die vertrouensverhouding tussen navorser en mede-navorser te bewerkstellig, alvorens daar met die studie begin word.

Die etiese kwessies is van kardinale belang in hierdie studie en dit is nodig om nie net daarvan bewus te wees nie, maar ook op te tree met integriteit, ten einde enige situasie professioneel te bestuur. Die voorstelle van Smythe en Murray (200:328-334), Gottlieb en Lasser (2001:191-194) en Hadjistavropoulos en Smythe (2001:163-174) in dié verband sluit soos volg aan by hierdie navorsing:

- Gespreksgenote sal vooraf gewaarborg word dat hulle gesprekke vertroulik hanteer sal word en dat niks sonder hul toestemming gepubliseer sal word nie. Persoonlike gesprekke kan egter nie voor die tyd voorspel word nie en dit is onmoontlik en ook nie die doel van hierdie studie om die inhoud daarvan vas te pen nie.

- Enige herinterpretasie deur die navorser sal vooraf met elke mede-navorser gekommunikeer word om te bepaal of dit 'n ware weergawe van die verhaal is en die betekeniswaarde daaraan toegeken, sal verreken word.

- Finale gevolgtrekkings en verbande met die groter verhaal sal gereflekteer word en met alle mede-navorsers bespreek word.

- Aangesien narratiewe navorsing deure vir terapeutiese gesprekke kan open, sal dit duidelik met die gespreksgenote gekommunikeer word dat hierdie studie nie 'n terapeutiese fokus het nie. Indien nodig sal persone vir professionele hulp verwys word en die waarde vir hierdie studie sal slegs 'n narratiewe bydrae wees.

- Anonimitiet sal as opsie bespreek word en indien die gespreksgenoot instem sal soveel as moontlik van die ter saaklike inligting in ag geneem word vir die studie.

- Geloofsgemeenskappe hoef nie by die naam genoem te word nie, behalwe die nuwe geloofsgemeenskap van die Christian Reformed Church, Mansfield in Brisbane, wat die fokus van hierdie studie uitmaak. Toestemming hiertoe is verkry.

### 3.3 Metodiek van studie, ten einde getrou te bly aan die teologiese posisionering

Chase (2003:79) stel in-diepte onderhoudvoering as metode voor om na die verhale van mense te luister. Persoonlike narratiewe moet altyd 'n sosiale karakter dra en daar bestaan wel 'n interaktiewe komponent tussen die indivivu en die samelewing. Navorsers moet in hul onderhoude hierop bedag wees. Die doel van die gesprekke en onderhoude is om saam te soek na betekenis in mede-navorsers se individuele verhale, binne die konteks van die sosiale bestel waarbinne hulle hulself bevind.

Die teologiese posisionering van hierdie studie is ‘n narratiewe, post-fundamentele epistemologie en die navorsingsproses sal dus as sodanig hanteer word. Die kwalitatiewe aard van die navorsing lê klem op oop gesprekke as die vorm van dialoog wat gevolg word.

Die metodiek word binne hierdie bogenoemde raamwerk soos volg beskryf:

Daar word in aanvanklike gesprekke van ‘n informele vraelys gebruik gemaak, met die doel om oop gesprekke te stimuleer. Om hierdie doel te bereik, sal die vrae opgestel word om oop eindes te hê (Chase, 2003:83-84). Die doel is om die mede-navorser toe te laat om sy/haar lewensverhaal onbelemmerd, maar binne die parameters van hierdie studie, te vertel.

In hierdie gesprekke is dialoog van die uiterste belang en veralgemenings moet ten alle koste vermy word. Die fokus is eerder op persoonlike ervaring en die vrae moet 'n ervaringskarakter dra.

Bylaag 1 bevat ‘n stel vrae wat in lyn is met die bogenoemde bespreking en wat as riglyne sal dien vir die aanvanklike onderhoude (wat as inleiding op die oop gesprekke en dialoog wat hieruit ontwikkel sal dien).

Die navorsing sal anoniem wees. Die gesprekke sal gefokus wees op die lewensverhale wat in ‘n immigrasiebesluit gekulmineer het, sowel as die psigologiese aspekte en geloofswaardes wat tydens die proses van immigrasie deur die mede-navorsers aangespreek is. Onderhoude en gesprekke sal nie in mede-navorsers se werksure plaasvind nie, maar in hul vrye tyd. Die gespreksgeleenthede word so geskep dat daar nie tydsdruk ontstaan wat die vertel van verhale kan inperk nie.

Phillips (1988:330) waarsku daarteen dat die sekulêre wêreld 'n invloed op mense se lewens uitoefen. Die gevolg is dat hulle nie simpatiek teenoor die kerk ingestel is nie. Die praxis van hierdie studie word vanuit mede-navorsers se unieke perspektiewe beskryf en nie vanuit enige kerklike konteks of agtergrond nie. Die verhale van immigrasie en die betekenis wat gespreksgenote self aan hulle verhale toeken sal tydens die oop gesprekke, wanneer hulle hul lewensverhale vertel, aan die orde gestel word. Die realiteit waarbinne hulle leef in die geloofsgemeenskap in Mansfield en die realiteit van geloof in hulle *daaglikse lewens* vorm egter ‘n integrale deel van die studie.

Die gesprekke sal op band geneem en in CD-formaat bewaar word, met die doel om ter enige tyd tydens die navorsingsproses daarna te kan terugverwys, asook om dit tot die beskikking van die breër akademiese gemeenskap te stel. Hierdie

metodiek sal dus die gevolg hê dat interpretasies van gespreksgenote en die navorser teen die verhale getoets kan word en dat die breër akademiese gemeenskap toegang sal hê tot die gesprekke.

Die verhale van mense word op die bogenoemde wyse opgeteken en aan die hand van die werk van Müller (2008:1-18) word die metodiek verder bepaal deur die aanwys van inter-dissiplinêre respondente uit die praktiese teologie en psigologie. Hierdie studie gaan post-fundamenteel te werk om die transversale rasionaliteit van die onderskeie immigrasieverhale nie net op te teken nie, maar te interpreteer vanuit verskillende vakgebiede. Dit hou die voordeel in dat daar nie teologies-eensydig gehandel word tydens die interpretasie van die verhale nie, maar die psigologiese impak van immigrasie op die mede-navorsers word erken.

Aanvanklik word daar op grond van Müller (2008:6) se navorsing aan die respondente vier spesifieke vrae gevra waarop ‘n vakkundige refleksie verwag word. Die vrae is:

- Wat is jou besorgdhede wanneer jy die verhale lees?
- Wat is die unieke perspektief vanuit jou vakgebied?
- Waarom sal jou perspektief deur ander dissiplines aanvaar en verstaan word?
- Wat is jou grootste besorgdheid indien jou perspektief nie deur ander dissiplines erken word nie?

Hierdie bogenoemde metodiek word verder deur Müller (2009:222-225) in sy artikel “*Transversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and AIDS as case study*” uitgebrei, wanneer hy dit noem dat ‘n tweede en derde reflektiewe beweging nodig is ten einde getrou te bly aan ‘n post-fundamentele studie. Hierdie bewegings word spesifiek voorgestel om, addisioneel tot die besorgdhede van respondente, ook klem te plaas op die her-

interpretasie van die mede-navorsers. Die volgende vraag is van wesenlike belang: "Hoe hou ons die gespreksgenote in die gesprek?"

Hierdie vraag is belangrik omrede die inter-dissiplinêre gesprek die vraag na die vakkundiges/respondente se besorgdhede vra, maar die besorgdhede van die mede-navorsers nie erken nie. Die bogenoemde artikel, "*Transversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and AIDS as case study*", van Müller (2009:222-225) is dus as 'n latere ontwikkeling op sy aanvanklike werk, "*Postfoundationalism as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and AIDS as case study*", (Müller, 2008:1-18) bygevoeg, waarin hy klem plaas op die insluiting van die gespreksgenote in die interpretasieproses. Dieselfde metodiek word ook in hierdie studie gevolg, aangesien ek as navorser bewus is van die bogenoemde beweging in die werk van Müller. Die mede-navorsers in hierdie studie word dus van meet af aan deel van die gesprek gemaak en toegelaat tot her-interpretasies tydens opvolggesprekke nadat die respondente hul bydraes gelewer het.

Ten opsigte van die metodiek kan dus samevattend gesê word dat elke respondent gevra word om elkeen van die verhale vanuit 'n spesifieke vakgebied van kundigheid aan te hoor en 'n unieke bydrae te lewer. Hierna word die mede-navorsers die geleentheid tot her-interpretasie gegee en sodoende groei die verhale alvorens daar gevolgtrekkings en verdere interpretasies gemaak word.

## 3.4 Die 'luister na ervaringe' word die 'beskrywing van ervaringe'

Die oop gesprekke is die voertuig waarmee daar van die 'luister na ervaringe' tot by die 'beskrywing van ervaringe' beweeg word. Effektiewe onderhoude wat aktiewe luister insluit is nodig. Die navorser moet goeie vrae vra wat enersyds

die narratiewe onderhoud in gedagte hou en andersyds die gespreksgenoot toelaat om sy/haar volle verhaal te vertel.

Die gesprekke sal aanvanklik laag-gestruktureerd wees, met die doel om basiese inligting te bekom. Die mede-navorsers sal egter toegelaat word om ongestruktureerde gesprekke te gebruik om betekenis aan hul eie verhaal toe te voeg. Die navorser sal dus aktief luister om spesifieke temas te identifiseer wat deurlopend na vore kom. Rubin & Rubin (1995:229-230) gee te kenne dat die navorser moet let op woorde en idees wat herhaal in die verhale. Dit gee betekenis aan die onderliggende temas en sodoende kry die mede-navorsers inspraak in die navorsingsproses.

Hierdie temas kan aanleiding gee tot verdere idees wat die verhale laat groei en weer met verdere literaatuurstudie in verband gebring word. Dit het ‘n breër verstaan en ‘n wyer prakties-teologiese gespek tot gevolg, met die doel om die ervaringe van die gespreksgenote effektief te beskryf en te interpreteer.

Childs (1998:197) raak die tema van praktiese wysheid aan en beskryf dit as meer as net 'n tegniek wat bemeester moet word of net 'n sekere waarde of beginsel wat verstaan moet word. Praktiese wysheid en insig gaan oor die invloed wat die navorser op sy leefwêreld het. Hierdie invloed beskryf hy aan die hand van die kennis oor hoe om om te gee vir ander, hoe om die veranderinge wat rondom individue plaasvind te hanteer en hoe om God se hand in die proses van verandering uit te wys. Childs stel dit dan ook duidelik in die volgende woorde: "This kind of learning is not just cognitive or reflective. It is also intuitive, emotive and even bodily" (1998:197).

Die bogenoemde stelling is in lyn met my eie teologiese posisionering, spesifiek in soverre dit die holistiese en inter-dissiplinêre benadering ondersteun. Dit is in

hierdie studie belangrik dat die volle mens – kognitief sowel as intuïtief, reaksioner sowel as emotief – aan die orde kom wanneer die verhale van Suid-Afrikaansgebore gelowiges in 'n nuwe geloofsgemeenskap in Brisbane vertel word, met die soeke na die teenwoordigheid van God, soos wat die mede-navorsers dit ervaar.

## 4. INTERPRETASIES VAN ERVARINGE WORD IN SAMEWERKING MET NAVORSINGSGENOTE GEMAAK, BESKRYF EN ONTWIKKEL

### 4.1 Die navorser se interpretasies word met die interpretasies van mede-navorsers gebalanseer

Die kwessie van narratiewe eienaarskap word nou aan die orde gestel. Die navorsingsgenote geniet die epistemologiese voordeel aangesien hulle die verhaal vanuit hulle belewenisse en ervarings vertel. Daar is niemand wat die verhaal so goed ken soos hulle wat die praktiese ervaring het nie. Die narratiewe navorsingsmodel laat die navorsingsgenoot toe om 'n deelnemer aan die navorsingsproses te wees. Volgens Müller, Van Deveter & Human (2001:77) moet die navorsingsgenoot toegelaat word om *aktief* deel te neem aan die navorsingsproses, wat daartoe lei dat hulle hul eie werklikheid interpreteer en daaraan betekenis gee. Die onderhoud gaan dus nie net daaroor om inligting te verkry nie, maar die navorser is in die *betekenis* wat aan die data toegeken word, geïnteresseerd.

Die navorser beskik oor toegang tot teoretiese kennis en literatuur, wat die mede-navorser se verhaal binne 'n groter konteks kan plaas. Dit is die verantwoordelikheid van die navorser om voortdurend herinterpretasies te maak, dit aan die data te toets, seker te maak dat die bedoeling van die mede-navorsers getrou weergegee word en dan die breër lyne en tendense raak te sien

en deur te trek. In hierdie proses word dit gekontroleer of die navorser se interpretasies met die navorsingsgenote se aanvanklike bedoeling ooreenkom.

My interpretasie ten opsigte van die immigrasieverhale van gelowiges is deur die volgende invloede gevorm:

- My eie bediening oor 'n tydperk van 16 jaar het veral in die afgelope vyf jaar strategiese denke rondom leierskap ingesluit. Die prosesse wat vernuwing noodsaak en verandering 'n onomwonde feit verklaar, is ‘n tema waaroor ek eerstehandse ervaring het.

- Ek beskik ook oor goeie literatuur rakende leierskap vanuit ‘n gespesialiseerde MBA-studie wat enkele jare gelede deur my voltooi is. Raakpunte met hierdie studie kan ‘n inter-dissiplinêre bydrae lewer tot die gesprek oor diensbare leierskap, wat wesenlik deel vorm van hierdie navorsing.

- Die navorser waak teen ‘n eensydige bydrae deurdat die mede-navorsers se verhale as eiesoortig en uniek beskou word en die insette van respondente uit verskillende vakdissiplines gebruik word.

- Nie slegs die gereformeerde tradisie nie, maar ook ander denominasies het in hierdie studie oor gelowige immigrasie, die verhale van mede-navorsers beïnvloed.

- Burger (1995:14) wys talle invloede wat ‘n rol in veranderende tye speel uit. Verhale van mense wat finansiële probleme ondervind het as gevolg

van die verandering wat die immigrasieproses meebring, word aangehoor. Burger fokus egter op die geleenthede wat die kerk in sulke tye nie moet laat verbygaan nie. Dit sal saam met mede-navorsers gesoek, ontdek en ontgin word.

## 4.2 Metodiek om navorsingsgenote se eie interpretasies van ervaringe te fasiliteer

Chase (2003:91) beskryf die kuns om na die interpretasies van ander (in hierdie geval mede-navorsers) te luister, soos volg: Die vraesteller moet voorbereid wees met 'n stel vrae wat dien as riglyn vir elke gesprek met 'n mede-navorser, maar die gesprekke moet oop wees en die klem is op die verhaal wat elkeen vertel. Op natuurlike plekke in die gesprek moet stilgehou word, ten einde te besin of daar na die volgende onderwerp oorgegaan behoort te word en of die tema nog verdere ontginning benodig. Hierdie metode fasiliteer die mede-navorsers se interpretasie van hulle eie belewenisse. Dit is belangrik om by hierdie stilhou-geleenthede in die gesprek as navorser aan jouself die volgende vrae te stel:

- Wat wil die persoon eintlik kommunikeer, veral as dit wat die persoon sê en doen nie korreleer nie?
- Hoe beïnvloed die interaksie tussen my en die mede-navorser die gesprek wat plaasvind? Fasiliteer ek die gesprek op so ‘n wyse dat dit wat hy/sy wil kommunikeer nie belemmer word nie?
- Wat beskou ek as navorser spesifiek interessant of van waarde in hierdie gedeelte van die gesprek en die bydrae wat hierdie mede-navorser gelewer het?

- Watter sosiale faktore (strukture, tradisies en prosesse) is aan die orde om my te help om die gesprek beter te verstaan?

Die narratiewe metodiek sal aanvanklik laag-gestruktureerde gesprekke gebruik om mede-navorsers te help om hulle verhale te vertel. Die oop gesprek en die ontwikkeling van die verhale sal egter so gou moontlik op 'n natuurlike wyse aangemoedig word. Die idee is dat daar 'n definitiewe dialoog tussen navorser en mede-navorsers ontstaan. Hierdie dialoog sal dan die medium verskaf waarbinne interpretasie en her-interpretasie kan plaasvind.

Die verhale van mede-navorsers, as gelowiges in 'n nuwe geloofsgemeenskap, sal ook geleenthede identifiseer waar hulle as Suid-Afrikaansgeborenes die Evangelie kan uitdra en hulle sal toegelaat word om 'n eie interpretasie ten opsigte van evangeliseringsmoontlikhede te maak. Albert Schweitzer (1969:57) was van mening dat sending as sulks nie soseer op evangelisasie moet fokus nie, maar sy taak eerder as 'n reddende taak behoort te sien. Die kuns is om die nood (ook geestelike nood) van immigrante in Brisbane raak te sien en in die Australiese konteks die verhaal van 'n nuwe geloofsgemeenskap te vertel.

## 4.3 Terugvoer aan navorsingsgenote

Voortdurende dialoog sal gestimuleer word deurdat die navorser met elke opvolggesprek aan die mede-navorsers terugvoer sal gee. Dit sal interpretasies van die inter-dissiplinêre respondente insluit. Sodoende kontroleer die navorser die inhoud en betekenis van die vorige gesprek/ke met die mede-navorsers en nuwe kennis, insig en betekenis word tot die verhale toegevoeg.

Hiermee word verseker dat die mede-navorser eienaarskap vir sy/haar eie storie aanvaar, wat die voordeel inhou dat die ontwikkeling van die verhaal gestimuleer word. Die navorser kan tydens hierdie geleenthede relevante inligting vanuit die literatuurstudie aan die gespreksgenote kommunikeer, wat 'n dieper verstaan tot gevolg kan hê. Hierdeur word die mede-navorsers se verhale die geleentheid gegee om verder te ontwikkel. Dit stimuleer die oop gesprek en gereelde terugvoer voltooi sodoende die sirkel van kommunikasie en hou die gesprek lewendig en dinamies. Die narratiewe karakter van die studie word gevolglik gedien.

## 5. 'N BESKRYWING VAN ERVARINGE SOOS WAT DIT DEURENTYD DEUR TRADISIES VAN INTERPRETASIE GEVORM WORD

### 5.1 Die basis waarop die 'tradisies van interpretasie' bestudeer word

Ek kom uit die gereformeerde stroom van teoloë en die geloofsgemeenskap in Brisbane vorm ook deel van die gereformeerde tradisie. Tog is daar ook mede-navosers uit ander tradisies wat waardevolle bydraes maak. Daar is diegene wat nie 'n gereformeerde agtergrond het nie en wel deel uitmaak van hierdie unieke geloofsgemeenskap. Die verskillende sosiale invloede word ook nagevors. West (1995:152) lê baie klem op die uitdrukking 'praat met', eerder as 'praat vir' of 'luister na' en hiermee wys hy op twee gevare wat vir hierdie studie definitiewe waarde inhou. Die outoritêre styl, of anders gestel die 'praat vir' Suid-Afrikaanse immigrante vanuit 'n meerderwaardige posisie kan nie nagevolg word nie. Die passiewe 'luister na' sal ook nie voldoende wees nie. Mede-navorsers, sowel as respondente word ingesluit en 'n benadering van 'praat met' word gevolg, ten einde 'n oop dialoog te bewerkstellig.

## 5.2 Die invloed van die wetenskaplike gemeenskap op die literatuurstudie

Hierdie prakties-teologiese studie sal 'n breër wetenskaplike gesprek tot gevolg hê. 'n Post-fundamentele teologie word nie in isolasie beoefen nie en die temas wat na vore kom uit die gesprekke met mede-navorsers sal inter-dissiplinêr bestudeer word.

In die teoretiese milieu sal die literatuur en ervaringskennis van die respondente en vakkundiges vanuit die teologie en psigologie, soos reeds gemotiveer, dus aan die orde kom. Die verskillende bydraes sal saamgelees word om 'n groter gesprek te dien, interpretasies te maak, te reflekteer op die waarhede wat in die verhale vertel word en 'n dinamiese dialoog word ten doel gestel.

Die literatuur oor diensbare leierskap, wat tydens my MBA-studies aan die 'University of Southern Queensland, Australia' gebruik is en wat op hierdie veld van studie toepaslik is, sal bestudeer en aangewend word. Die inter-dissiplinêre gesprek word hierdeur verder gestimuleer.

## 5.3 Die vorming van in-kontekstuele ervaringe deur tradisies

Die verhale van die geïdentifiseerde mede-navorsers word in die breër sosiale konteks geplaas. Gedeelde waardes van gelowige immigrante sal uitgewys word binne die geloofsgemeenskap van Mansfield. Die konteks word gevorm deur die lewensverhale van immigrante uit verskillende agtergronde en tradisies vanuit die Suid-Afrikaanse samelewing.

'n Kontekstueel prakties-teologiese studie, met inagneming van verskillende geloofstradisies en die psigologiese wetenskappe, word dus veronderstel. Die mede-navorsers se verhale word aangehoor terwyl daar geluister word na die verskillende tradisies van agtergrond, sowel as hulle belewenis van die ‘nuwe’ gereformeerde tradisie binne die konteks van die geloofsgemeenskap in Mansfield.

Mede-navorsers word sodoende in die posisie geplaas om hulle eie lewensverhale en ervaringe van God se teenwoordigheid in hul lewens te verbind om sodoende deel te raak van God se plan vir die wêreld (Rossouw, 1993: 900). Hierdie siening veronderstel egter nie ‘n verabsolutering van hoe God teenwoordig is in die geloofsgemeenskap in Mansfield nie, maar gee elke mede-navorser die geleentheid om sy/haar ervaring van God se teenwoordigheid te verwoord, soos wat hulle dit tydens immigrasie binne die konteks van die ‘nuwe’ geloofsgemeenskap ervaar.

## 6. ‘N REFLEKSIE OP DIE RELIGIEUSE EN SPIRITUELE ASPEKTE, SPESIFIEK OOR GOD SE TEENWOORDIGHEID, SOOS WAT DIT ERVAAR WORD IN DIE SPESIFIEKE SITUASIE VAN HIERDIE GELOOFSGEMEENSKAP IN BRISBANE

### 6.1 Die taal wat deur navorsingsgenote gebruik word om oor hul belewenis van God se teenwoordigheid te praat

Van der Watt (2000:19) bevestig dat waardesisteme mense se lewens rig. Hy stel dit duidelik dat 'n waardesisteem sin in mense se lewens gee en dat mense vanuit 'n waardesisteem optree. Die morele bewussyn van mense is in hierdie

studie van belang, as die dryfveer vir mense se besluit om na 'n ander land te verhuis, ten einde 'n nuwe lewe te konstrueer. Dit is belangrik om na mede-navorsers se geloofswaardes te luister, ten einde die geleentheid te skep om vrae rakende hulle ervaring van God se teenwoordigheid in hulle lewensverhale, te vra.

‘n Post-fundamentele teologie erken dat tradisie ‘n invloed uitoefen op die epistemiese en nie-epistemiese waardes wat ‘n refleksie oor God en Sy teenwoordigheid meebring (Van Huyssteen, 1997:4). Daar sal ‘n eerlike poging aangewend word om die navorsingsgenote se religieuse en spirituele verstaan van hulle ervaringe ten opsigte van God se teenwoordigheid te begryp (Müller, 2004:303) deur die taalgebruik binne hulle verhale te dekonstrueer.

Taalgebruik wys waardes waarmee die mede-navorsers besluite neem uit. Krisistye en gesprekke daarrondom is deel van die wyse waarop mense bewus word van hulle belewenisse van God se teenwoordigheid. Twyfeltaal wat wys op onsekerheid van mense in hulle eie vermoëns en in die samelewing as geheel, dui op die vermoede dat God nie teenwoordig is nie. Die verwoording van hierdie belewenisse is dus belangrik om die ervaring van God se teenwoordigheid, al dan nie, in die lewens van gebore Suid-Afrikaners, wat kies om te immigreer, te verstaan.

Die gespreksgenote se verhale reflekteer deurdat hulle self ‘n interpretasie as gelowiges in die gesprek indra, synde dat die studie fokus op Christene wat immigreer vanuit ‘n Suid-Afrikaanse konteks na ‘n nuwe Australiese omgewing. Die taal wat mede-navorsers gebruik om die rol wat God in hulle lewensverhale gespeel het en steeds speel, sal noukeurig aan die orde gestel word. Daarna sal opvolggesprekke plaasvind om te verseker dat die interpretasies van die navorser ten opsigte van die belewenisse van God se teenwoordigheid in die lewens van die mede-navorsers korrek is.

## 6.2 Die gesprek oor God word gefasiliteer in onderhoude, sonder om religieuse taal af te forseer

As prakties-teologiese werk is dit in die aard van die studie dat gelowige mede-navorsers oor God praat en dat hulle verhale as sulks teologies geïnterpreteer kan word.

Die belangrike is om te besef dat die post-modernisme 'n kritiese dialoog tot stand gebring het, waarin die gelowige sy/haar standpunt moet stel, nie net met woorde nie, maar ook met dade. Oden (1990:197-8) stel voor dat die navorsing nie met 'n monoloog besig moet wees nie. Volgens hom moet die geloofsgemeenskap dus die vermoë hê om te luister na die breër samelewing. Die vermoë tot interpretasie ontwikkel uit die aktiewe luister van die geloofsgemeenskap om sodoende sinvol te kommunikeer met die wêreld waarbinne hulle hulself bevind. Dit sal dan ‘n werklike diepgaande dialoog tot gevolg hê.

Hierdie studie beoog dus 'n prakties-teologiese model waarbinne mense vanuit 'n geloofsgemeenskap met integriteit en Bybelse waardes toegelaat word om die ‘taal wat hulle praat’ en die ‘lewe wat hulle leef’ te dokumenteer. Hier is dit van belang om die gespreksgenote toe te laat om hulle eie taal te gebruik en ervaringe te beskryf soos wat hulle dit beleef. Die navorser sal doelbewus nie teologiese terme in die dialoog indra nie, maar eerlike vrae gebruik om ‘n oop gesprek te stimuleer.

## 6.3 Die realiteit van vorige positiewe en negatiewe ervaringe rakende God se teenwoordigheid

Die kerk as instituut het nie 'n groot impak op die post-moderne wêreld waarin sy haarself bevind nie. Volgens Grenz en Franke (2001:10) is dit omdat die kerk nie die kulturele situasie van die dag heeltemal begryp nie en nie, na die era van modernisme, die vermoë het om aan te pas nie. Geestelike leiers is in 'n groot mate besig om maar net die funksies van kerkwees instand te hou. Sommige mede-navorsers se verhale vertel van negatiewe ervarings van kerkwees, wat ‘n beduidende invloed het op die waardes wat sulke persone in die nuwe geloofsgemeenskap indra.

Daar moet omsigtig te werk gegaan word met my persoonlike vorige positiewe of negatiewe ervaringe rondom God se teenwoordigheid. Ekself as navorser moet hier terugstaan en besef dat sulke ervaringe die gevaar van subjektiewe gedrewenheid inhou, wat kan beteken dat die gesprek eensydig gevorm kan word vanuit my eie konteks. Dit kan die persepsie laat dat ek as navorser nie objektief is nie. Die metodiek van hierdie studie fokus egter daarop dat ek as navorser, tesame met die die mede-navorsers, ‘n oop gesprek sal voer en voortdurend sal soek na 'n realistiese wêreldbeeld. Die insette van mede-navorsers en hul moontlike negatiewe ervaringe rakende God se teenwoordigheid sal geïnkorporeer word deur voortdurende dialoog oor die tema te verseker. Die doel is om saam te groei na 'n beter verstaan van die konteks waarbinne gelowiges God se teenwoordigheid beleef.

# 7. ‘N RYKER BESKRYWING DEUR INTER-DISSIPLINÊRE NAVORSING

## 7.1 Temas vir verdere inter-dissiplinêre studie

Volgens Morse en Chung (2003:6) sal ‘n spesifieke navorsingsmetode riglyne voorsien oor wat as data beskou behoort te word, asook die wyse waarop hierdie data versamel word. Tydens hierdie studie word van die kwalitatiewe narratiewe navorsingsmetode gebruik gemaak. Data word versamel deurdat die verhale van Suid-Afrikaansgebore immigrante wat na Brisbane verhuis het, aangehoor en geïnterpreteer word. Die interpretasie vind op verskillende vlakke plaas nadat die respondente vakkundige insette gelewer het. Die insette vanuit verskillende vakgebiede lewer temas vir verdere inter-dissiplinêre studie op.

Temas wat deur die bogenoemde proses vir verdere inter-dissiplinêre studie geïdentifiseer sal word is:

- diensbare leierskap,
- verhoudings met ouers en grootouers,
- opvoeding van kinders,
- afwesigheid van familieverhoudinge,
- plaasvervangende vriendskapsverhoudinge,
- dinamiek in huweliksverhoudinge,
- die waarde van die geloofsgemeenskap en
- immigrante se verhouding met God.

Wanneer die bogenoemde temas vir inter-dissiplinêre studie bespreek word, kan die volgende treffende aanhaling van die hoof-uitvoerende beampte van Deloitte, wat op 'n advertensiebord in die lughawegebou van Brisbane verskyn, van waarde wees: *"You become a better listener, when you become a leader or was it the other way round?"* Die metodiek van narratiewe navorsing, wat in hierdie

studie gevolg word, fokus op luister as ‘n onmisbare skakel in die proses as geheel.

## 7.2 Die korrekte gebruik van relevante materiaal uit ander dissiplines en vakgebiede

'n Prakties-teologiese ondersoek sal spesifieke gesprekke met spesialiste in vier verskillende vakgebiede as aangewese metode gebruik. Dit sluit kliniese sielkunde, kindersielkunde, jeugwerk en pastorale gesinsterapie in. Verder sal die insette van hierdie vakwetenskaplikes deel vorm van die studie, soos wat die praktyk ontvou en teoretisering nodig mag word. Dit beteken dat inter-dissiplinêre gesprekke en insette van kenners in die primêre gebiede van praktiese teologie en psigologiese wetenskappe nodig is, omrede die ervaring van God se teenwoordigheid deur mede-navorsers en hul sielkundige belewenisse tydens immigrasie ondersoek word. Die beskikbare materiaal vanuit ander sosiale wetenskappe en die toepaslike literatuur vanuit my MBA-studies sal die prakties-teologiese perspektiewe aanvul en sodoende ‘n holistiese benadering tot gevolg hê.

Dit beteken dat hierdie studie, soos wat Van der Linde (1998:91) voorstel, gefokus sal wees op 'n kombinasie van die volgende fasette in die lewensverhale van mede-navorsers: die emosioneel-affektiewe, die liggaamlik-sensoriese en die intellektueel-rasionele. Hierdie fasette dra almal dieselfde gewig, maar kan nie binne die holistiese konteks pas, tensy die spirituele dimensie bygevoeg word nie.

Volgens die kritiese werk van Hirst (1975: 170) is dit nodig om in 'n multi-dimensionele studie die verskillende vakgebiede saam te vat in 'n holistiese

benadering, deurdat daar voortdurend gevra word na die werklikheid van die studie. Die gedeelde realiteit is belangrik en die ondersoek sal die psigologiese en teologiese uitgangspunte, as die werklikheid waarbinne mense leef, voor oë hou.

Wanneer daar egter meer as een invalshoek uit verskillende vakgebiede tot die navorsing gebruik word, moet daarop gelet word dat daar verskillende perspektiewe beklemtoon word. Die betroubaarheid van die navorsing en die geldigheid van die resultate word sodoende ‘n brandpunt vir bepreking. Daar is vanuit ‘n epistemologiese oogpunt geen probleem om verskillende invalshoeke tot die navorsingsmetode komplementêr tot mekaar te gebruik nie. Die belangrike is egter daar daar vanuit die narratiewe sosiaal-konstruksionistiese oogpunt duidelik met die konteks rekening gehou moet word. Die sosiale werklikhede van die mede-navorsers is multi-dimensioneel en die veelvlakkigheid van die gesprek vra dat die sosiale konteks deeglik verken moet word (Meeto & Temple, 2003:2-7).

## 7.3 Teologiese en nie-teologiese bewyse word gebalanseer

Die keuse vir 'n post-fundamentele teologie laat ruimte vir 'n narratiewe benadering wat in 'n inter-dissiplinêre studie ontvou. Die teologiese gesprek gaan oor die belewenisse van God se teenwoordigheid deur die gespreksgenote tydens hul proses van immigrasie en inskakeling in ‘n nuwe geloofsgemeenskap. Daar bestaan egter ook nie-teologiese fasette in die verhale van die mede-navorsers wat bestudeer moet word. Hierdie studie poog nie om ‘n volledeige weergawe van hierdie nie-teologiese insette te gee nie, maar die sielkundige impak van immigrasie op die lewens van mede-navorsers word onder die loep geneem.

Die post-modernisme en die invloed daarvan op die keuses wat die gebore Suid-Afrikaners as immigrante na die Mansfield-geloofsgemeenskap in Brisbane uitoefen, word prakties-teologies ondersoek met inagneming van tersaaklike sosiologiese literatuur wat tot die gesprek toegelaat word. Van der Linde (1998: 99) maak dit duidelik dat post-modernisme vra dat die ou waarhede waaroor die kerk beskik op nuwe wyses aan die orde gestel moet word. Hierdie uitdaging word aanvaar in die vorming van geloofsgemeenskappe, wat nie net die tegnologie van die moderne wêreld in ag neem nie, maar ook die belewenisse van die post-moderne samelewing. Op hierdie wyse streef mense om sin te soek in hulle nuwe manier van bestaan tydens immigrasie.

## 8. ALTERNATIEWE INTERPRETASIES MET BETREKKING TOT 'n BYDRAE WYER AS NET DIE PLAASLIKE GEMEENSKAP

### 8.1 Metodiek om 'n alternatiewe verstaan van verhale te verseker

Die narratiewe benadering gaan nie net oor die vertel en beskrywing van verhale nie, maar ook oor die interpretasie van die verhale deur die mede-navorsers self. 'n Korrelatiewe metode word gevolg, met die veronderstelling dat tersaaklike inter-dissiplinêre vakgebiede in ag geneem is en hierdie veronderstellings word deurgaans getoets en uitgebrei, indien nodig.

'n Oop gesprek vir mede-navorsers en respondente sal gefasiliteer word met die doel om 'n alternatiewe verstaan aan te moedig. Die rede hiervoor is om vanuit 'n post-fundamentele prakties-teologiese raamwerk, 'n holistieste benadering tot die studie daar te en 'n oop dialoog te bewerkstellig. Craddock (1981: 55) stel die waarde van dialoog duidelik in die volgende woorde: " … no dialogue, no

listening by the speaker, no contribution by the hearer. If the congregation is on the team, it is a javelin catcher." Hieruit is dit dus duidelik dat aktiewe luister, saam gesels, saam soek en meervuldige bydraes vanuit die gemeenskap in ag geneem word, om 'n proses daar te stel wat alternatiewe verstaan aanmoedig.

Hierdie dialoog sal verder ook op 'n deurlopende wyse met die gespreksgenote gevoer word en sal sodoende lei tot storie-ontwikkeling. Storie-ontwikkeling of die alternatiewe verstaan van verhale is deel van die narratiewe navorsingsproses (Bosman: 2001:49). Die ontwikkeling van alternatiewe verhale is dus 'n gesamentlike proses tussen die navorser, mede-navorsers en inter-dissiplinêre gespreksgenote.

Die bogeneomde metodiek verseker die alternatiewe verstaan van verhale deurdat die ontwikkeling van 'n diensbare leierskapprogram, die totstandkoming van 'n 'derde kultuur,' die kerk as instituut, Christelike waardes van immigrante, immigrasieverhale van kinders en die rol van verskillende kerke in Australië as temas vir verdere studie na vore kom.

## 8.2 Die betrokkenheid van navorsingsgenote

Met in agneming van Müller en Schoeman (2004: 1-2) se riglyne vir 'n narratiewe benadering sal daar in hierdie studie vir 'n proses van deelneming en mede-verantwoordelikheid deur die mede-navorsers gekies word. Die kuns is om die sosiale karakter waarteen die verhaal afspeel duidelik te verken, alvorens die holistiese verhaal vertel word.

Die navorsingsgenote in ‘n narratiewe aanpak is nie navorsingsobjekte nie, maar juis mede-navorsers (Müller & Schoeman 2004:8). Hierdie mede-navorsers sal deurgaans toegelaat word om eie interpretasies te maak en deel te neem aan die storie-ontwikkeling. Enige onverwagse ontwikkelings in die verstaansproses kan met behulp van die insette van gespreksgenote uitgewys word.

## 8.3 ‘n Bydrae wyer as net die plaaslike gemeenskap

De Kiewiet (2004: 67) maak die geldige opmerking dat, alvorens 'n studie as geloofwaardig aanvaar sal word, verhoudings 'n top-prioriteit behoort te geniet. Meervoudige gesprekke met ander Australiese geloofsgemeenskappe in Adelaide, Perth en op die Gold Coast (suid van Brisbane), word dus voorgestel.

Hierdie gesprekke kan rondom die tema van diensbare leierskap, as instrument om immigrante te bereik, gevoer word. Aanvanklike en inleidende gesprekke is alreeds gevoer. Die stemme van ander gemeentes van die Christian Reformed Church in Australië en ook ander kerkverbande, moet gehoor word. Die voorgestelde gesprekke behoort die vorm van oop gesprekke aan te neem, ten einde ‘n holistiese perspektief te bekom. Die narratiewe navorsing, kontekstuele navorsing en literatuurstudie sal in ag geneem word alvorens gevolgtrekkings gemaak sal word.

## 8.4 Voorlopige raamwerk van proefskrif

### Hoofstuk 1

- Wetenskaplike posisionering en navorsingsmetodologie.
- Problematiek wat deur die studie aangespreek word.
- Oogmerk van studie

### Hoofstuk 2

- Narratiewe beskrywing van tersaaklike verhale
- Post-fundamentele prakties-teologiese perspektief op die verhale
- ‘Luister na’-ervaringe word die ‘beskrywing van’-ervaringe

### Hoofstuk 3

- Die aanstel van respondente en ‘n interdissiplinêre gesprek wat hieruit voortvloei
- Storie-ontwikkeling en insette van respondente
- Identifisering van tersaaklike interdissiplinêre temas van studie

### Hoofstuk 4

- Die narratief van diensbare leierskap in ‘n post-moderne geloofsgemeenskap in Brisbane, Australië

### Hoofstuk 5

- Die belewenis van God se teenwoordigheid, in ‘n post-moderne geloofsgemeenskap in Brisbane, Australië

**Hoofstuk 6**

- Die ontwikkeling van alternatiewe interpretasies en gevolgtrekkings wyer as net die plaaslike konteks

**Hoofstuk 7**

- Refleksie op navorsingsproses

**Bronnestudie**

# HOOFSTUK 2

# IMMIGRASIE NARRATIEWE

## 1. MOONTLIKE PERSPEKTIEWE IN REAKSIE OP VERSKILLENDE IMMIGRASIEVERHALE

### 1.1 Die fundamentele perspektief

Die fundamentele perspektief neem 'n absolute waarheid as voorveronderstelling. Volgens Muller (2008:2) voorsien so 'n studie 'n "God's eye view" op gebeure en 'n universele rasionaal word veronderstel. Die gevolg is dat daar slegs een teoretiese waarheid bestaan, wat ten alle koste nagevolg moet word.

Hierdie epistemologiese posisie hou sekere problematiese gevolgtrekkings in:

- Die eerste is dat die navorser se eie perspektiewe oorwaardeer word, wat tot 'n eensydige interpretasie op gebeure lei.

- Tweedens hou hierdie benadering die gevaar in dat ander perspektiewe en benaderings as 'n moontlike gevaar en bedreiging ervaar kan word, omrede dit die absolute waarheid wat veronderstel word, bedreig.

- Derdens is dit die skrywer se opinie dat ‘n sekere openheid om interaktief na die verhale wat vertel word, te luister, verloor word met hierdie benadering.

### 1.2 Die nie-fundamentele perspektief

Hierdie perspektief is presies die teenoorgestelde van die eersgenoemde. ‘n Universele waarheid word absoluut betwis en hierdie benadering argumenteer dat daar net diversiteit bestaan. Die post-moderne benadering en spesifiek die verstaan van kennis/mag van Foucault bevraagteken ten alle koste ‘n fundamentele invalshoek. Die diversiteit van sienings word altyd in ag geneem en daar is geen veronderstelling dat een van die benaderings verhewe bo die ander is nie. Sodoende word ‘n demokrasie van gedagtes bewerk en die kennis/mag van een benadering tot die ander word verminder (Tatusko, 2005:114).

Hierdie nie-fundamentele of anti-fundamentele benadering maak die inter-dissiplinêre gesprek meer kompleks. Alhoewel daar ‘n groter openheid ten opsigte van ander dissiplines bestaan, word konstruktiewe gesprekke nie gestimuleer nie. Die een benadering is daarop uit om die ander benadering verkeerd te bewys in ‘n situasie wat altyd vloeibaar, relatief en subjektief vanuit ‘n eie perspektief beskryf word.

### 1.3 Die post-fundamentele perspektief

Die post-fundamenetele benadering is sensitief vir die gevaar van relatiwiteit asook ‘n eensydige subjektiewe interpretasie van gebeure. Verder is die post-

fundamentele benadering ook versigtig vir enige universele rasionaal en 'n rigiditeit ten opsigte van interpretasie (Muller, 2008:4).

Van Huyssteen (2007:19) beweer dat die post-fundamentele benadering 'n werkbare en verantwoordelike wyse van interpretasie is en 'n inter-dissiplinêre gesprek moontlik maak.

Die post-fundamenetele benadering luister in die eerste plek na die verhale van mense in werklike lewensituasies. Hierdie benadering beskryf nie maar net 'n algemene konteks nie, maar dit konfronteer die leser met 'n spesifieke en konkrete situasie.

Van Huyssteen (2007:19) wys daarop dat die post-fundamentele benadering epistemologies gevorm word deur tradisie. In hierdie studie speel tradisie en spesifiek kerklike tradisie 'n rol, aangesien daar 'n balans tussen die interpretasie van die immigrasie-ervaring en die kerklike tradisie waaruit Suid-Afrikaansgebore gelowiges immigreer, bestaan. Daar vind 'n klemverskuiwing vanaf die individuele interpretasie na 'n sosiale diskoers plaas. Hier is dus sprake van 'n nuwe epistemologie in die psigologiese en sosiale wetenskappe, terwyl die prakties-teologiese bydrae deel vorm van die inter-dissiplinêre gesprek. Sodoende word 'n oop dialoog gestimuleer en word daar verder beweeg as net 'n subjektiewe teologiese veld van studie.

Hierdie studie vind binne die post-fundamentele benadering plaas, soos hierbo beskryf en hoofstuk twee word binne hierdie raamwerk daaraan gewy om te luister na die verskillende verhale van Suid-Afrikaansgebore immigrante na Brisbane, Australië.

## 2. ‘N POST-FUNDAMENTELE PERSPEKTIEF OP DIE IMMIGRASIEVERHALE VAN GEBORE SUID-AFRIKANERS IN BRISBANE, AUSTRALIË

Hierdie inter-dissiplinêre studie veronderstel ‘n proses wat begin deur allereers te luister na die verhale van mense wat vanuit Suid-Afrika geïmmigreer het na Brisbane en ‘n behoefte aan ‘n nuwe geloofsgemeenskap in Australië ontwikkel het, te midde van ‘n totale verandering in lewenstyl.

Hier volg die verhale van Johan en Ansie van Zyl, Ben en Jackie de Vos, Pieter en Karien Venter, Anton en Suzet Muller en Jaco en Linda Botha[1].

### 2.1 Immigrasie-verhaal van Johan en Ansie van Zyl

Johan en Ansie is eers getroud nadat hulle die skuif na Brisbane gemaak het. Ansie het aanvanklik ‘n Sabbatsjaar geneem en in Perth (Wes-Australië) by vriende gaan woon. Sy het nooit ‘n rasionele besluit geneem om te immigreer nie. Ansie het besluit om die Sabbatsjaar te neem, nadat sy deur ‘n egskeiding in Suid-Afrika gegaan het. Haar ouers was baie ondersteunend. In hierdie tyd het sy begin met ‘n MBA en wou dit finaliseer. Na twee jaar in Australië het sy die besluit geneem om nie weer permanent na Suid-Afrika terug te keer nie.

[1] **Skuilname is gebruik om vertroulikheid te verseker**

Johan het, vanweë sy besigheidsbelange in Suid-Afrika, baie gereis tussen Perth en Suid-Afrika. Hy het in hierdie tyd gereeld by Ansie in Perth gekuier. ‘n Firma in Brisbane het toe aan haar ‘n werksaanbod gemaak, wat sy aanvaar het. In hierdie tyd het hulle besluit om in Suid-Afrika te trou en daarna na Brisbane te verhuis. Dit was vir hulle ‘n groot besluit en die lewenswyse in Brisbane was totaal anders as die lewe wat hulle in Perth geken het. Hulle het ook in hierdie tyd permanente verblyfreg in Australië verkry.

In Perth was hulle nie kerklik aktief nie. Ansie wou nie enige kerk bywoon nie. Sy het seergekry in die kerk ten tye van haar egskeiding en het gevoel dat sy dit op haar manier wou verwerk. Afrikaanse mense het hulle by geleentheid uitgenooi na die ‘Christian Reformed Church’ in Mansfield, Brisbane. Die eerste drie maande by die kerk was veral vir Ansie baie moeilik en die inskakeling by die gemeente het tyd geneem. Sy getuig dat sy in hierdie tyd weer tot bekering gekom het. Die leraar van die gemeente, haar man, Johan, en die geloofsgemeenskap het ‘n positiewe rol gespeel om haar te ondersteun om ‘n nuwe verbintenis met Jesus Christus te maak. Dit was vir haar ‘n saak van erns.

Sy het aanvanklik nie besef dat die gemeente in Mansfield ‘n Gereformeerde Kerk is nie. Die rede vir hulle om in te skakel het ook nie te make gehad met die feit dat daar baie Afrikaanssprekendes in die gemeente is nie. Ansie sê dat hulle aanvanklik ingeskakel het omdat die leraar en die gemeente “real” was. Hulle het al hoe meer begin betrokke raak en hulle inskakeling by ‘n selgroep in die gemeente was ‘n positiewe stap in hulle geloofslewe. Ansie en Johan het ooreengekom dat hulle albei van ‘n kerk moet hou, alvorens hulle lidmate sou word. Hulle was gevolglik vir ‘n lang tyd ook nie in Mansfield lidmate van die gemeente nie, alhoewel hulle die eredienste bygewoon het. Die aanbiddingstyl was vir hulle belangrik en vanweë die rustige en nederige manier van aanbidding, het hulle besluit om as lidmate van Mansfield gemeente aan te sluit.

Die Van Zyl-gesin hou van die lewenskwaliteit wat Australië bied. Die onbesorgde lewenstyl en veiligheid waarin Ansie aanvanklik as enkelma kon leef, was vir haar belangrik. Noudat sy en Johan getroud is, is dit steeds 'n voorreg om sorgeloos te leef. Hulle was op velerlei vlakke in Suid-Afrika baie betrokke, selfs in die politiek. Politiek is egter nou nie meer vir hulle belangrik nie. "Dis baie meer gemaklik hier. Daar is nie regtig politieke brandpunte nie", merk Johan op. Ansie getuig dat rassisme in haar lewe iets is wat sy op geestelik vlak moes hanteer. Australië het aan haar die geleentheid gebied om in haar geloofslewe daardeur te werk. Die lewenstyl in Brisbane is meer gemeenskapsgefokus teenoor die individuele fokus wat sy in Suid-Afrika beleef het.

Ansie voel dat, alhoewel gemeenskappe in Australië meer homogeen is as in Suid-Afrika, Australië 'n demokrasie is en nie sosialisties is nie. Sy is wel van mening dat die "tall poppy" sindroom baie immigrante uit Suid-Afrika hinder, veral wanneer hulle aanvanklik in Australië voet aan wal sit. Sy verduidelik hierdie sindroom as dat baie Suid-Afrikaners sukkel met die gedagte dat almal eenders hanteer word in Australië. Daar is nie 'n sterk klasseverskil in enige opsig nie. Johan sien egter meer sosialistiese eienskappe in die regering van Australië. Hy noem die wyse waarop die belasting uitgewerk word as 'n voorbeeld.

Hulle beleef die inskakeling in die Australiese kultuur as maklik en met baie raakpunte wanneer dit met die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaanse kultuur vergelyk word. Johan en Ansie besef egter dat die meeste van hulle vriende Afrikaanssprekend is en dat hulle dus tog onwetend sukkel om te integreer in die Australiese kultuur. Hulle sou meer tyd en energie wou spandeer aan Australiese vriende. Hulle is van mening dat hulle seun, Riaan, as kind makliker integreer en sy vriendekring sluit definitief meer Australiërs in. Tog is Riaan steeds trots op sy Suid-Afrikaanse herkoms. Johan merk grappenderwys op dat, alhoewel dit vir hom ondenkbaar was dat hyself ooit 'n ander rugbyspan as die 'Blou Bulle' sou ondersteun, hy nou al die 'Reds' as Super 14-rugbyspan begin ondersteun.

Die feit dat hulle permanente verblyfreg gekry het, het gehelp in hulle uiteindelike besluit om te immigreer. Alhoewel die gevolg was dat hulle lank moes wag vir hulle meubels uit Suid-Afrika, sê Ansie dat die positiewe van hulle situasie was dat "daar geen trane op die lughawe gestort is nie". Hulle was ook bevoorreg om elke jaar te kon terugvlieg na Suid-Afrika. Johan was vanweë sy besigheidsbelange gedurende die eerste jaar ongeveer vier maal terug. Hulle beskou dit dus dat hulle stuk-stuk geïmmigreer het. Dit het goed gewerk, maar het ook sy eie spanning tot gevolg gehad. Om vanaf Perth na Brisbane te verhuis, was 'n tweede groot trek en dit het veroorsaak dat Riaan nog 'n keer ontwortel is en van skool moes verwissel. Hulle het egter daarin geslaag om, te midde van die besluit om te immigreer, goeie verhoudings met hulle familie en vriende in Suid-Afrika te behou.

Wat hulle werksituasies aanbetref is Johan met iets heeltemal anders besig in Australië. Hy was betrokke in die Regte in Suid-Afrika, maar het besluit om homself in die besigheidswêreld te begewe in Australië. Hy is egter tans besig om weer in die Regte te studeer. Die regstelsel in Australië verskil heeltemal van die Suid-Afrikaanse regstelsel. Indien Johan weer in die regsomgewing wil werk, word daar van hom verwag om Australiese kwalifikasies te bekom.

Ansie was 'n advokaat in Suid-Afrika. Sy het vir die eerste agt maande in Perth nie gewerk nie. Sy sien nie kans om verder te studeer nie en het besluit om eerder 'n ondersteunende rol in haar werksituasie, wat ook in die regslyn is, te speel. Ansie hou daarvan dat almal 'n gelyke kans ("fair go") kry in Australië. Sy mis nie die status wat sy moes prysgee nie. Sy hou van die Australiërs, van hulle sin vir humor en die feit dat almal as gelykes gesien word. Ansie sê: "Hulle neem verantwoordelikheid vir mekaar." Haar bekommernis oor die groot hoeveelheid Suid-Afrikaners by die kerk kom grappenderwys na vore: "Daar is te veel 4x4's in die parkeerarea", wat vir haar steeds 'n individuele lewenstyl beteken.

Ansie wil uitreik na nuwe Suid-Afrikaners, maar vind dat die sterk “Suid-Afrikaanse manier van doen” haar partymaal dwars in die krop steek. Sy voel dat Mansfield-gemeente beskerm moet word om nie ‘n leë, hol kerk te word nie. Ansie en Johan het albei ‘n roeping om as diensbare leiers in die gemeente en gemeenskap op te tree. Hulle voel albei dat die Suid-Afrikaners ‘n impak op die Australiese samelewing het. Johan praat van die ouer dame in Perth wat hulle rusbank gekoop het en toe opgemerk het: “Ek hou van die Suid-Afrikaners, want hulle gaan kerk toe.”

“Gelowige Suid-Afrikaners sukkel om die geloofsprong te maak om nederig te wees,” merk Ansie op. As Christen sien sy dit duidelik, maar erken dat sy self met nederigheid sukkel. “Statusbeheptheid kan veroorsaak dat Suid-Afrikaners ‘n negatiewe impak op die samelewing kan hê. Ons aksent klink vir hulle hoogdrawend. Hulle beleef die Suid-Afrikaners maklik as arrogant”.

Volgens Johan en Ansie is daar ten slotte groot kultuurverskille tussen Suid-Afrikaners en Australiërs. Ansie sê dat sy dit beleef dat die ongelowige Aussies haar soms vanweë haar geloof te na kom. Sy vertel hoe sy eenmaal by die werk moes opstaan vir haar geloof, maar nadat sy haar standpunt gestel het, het hulle haar wel daarvoor gerespekteer. Immigrasie is moeilik maar die moeite werd vir hulle as gesin. Hulle is, te midde van die kultuurverskille wat hulle beleef, baie gelukkig in Australië.

## 2.2 Immigrasieverhaal van Ben en Jackie de Vos

Ben en Jackie de Vos het vyf jaar voordat hulle uiteindelik geïmmigreer het, begin om daaroor te gesels en te bid, met die doel om die immigrasiebesluit te

deurdink. Vir Ben was daar spesifieke politieke vertrekpunte wat ‘n skuif na Australië sou regverdig. Hy het regstellende aksie by ‘n groot firma waar hy werksaam was beleef en het aanvanklik die besluit geneem om vir ‘n kleiner firma te begin werk. Die wetgewing het uiteindelik egter ook die kleiner firma ingehaal en dit het hom op ‘n punt in sy lewe gebring waar hy die volgende uitlating gemaak het en steeds sterk daaroor voel: “Ek kan nie vrede maak met die onregverdigheid nie...”

Jackie ondersteun Ben se kognitiewe besluitnemingsproses om te immigreer, alhoewel haar besluit baie meer op emosionele gronde berus. Sy voel dat immigrasie absoluut die moeite werd was ter wille van die kinders. Hulle het twee jong kinders en die vryhede wat hulle in Australië geniet maak haar baie gelukkig. Sy is bedags tuis en pas die kinders op. Dit is vir hulle moontlik om uit te gaan na ‘n plaaslike parkie, waar die kinders ure se pret het, sonder dat sy bedreig voel of vrees beleef ten opsigte van hulle veiligheid. Die feit dat die kinders lekker speel laat haar goed voel en in gesprekke met ander mense word dit duidelik dat soos wat die kinders groter word, daar baie meer geleenthede vir hulle sal oopgaan. Dit laat haar op haar gemak voel oor die besluit om na Australië te immigreer.

Ben en Jackie het hul familie eers ingelig dat hulle na Australië gaan verhuis nadat hulle permanente verblyfreg gekry het. Ben se ouers was positief oor hulle besluit en het hulle hierin ondersteun, alhoewel sy ma op daardie stadium in ‘n verswakte gesondheidstoestand was. Ben se pa het die saak finaal hanteer met die volgende uitspraak: “Ek kan nie ‘n rede sien hoekom julle nie moet immigreer nie.” Ben se ouers het wel later laat blyk dat hulle baie verlang na die kleinkinders en gevoelens van hartseer beleef. Ben bel een maal per week huis toe, al is dit net vir vyf minute. Hy beleef dit dat sy verhouding met sy pa nooit ‘n hegte verhouding was nie, maar dat dit steeds vir hom belangrik is om weekliks kontak te maak. Hy kommunikeer met sy suster verkieslik deur middel van e-posse, met die doel om die onkoste so laag as moontlik te hou.

Jackie se ma is soms opstandig oor die onregverdigheid daarvan dat die kleinkinders so ver van hulle af woon. Sy probeer om alles wat die kinders doen so goed as moontlik te kommunikeer deurdat sy elke dag 'n e-pos skryf en aan die einde van die week aan haar broer in Suid-Afrika stuur, wat dit dan na haar ma neem. Haar ma skryf dan fisies terug, haar broer skandeer die briewe en e-pos dit weer aan Jackie.

Hulle immigrasieverhaal begin met min kennis oor Australië. Hulle het besluit om die permanente verblyfreg te aktiveer deur eers in Australië as toeriste te kom kuier en die land te verken. Die uitkoms van die vakansie was 'n kognitiewe besluit om te immigreer. Die Engelse spreektaal het die land toeganklik gemaak. Om aan 'n kerk te behoort sou vir hulle belangrik wees, maar die besoek aan 'n Afrikaanse kerk in Brisbane was vir hulle 'n morbiede belewenis. Die rede hiervoor is dat Ben en Jackie die oud-Suid-Afrikaners by die kerk negatief beleef het omdat hulle net gekla het oor die swaarkry van immigrasie en hulle verlange na Suid-Afrika. Verder het hulle vanaf Syney na Adelaide 'n treinreis deur Australië onderneem en hulle belewenis was dat die ouer persone wat die reis meegemaak het, dieselfde gelyk het as mense in Suid-Afrika. Behalwe vir die negatiewe kerk-ervaring het hulle lekker gekuier en met 'n goeie gevoel oor Australië na Suid-Afrika teruggekeer. Hulle het egter geweet dit anders sal wees om in Australië te woon en werk in vergelyking met die vakansie-ervaring wat hulle gehad het.

Die emosies in Jackie se gemoed het hoog geloop toe sy uiteindelik op die vliegtuig terug na Australië besef het dat die realiteit van immigrasie 'n werklikheid geword het. Vir Ben was dit anders - die wete dat hy nie werk het nie, het hom bekommer. Dit het hom ongemaklik gelaat dat hy wel probeer aansoek doen het vir werk deur middel van die internet, maar dat sy pogings onsuksesvol was. Nadat hulle in Australië aangeland het, het hy tog vinnig werk

gekry en is steeds gelukkig in dieselfde pos na drie jaar in die land. Die feit dat hy so vinnig werk gekry het, skryf hy aan baie gebed toe. Sy opmerking hieroor spreek boekdele: "Ek kan die Here se hand sien in ons hele immigrasie proses." Hy verduidelik egter dat dit nie vir hulle 'n roeping was om te verhuis en 'n nuwe begin in Brisbane te maak nie. Dit was uit en uit 'n kognitiewe besluit – ook die stad wat hulle gekies het om in te kom woon, is met goeie rede gekies as ontwikkelende stad in 'n staat waar die bevolking in 'n groeifase is.

Op 'n geestelike vlak verduidelik Ben dat dit vir hom binne die Here se wil is om sy gesin te versorg na die beste van sy vermoë. Gebed speel 'n belangrike rol in hulle lewens, maak nie saak of hulle in Suid-Afrika of in Australië woon nie. Hy het 'n belewenis van dankbaarheid teenoor die Here omdat sy werksomstandighede goed is, hy 'n goeie salaris verdien en hulle in 'n goeie huis woon. Dit alles word egter gesien teen die realiteit dat hy op 'n professionele vlak waarskynlik 'n skuif teruggeneem het.

Die proses om eiendom in Australië te bekom het Jackie laat vra: "Wat vang ons aan?" Volgens haar was huiskoop 'n totale nuwe ondervinding en 'n "groot en moeilike proses." Daar was tye wat hulle moedeloos gesukkel was. Op 'n dag, nadat Ben 'n huisveiling gaan bywoon het, het hy by 'n bordjie verbygery wat aangedui het dat die spesifieke huis privaat te koop was. Die opvolgoproep het 'n baie positiewe belewenis tot gevolg gehad en hy kon 'n aanbod maak en slegs hand skud op die aanbod, omrede daar geen kontrak beskikbaar was nie. Die volgende dag is die kontrak opgestel en hulle is tans baie gelukkig in die huis. Hulle albei beleef dit dat die Here se seën op hulle rus in hulle huis.

Ben en Jackie het aanvanklik eers by Suid-Afrikaanse vriende gebly. Hierdie ervaring het hulle laat deel in hulle vriende se lewe in Brisbane. Hulle vriende was deel van die 'Christian Reformed Church' in Mansfield, Brisbane, en het vir

Ben en Jackie uitgenooi om die eredienste saam met hulle by te woon. Hulle het onmiddelik deel gevoel van die geloofsgemeenskap.

Hulle is uitgenooi om ‘n kleingroep aan huis van hulle vriende saam met ander gebore Suid-Afrikaners by te woon. Vir Ben en Jackie is dit ‘n voorreg om soms net Afrikaans te kan praat in ‘n land waarin Engels die enigste amptelike taal is. Dit was vir hulle ‘n belewenis om in ‘n kleingroep saam met ander gelowiges, wat saam deur die immigrasieproses gaan, in te skakel. Goeie vriendskappe word op hierdie wyse gesluit.

Die kleingroep-dinamiek het heelwat van die selgroep waarvan hulle deel was in Pretoria, verskil. In Pretoria was hulle vir tien jaar saam met vriende in dieselfde groep. Die verhaal in Brisbane is egter anders. Die evangelisasie-gerigte selgroepe bestaan juis met die doel om uit te reik en kapasiteit te skep vir nuwe mense wat inskakel in die geloofsgemeenskap. Ben is reeds ‘n diensleier van ‘n nuutgevormde groep in die gemeente. Die rede hiervoor is direk herleibaar na die leierskap van die selgroepleier waarvan hulle eers deel was, wat dit van dag een af duidelik gemaak het dat die bestaansreg van selgroepe juis daarin lê dat daar ‘n proses van vermenigvuldiging moet plaasvind. Ben en Jackie beleef die vriendskappe van die eerste selgroep as opreg en is steeds vriende met almal, alhoewel hulle deel vorm van ‘n nuwe groep en nou op hierdie wyse uitreik na ander nuwe immigrante wat hulle woning in Brisbane kom maak.

Volgens Ben toon die Australiese kultuur baie diversiteit. Sy onmiddelike werkskring bestaan uit vyf mense, waarvan net een ‘n gebore Australiër is. Om in hierdie groep aanvaar te word as enigste Suid-Afrikaner is dus maklik en eenvoudig. Sy ervaring is dat indien jy ‘n gebore Queenslander is, dinge anders lyk. Die Queenslanders (die staat waarvan Brisbane die hoofstad is) is geneig om eksklusiewe vriendekringe te hê. Ben skryf dit toe aan die feit dat so baie mense uit ander state van Australië na Queensland verhuis.

Om die Australiese kultuur beter verstaan, lees Ben die aanlyn-koerante. Opvallend in die geselskolomme is die openlike vyandigheid teenoor Christene. Hierdie amper humanistiese beklemtoning en stroming teen die Christendom is vir hom een van die wesenlike verskille met die Afrikaanse kultuur waaraan hy in Suid-Afrika gewoond was.

‘n Ander opvallende verskil is die dissipline en opvoeding van kinders. Die gemiddelde Suid-Afrikaner ontvang volgens Ben en Jackie ‘n baie strenger opvoeding. Hierdie verskille is volgens hulle egter ‘n goeie geleentheid om te getuig deur optrede eerder as deur woorde.

Volgens Jackie laat jou kleredrag jou uitstaan as Suid-Afrikaner. Aanvanklik het sy dit beleef dat Suid-Afrikaners meer formeel aantrek, maar later het sy besef dat die weer in Australië veroorsaak dat mense meer informeel aantrek – selfs wanneer hulle kerk toe gaan, maar ook in hulle alledaagse lewe. Haar reaksie hierop was om ‘n praktiese aanpassing te maak en koeler klere koop.

Opsommend kan gesê word dat dit Ben en Jackie se belewenis is dat Australiërs ‘n positiewe belewenis en ingesteldheid teenoor gebore Suid-Afrikaners het, wat in Brisbane aanland en ‘n nuwe lewe hier begin.

Dit het lank geneem voordat Ben en Jackie agtergekom het dat dit ‘n gereformeerde kerk was waarby hulle ingeskakel het en hulle is baie gemaklik daarmee dat dogma nie op die voorgrond is nie. Die Engelse voertaal was aanvanklik ‘n probleem vir die kinders by die kategese omdat hulle nie die leidster kon verstaan nie. Dit het probleme veroorsaak omdat dit voorgekom het asof hulle kinders ongehoorsaam was. Tydsverloop het hierdie situasie egter

reggestel en die kinders skakel gemaklik in en kuier lekker, ook saam met Engelssprekende maatjies.

Ben en Jackie sê dat vriende uit Suid-Afrika hulle dikwels gevra het: "Hoe is dit in Australië?" Hulle het besluit om te antwoord: "Vra ons na twee jaar." Nou is hulle al langer as twee jaar in Australië en hulle som dit as volg op: Ben sê: "In South Africa you can have anything money can buy; in Australia you can have everything money can't buy." Jackie voeg by: "Kinders kan kinders wees, sonder om bang te wees."

Opsommend kan gesê word dat dit Ben en Jackie se belewenis is dat Australiërs 'n positiewe ingesteldheid teenoor gebore Suid-Afrikaners, wat in Brisbane aanland en 'n nuwe lewe hier begin, het.

## 2.3 Immigrasieverhaal van Pieter en Karien Venter

Karien begin die verhaal deur te sê dat Pieter een oggend opgestaan het met die gedagte dat hulle na Australië moet immigreer. Daar was geen spesifieke gebeurtenis wat hulle genoodsaak het om die besluit te neem om te immigreer nie. Pieter het doodgewoon inisiatief geneem en die groter prentjie in Suid-Afrika het hom oortuig om na Brisbane te immigreer.

Hierdie besluit het oor 'n lang tyd vorm aangeneem en hulle getuig dat daar 'n reeks voorwaardes aan die besluit gekoppel was. Eerstens het Pieter gevoel dat hy nie in die besigheidswêreld kon wees indien die regering hom sou dwing om mense in diens te neem nie. Hulle wou ook eers permanente verblyfreg in Australië hê, ten einde te verseker dat hulle met gemoedsrus kon immigreer.

Verder was dit vir Pieter belangrik om sy banksake oor die internet in Suid-Afrika instand te kon hou. Laastens moes dit moontlik wees om sy besigheidsbelange in Suid-Afrika vanuit Australië te kon bestuur.

Met al hierdie praktiese dinge in plek was die keuse om te immigreer vir die Venters baie maklik. Die praktyk val soos volg uiteen: Hulle het nog sterk bande met Suid-Afrika op baie raakvlakke. Pieter vlieg elke twee tot drie maande na Suid-Afrika, soos wat sy besigheidsbelange dit vereis. Verder gebruik hy 'Skype' om in kontak te bly met die bestuurders van sy ondernemings in Suid-Afrika. Hy werk hoofsaaklik smiddae en saans tot laat om die tydsverskil tussen Suid-Afrika en Australië die hoof te bied.

As voorbeeld van hierdie werkswyse, beskryf Pieter dit soos volg: "Gister het ek 'n vergadering gehad met die doel om 'n produk in te voer uit China. Ons was vier mense betrokke by die onderhandelinge, waarvan ek in Australië was, twee vennote in Suid-Afrika en iemand anders in China." Pieter sê dat globalisering 'n groot rol speel in hoe mense deesdae besigheid doen en daar is talle tegnologiese moontlikhede wat hy vanuit Australië kan gebruik, om in kontak te bly met mense regoor die wêreld.

Karien se ouers was negatief oor hulle besluit om na Brisbane te verhuis en nou, selfs na vier jaar, het daar nie veel verander nie. Haar ouers verkies om nie oor die onderwerp van immigrasie te praat nie. Albei partye hou egter die verhouding in stand, maar die immigrasie-onderwerp word nie aangespreek nie. Volgens Karien plaas dit stremming op die verhouding. Aanvanklik het Pieter dit beleef dat die skoonfamilie hom as die sondebok sien, wat hulle kind en kleinkinders van hulle af weggeneem het. Pieter maak egter 'n punt daarvan om saam met die familie te kuier en selfs saam te gaan vakansie hou, wanneer hulle in Suid-Afrika is. Karien se ouers het met hulle laaste besoek die opmerking gemaak dat hulle die kleinkinders vanuit Australië nou meer as die kleinkinders in Suid-Afrika

sien, want hulle kuier vir langer tydperke by ouma en oupa as wat die kleinkinders in Suid-Afrika kan doen. Karien sê dat hulle solank as wat hulle dit kan bekostig en hulle ouers nog leef, ten minste een maal per jaar in Suid-Afrika sal gaan kuier.

Pieter se ma voel dit was die regte besluit vir hulle om te immigreer. Dit was vir haar jammer om hulle te sien gaan, maar sy ondersteun hulle en het selfs al kom kuier in Australië. Die kinders het al vier goed aangepas. Karien en Pieter was van die eerste dag af gelukkig en hulle het geen aanpassingsprobleme ondervind nie. Pieter sê dat die eerste maand in Australië vir mense soos ’n wittebrood is. Hulle koop nuwe goed en hou letterlik vakansie in ‘n nuwe land met ‘n gevoel van energie en opgewondenheid. Vir hom voel dit steeds so. Hy skryf dit toe aan die feit dat hulle die skuif baie goed beplan het. Hulle het vooraf verskeie besoeke afgelê en kom kyk hoe Australië lyk met die doel om hulself voor te berei vir die skuif. Hulle het geen verwagtinge gehad wat nie gerealiseer het nie, omrede hulle van die begin af baie realisties was en besef het dat Australië ook nie perfek is nie. Hulle het ook gelukkig twee stelle ou Suid-Afrikaanse vriende hier in Brisbane ontmoet. Albei gesinne het vanaf Perth na Brisbane verhuis, net voordat die Venters vanuit Pretoria na Brisbane getrek het. Vriendskapsbande is en was vir hulle baie belangrik.

Hulle het aanvanklik eers in ‘n multi-denominasionele Afrikaanse gemeente aanbid. Dit was volgens Pieter en Karien ‘n “somber situasie” – daar was baie mense wat swaar gekry het en gevolglik het hulle Sondae by die kerk teenoor mekaar gekla. Pieter wou egter nie ‘n somber situasie met kerk assosieer nie. Hulle het toe ‘n groot charismatiese kerk bygewoon, wat ‘n sterk verbintenis het met die skool waar hulle kinders skoolgaan. Die kerk was egter te groot en die musiek was vir hulle oorverdowend en hulle was ook nie gemaklik met die bedieningstyl nie. Gedurende hierdie tyd was daar baie prediking oor geld en die finansiële situasie van die kerk. Tydens die laaste erediens het die prediker nie eers uit die Bybel gelees nie en dit het hulle dwars in die krop gesteek. Die

hoofdoel van die gemeente was die hoeveelheid bekeerlinge wat aan die gemeente toegevoeg word en hulle het dit beleef dat bestaande Christene onversorg gelaat word. Die 'Christian Reformed Church' in Mansfield het aan hulle 'n geestelike tuiste gebied, sowel as die geleentheid om geestelik te groei. Die feit dat daar heelwat Suid-Afrikaners is wat by die gemeente saamkom is 'n positiewe kenmerk van die kerk, maar dit is nie vir hulle 'n voorwaarde vir lidmaatskap nie. Hulle skryf die groot hoeveelheid Suid-Afrikaners by die gemeente daaraan toe dat die meeste van hulle uit 'n gereformeerde agtergrond in Suid-Afrika gekom het. Pieter en Karien hou van die balans in die gemeente wat 'n familiediens met Engels as voertaal het en wat volgens hulle goed is vir die kinders, maar wat ook op 'n maandelikse basis 'n Afrikaanse uitreik-erediens het.

Karien vind goeie aanklank by die visie van die geloofsgemeenskap in Mansfield en spesifiek die uitreikbediening wat op diensbare leierskap gebou word. Sy is dan ook een van die eerste leiers in die gemeente wat deur middel van vermenigvuldiging van haar selgroep die kapasiteit geskep het om nuwe mense in die gemeente te verwelkom en te laat tuiskom in nuutgevormde groepe. Hierdie proses help baie nuwe aankomelinge, hoofsaaklik uit Suid-Afrika, maar ook vanuit ander dele van die wêreld. Pieter en Karien besef hierdie kleingroepbediening is die uitleef van hulle roeping. Dit is vir hulle 'n voorreg om op 'n persoonlike wyse nuwe Suid-Afrikaners op hulle voete te help en aan te moedig om weer ander te help, want immigrasie is nie 'n maklike proses nie en mense wat nuut in Brisbane aankom, het geen ondersteuningsnetwerk nie.

Karien beskryf haar lewenstyl met 'n 80/20 vergelyking. In Suid-Afrika het wasgoed, huiswerk en werk ongeveer 20% van haar tyd opgeneem. Ontspanning, vriende, sport en kuier het 80% van haar tyd in beslag geneem. Australië is presies die teenoorgestelde. Haar huis is nie so skoon en netjies nie, maar sy doen baie meer in die plaaslike gemeenskap en is meer betrokke by allerlei aktiwiteite. Karien beleef haar werksplek as positief en ook 'n geleentheid om te integreer in die Australiese gemeenskap.

Pieter is nou meer by die huis as in Suid-Afrika. Sy kantoor funksioneer vanuit die huis en hy maak baie staat op die internet, telefoon en hedendaagse tegnologie. Sy besigheidsbelange in Suid-Afrika neem baie tyd en energie in beslag. Hy sal uiteindelik nuwe geleenthede in Australië identifiseer en sy besighede geleidelik oorskuif.

Hulle glo dat hulle kinders meer geleenthede in Brisbane het teenoor wat hulle sou gehad het in Pretoria. Pieter verwoord dit soos volg: ”Daar is ‘n beter toekoms vir die kinders en oor twintig jaar sal hulle hier ‘n beter lewe kan maak en ook die vryheid hê om hulle eie familielewe met ‘n hoë lewenskwaliteit te konstrueer.” Die Venter-gesin het Australië op ‘n besondere manier ontdek deur middel van talle skooltoere waarop die kinders kon gaan en hulle as ouers het baie daarvan kon meemaak. Dit was vir hulle een groot avontuur. Integrasie in die Australiese kultuur is vir hulle maklik en positief. Hulle sê dat die Afrikaanse aksent waarmee hulle Engels praat in hulle guns werk. Hulle het egter nie genoeg energie en tyd om te bestee aan vriendskappe met Australiërs nie. Dit laat hulle skuldig voel. Die kinders integreer egter beter en hulle het meer gebalanseerde vriendskappe met Suid-Afrikaners, sowel as Australiërs.

Afrikaans bly egter vir hulle belangrik en almal in die huis praat Afrikaans met mekaar. Dit is elke kind se eie keuse om Afrikaans te praat. Karien se pa het ‘n doktorsgraad in Afrikaans en komplimenteer hulle kinders gereeld oor hulle goeie Afrikaanse taalgebruik wat te midde van hulle immigrasie-verhaal behoue gebly het.

Die Venters glo dat die Here ‘n plan het met die groot aantal Suid-Afrikaners in Australië. Hulle glo dat ons in Suid-Afrika te gemaklik in ons geloofslewe is. Ons aanvaar dat almal Chrsitene is, maar in Australië is dit anders. Jy moet opstaan

vir jou Christenskap. Hulle glo die Suid-Afrikaners sal oor vyftig jaar, soos die Hollanders wat na Australië geïmmigreer het in die 1950s, 'n soortgelyke impak op die samelewing hê. Die Hollanders het 'n unieke gereformeerde kerk (Christian Reformed Church of Australia) gestig, wat goed in die Australiese samelewing geïntegreer het en talle Suid-Afrikaners raak nou betrokke by hierdie selfde gereformeerde kerk (soos die gemeente in Mansfield in Brisbane).

Karien besef dat hulle deur middel van hulle Bybelstudie die leiding van die Here deurentyd gehad het en dat hulle nie sonder die Here se leiding sou kon immigreer nie. Hule geloofsperspektief word gevind in die feit dat hulle gehoorsaam was aan die Here se wil. Karien sê ook dat hulle bereid is om terug te gaan na Suid-Afrika, as die Here hulle so sou lei. Sy merk op: "Hierdie aardse lewe is in elk geval net 'n tydelike bestaan..."

Hulle sien 'n duidelike verskil tussen 'n gelowige en 'n ongelowige persoon se belewenis van immigrasie. 'n Ongelowige persoon hanteer die hele saak op sy eie. Sy eie denke en dade bepaal die uitkomste in elke situasie. 'n Gelowige mens sien die Here se hand in alles. Daar is baie ongelowige mense in Australië en 'n mens ontmoet ongelowiges op 'n daaglikse basis. Dit het sy uitdagings en soms is die aanslag op Christene vel, maar Karien som die situasie soos volg op: "Jy het nie 'n klomp Christene om jou nodig om 'n Christen te wees nie".

Hulle was as gesin in Suid-Afrika nooit so betrokke by 'n geloofsgemeenskap soos hier in Brisbane nie. Pieter het in Suid-Afrika op die finansiële kommissie gedien en was by geleentheid leier-diaken en -oudeling. Hier in Brisbane het hulle as egpaar egter 'n bediening en hulle kleingroep het al vier nuwe groepe tot stand gebring. Hulle het ook as egpaar begin om 'n Engelse vertaling van die Bybel (NIV-vertaling) te lees en sal dit vir almal aanbeveel. Hulle hou ook stiltetyd in Engels en Pieter is verbaas oor Karien se goeie kennis van die Engelse taal.

Suid-Afrika is en bly vir die Venters 'n wonderlike land. Pieter sien egter nie 'n langtermyn toekoms vir sy kinders nie. Hy beskou die rigting waarin die land beweeg as in die rigting van 'n derdewêreldse land. "Zimbabwe vra aanpassing en die Suid-Afrikaners sal ook moet aanpas," meen Pieter. Karien is meer positief oor Suid-Afrika en glo dat dit 'n opwindende tyd in die land se geskiedenis is. Sy kan God se hand in die land (Suid-Afrika) sien en glo dat die Here besig is om ons tereg te wys.

Ten slotte noem hulle dit dat daar ook uitdagings en probleme in Australië is. Vir hulle is die toekoms van hulle kinders en spesifiek om 'n gelowige huweliksmaat te kry, hoog op hulle gebedslys. Hulle sien hulself as twee mense met vier kinders, wat as Christene aan die Here gehoorsaam was en hulself nou in Australië bevind. Hulle kinders en kleinkinders sal uitbrei en hopelik 'n impak op hulle onmiddelike omgewing hê. Hulle gebedslewe word hierop gefokus en hulle glo dat die groeiende geloofsgemeenskap in Mansfield 'n sinvolle bydrae tot die plaaslike gemeenskap maak deur middel van die uitreikbediening van selgroepe.

## 2.4 Immigrasieverhaal van Anton en Suzet Muller

Anton en Suzet Muller se verhaal begin deurdat hulle saamstem dat hulle nooit regtig geïmmigreer het nie. Wanneer hulle terugkyk na die immigrasiebesluit, is hulle twee hoofredes dat hulle vir hul kinders 'n beter toekoms wou verseker en dat Anton 'n werksaanbod in Brisbane ontvang het. Suzet brei hierop uit deur te sê: "Ons idee was dat indien dit nie uitwerk nie, dan gaan ons terug Suid-Afrika toe." Hulle woon nou al drie jaar in Brisbane.

Anton was ongelukkig in Pretoria en sou drie jaar gelede ook 'n ander werksgeleentheid in Suid-Afrika oorweeg het. Hulle het op daardie stadium Brisbane ook oorweeg omrede sy suster hulle vantevore in Brisbane gewoon het. Sy suster-hulle het egter teruggetrek na Pretoria toe om weer naby aan die familie te wees. Die Mullers kon nie die familie vooraf inlig oor hulle besluit nie, want die werksgeleentheid in Brisbane het redelik vinnig 'n realiteit geword.

Suzet se ouers het die nuus volgens hulle "sleg gevat," want drie uit hulle vier kinders het alreeds geïmmigreer en nou het Suzet as hul vierde kind ook besluit om in die buiteland te gaan woon. Hulle as ouers en grootouers is hartseer, maar laat Anton en Suzet nie skuldig voel nie. Hulle berus hulle by die besluit. Anton se pa verlang ontsettend baie na hulle en sal gereeld sê dat Anton moet onthou dat daar nog werk in Suid-Afrika is. Anton het sy werk onlangs in Brisbane verloor as gevolg van die ekonomiese klimaat wat verskeie maatskappye genoodsaak het om te her-struktureer. Hy hou sy opsies na Suid-Afrika toe oop. Hy het sy vorige werkgewer reeds gekontak en hou per e-pos kontak met die moontlikheid om terug te gaan na Suid-Afrika.

Hulle daaglikse realiteit wys 'n verlange na die weeklikse kuier by Anton se ouers uit. Suzet het altyd lekker gekuier en mis die grootouers se kuier met hulle kleinkinders. Hulle verlang ook na die voorreg om die kinders by die grootouers te kon laat kuier, terwyl hulle dan die geleentheid gehad het om uit te gaan. In Brisbane is dit anders. Suzet stel dit soos volg: "'n Mens mis jou ouers omdat jy nie van vriende dieselfde kan verwag as van familie nie."

Anton en Suzet sien hulleself as introverte en besef dat vriendskappe oor tyd gevorm word. Die interessante is egter dat hulle tog vinnig goeie vriende gemaak het. Die rede daarvoor vind hulle in die feit dat daar 'n definitiewe band met ander mense, wat deur dieselfde swaarkry van immigrasie gaan, bestaan.

Hulle beleef dit dat hegter vriendskapsbande gevorm word omdat mense die swaarkry deel. Hulle beskryf hulle vriende as geloofsvriende.

Hulle realiteit in Brisbane is ook gevorm deurdat die maatskappy wat vir Anton die werksgeleentheid aangebied het, ook hulle skuif na Brisbane geborg het. Dit het beteken dat die vlugte vir hulle gereël is, die trek vir hulle betaal is en dat hulle geweet het dat alles in plek sou wees met hulle aankoms. Anton sou dadelik kon begin werk.

Dit was vir hulle lekker om uiteindelik op die vliegtuig te wees, want die laaste twee weke in Suid-Afrika was dit baie swaar om almal te groet. Anton het hard gewerk om alles oor te gee en het onder geweldige spanning gewerk. Hy voel egter skuldig dat hy teen die einde van hierdie tydperk moeg en ongesellig was tydens die laaste ete by sy ouers se huis.

Suzet besef dat haar ma baie hartseer was en die feit dat sy gehuil het, was anders as altyd, want haar ma is gewoonlik ‘n baie sterk mens. Suzet besef dat die immigrasie-realiteit haar ma diep geraak het. Tog ondersteun haar ma hulle in hulle keuse en spreek dit uit dat sy weet dat hulle nou ‘n “beter lewe” het as wat hulle gehad het.

Hulle lewens het drasties verander. Suzet vind dat haar lewenskwalitiet baie verbeter het. Sy kan in die middestad vir die stadskoor sing en daarna elf uur in die aand veilig met die bus huis toe ry. Sy besef nou eers hoeveel sy haar vryheid waardeer. Hulle het vantevore in Suid-Afrika in ‘n sekuriteitskompleks gewoon en Anton stel die feit dat hy nooit ‘n vuurwapen besit het of sleg geslaap het nie, maar Suzet was besorg oor haar eie veiligheid en het soms onveilig gevoel. Sy het byvoorbeeld nie gevoel dat dit veilig genoeg was om op haar eie

te gaan draf nie. Nou is dit anders; sy gaan maklik alleen met die kinders na 'n park toe en geniet dit sorgeloos.

Suzet voel egter dat sy 'n rustiger lewe in Pretoria gehad het. Sy voel nou meer gespanne as toe sy in Pretoria was. Sy kon met haar vriendinne gaan tee drink en haar bediende kon aandag gee aan die klein dingetjies. Suzet moet nou aandag gee aan al die detail tuis en net om die huis skoon te hou en die kinders op skool te hou is 'n veel groter taak, omdat dit daarop neerkom dat sy alles self moet doen. Tog voel hulle dat die Australiese manier van doen anders is. Die Australiërs is nie so perfeksionisties oor hulle huise nie en laat dinge maar oorstaan tot 'n geskikte tyd. Suzet beleef dit dat hulle baie ontspanne mense is, maar sy voel dit gaan haar nog lank neem om self hierby aan te pas. Die feit dat sy so baie aandag aan detail moet gee, maak haar gespanne. Almal in Australië werk ook nie voltyds nie. Suzet werk net twee dae 'n week. Baie mense verkies om nie voltyds te werk nie, sodat hulle tyd by die huis het vir al die huishoudelike take.

Anton voel dat sy lewenskwaliteit laer is as wat dit in Pretoria was. Hy is gereeld verontrief deurdat hy in Brisbane van openbare vervoer gebruik moes maak na sy werk en terug. Daar was ook verskeie slegte ervarings wat hy by die werk gehad het en hy het dit dikwels beleef dat hy onregverdig behandel is. Anton se hele ervaring by die werk was negatief en dit was vir hom moeilik om elke dag werk toe te gaan. Suzet het naderhand begin skuldig voel omdat sy gelukkig was in Australië, terwyl dit met Anton sleg gegaan het. Verder het Anton boonop siek geword en probleme met sy gewrigte gehad. Die pyn was ondraaglik. Hy besef egter dat die siekte hom ook in Suid-Afrika sou plattrek, maar dit het bygedra tot die swaarkry wat hy in Australië beleef het.

Hy beleef Brisbane egter nie negatief nie, alhoewel sy werksomstandighede en sy gesondheid dit vir hom moeilik gemaak het die afgelope drie jaar in 'n nuwe

land. Hy beskou dit nie as noodwendig sleg dat hy sy werk verloor het nie, omrede hy in elk geval op 'n daaglikse basis ongelukkig was. Anton beleef dit dat Suid-Afrika finansieel veiliger sou wees in die huidige ekonomies klimaat, omrede dit goedkoper is om daar te leef en 'n mens dus langer sonder 'n inkomste sou kon oorleef. "Mense in Brisbane ken jou ook nie in die werksomgewing nie en jou geskiedenis en werkservaring is baie werd in Suid-Afrika, maar nie noodwendig in Australië nie. Wanneer jy op soek is na werk is Australiese ervaring al wat regtig tel," beweer Anton vanuit sy huidige omstandighede. Die Australiese regering het prosedures in plek om mense by te staan wat hulle werk verloor het. Die finansiële ondersteuning wat die regering gee is egter nie genoeg om 'n lewe te maak nie. Dit is slegs 'n vorm van ondersteuning.

Die taalkwessie is moeiliker as wat 'n mens verwag. Suzet getuig dat sy na twee jaar eers die Australiese ma's by die skool regtig begin verstaan het. Daarmee bedoel sy dat dit aanvanklik moeilik is om die Australiese uitspraak te verstaan, maar dit is die maklikste van die uitdagings om te oorbrug in die verstaansproses. Die Australiërs gebruik spesifieke uitdrukkings en dit wat hulle werklik bedoel, neem 'n tyd om aan gewoond te raak en te verstaan.

Anton glo die meeste mense in Australië is nie gelowig nie en gevolglik het hulle 'n heel ander wêreldbeeld as Christene. Suzet beleef dit dat sy baie in haar geloof gegroei het in Brisbane. Sy begin al hoe meer om God se hand in alles te sien. Suzet dink dat baie meer mense in Suid-Afrika sê dat hulle Christene is, maar sy beleef dat Australiese Christene anders is. Daar is geen druk op hulle om Christene te wees nie; trouens die norm is dat mense nie gelowig is nie.

Anton en Suzet het ingeskakel by die 'Christian Reformed Church' in Mansfield, Brisbane, omrede hulle 'n gemeentelid se broer geken het in Suid-Afrika. Dit was egter net die begin van hulle reis in die gemeente. Op die oomblik behoort hulle

aan die geloofsgemeenskap in Mansfield omdat hulle goeie vriende het en omdat hulle glo dat die gemeente 'n verskil maak in mense se lewens. Mense in die gemeente is gemaklik met mekaar en aanvaar mekaar. Die gemeente en veral die kleingroepbediening het Suzet gehelp om geestelik te groei. Die selgroep waaraan hulle behoort, het haar sterk gemaak en toegerus vir die skool waar sy nou werk. Sy beleef dat sy in Australië 'n groter verskil maak op Koninkryksvlak. In Suid-Afrika was sy meer in haar geriefsone.

Anton beaam dit dat hulle hier in situasies beland waar hulle nie anders kan as om te getuig nie. Anton het 'n kollega by die werk gehad wat begin uitvra het oor Christenskap en hulle het met vriendskapsevangelisasie uitgereik na die familie en hulle ook uitgenooi na die kerk toe. Die hele gesin het die uitnodiging aangeneem en 'n deurlopende verhouding het ontstaan net omdat Anton as 'n Christen uitgestaan het by die werk. Suzet beleef dit dat die geestelike nood in Australië groot is.

Suzet glo dat die Here 'n mens hier op 'n unike manier gebruik, maar dat Hy jou ook netsowel in Suid-Afrika sou kon gebruik. Hulle het geïmmigreer as gelowige mense, maar hulle beleef dit nie dat hulle met 'n roeping Australië toe is nie. Hulle glo dat hulle as gelowiges in Australië woon en werk.

Volgens Anton is die Australiese kultuur meer gemaklik as die Suid-Afrikaanse kultuur. Hy beskryf hoedat die Australiërs nie oor die detail bekommerd is nie. Sy kollegas het alreeds na die eerste twee dae van werk aan 'n projek, begin skryf aan 'n verslag – dit is iets wat vir Anton ondenkbaar is, omrede daar op daardie stadium nog te veel praktiese werk is om te doen!

Suzet maak die volgende positiewe opmerking: "Australiërs sien nie neer op mekaar nie." Een van hulle kinders se vriende se pa ry 'n stukkende ou motor

en dit maak nie saak as hy met die motor by die skool opdaag nie; selfs die Eerste Minister van die land ry "net 'n Ford". Anton bevestig ten slotte Suzet se siening met die volgende opmerking: "Hier maak dit nie saak of jy 'n dokter is en of jy by Mc Donalds werk nie."

Anton en Suzet sal alles in die stryd werp om op hierdie stadium eerder in Brisbane te bly, as om nou terug te keer na Suid-Afrika.

## 2.5 Immigrasieverhaal van Jaco en Linda Botha

Jaco en Linda Botha het besluit dat Jaco vooruit na Brisbane sou vlieg om solank al die praktiese aspekte ten opsigte van die immigrasieproses te hanteer. Sy doel was om 'n blyplek voor te berei vir Linda en hulle seun Con. Dit het Jaco ongeveer drie weke geneem om alles in plek te kry. Die praktyk van sake was dat hy gereeld na 'n internetkafee moes gaan om toegang tot die internet te verkry, ten einde werk te soek en ook om behuising te verseker.

Die vlug en die ervaring daarrondom was vir hom traumaties, veral omdat hy almal in Suid-Afrika moes groet en alleen na Brisbane moes vlieg. Dit was nie net sy uitgebreide familie wat sou agterbly nie, maar Linda en Con sou ook eers later by hom aansluit.

Linda se herinneringe van hierdie tyd was dat sy doodmoeg was. Dit was vir haar moeilik sonder Jaco in Suid-Afrika en sy kon nie wag om self in Australië te kom nie. Dinge is vererger deurdat hulle 'n slegte vlug gehad het en boonop met vertragings moes rekening hou. Van hulle bagasie het ook weggeraak en in 'n

vreemde land met weinig ondersteuning is 'n mens afhanklik van elke kilogram wat die lugredery jou toelaat om saam te dra.

Aanvanklik het dit vir haar gevoel asof hulle met 'n lang vakansie weg is. Die snaaksste ervaring vir Linda was dat sy nie geweet het waar Noord of Suid in die nuwe land is nie. Dit het haar ontstel, omrede sy iemand is wat in Suid-Afrika rigtingvas was en sy nie die gevoel om rigtingloos te wees kon verdra nie. Dit het met die verloop van tyd reggekom, omrede Jaco haar in die diep kant ingegooi het en sy met die Referdex (padkaart) van Brisbane hulle roetes moes beplan en navigeer.

Linda onthou hoedat die familie haar met gemengde gevoelens gegroet het. Haar ouers het hulle baie aangemoedig en selfs finansieël ondersteun. Linda se pa was destyds terminaal siek en hulle beplanning is steeds dat Linda se ma by hulle sal aansluit na haar pa se afsterwe. Hulle was intussen in Suid-Afrika om haar pa te begrawe en haar ma is van plan om vir die tweede keer te kom kuier en ook haar sake in orde te kry om self te immigreer.

Jaco se ouers het hulle immigrasie-besluit egter baie moeilik ervaar. Jaco se broer is in Suid-Afrika tragies oorlede en hierdie gebeure het hul besluit om te immigreer vir sy ouers baie meer intens gemaak. Veral Jaco se pa het dit ervaar dat hy sy tweede seun ook verloor het. Jaco verwys daarna dat sy pa dit spesifiek so verwoord het. Sy suster het in hierdie tyd toe die druk begin voel as enigste kind in Suid-Afrika, wat verantwoordelik was om haar ouers te ondersteun. Op hierdie stadium oorweeg sy ouers dit egter ook om te immigreer en hulle het reeds om permanente verblyfreg in Australië aansoek gedoen. Jaco en Linda hoop om voor die einde van 2010 sy ouers aan huis by hulle te ontvang, met die doel om vir hulle 'n eie blyplek op hulle erf aan te bou.

Jaco het die afskeid op die lughawe baie negatief beleef. Hy het op 'n stadium besluit om vroeër deur doeane te gaan, net om weg te kom van die "dooie gevoel" wat tussen hom en sy familie in die vertreksaal geheers het. Dit het beteken dat hy 'n uur op sy eie gehad het voordat hy toegang tot die vliegtuig kon kry. Vir hom was dit 'n lang, moeilike vlug en hy het oor die algemeen net na die skerm, wat afstande rakende die reis beskryf en opdateer soos wat die vlug vorder, gestaar. Dit alles het verander die oomblik toe hy in Sydney geland het. Sy hele lewe het toe oor oorlewing gegaan. 'n Plek om te bly, 'n vervoermiddel en werksmoontlikhede sou prioriteit geniet.

Jaco het slegs kontak gehad met twee Suid-Afrikaanse gesinne voordat hy in Brisbane aangekom het. Linda se suster en haar man was net 'n paar weke langer as Jaco in Australië en hulle het hom aanvanklik tydelik in hulle huis ingeneem. Tweedens was daar ook 'n oud-kollega se broer in Noosa, wat twee ure noord van Brisbane geleë is. Jaco het nie besef dat Noosa eintlik ver uit Brisbane is nie en was afgehaal toe die persoon hom nie op die lughawe wou kom haal nie. Hulle het dus geen verdere kontak gehad nie. Daar was geen sprake van 'n ondersteuningsisteem nie.

Linda se skoonouers het nie lughawe toe gekom om te groet toe sy en Con na Australië vertrek het nie. Hulle het nie vir 'n tweede keer vir die afskeid kans gesien nie. Tog was Linda positief omdat sy na Jaco verlang het en hulle weer as 'n gesin bymekaar sou wees. Con het 'n halfuur nadat die vliegtuig opgestyg het besef wat regtig aangaan en toe erg begin huil. Linda kon toe maar net saam met hom huil en saam het hulle hul hartseer gedeel, sonder woorde, want sy het nie geweet wat om te sê nie...

Jaco is nou gelukkig in Australië en het redelik vinnig nadat hy hier aangeland het, tot die oortuiging gekom dat die keuse om te immigreer die regte besluit was. Linda is egter anders. Sy sukkel soms wanneer sy deur boeke of tydskrifte blaai

wat oor Suid-Afrika gaan. Dit laat haar emosioneel reageer omdat sy baie na Suid-Afrika verlang. Die mees onlangse ervaring was ‘n dokumentêre program wat oor Suid-Afrika gehandel het. Volgens Linda het Jaco ‘n kognitiewe besluit geneem, maar vir haar as vrou is daar baie emosie betrokke. Sy stel dit soos volg: “Die besluit om te immigreer noodsaak dat ‘n mens emosioneel leeg getap word in die proses om as immigrant ‘n nuwe lewe in ‘n nuwe land te maak.”

Vir Jaco was dit veral moeilik toe hy nog moes werk soek. Hy onthou hoe vinnig hulle hulle rande uitgeleef het, omdat vyf rand ongeveer net een dollar werd was. Hy het verwerping beleef omrede hy nie in die rekenaar bedryf kon werk kry nie. Die Australiërs het volgens hom nie belang gestel in sy spesifieke vaardighede nie. Jaco het toe uitgespring en handearbeid by ‘n konstruksiemaatskappy begin doen. Die gedagte was om dit net te gebruik as ‘n trappie om Australiese werkservaring op te doen. Hy moes letterlik “kruiwa stoot, graaf gooi en pik slaan”. Jaco kan in retrospek sien dat dit vir hom goed was omdat hy fisies kon werk en so van sy frustrasies kon ontslae raak. Hierdie werksgeleentheid het ook in ‘n pos ontwikkel waar hy tans in die kantoor na die rekenaars van die onderneming omsien en sy huidige werksbeskrywing maak voorsiening vir sy eerste liefde, rekenaars, alhoewel dit nie die enigste komponent van sy werk is nie.

Die besluit om te immigreer was vir hulle ‘n “suiwer stap in die geloof.” Linda sê dat “hulle daaroor gebid het en male sonder tal besluit het die antwoord is nee, totdat hulle die groen lig gekry het.” Die wil van die Here was daarna duidelik in alles wat hulle aangepak het. Hulle glo van die begin af dat dit die Here se wil was dat hulle moes immigreer. Aanvanklik het familie en vriende dit nie so gesien nie. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle weghardloop uit ‘n moeilike situasie in Suid-Afrika en dat dit nie die regte ding is om te doen nie.

Volgens Linda is haar lewenskwalitiet op sy beste wanneer sy slaap, want sy slaap rustig in Australië. In Suid-Afrika was sy vreesbevange as daar 'n geluid in die huis was terwyl hulle geslaap het. Hulle glo ook albei dat hulle algemene lewenstandaard verhoog het. Hulle kan buite vleis braai sonder vrees, hulle motors staan buite in die straat sonder dat dit gesteel word en misdaad is oor die algemeen gering.

Die hoofrede vir Jaco en Linda se immigrasie was egter hulle kind, Con. Hulle dogtertjie, Anita, is in Australië gebore en dit maak haar 'n Australiese burger. Hulle glo dat hulle kinders in Australië baie beter geleenthede het en dat hulle 'n goeie toekoms ingaan. Jaco was altyd besorg oor Linda en Con se veiligheid tuis wanneer hy nie daar was nie. 'n Tweede bekommernis was dat hy sy werk sou verloor en dat hulle dan nie 'n heenkome sou hê nie. Dit het by hom 'n gevoel van magteloosheid gelaat. Die skuif na Australië het hierdie vrees egter vir hom aangespreek en weggeneem.

Jaco en Linda glo dat 'n gebore Suid-Afrikaner moet aanpas om in die Australiese kultuur aanvaar te word. Hulle beleef dit dat die Australiërs hulle as "*nuwe* Australiërs" aanvaar. Dit beteken dat hulle altyd immigrante sal wees. Tog is mense in die samelewing oor die algemeen positief oor Suid-Afrikaanse immigrante. Hulle glo dat hulle kinders as Australiërs aanvaar sal word en nie as nuwe Australiërs gereken sal word nie. Linda sê dat Australiese ouers hulle kinders anders opvoed. Dit neem 'n tydjie om te besef wat aanvaarbare gedrag in die nuwe kultuur is. Een voorbeeld hiervan is die wyse waarop Suid-Afrikaners hulle kinders in die openbaar dissiplineer. Sy het 'n paar slegte aanmerkings verduur omdat sy streng was met haar kinders. Ten spyte hiervan het sy tog goeie vriendskappe met Australiese ma's gesluit en skakel sy nou gerieflik op sosiale vlak in.

Hulle aanvanklike geestelike tuiste was by ‘n inter-denominasionele Afrikaanse kerk wat nie meer bestaan nie. Hulle het as gevolg van die sameloop van omstandighede in die kerk seergekry. Hulle voel dat hulle hul vingers verbrand het en is bekommerd wanneer daar net Suid-Afrikaners in ‘n geloofsgemeenskap bymekaar is. Dit is vir hulle ‘n onnatuurlike situasie.

Hulle woon ongeveer 50 minute se ry van die gemeente van Mansfield af waar hulle tans aanbid. Hulle is van die mense wat die verste ry om die gemeente-aksies by te woon. Die rede vir hierdie opoffering is dat hulle dit beleef dat hulle broers en susters in Christus in Mansfield het. Hulle beleef die gemeente as God se familie en dit was veral die Australiese Christenvriende wat hulle in tye van nood bygestaan het. Hulle sien mede-Christene as ware broers en susters, wat beteken dat hulle sekere mense enige tyd van die dag of nag kan bel as daar ‘n krisis is. Dit skep ‘n gevoel van vrede in hulle gemoed.

Die vraag: “Waarom wil die Here julle in Australië hê?” antwoord hulle soos volg: “Ons seun, Con, het ‘n unieke probleem. Die Australiese regering ondersteun kinders wat in die hoofstroom sukkel baie goed en hulle akkomodeer hom op ‘n besonderse wyse by die skool. In Suid-Afrika sou ons waarskynlik ‘n groter probleem gehad het.”

Linda het na die vorige negatiewe gemeente-ervaring in Australië ‘n geloofskrisis beleef tot by die punt waar sy nie meer geweet het wat sy regtig glo nie. Die geloofsgemeenskap in Mansfield het haar in die geloof laat groei en dit is haar belewenis dat hulle weekliks nader aan die Here groei. “Kerkwees hier is anders omdat jy uit jou gemaksone is,” sê Linda. “Hier word alles getoets en nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Jy as persoon word nie gereken nie. Jy het nie ‘n geskiedenis in hierdie land nie. Jy is ‘n nuwe immigrant. Dit dwing jou op jou knieë”. Jaco en Linda sien hulleself as diensbaar aan God en die gemeente. Hule vra na die wil van die Here vir hulle nuwe lewe in Australië.”

Die positiewe van Australië vir die Bothas is dat almal gelyk geag word. Dit maak nie saak watter werk jy doen of waar jy gestudeer het of watter tipe motor jy ry nie. Jaco en Linda stem saam: "Hulle reken jou vir wie jy is en nie vir wat jy het nie."

Ten slotte gee hulle redes waarom hulle weer die keuse sou uitoefen om te immigreer: hulle het goeie vriende gemaak wat vir hulle soos familie is, hulle kwalitiet van lewe en gesinslewe is 'n vreugde en hulle het 'n geloofsverdieping ervaar. Daar is egter een waarskuwing en dit is dat immigrasie baie druk plaas op 'n huwelik. Vir hulle is dit belangrik dat albei huweliksmaats wat wil immigreer vooraf daaroor saamstem, alvorens die immigrasieproses aangepak word.

Linda se slotopmerking is: "Australië is nie Suid-Afrika nie, maar dis 'n wonderlike land."

## 2.6 DIE PROSES VAN 'LUISTER NA ERVARINGE' WORD DIE 'BESKRYWING VAN ERVARINGE' DEUR MIDDEL VAN INTER-DISSIPLINêRE INTERPRETASIE

Die proses van luister na die bogenoemde verhale word nou in 'n volgende rondte van kommunikasie voortgesit deurdat spesifieke respondente gevra word om deel te word van die gesprek en vakkundige bydraes te lewer. Hoofstuk 3 word dus aan die bydraes van die respondente gewy, waarna daar na die interpretasie van ervaringe oorgegaan sal word.

Die metodiek wat Müller (2008:1-18) voorstel word in hierdie studie gevolg omrede dit ‘n post-fundamentele perspektief op ‘n inter-dissiplinêre narratiewe studie voorstel en sal stap vir stap verduidelik word, soos wat die interpretasieproses in hoofstuk 3 ontvou.

# HOOFSTUK 3

# INTER-DISSIPLINÊRE GESPREK EN INTERPRETASIE VAN IMMIGRASIE-NARRATIEWE

## 1. RESPONDENTE

Hierdie prakties-teologiese ondersoek gebruik spesifieke gesprekke met verskillende spesialiste in verskillende vakgebiede as metode van navorsing. Soos voorheen genoem, fokus hierdie studie op die psigologiese- en geestelike ervaringe van Suid-Afrikaansgebore immigrante na Brisbane, Australië. Die respondente word vanuit verskillende beklemtoninge in die sielkunde en praktiese teologie aangestel, met die doel om ‘n inter-dissiplinêre gesprek met integriteit tot gevolg te hê.

Die respondente is verder gekies op grond daarvan dat hulle elkeen in Suid-Afrika gebore is en in Suid-Afrika of Australië gestudeer het. Elkeen van hullle het self deur die proses van immigrasie gegaan en is in Brisbane woonagtig. Hulle deel dus die konteks met die mede-navorsers.

Die volgende respondente is aangestel om die inter-dissiplinêre gesprekke te voer:

### 1.1 Respondent 1: Dr. J.M.B. Eloff

- Leraar van die Christian Reformed Church, Australia en pastorale gesinsterapeut, geakkrediteer by die 'Australian Counselling Association'
- Kwalifikasies: BA; BTh; MTh; PhD (Universiteit van Pretoria)
- Teologiese veld van kundigheid: praktiese teologie - pastorale gesinsterapie

### 1.2 Respondent 2: Nadia Janse van Rensburg

- Kindersielkundige
- Kwalifikasies: B Prim Ed (Universiteit van Pretoria); HBEd (Skool - Voorligting Sielkunde en Berading, UNISA); MEd (Skool - Voorligting Sielkunde en Berading, UNISA)

### 1.3 Respondent 3: K.J. Tromp

- Jeugwerker
- Kwalifikasies: BTh (Bible College of Queensland)

### 1.4 Respondent 4: Johann Eloff

- Kliniese sielkundige
- Kwalifikasies: Bachelor of Psychological Science with Honours (University of Queensland); Professional Doctorate of Clinical Psychology (University of Queensland)

## 2. BYDRAES VAN MEDE-NAVORSERS VANUIT VERSKILLENDE PERSPEKTIEWE EN VAKDISSIPLINES

Daar is 'n balans van respondente vanuit beide die studievelde van praktiese teologie en sielkunde, aangesien hierdie studie in die geestelike en psigologiese ervaringe verbonde aan immigrasie geïnteresseerd is. Al vier respondente het hul opleiding in Australië of Suid-Afrika ontvang. Alle respondente het eerstehandse kennis van albei (Suid-Afrikaanse en Australiese) kontekste.

Uit die bogenoemde lys van respondente is dit duidelik dat die inter-dissiplinêre gesprek vanuit verskillende vakgebiede gevoer word. Vanuit die sielkunde word daar spesifiek terugvoer ontvang rakende kindersielkunde en kliniese sielkunde.

Respondent 2 is steeds besig is met verdere studie deur van afstandsonderrig vanuit Suid-Afrika gebruik te maak, terwyl sy haarself intussen in Brisbane, Australië kom vestig het. Respondent 4 het homself egter as kliniese sielkundige bekwaam in Australië.

Vanuit 'n teologiese perspektief is dit nodig om te vermeld dat respondent 1 sy studies in Suid-Afrika voltooi het, maar alreeds sewe jaar in Brisbane woon. Respondent 3 het homself as jeugwerker bekwaam deur plaaslik in Brisbane te studeer.

Die interessante is dat respondent 3 in beide Engels en Afrikaans bydraes maak en respondent 4 as gebore Suid-Afrikaner verkies om homself in die taal van sy studieveld (Engels) uit te druk. Hulle het albei in Australië gestudeer.

Die bogenoemde respondente het soos volg gereageer op die volgende vrae vanuit hulle spesifieke vakgebied:

## 2.1 Wat is u besorgdhede wanneer u hierdie immigrasieverhale lees?

### 2.1.1 Inleidende opmerkings deur respondent 1

Respondent 1 meld dat die inhoud en temas van die verhale reeds tot 'n sekere mate deur die verteller hermeneuties 'gefiltreer' en geïnterpreteer is omdat hierdie verhale in die derde persoon vertel word. Die verhale vertoon grotendeels die karakter van gevolgtrekkings wat na prosesse van psigiese prosessering deur individuele gesinslede bereik is en in verhalende vorm onthou en oorvertel word. Die verhale vertoon dus nie altyd duidelike elemente van die psigiese en interaktiewe prosesseringsprosesse as sodanig nie en bied daarom minder insig in hoe hierdie prosesse verloop het en hoe die gevolgtrekkings bereik is. Daar word ook min kommentaar oor belangrike gesinsterapeutiese fokuspunte gelewer soos onder andere die gesinne se organisatoriese samestelling, ontwikkeling, interaksiepatrone, kubernetiese probleemoplossingsiklusse, rekursiewe probleem versus oplossing-verhoudings, kognitiewe raamwerke, ensovoorts. Besorgdhede oor hierdie immigrasieverhale sal dus, gesien vanuit 'n gesinsterapeutiese hoek, grotendeels berus op vermoedens en moontlikhede gesien teen die agtergrond van generiese tendense.

Gesien vanuit 'n prakties-teologiese hoek, verlig hierdie immigrasieverhale egter meer duidelike tekens en tendense van menslike (omgee-) aksies wat verband hou met die verhale van die Christelike geloofsgemeenskap in 'Mansfield Christian Reformed Church'.

Die hermeneutiese taak om hierdie immigrasieverhale te interpreteer ten einde besorgdhede uit te wys, impliseer vir respondent 1, 'n dialogiese verhouding tussen die betekenishorisonne van die karakters, soos verwoord in hierdie verhale en homself, wat noodwendig 'n betekenisuitruiling ontketen en 'n unieke versmelting van betekenishorisonne meebring. Die betekenisse wat vanuit hierdie versmelting van betekenishorisonne na vore kom, is uiteraard uniek tot die histories-hermeneutiese oomblik.

### 2.1.2 Besorgdhede rakende die immigrasieverhale

#### 2.1.2.1 Besorgdhede oor die verhaal van Johan en Ansie van Zyl

**Respondent 1**

*Let daarop dat respondent 1 sy bydrae lewer deur die verhaal net so te gebruik en dan van voetnotas gebruik te maak.*

Johan en Ansie is eers getroud nadat hulle die skuif na Brisbane gemaak het. Ansie het aanvanklik 'n Sabbatsjaar geneem en in Perth (Wes-Australië) by vriende gaan woon. Sy het nooit 'n rasionele besluit geneem om te immigreer nie. Ansie het besluit om die Sabbatsjaar te neem, nadat sy deur 'n egskeiding in Suid-Afrika gegaan het. Haar ouers was baie ondersteunend. In hierdie tyd het sy begin met 'n MBA en wou dit finaliseer. Na twee jaar in Australië het sy die besluit geneem om nie weer permanent na Suid-Afrika terug te keer nie.

Johan het, vanweë sy besigheidsbelange in Suid-Afrika, baie gereis tussen Perth en Suid-Afrika. Hy het in hierdie tyd gereeld by Ansie in Perth gekuier. 'n Firma in Brisbane het toe aan haar 'n werksaanbod gemaak, wat sy aanvaar het. In hierdie tyd het hulle besluit om in Suid-Afrika te trou en daarna na Brisbane te

verhuis. Dit was vir hulle ‘n groot besluit en die lewenswyse in Brisbane was totaal anders as die lewe wat hulle in Perth geken het. Hulle het ook in hierdie tyd permanente verblyfreg in Australië verkry.

In Perth was hulle nie kerklik aktief nie. Ansie wou nie enige kerk bywoon nie. Sy het seergekry in die kerk ten tye van haar egskeiding en het gevoel dat sy dit op haar manier wou verwerk. Afrikaanse mense het hulle by geleentheid uitgenooi na die ‘Christian Reformed Church’ in Mansfield, Brisbane. Die eerste drie maande by die kerk was veral vir Ansie baie moeilik en die inskakeling by die gemeente het tyd geneem. Sy getuig dat sy in hierdie tyd weer tot bekering gekom het. Die leraar van die gemeente, haar man, Johan, en die geloofsgemeenskap het ‘n positiewe rol gespeel om haar te ondersteun om ‘n nuwe verbintenis met Jesus Christus te maak. Dit was vir haar ‘n saak van erns[2].

Sy het aanvanklik nie besef dat die gemeente in Mansfield ‘n gereformeerde kerk is nie. Die rede vir hulle om in te skakel het ook nie te make gehad met die feit dat daar baie Afrikaanssprekendes in die gemeente is nie. Ansie sê dat hulle aanvanklik ingeskakel het omdat die leraar en die gemeente “real” was[3]. Hulle het al hoe meer begin betrokke raak en hulle inskakeling by ‘n selgroep in die gemeente was ‘n positiewe stap in hulle geloofslewe. Ansie en Johan het

---

**[2] Geloofsgemeenskap: ‘Menslike omgee-aksie’ impliseer doelgerigte teenwoordigheid in mekaar se lewens, met integriteit en in die naam van Christus. Dit is die wese van pastoraat. Ansie se ervaring is waarskynlik tipes van ‘n generiese tendens, naamlik dat wanneer die ‘kerk’ iemand seermaak, daardie persoon se verhouding met God ook diep geraak word. Die teendeel is waarskynlik ook waar. Wanneer die seer van iemand binne ‘n pastorale geloofsgemeenskap heel, impakteer dit ook op daardie persoon se vertroue in God. Daar is ‘n sterk saak uit te maak vir die helende taak van die ‘Liggaam van Christus’ in die lewens van gebroke mense. Wanneer en waar ‘kerk’ of ‘geloofsgemeenskap’ die ‘DNA’ van die ‘Liggaam van Christus’ dra (Efesiers 4), word God se helende teenwoordigheid deur gebroke mense ervaar. Die gevaar lê daarin dat ons geneig is om menslike modelle vir ‘kerk-wees’ te ontwikkel, en nie daarop fokus om as ‘Liggaam van Christus’ te funksioneer nie.**

**[3] Integriteit: Christus bou self sy kerk (Mattheus 16:16). Nie dogma of kultuur of taal is so belangrik as die Mattheus 25:40-tipe nederige, diensbare ‘omgee-aksie’ gebore uit ons nuwe identiteit in Christus, en gehoorsame dankbaarheid vir ons hemelse Vader se liefde vir ons in Christus nie.**

ooreengekom dat hulle albei van 'n kerk moet hou, alvorens hulle lidmate sou word. Hulle was gevolglik vir 'n lang tyd ook nie in Mansfield lidmate van die gemeente nie, alhoewel hulle die eredienste bygewoon het. Die aanbiddingstyl was vir hulle belangrik en vanweë die rustige en nederige manier van aanbidding, het hulle besluit om as lidmate van Mansfield gemeente aan te sluit.

Die Van Zyl-gesin hou van die lewenskwaliteit wat Australië bied. Die onbesorgde lewenstyl en veiligheid waarin Ansie aanvanklik as enkelma kon leef, was vir haar belangrik. Noudat sy en Johan getroud is, is dit steeds 'n voorreg om sorgeloos te leef. Hulle was op velerlei vlakke in Suid-Afrika baie betrokke, selfs in die politiek. Politiek is egter nou nie meer vir hulle belangrik nie. "Dis baie meer gemaklik hier. Daar is nie regtig politieke brandpunte nie", merk Johan op. Ansie getuig dat rassisme in haar lewe iets is wat sy op geestelik vlak moes hanteer. Australië het aan haar die geleentheid gebied om in haar geloofslewe daardeur te werk[4]. Die lewenstyl in Brisbane is meer gemeenskapsgefokus teenoor die individuele fokus wat sy in Suid-Afrika beleef het.

Ansie voel dat, alhoewel gemeenskappe in Australië meer homogeen is as in Suid-Afrika, Australië 'n demokrasie is en nie sosialisties is nie. Sy is wel van mening dat die "tall poppy"-sindroom baie immigrante uit Suid-Afrika hinder, veral wanneer hulle aanvanklik in Australië voet aan wal sit. Sy verduidelik hierdie sindroom as dat baie Suid-Afrikaners sukkel met die gedagte dat almal eenders hanteer word in Australië. Daar is nie 'n sterk klasseverskil in enige opsig nie. Johan sien egter meer sosialistiese eienskappe in die regering van Australië. Hy noem die wyse waarop die belasting uitgewerk word as 'n voorbeeld.

[4] **Persepsie: Wanneer die betekenis-horison van God se verhaal van liefde vir elke geslag, ras, volk, en taal versmelt met die betekenis-horison van ons polities-gekleurde persepsies, verander ons verhaal en toekomsvisie en maak desperaatheid plek vir hoop.**

Hulle beleef die inskakeling in die Australiese kultuur as maklik en met baie raakpunte wanneer dit met die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaanse kultuur vergelyk word. Johan en Ansie besef egter dat die meeste van hulle vriende Afrikaanssprekend is en dat hulle dus tog onwetend sukkel om te integreer in die Australiese kultuur. Hulle sou meer tyd en energie wou spandeer aan Australiese vriende. Hulle is van mening dat hulle seun, Riaan, as kind makliker integreer en sy vriendekring sluit definitief meer Australiërs in. Tog is Riaan steeds trots op sy Suid-Afrikaanse herkoms. Johan merk grappenderwys op dat, alhoewel dit vir hom ondenkbaar was dat hyself ooit 'n ander rugbyspan as die 'Blou Bulle' sou ondersteun, hy nou al die 'Reds' as Super 14-rugbyspan begin ondersteun.

Die feit dat hulle permanente verblyfreg gekry het, het gehelp in hulle uiteindelike besluit om te immigreer. Alhoewel die gevolg was dat hulle lank moes wag vir hulle meubels uit Suid-Afrika, sê Ansie dat die positiewe van hulle situasie was dat "daar geen trane op die lughawe gestort is nie". Hulle was ook bevoorreg om elke jaar te kon terugvlieg na Suid-Afrika. Johan was vanweë sy besigheidsbelange gedurende die eerste jaar ongeveer vier maal terug. Hulle beskou dit dus dat hulle stuk-stuk geïmmigreer het. Dit het goed gewerk, maar het ook sy eie spanning tot gevolg gehad. Om vanaf Perth na Brisbane te verhuis, was 'n tweede groot trek en dit het veroorsaak dat Riaan nog 'n keer ontwortel is en van skool moes verwissel. Hulle het egter daarin geslaag om, te midde van die besluit om te immigreer, goeie verhoudings met hulle familie en vriende in Suid-Afrika te behou.

Wat hulle werksituasies aanbetref is Johan met iets heeltemal anders besig in Australië. Hy was betrokke in die Regte in Suid-Afrika, maar het besluit om homself in die besigheidswêreld te begewe in Australië. Hy is egter tans besig om weer in die Regte te studeer. Die regstelsel in Australië verskil heeltemal van die Suid-Afrikaanse regstelsel. Indien Johan weer in die regsomgewing wil werk, word daar van hom verwag om Australiese kwalifikasies te bekom.

Ansie was 'n advokaat in Suid-Afrika. Sy het vir die eerste agt maande in Perth nie gewerk nie. Sy sien nie kans om verder te studeer nie en het besluit om eerder 'n ondersteunende rol in haar werksituasie, wat ook in die regslyn is, te speel. Ansie hou daarvan dat almal 'n gelyke kans ("fair go") kry in Australië. Sy mis nie die status wat sy moes prysgee nie. Sy hou van die Australiërs, van hulle sin vir humor en die feit dat almal as gelykes gesien word. Ansie sê: "Hulle neem verantwoordelikheid vir mekaar." Haar bekommernis oor die groot hoeveelheid Suid-Afrikaners by die kerk kom grappenderwys na vore: "Daar is te veel 4x4's in die parkeerarea", wat vir haar steeds 'n individuele lewenstyl beteken.[5]

Ansie wil uitreik na nuwe Suid-Afrikaners, maar vind dat die sterk "Suid-Afrikaanse manier van doen" haar partymaal dwars in die krop steek. Sy voel dat Mansfield-gemeente beskerm moet word om nie 'n leë, hol kerk te word nie. Ansie en Johan het albei 'n roeping om as diensbare leiers in die gemeente en gemeenskap op te tree.[6] Hulle voel albei dat die Suid-Afrikaners 'n impak op die Australiese samelewing het. Johan praat van die ouer dame in Perth wat hulle rusbank gekoop het en toe opgemerk het: "Ek hou van die Suid-Afrikaners, want hulle gaan kerk toe."

"Gelowige Suid-Afrikaners sukkel om die geloofsprong te maak om nederig te wees," merk Ansie op. As Christen sien sy dit duidelik, maar erken dat sy self met nederigheid sukkel. "Statusbeheptheid kan veroorsaak dat Suid-Afrikaners

---

**[5] Kerk: Die begrip 'kerk' het moontlik in Suid-Afrika 'n sterker kulturele karakter ontwikkel, en minder dié van 'n geloofsgemeenskap. In Australië is daar meer as 200 nasies of kulture verteenwoordig. Hopelik sal die geloofsgemeenskapskarakter van kerk-wees hier in Australie sterk ontwikkel.**

**[6] Groei: Daar is sterk getuienis dat hulle wat deur persoonlike ervaring van die genade en liefde van Christus 'n totale lewensverandering ondergaan, geleenthede soek om nederige en diensbare medewerkers in die koninkryk van God te word.**

'n negatiewe impak op die samelewing kan hê. Ons aksent klink vir hulle hoogdrawend. Hulle beleef die Suid-Afrikaners maklik as arrogant"[7].

Volgens Johan en Ansie is daar ten slotte groot kultuurverskille tussen Suid-Afrikaners en Australiërs. Ansie sê dat sy dit beleef dat die ongelowige Aussies haar soms vanweë haar geloof te na kom. Sy vertel hoe sy eenmaal by die werk moes opstaan vir haar geloof, maar nadat sy haar standpunt gestel het, het hulle haar wel daarvoor gerespekteer. Immigrasie is moeilik maar die moeite werd vir hulle as gesin. Hulle is, te midde van die kultuurverskille wat hulle beleef, baie gelukkig in Australië.

## Respondent 2

Ek is besorg oor Riaan se verhouding met sy biologiese pa. Ek neem aan hy bly tans by sy ma en stiefpa en weet nie hoe gereeld hy wel kontak met sy biologiese pa het nie. Hoewel 'n goeie verhouding met sy stiefpa positief is, kan dit nooit 'n verhouding met 'n biologiese ouer vervang nie. Ek is besorg dat Riaan sy ma dalk later mag verkwalik en voel dat sy hom van sy pa weggeneem het. Riaan se verwerking van die egskeiding is ook 'n kwessie wat aandag nodig het. Die vraag is of hy terapie ontvang het om hom te help na die egskeiding.

**[7] Groei: Immigrant-Christene loop die gevaar om, in hulle soeke na 'n beter lewe vir hulle en hulle kinders, beide 'n selfgesentreerde en selfsugtige verbruikersmentaliteit te ontwikkel. In hierdie proses staan hulle gevaar om hulle rol binne die Liggaam van Christus te verontagsaam. Die gevolg mag wees dat hulle kinders die integriteit van hulle geloof mag bevraagteken, en self in vertwyfeling mag verval. Die uitdaging is dus om hierdie nuwe immigrantegesinne so spoedig moontlik te betrek by die praktiese funksionering van die 'Liggaam van Christus', ten einde hulle Christelike verwysingsraamwerk binne 'n nuwe kulturele konteks te hervestig.**

Riaan se taalontwikkeling is ook ‘n besorgheid. Gaan daar enige aandag gegee word aan die verdere ontwikkling van Afrikaans, wat ek aanneem sy eerste taal is, of gaan Engels nou sy eerste taal word?

‘n Verdere besorgdheid is Riaan se vele skoolveranderinge en hoe dit sy skoolprestasie beïnvloed. Die eerste skuif van Suid-Afrika na Australië het gepaard gegaan met ‘n groot skuif van Afrikaans na Engels as onderrigmeduim, neem ek aan, en dit kan vir baie kinders ‘n moeilike aanpassing wees. Die ouderdom van die kind en die tyd van die jaar (bv. begin, middel of einde) wanneer die skoolveranderinge plaasvind het ook ‘n invloed op die kind se aanpassing en skoolprestasie.

### Respondent 3

Een van die grootste besorgdhede is dat Ansie seergekry het in vorige ervarings met die kerk as sulks. Dit beteken dat haar immigrasiebesluit haar nie net in ‘n nuwe kultuur plaas nie, maar dat sy ook vervreemd geraak het van die kerk. Haar geestelike identiteit het dus in die slag gebly en die uitdagings wat immigrasie stel het gevolglik in haar geval ‘n ekstra dimensie.

Verder is ek ook besorg oor die feit dat Johan en Ansie ‘n roepingsbewustheid het as diensbare leiers met die oog op die breër Australië, maar dan spesifiseer dat hulle veral uitreik na nuwelinge uit Suid-Afrika. Die Woord van God (Ef. 2:10) leer ons dat ons as Sy kinders na ander moet uitreik volgens ons gawes en geen ander rede nie.

Laastens lê my besorgdheid by hulle seun Riaan wat soveel kere moes skole wissel en te midde hiervan homself vergewis van al die eise wat immigrasie stel.

### Respondent 4

Numerous sources of stress were identified in Johan and Ansie's immigration story. These factors include Ansie's divorce before immigrating, Ansie was still studying at time of move, having to adapt to the new lifestyle in Brisbane, moving twice in a short space of time, missing their family and friends in South Africa, lack of support, Ansie had a negative experience with church in South Africa, Ansie being a single mother, arranging a wedding and getting married before immigrating, frequently travelling back and forth to South Africa for business, practical issues associated with moving (e.g. long wait for personal belongings to arrive), qualifications not being recognised and changing job (especially sacrificing the status they had achieved in South Africa). These stressors in turn can lead to various psychological difficulties including: stress, depression, anxiety, bereavement, post traumatic stress disorder, substance abuse, adjustment disorder, and relationship distress (not only between partners, but also between parent and child).

## 2.1.2.2 Besorgdhede oor die verhaal van Ben en Jackie de Vos

### Respondent 1

*Let daarop dat respondent 1 sy bydrae lewer deur die verhaal net so te gebruik en dan van voetnotas gebruik te maak.*

Ben en Jackie de Vos het vyf jaar voordat hulle uiteindelik geïmmigreer het, begin om daaroor te gesels en te bid, met die doel om die immigrasiebesluit te deurdink. Vir Ben was daar spesifieke politieke vertrekpunte wat 'n skuif na

Australië sou regverdig. Hy het regstellende aksie by 'n groot firma waar hy werksaam was beleef en het aanvanklik die besluit geneem om vir 'n kleiner firma te begin werk. Die wetgewing het uiteindelik egter ook die kleiner firma ingehaal en dit het hom op 'n punt in sy lewe gebring waar hy die volgende uitlating gemaak het en steeds sterk daaroor voel: "Ek kan nie vrede maak met die onregverdigheid nie..."[8].

Jackie ondersteun Ben se kognitiewe besluitnemingsproses om te immigreer, alhoewel haar besluit baie meer op emosionele gronde berus. Sy voel dat immigrasie absoluut die moeite werd was ter wille van die kinders[9]. Hulle het twee jong kinders en die vryhede wat hulle in Australië geniet maak haar baie gelukkig. Sy is bedags tuis en pas die kinders op. Dit is vir hulle moontlik om uit te gaan na 'n plaaslike parkie, waar die kinders ure se pret het, sonder dat sy bedreig voel of vrees beleef ten opsigte van hulle veiligheid. Die feit dat die kinders lekker speel laat haar goed voel en in gesprekke met ander mense word dit duidelik dat soos wat die kinders groter word, daar baie meer geleenthede vir hulle sal oopgaan. Dit laat haar op haar gemak voel oor die besluit om na Australië te immigreer.

Ben en Jackie het hul familie eers ingelig dat hulle na Australië gaan verhuis nadat hulle permanente verblyfreg gekry het. Ben se ouers was positief oor hulle besluit en het hulle hierin ondersteun, alhoewel sy ma op daardie stadium in 'n

---

**[8] Besluitneming t.o.v. immigrasie: In hierdie verhaal is daar duidelike getuienis van die feit dat Ben 'n lewensbelangrike besluit en keuse maak, nie suiwer op logies-rasionele vlak soos hy dink nie, maar veral ook op die vlak van emosionele en intuitiewe ervaring, gebaseer op 'n verbeeldingsverhaal van hoe die lewe is en hoe dit behoort te wees. Hy is waarskynlik salig onbewus hiervan, en onder die indruk dat sy besluitnemingsproses suiwer op kognitiewe vlak geskied. In sy verhaal verwoord hy dit telkens so, en dit is ook hoe Jackie sy besluitnemingsproses verstaan.**

**[9] Besluitneming: Jackie verstaan dat haar besluit op die vlak van emosionele en intuitiewe ervaring, gebaseer op 'n verbeeldingsverhaal van hoe die lewe is en hoe dit behoort te wees, berus. Hierdie verhaal is duidelik die 'veranderingsagent' in haar gemoed tydens die aanpassingseise van die immigrasieproses. Haar gevolgtrekking dat hulle lewens in Australie 'is soos dit moet wees', is daarom ook ingebed in die teks van die verhaal soos sy dit nou vertel.**

verswakte gesondheidstoestand was. Ben se pa het die saak finaal hanteer met die volgende uitspraak: "Ek kan nie 'n rede sien hoekom julle nie moet immigreer nie." Ben se ouers het wel later laat blyk dat hulle baie verlang na die kleinkinders en gevoelens van hartseer beleef[10]. Ben bel een maal per week huis toe, al is dit net vir vyf minute. Hy beleef dit dat sy verhouding met sy pa nooit 'n hegte verhouding was nie, maar dat dit steeds vir hom belangrik is om weekliks kontak te maak. Hy kommunikeer met sy suster verkieslik deur middel van e-posse, met die doel om die onkoste so laag as moontlik te hou.

Jackie se ma is soms opstandig oor die onregverdigheid daarvan dat die kleinkinders so ver van hulle af woon[11]. Sy probeer om alles wat die kinders doen so goed as moontlik te kommunikeer deurdat sy elke dag 'n e-pos skryf en aan die einde van die week aan haar broer in Suid-Afrika stuur, wat dit dan na haar ma neem. Haar ma skryf dan fisies terug, haar broer skandeer die briewe en e-pos dit weer aan Jackie[12].

Hulle immigrasieverhaal begin met min kennis oor Australië. Hulle het besluit om die permanente verblyfreg te aktiveer deur eers in Australië as toeriste te kom kuier en die land te verken. Die uitkoms van die vakansie was 'n kognitiewe besluit om te immigreer. Die Engelse spreektaal het die land toeganklik gemaak. Om aan 'n kerk te behoort sou vir hulle belangrik wees, maar die besoek aan 'n Afrikaanse kerk in Brisbane was vir hulle 'n morbiede belewenis. Die rede

**[10] Gelowige ouers: Die onbaatsugtige ondersteuning van Ben se ouers, ongeag die opoffering wat dit van hulle self vereis, is aangrypend. Ek aanvaar dat die ouers, soos hulle seun, ook gelowiges is. Die impak van hulle omgee-aksie ten opsigte van die toekoms van hulle kinders en kleinkinders, ten koste van hulle self, is merkwaardig.**

**[11] Gelowige ouers: Die emosionele reaksie van Jackie se ma beklemtoon die intense verlies wat sommige ouers van immigrantgesinne ervaar en hoe groot die opoffering is wat hulle moet maak, deur hulle kinders te laat gaan. Hierdie gedwonge verlies het waarskynlik ook 'n ernstige impak op die ouers se geloofslewe en vraag na geregtigheid.**

**[12] Groei: Hierdie intense omgee-aksie van Jackie is ook merkwaardig, en is moontlik tekenend van haar geloofsgroei wat met haar immigrasie-aanpassing gepaard gaan.**

hiervoor is dat Ben en Jackie die oud-Suid-Afrikaners by die kerk negatief beleef het omdat hulle net gekla het oor die swaarkry van immigrasie en hulle verlange na Suid-Afrika[13]. Verder het hulle vanaf Syney na Adelaide 'n treinreis deur Australië onderneem en hulle belewenis was dat die ouer persone wat die reis meegemaak het, dieselfde gelyk het as mense in Suid-Afrika. Behalwe vir die negatiewe kerk-ervaring het hulle lekker gekuier en met 'n goeie gevoel oor Australië na Suid-Afrika teruggekeer. Hulle het egter geweet dit anders sal wees om in Australië te woon en werk in vergelyking met die vakansie-ervaring wat hulle gehad het.

Die emosies in Jackie se gemoed het hoog geloop toe sy uiteindelik op die vliegtuig terug na Australië besef het dat die realiteit van immigrasie 'n werklikheid geword het[14]. Vir Ben was dit anders - die wete dat hy nie werk gehad het nie, het hom bekommer[15]. Dit het hom ongemaklik gelaat dat hy wel probeer aansoek doen het vir werk deur middel van die internet, maar dat sy

**[13] Ervaring van verlies: Tekenend van hulle aanvanklike verhaal vol hoop, verwagting en antisipering van scenario's, is dat 'kerk' deel uitmaak van hulle verwagting. Hulle eerste ervaring van 'kerk' in Australie pas egter nie in die raam van hulle aanvanklike verhaal nie. Dit is kommerwekkend dat die betrokke Christelike geloofsgemeenskap deur 'n besoekende gesin as morbied ervaar is. Dit is moontlik 'n teken daarvan dat lede van die betrokke Christelike geloofsgemeenskap onafgehandelde rousmart, na die verlies van hulle land en tyd saam met hulle geliefdes, ervaar. Die impak van onverwerkte gevoelens van verlies by sommige, het waarskynlik 'n ernstige negatiewe impak op hulle betekenis-horisonne soos verwoord in hulle persoonlike verhale. Die versmelting van hierdie betekenis-horisonne met dit wat in soortgelyke verhale van ander lede van die betrokke geloofsgemeenskap as geheel verwoord word, gee moontlik daartoe aanleiding dat hierdie geloofsgemeenskap 'n probleem-deurdrenkte, morbiede en kla-agtige verhaal; en daarmee saam 'n pastoraal-steriele of selfs 'n seermaak-identeit ontwikkel het. Mense is geneig om te praat soos hulle dink en te doen soos hulle praat. Hoe, waar en wanneer gelowiges kies om hulle verhale van gebrokenheid te vertel, gaan dus met groot verantwoordelikheid gepaard.**

**[14] Verhaalontwikkeling: Hier vind ons waarskynlik die einde van Jackie se 'aanvanklike immigrasieverhaal' wat grotendeels bestaan het uit 'n vooruitskouing; en die begin van haar 'immigrasieverhaal' waar die *steeds* van die verlede en die *reeds* van die toekoms mekaar in die hede ontmoet. Sy ervaar gemengde emosies, wat moontlik daarop dui dat 'n breë spektrum stressors op haar impakteer.**

**[15] Verhaalontwikkeling: Dit is waarskynlik ook die kritieke draaipunt in Ben se verhaal. Hy ervaar baie spesifieke emosies van kommer, wat waarskynlik grotendeels op sy ervaring van die onregverdighede op polities-ekonomiese vlak in sy nabye verlede, geprojekteer op die toekoms, berus.**

pogings onsuksesvol was. Nadat hulle in Australië aangeland het, het hy tog vinnig werk gekry en is steeds gelukkig in dieselfde pos na drie jaar in die land. Die feit dat hy so vinnig werk gekry het, skryf hy aan baie gebed toe. Sy opmerking hieroor spreek boekdele: "Ek kan die Here se hand sien in ons hele immigrasie proses." Hy verduidelik egter dat dit nie vir hulle 'n roeping was om te verhuis en 'n nuwe begin in Brisbane te maak nie. Dit was uit en uit 'n kognitiewe besluit – ook die stad wat hulle gekies het om in te kom woon, is met goeie rede gekies as ontwikkelende stad in 'n staat waar die bevolking in 'n groeifase is[16].

Op 'n geestelike vlak verduidelik Ben dat dit vir hom binne die Here se wil is om sy gesin te versorg na die beste van sy vermoë. Gebed speel 'n belangrike rol in hulle lewens, maak nie saak of hulle in Suid-Afrika of in Australië woon nie. Hy het 'n belewenis van dankbaarheid teenoor die Here omdat sy werksomstandighede goed is, hy 'n goeie salaris verdien en hulle in 'n goeie huis woon[17]. Dit alles word egter gesien teen die realiteit dat hy op 'n professionele vlak waarskynlik 'n skuif teruggeneem het.

Die proses om eiendom in Australië te bekom het Jackie laat vra: "Wat vang ons aan?" Volgens haar was huiskoop 'n totale nuwe ondervinding en 'n "groot en moeilike proses." Daar was tye wat hulle moedeloos gesukkel was. Op 'n dag, nadat Ben 'n huisveiling gaan bywoon het, het hy by 'n bordjie verbygery wat aangedui het dat die spesifieke huis privaat te koop was. Die opvolgoproep het

---

[16] **Besluitneming: Die feit dat die gesin wel oor hulle immigrasie gebid het, dat daar geen roeping van God was om wel te immigreer nie en dat hulle tog uiteindelik slegs 'n 'kognitiewe' besluit geneem het om wel te immigreer, laat my wonder of hulle ooit leiding van God gekry het... en tog getuig hulle uiteindelik daarvan dat hulle in retrospeksie die Here se hand in die immigrasieproses sien. Moontlik het hulle verstaan van God se betrokkenheid in die lewens van mense oor die eeue heen, tog deurentyd 'n rigtinggewende perspektief in die groei van hulle eie immigrasieverhaal meegebring.**

[17] **Konklusie: Sou Ben ook 'n belewenis van dankbaarheid teenoor die Here ervaar het indien sy immigrasie-omstandighede meer verlies en minder wins meegebring het, in vergelyking met die 'onregverdige' omstandighede in Suid-Afrika wat hom beweeg het tot immigrasie? Hoe geestelik veerkragtig ('resilient') is hy werklik? Impliseer goeie lewensomstandighede alleen vir hom die seën van God?**

‘n baie positiewe belewenis tot gevolg gehad en hy kon ‘n aanbod maak en slegs hand skud op die aanbod, omrede daar geen kontrak beskikbaar was nie. Die volgende dag is die kontrak opgestel en hulle is tans baie gelukkig in die huis. Hulle albei beleef dit dat die Here se seën op hulle rus in hulle huis[18].

Ben en Jackie het aanvanklik eers by Suid-Afrikaanse vriende gebly. Hierdie ervaring het hulle laat deel in hulle vriende se lewe in Brisbane[19]. Hulle vriende was deel van die ‘Christian Reformed Church’ in Mansfield, Brisbane, en het vir Ben en Jackie uitgenooi om die eredienste saam met hulle by te woon. Hulle het onmiddelik deel gevoel van die geloofsgemeenskap.

Hulle is uitgenooi om ‘n kleingroep aan huis van hulle vriende saam met ander gebore Suid-Afrikaners by te woon. Vir Ben en Jackie is dit ‘n voorreg om soms net Afrikaans te kan praat in ‘n land waarin Engels die enigste amptelike taal is. Dit was vir hulle ‘n belewenis om in ‘n kleingroep saam met ander gelowiges, wat saam deur die immigrasieproses gaan, in te skakel[20]. Goeie vriendskappe word op hierdie wyse gesluit.

Die kleingroep-dinamiek het heelwat van die selgroep waarvan hulle deel was in Pretoria, verskil. In Pretoria was hulle vir tien jaar saam met vriende in dieselfde

---

**[18] Prosessering van informasie: Beide Ben en Jackie vorm hulle persepsie van gebeure hier, vanuit God se oogpunt. Ben se persepsie is hier minder kognitief gefundeer en getuig meer van ‘n geloofservaring. Dit is waarskynlik ‘n teken daarvan dat die betekenis-horisonne van hulle verhale versmelt het met die belewenis van God se doelgerigte teenwoordigheid in die lewens van gelowiges en dus alles vir hulle verander.**

**[19] Geloofslewe: Die deelname van Ben en Jackie se vriende in die Mansfield Christian Reformed Church-geloofsgemeenskap, as deel van hulle lewe in Australië, het moontlik die natuurlike oorgang van ‘n ‘kerk-toe-gaan’-lewenstyl na ‘n ‘deelneem-aan-‘n-geloofsgemeenskap’-lewenstyl gefasiliteer.**

**[20] Konklusie: Hier is tekens daarvan dat menslike omgee-aksie, wat verband hou met ‘n Christelike geloofsgemeenskap, in retrospeksie deur die gesin as God se hand in die immigrasieproses verstaan word.**

groep. Die verhaal in Brisbane is egter anders. Die evangelisasie-gerigte selgroepe bestaan juis met die doel om uit te reik en kapasiteit te skep vir nuwe mense wat inskakel in die geloofsgemeenskap. Ben is reeds ‘n diensleier van ‘n nuutgevormde groep in die gemeente. Die rede hiervoor is direk herleibaar na die leierskap van die selgroepleier waarvan hulle eers deel was, wat dit van dag een af duidelik gemaak het dat die bestaansreg van selgroepe juis daarin lê dat daar ‘n proses van vermenigvuldiging moet plaasvind. Ben en Jackie beleef die vriendskappe van die eerste selgroep as opreg en is steeds vriende met almal, alhoewel hulle deel vorm van ‘n nuwe groep en nou op hierdie wyse uitreik na ander nuwe immigrante wat hulle woning in Brisbane kom maak[21].

Volgens Ben toon die Australiese kultuur baie diversiteit. Sy onmiddelike werkskring bestaan uit vyf mense, waarvan net een ‘n gebore Australiër is. Om in hierdie groep aanvaar te word as enigste Suid-Afrikaner is dus maklik en eenvoudig. Sy ervaring is dat indien jy ‘n gebore Queenslander is, dinge anders lyk. Die Queenslanders (die staat waarvan Brisbane die hoofstad is) is geneig om eksklusiewe vriendekringe te hê. Ben skryf dit toe aan die feit dat so baie mense uit ander state van Australië na Queensland verhuis.

Om die Australiese kultuur beter verstaan, lees Ben die aanlyn-koerante. Opvallend in die geselskolomme is die openlike vyandigheid teenoor Christene. Hierdie amper humanistiese beklemtoning en stroming teen die Christendom is vir hom een van die wesenlike verskille met die Afrikaanse kultuur waaraan hy in Suid-Afrika gewoond was[22].

---

**[21] Pastoraat: Die gevaar van die totstandkoming van steriele en geïsoleerde kleingroepe binne Christelike geloofsgemeenskappe, wat nie gekenmerk word deur menslike omgee-aksies wat staan in die teken van liefde vir God en naaste nie, word hier uitgewys deur die verhaal van immigrante in ‘n vreemde land.**

**[22] Identiteit: Hierdie anti-Christen ervaring word deur Suid-Afrikaners wat in ‘n ‘Christelike kultuur’ opgegroei het, as ‘n kultuurskok ervaar. Tog fasiliteer dit juis ‘n proses van geestelike verdieping by Christen-immigrante. Hulle herontdek hulle identiteit in Christus en die betekenis van ware dissipelskap.**

‘n Ander opvallende verskil is die dissipline en opvoeding van kinders. Die gemiddelde Suid-Afrikaner ontvang volgens Ben en Jackie ‘n baie strenger opvoeding. Hierdie verskille is volgens hulle egter ‘n goeie geleentheid om te getuig deur optrede eerder as deur woorde.

Volgens Jackie laat jou kleredrag jou uitstaan as Suid-Afrikaner. Aanvanklik het sy dit beleef dat Suid-Afrikaners meer formeel aantrek, maar later het sy besef dat die weer in Australië veroorsaak dat mense meer informeel aantrek – selfs wanneer hulle kerk toe gaan, maar ook in hulle alledaagse lewe[23]. Haar reaksie hierop was om ‘n praktiese aanpassing te maak en koeler klere koop.

Dit het lank geneem voordat Ben en Jackie agtergekom het dat dit ‘n gereformeerde kerk was waarby hulle ingeskakel het en hulle is baie gemaklik daarmee dat dogma nie op die voorgrond is nie[24]. Die Engelse voertaal was aanvanklik ‘n probleem vir die kinders by die kategese omdat hulle nie die leidster kon verstaan nie. Dit het probleme veroorsaak omdat dit voorgekom het asof hulle kinders ongehoorsaam was[25]. Tydsverloop het hierdie situasie egter reggestel en die kinders skakel gemaklik in en kuier lekker, ook saam met Engelssprekende maatjies.

**[23] Aanpassing: Immigrante ervaar intense keuses op elke vlak van menswees, ten opsigte van die praktiese uitlewing van hulle Christelike waardes binne ‘n nuwe kultuur. Nuwe omstandighede dwing hulle om te verander ten einde hulle identiteit te behou.**

**[24] Geloofsgemeenskap: Aan die een kant is dit opvallend hoe menslike omgee-aksies van lede van ‘n Christelike geloofsgemeenskap so ‘n sterk impak op die keuse van hierdie immigrantgesin het; maar aan die anderkant hoe maklik hulle aanvanklik betrokke sou kon raak by ‘n gemeenskap gebaseer op swak dogmatiese fundering.**

**[25] Taal: Taal is nie alleen die medium waarin ons kommunikeer nie, maar ook waarin ons informasie prosesseer en gevolgtrekkings in verhaalvorm bewaar. Ons moedertaal en streeks-dialekte vertoon ‘n sterk kulturele karakter. Dit is die medium waardeur mense hulle identiteit, geloof, waardes en norme verstaan en uitdruk. Daar vind, ten minste tydelike en gedeeltelike, denk- en kommunikasieverwarring plaas wanneer mense hulleself in ‘n tweede taal probeer uitdruk. Klein kinders beleef in hierdie proses moontlik meer verwarring as wat volwassenes besef.**

Ben en Jackie sê dat vriende uit Suid-Afrika hulle dikwels gevra het: "Hoe is dit in Australië?" Hulle het besluit om te antwoord: "Vra ons na twee jaar." Nou is hulle al langer as twee jaar in Australië en hulle som dit as volg op: Ben sê: "In South Africa you can have anything money can buy; in Australia you can have everything money can't buy." Jackie voeg by: "Kinders kan kinders wees, sonder om bang te wees."

Opsommend kan gesê word dat dit Ben en Jackie se belewenis is dat Australiërs 'n positiewe ingesteldheid teenoor gebore Suid-Afrikaners, wat in Brisbane aanland en 'n nuwe lewe hier begin, het.

### Respondent 2

Ek is besorg oor die verhouding van Jackie en Ben met hulle onderskeie ouers, asook hoe dit hulle kinders se verhouding met hulle grootouers beïnvloed. Ben erken reeds dat hy nie 'n hegte verhouding met sy pa het nie; dus is die kans groot dat die verhouding, in die lig van die groot afstand, verder mag verswak. Dit kan dan lei tot 'n negatiewe betrokkenheid van die kleinkinders by die oupa. Die impak wat dit op Ben se ouers het kom so ook in gedrang. Wat Jackie se betrokkenheid by haar ouers aanbetref, kan die ouma se opstandigheid 'n negatiewe invloed op hulle verhouding hê, wat dan kan uitkring tot negatiewe kommunikasie met die kleinkinders.

Kinders wat 'n Christelike opvoeding ontvang ontwikkel 'n identiteit as 'n Christen. Die vyandigheid en negatiwiteit wat daarteenoor in Australië heers, kan 'n invloed hê op hoe positief of negatief hierdie Christen-identiteit van Ben en Jackie se kinders ontwikkel. Dit kan ook 'n invloed hê op die kinders se betrokkenheid by,

ervarings van en betekenisgewing aan godsdiens. Met betrokkenheid bedoel ek die kinders se optrede en gewilligheid rondom godsdienstige aktiwiteite en idees. Met ervarings verwys ek na emosionele betrokkenheid en ook die kwaliteit van die kinders se verhouding met God. Betekenisgewing verwys na die kinders se logiese denkraamwerke en begrip van godsdiens - in hierdie geval Christenskap.

Die strenger opvoedingstyl van Ben en Jackie verskil van die meer permissiewe opvoedingstyl wat algemeen is in Australië. Dit kan, soos wat die kinders ouer word en die portuurgroep se invloed vir die kinders belangriker word, tot konfliksituasies met die kinders aanleiding gee.

## Respondent 3

In general, my perception of the De Vos situation is fairly positive. It seems that there is a healthy awareness of the process of immigration and that despite some of the 'natural' pain that occurs when immigrating, they were able and are able to deal with familial and financial issues in a constructive way. It is interesting to note that their experience of the Afrikaans Church in Brisbane was initially a morbid experience and that instead of sympathising and needing a support group of 'mutual mourners' they felt it troubling that these immigrants were complaining about their current situations. It reveals that they were prepared for the difficulties and their long processing time (five years) probably helped in mentally preparing themselves for the migration. Furthermore, it can be seen that Ben does not experience the move to Australia as one of a direct and specific calling from God, but that his understanding of God's will is much broader and more inclusive than others may think. This may result in possible spiritual crisis however, when life becomes difficult. One of the most well-known factors in specialised missionary work is the need to understand one's calling. It is during

extreme periods of doubt and pain that the assurance that God has called you to serve in that particular place and time carries one through the turbulent storm.

### Respondent 4

Numerous sources of stress were identified in Jackie and Ben's immigration story. These factors include: their perception that they were partially forced to move due to affirmative action, Ben's mother struggling with poor health, their parents' negative attitude regarding the move, negative interaction with other South-African immigrants, the challenge for Ben to find work prior to immigrating, pressures associated with living with another family upon arrival (e.g. lack of privacy), and cultural differences (i.e. their perception that there is an overt dislike of Christians in Australia, differences in terms of child rearing and discipline, appearance and clothing, and language barriers). These stressors in turn can lead to various psychological difficulties including: stress, depression, anxiety, bereavement, post traumatic stress disorder, substance abuse, adjustment disorder, and relationship distress (not only between partners, but also between parent and child).

## 2.1.2.3 Besorgdhede oor die verhaal van Pieter en Karien Venter

### Respondent 1

*Let daarop dat respondent 1 sy bydrae lewer deur die verhaal net so te gebruik en dan van voetnotas gebruik te maak.*

Karien begin die verhaal deur te sê dat Pieter een oggend opgestaan het met die gedagte dat hulle na Australië moet immigreer. Daar was geen spesifieke gebeurtenis wat hulle genoodsaak het om die besluit te neem om te immigreer nie. Pieter het doodgewoon inisiatief geneem en die groter prentjie in Suid-Afrika het hom oortuig om na Brisbane te immigreer[26].

Hierdie besluit het oor ‘n lang tyd vorm aangeneem en hulle getuig dat daar ‘n reeks voorwaardes aan die besluit gekoppel was. Eerstens het Pieter gevoel dat hy nie in die besigheidswêreld kon wees indien die regering hom sou dwing om mense in diens te neem nie. Hulle wou ook eers permanente verblyfreg in Australië hê, ten einde te verseker dat hulle met gemoedsrus kon immigreer. Verder was dit vir Pieter belangrik om sy banksake oor die internet in Suid-Afrika instand te kon hou. Laastens moes dit moontlik wees om sy besigheidsbelange in Suid-Afrika vanuit Australië te kon bestuur.

Met al hierdie praktiese dinge in plek was die keuse om te immigreer vir die Venters baie maklik. Die praktyk val soos volg uiteen: Hulle het nog sterk bande met Suid-Afrika op baie raakvlakke. Pieter vlieg elke twee tot drie maande na Suid-Afrika, soos wat sy besigheidsbelange dit vereis. Verder gebruik hy ‘Skype’ om in kontak te bly met die bestuurders van sy ondernemings in Suid-Afrika. Hy werk hoofsaaklik smiddae en saans tot laat om die tydsverskil tussen Suid-Afrika en Australië die hoof te bied.

**[26] Besluitneming: Pieter neem moontlik ‘n strategiese besigheidsbesluit meer gebaseer op die ‘globaliseringsbeginsel’ as op die ‘immigrasiebeginsel’. Hierdie tipe denke is nie die norm vir die deursnee-immigrant nie. Ander sosiale, psigiese en geestelike beginsels kom hier in spel. Hierdie gesin gaan voort met hulle ‘normale’ lewenswyse, maar vanuit ‘n ander ‘hoofkwartier’. Hulle neem nie werklik afskeid nie en benader die tyd wat hulle in Brisbane spandeer, net so doelgerig as die tyd wat hulle in Suid-Afrika spandeer. Hulle leefwêreld sluit beide lande in, en dit is waarskynlik vir hulle bekostigbaar. Die kinders word waarskynlik met hierdie lewensbenadering groot.**

As voorbeeld van hierdie werkswyse, beskryf Pieter dit soos volg: "Gister het ek 'n vergadering gehad met die doel om 'n produk in te voer uit China. Ons was vier mense betrokke by die onderhandelinge, waarvan ek in Australië was, twee vennote in Suid-Afrika en iemand anders in China." Pieter sê dat globalisering 'n groot rol speel in hoe mense deesdae besigheid doen en daar is talle tegnologiese moontlikhede wat hy vanuit Australië kan gebruik, om in kontak te bly met mense regoor die wêreld.

Karien se ouers was negatief oor hulle besluit om na Brisbane te verhuis en nou, selfs na vier jaar, het daar nie veel verander nie. Haar ouers verkies om nie oor die onderwerp van immigrasie te praat nie. Albei partye hou egter die verhouding in stand, maar die immigrasie-onderwerp word nie aangespreek nie. Volgens Karien plaas dit stremming op die verhouding. Aanvanklik het Pieter dit beleef dat die skoonfamilie hom as die sondebok sien, wat hulle kind en kleinkinders van hulle af weggeneem het[27]. Pieter maak egter 'n punt daarvan om saam met die familie te kuier en selfs saam te gaan vakansie hou, wanneer hulle in Suid-Afrika is. Karien se ouers het met hulle laaste besoek die opmerking gemaak dat hulle die kleinkinders vanuit Australië nou meer as die kleinkinders in Suid-Afrika sien, want hulle kuier vir langer tydperke by ouma en oupa as wat die kleinkinders in Suid-Afrika kan doen. Karien sê dat hulle solank as wat hulle dit kan bekostig en hulle ouers nog leef, ten minste een maal per jaar in Suid-Afrika sal gaan kuier[28].

---

[27] **Uitgebreide Gesin: Karien se ouers verstaan waarskynlik nie die 'globaliseringsbeginsel' nie en kan nie binne hierdie raamwerk dink nie. Hulle verwar dit met die 'immigrasiekonsep'. 'Globalisering' pas waarskynlik nie by die norm van wat 'gepas' is volgens die gemeenskap waarbinne hulle grootgeword het nie. Kommunikasie vanuit twee wedersyds-uitsluitende verwysingsraamwerke slaag gewoonlik nie, aangesien daar nie 'n 'versmelting van betekenis-horisonne' moontlik is nie.**

[28] **Omgee-aksie: Menslike omgee-aksie kan wedersydse boodskappe op die ervaringsvlak, waar daar nie woorde gebruik kan word nie, kommunikeer. Solank Karien se ouers in 'immigrasie-terme' dink, ervaar hulle gevoelens wat met verlies gepaard gaan. Wanneer hulle die menslike-omgee aksie van gereelde langer besoeke beleef, ervaar hulle positiewe emosies wat pas by die leefwyse wat hulle as die 'gepaste' beskou. 'Globalisering' vereis baie doelgerigte beplanning en investering van kosbare hulpbronne, en kan baie selfsugtig wees, maar kan ook werklike onbaatsugtige omgee-aksie behels, ongeag die prys wat dit kos.**

Pieter se ma voel dit was die regte besluit vir hulle om te immigreer. Dit was vir haar jammer om hulle te sien gaan, maar sy ondersteun hulle en het selfs al kom kuier in Australië. Die kinders het al vier goed aangepas. Karien en Pieter was van die eerste dag af gelukkig en hulle het geen aanpassingsprobleme ondervind nie. Pieter sê dat die eerste maand in Australië vir mense soos 'n wittebrood is. Hulle koop nuwe goed en hou letterlik vakansie in 'n nuwe land met 'n gevoel van energie en opgewondenheid. Vir hom voel dit steeds so. Hy skryf dit toe aan die feit dat hulle die skuif baie goed beplan het. Hulle het vooraf verskeie besoeke afgelê en kom kyk hoe Australië lyk met die doel om hulself voor te berei vir die skuif. Hulle het geen verwagtinge gehad wat nie gerealiseer het nie, omrede hulle van die begin af baie realisties was en besef het dat Australië ook nie perfek is nie. Hulle het ook gelukkig twee stelle ou Suid-Afrikaanse vriende hier in Brisbane ontmoet. Albei gesinne het vanaf Perth na Brisbane verhuis, net voordat die Venters vanuit Pretoria na Brisbane getrek het. Vriendskapsbande is en was vir hulle baie belangrik.

Hulle het aanvanklik eers by in 'n multi-denominasionele Afrikaanse gemeente aanbid. Dit was volgens Pieter en Karien 'n "somber situasie" – daar was baie mense wat swaar gekry het en gevolglik het hulle Sondae by die kerk teenoor mekaar gekla. Pieter wou egter nie 'n somber situasie met kerk assosieer nie. Hulle het toe 'n groot charismatiese kerk bygewoon, wat 'n sterk verbintenis het met die skool waar hulle kinders skoolgaan. Die kerk was egter te groot en die musiek was vir hulle oorverdowend en hulle was ook nie gemaklik met die bedieningstyl nie. Gedurende hierdie tyd was daar baie prediking oor geld en die finansiële situasie van die kerk. Tydens die laaste erediens het die prediker nie eers uit die Bybel gelees nie en dit het hulle dwars in die krop gesteek. Die hoofdoel van die gemeente was die hoeveelheid bekeerlinge wat aan die gemeente toegevoeg word en hulle het dit beleef dat bestaande Christene onversorg gelaat word. Die 'Christian Reformed Church' in Mansfield het aan hulle 'n geestelike tuiste gebied, sowel as die geleentheid om geestelik te groei.

Die feit dat daar heelwat Suid-Afrikaners is wat by die gemeente saamkom is ‘n positiewe kenmerk van die kerk, maar dit is nie vir hulle ‘n voorwaarde vir lidmaatskap nie. Hulle skryf die groot hoeveelheid Suid-Afrikaners by die gemeente daaraan toe dat die meeste van hulle uit ‘n gereformeerde agtergrond in Suid-Afrika gekom het. Pieter en Karien hou van die balans in die gemeente wat ‘n familiediens met Engels as voertaal het en wat volgens hulle goed is vir die kinders, maar wat ook op ‘n maandelikse basis ‘n Afrikaanse uitreik-erediens het.

Karien vind goeie aanklank by die visie van die geloofsgemeenskap in Mansfield en spesifiek die uitreikbediening wat op diensbare leierskap gebou word. Sy is dan ook een van die eerste leiers in die gemeente wat deur middel van vermenigvuldiging van haar selgroep die kapasiteit geskep het om nuwe mense in die gemeente te verwelkom en te laat tuiskom in nuutgevormde groepe. Hierdie proses help baie nuwe aankomelinge, hoofsaaklik uit Suid-Afrika, maar ook vanuit ander dele van die wêreld. Pieter en Karien besef hierdie kleingroepbediening is die uitleef van hulle roeping. Dit is vir hulle ‘n voorreg om op ‘n persoonlike wyse nuwe Suid-Afrikaners op hulle voete te help en aan te moedig om weer ander te help, want immigrasie is nie ‘n maklike proses nie en mense wat nuut in Brisbane aankom, het geen ondersteuningsnetwerk nie[29].

Karien beskryf haar lewenstyl met ‘n 80/20 vergelyking. In Suid-Afrika het wasgoed, huiswerk en werk ongeveer 20% van haar tyd opgeneem. Ontspanning, vriende, sport en kuier het 80% van haar tyd in beslag geneem. Australië is presies die teenoorgestelde. Haar huis is nie so skoon en netjies nie, maar sy doen baie meer in die plaaslike gemeenskap en is meer betrokke by allerlei aktiwiteite. Karien beleef haar werksplek as positief en ook ‘n geleentheid om te integreer in die Australiese gemeenskap.

---

**[29] Globalisering: Christene met ‘n ‘globaliseringsbenadering’ is waarskynlik meer doelgerig in hulle keuse van betrokkenheid, onder andere by ‘n kerk. Dit is skynbaar nie in hulle aard om te stagneer en te verval in ou patrone nie. Hulle is meer daarop gerig om ‘n verskil te maak waar hulle is, onder andere ook in die groter plan van God se koninkryk.**

Pieter is nou meer by die huis as in Suid-Afrika. Sy kantoor funksioneer vanuit die huis en hy maak baie staat op die internet, telefoon en hedendaagse tegnologie. Sy besigheidsbelange in Suid-Afrika neem baie tyd en energie in beslag. Hy sal uiteindelik nuwe geleenthede in Australië identifiseer en sy besighede geleidelik oorskuif.

Hulle glo dat hulle kinders meer geleenthede in Brisbane het teenoor wat hulle sou gehad het in Pretoria. Pieter verwoord dit soos volg: ”Daar is ‘n beter toekoms vir die kinders en oor twintig jaar sal hulle hier ‘n beter lewe kan maak en ook die vryheid hê om hulle eie familielewe met ‘n hoë lewenskwaliteit te konstrueer.” Die Venter-gesin het Australië op ‘n besondere manier ontdek deur middel van talle skooltoere waarop die kinders kon gaan en hulle as ouers het baie daarvan kon meemaak. Dit was vir hulle een groot avontuur. Integrasie in die Australiese kultuur is vir hulle maklik en positief. Hulle sê dat die Afrikaanse aksent waarmee hulle Engels praat in hulle guns werk. Hulle het egter nie genoeg energie en tyd om te bestee aan vriendskappe met Australiërs nie. Dit laat hulle skuldig voel. Die kinders integreer egter beter en hulle het meer gebalanseerde vriendskappe met Suid-Afrikaners, sowel as Australiërs.

Afrikaans bly egter vir hulle belangrik en almal in die huis praat Afrikaans met mekaar. Dit is elke kind se eie keuse om Afrikaans te praat. Karien se pa het ‘n doktorsgraad in Afrikaans en komplimenteer hulle kinders gereeld oor hulle goeie Afrikaanse taalgebruik wat te midde van hulle immigrasie-verhaal behoue gebly het.

Die Venters glo dat die Here ‘n plan het met die groot aantal Suid-Afrikaners in Australië. Hulle glo dat ons in Suid-Afrika te gemaklik in ons geloofslewe is. Ons aanvaar dat almal Chrsitene is, maar in Australië is dit anders. Jy moet opstaan

vir jou Christenskap. Hulle glo die Suid-Afrikaners sal oor vyftig jaar, soos die Hollanders wat na Australië geïmmigreer het in die 1950s, 'n soortgelyke impak op die samelewing hê. Die Hollanders het 'n unieke gereformeerde kerk (Christian Reformed Church of Australia) gestig, wat goed in die Australiese samelewing geïntegreer het en talle Suid-Afrikaners raak nou betrokke by hierdie selfde gereformeerde kerk (soos die een in Mansfield in Brisbane)[30].

Karien besef dat hulle deur middel van hulle Bybelstudie die leiding van die Here deurentyd gehad het en dat hulle nie sonder die Here se leiding sou kon immigreer nie. Hule geloofsperspektief word gevind in die feit dat hulle gehoorsaam was aan die Here se wil. Karien sê ook dat hulle bereid is om terug te gaan na Suid-Afrika, as die Here hulle so sou lei. Sy merk op: "Hierdie aardse lewe is in elk geval net 'n tydelike bestaan..."[31].

Hulle sien 'n duidelike verskil tussen 'n gelowige en 'n ongelowige persoon se belewenis van immigrasie. 'n Ongelowige persoon hanteer die hele saak op sy eie. Sy eie denke en dade bepaal die uitkomste in elke situasie. 'n Gelowige mens sien die Here se hand in alles. Daar is baie ongelowige mense in Australië en 'n mens ontmoet ongelowiges op 'n daaglikse basis. Dit het sy uitdagings en soms is die aanslag op Christene vel, maar Karien som die situasie soos volg op: "Jy het nie 'n klomp Christene om jou nodig om 'n Christen te wees nie".

Hulle was as gesin in Suid-Afrika nooit so betrokke by 'n geloofsgemeenskap soos hier in Brisbane nie. Pieter het in Suid-Afrika op die finansiële kommissie

---

**[30] Globalisering: Hierdie 'groter-prentjie' visioenêre denke is tipies van hulle wat migreer met 'n 'globaliseringsvisie'. Dit is merkwaardig dat hierdie verwysingsraamwerk ook menslike omgee-aksie in die breë kan insluit! Dit is waarskynlik 'n 'koninkryksperspektief' waarsonder enige kerk op pastorale en misionêre vlak steriel sal word.**

**[31] Koninkryk: Karien se verhaal getuig daarvan dat die relevansie tussen haar eie verhaal en God se verhaal vir haar duidelik geword het, en beide hierdie verhale realiteite geword het wat alles vir haar verander het.**

gedien en was by geleentheid leier-diaken en -oudeling. Hier in Brisbane het hulle as egpaar egter ‘n bediening en hulle kleingroep het al vier nuwe groepe tot stand gebring. Hulle het ook as egpaar begin om ‘n Engelse vertaling van die Bybel (NIV-vertaling) te lees en sal dit vir almal aanbeveel. Hulle hou ook stiltetyd in Engels en Pieter is verbaas oor Karien se goeie kennis van die Engelse taal.

Suid-Afrika is en bly vir die Venters ‘n wonderlike land. Pieter sien egter nie ‘n langtermyn toekoms vir sy kinders nie. Hy beskou die rigting waarin die land beweeg as in die rigting van ‘n derdewêreldse land. “Zimbabwe vra aanpassing en die Suid-Afrikaners sal ook moet aanpas,” meen Pieter. Karien is meer positief oor Suid-Afrika en glo dat dit ‘n opwindende tyd in die land se geskiedenis is. Sy kan God se hand in die land (Suid-Afrika) sien en glo dat die Here besig is om ons tereg te wys.

Ten slotte noem hulle dit dat daar ook uitdagings en probleme in Australië is. Vir hulle is die toekoms van hulle kinders en spesifiek om ‘n gelowige huweliksmaat te kry, hoog op hulle gebedslys. Hulle sien hulself as twee mense met vier kinders, wat as Christene aan die Here gehoorsaam was en hulself nou in Australië bevind. Hulle kinders en kleinkinders sal uitbrei en hopelik ‘n impak op hulle onmiddelike omgewing hê. Hulle gebedslewe word hierop gefokus en hulle glo dat die groeiende geloofsgemeenskap in Mansfield ‘n sinvolle bydrae tot die plaaslike gemeenskap maak deur middel van die uitreikbediening van selgroepe.

### Respondent 2

Die enigste besorgdheid wat ek het is Karien se ouers se negatiwiteit aangaande hulle immigrasie en die stremming wat dit op die verhouding plaas. Veral Pieter

se negatiewe belewenis dat die skoonouers hom kwalik neem, kan in die toekoms negatiewe betrokkenheid veroorsaak by sy skoonouers wat weer uitkring na Pieter en Karien se huweliksverhouding. Die probleem gaan ongelukkig nie verdwyn as dit geïgnoreer word nie; dit kan in ander areas ook probleme veroorsaak, byvoorbeeld die kwaliteit van die kinders se verhouding met hulle grootouers en hoe hulle in die toekoms oor die immigrasieproses dink (byvoorbeeld die vraag of immigrasie sinoniem is met die afstaan van familie of dalk die begin van ‘n nuwe tipe verhouding met ander uitdagings.)

## Respondent 3

Die interessante van hierdie verhaal is dat die Venters hulle storie rondom die idee dat hulle geïmmigreer het binne die wil van God, vertel. Hulle het egter ‘n besluit geneem om te immigreer, hulself voorberei en die hele stap om te immigreer goed beplan. Daar bestaan dus ‘n moontlike spanning tussen die soeke na die wil van God en die besluitnemingsprosesse van mense, in hierdie geval Pieter en Karien Venter. Die feit dat hulle deel is van ‘n bediening hier in Brisbane en spesifiek ‘n kleingroepbediening in hulle eie huis aan die gang hou, bevestig dat hulle bewus is van God se roeping in hulle lewe en dat hulle hulself as diensbare leiers sien.

Die verhouding met Karien se ouers laat tog ‘n besorgdheid ten opsigte van die wyse waarop Christene eenheid moet soek as die familie van God. Dit kan aanbeveel word dat hulle die saak rakende hulle immigrasie moet uitpraat, omrede dit altyd ‘n onopgeloste saak sal wees indien hulle versuim om dit te doen.

### Respondent 4

Only two potential sources of stress were identified in Pieter and Karien's immigration story. These include Karien's parents' negative attitude regarding their immigration and the potential challenges associated with being a Christian in a country where most people are not religious. Apart from these two issues it appears that the Venter family are adapting well to their new home and that they are not confronted with any major challenges at this point in time.

## 2.1.2.4 Besorgdhede oor die verhaal van Anton en Suzet Muller

### Respondent 1

*Let daarop dat respondent 1 sy bydrae lewer deur die verhaal net so te gebruik en dan van voetnotas gebruik te maak.*

Anton en Suzet Muller se verhaal begin deurdat hulle saamstem dat hulle nooit regtig geïmmigreer het nie. Wanneer hulle terugkyk na die immigrasiebesluit, is hulle twee hoofredes dat hulle vir hul kinders 'n beter toekoms wou verseker en dat Anton 'n werksaanbod in Brisbane ontvang het. Suzet brei hierop uit deur te sê: "Ons idee was dat indien dit nie uitwerk nie, dan gaan ons terug Suid-Afrika toe." Hulle woon nou al drie jaar in Brisbane[32].

[32] **Besluitneming: Hierdie gesin het gekies om nie 'n finale besluit te neem nie. Hulle verteenwoordig 'n groep mense wat onder Australiërs bekend staan as 'migrants' en nie as 'immigrants' nie. Van hierdie kategorie mense word verwag dat hulle kom en gaan en nie beskikbaar is vir langtermyn verantwoordelikhede of verhoudings nie. Hierdie mense beskou hulleself waarskynlik ook so. Dit het moontlik 'n impak op die wyse waarop hulle hulself verbind (of nie verbind nie) tot verhoudings en verantwoordelikhede in Brisbane en in die vriendekring en kerk waarby hulle betrokke raak. Hierdie wyse van betrokke wees, impakteer moontlik nie net negatief op hulle eie vermoë tot aanpassing nie, maar ook op die geloofsgemeenskap waarbinne hulle 'n geestelike tuiste vind.**

Anton was ongelukkig in Pretoria en sou drie jaar gelede ook 'n ander werksgeleentheid in Suid-Afrika oorweeg het. Hulle het op daardie stadium Brisbane ook oorweeg omrede sy suster hulle vantevore in Brisbane gewoon het. Sy suster-hulle het egter teruggetrek na Pretoria toe om weer naby aan die familie te wees. Die Mullers kon nie die familie vooraf inlig oor hulle besluit nie, want die werksgeleentheid in Brisbane het redelik vinnig 'n realiteit geword.

Suzet se ouers het die nuus volgens hulle "sleg gevat," want drie uit hulle vier kinders het alreeds geïmmigreer en nou het Suzet as hul vierde kind ook besluit om in die buiteland te gaan woon. Hulle as ouers en grootouers is hartseer, maar laat Anton en Suzet nie skuldig voel nie. Hulle berus hulle by die besluit.[33] Anton se pa verlang ontsettend baie na hulle en sal gereeld sê dat Anton moet onthou dat daar nog werk in Suid-Afrika is. Anton het sy werk onlangs in Brisbane verloor as gevolg van die ekonomiese klimaat wat verskeie maatskappye genoodsaak het om te her-struktureer. Hy hou sy opsies na Suid-Afrika toe oop. Hy het sy vorige werkgewer reeds gekontak en hou per e-pos kontak met die moontlikheid om terug te gaan na Suid-Afrika[34].

Hulle daaglikse realiteit wys 'n verlange na die weeklikse kuier by Anton se ouers uit. Suzet het altyd lekker gekuier en mis die grootouers se kuier met hulle

---

**[33] Ouers: Agterblywende ouers van immigrante ervaar waarskynlik baie ernstige gevoelens van verlies op 'n gevorderde tyd van hulle lewens, wanneer interaksie met hulle kinders en kleinkinders dikwels 'n groot aandeel in hulle lewenssin en motivering het, veral wanneer hulle aftree-ouderdom nader kom of reeds bereik is. Hierdie intense gevoelens moet verwerk word, en hopelik maak kerke in hulle pastorale bediening daadwerklik groot erns met hierdie nood.**

**[34] Finaliteit: Alle gesinslede van 'n uitgebreide gesin wat betrokke is by immigrasie van gesinslede word ernstig gekonfronteer met die vraag of hul verlies tydelik of permanent is. 'n Oop 'geen-finale-besluit'-benadering mag die hoop dat alles weer sal wees soos dit was, lewendig hou. Wanneer daar egter wel uiteindelik 'n finale besluit geneem word, mag die aanvanklike hoop oorgaan 'n gevoelens van wanhoop. Die interessante is dat wanneer die kerk nie in hierdie soort omstandighede pastoraal-aktief betrokke is nie, is hierdie mense geneig om blamerend te vra waar God is wanneer hulle die trauma van verlies ervaar.**

kleinkinders. Hulle verlang ook na die voorreg om die kinders by die grootouers te kon laat kuier, terwyl hulle dan die geleentheid gehad het om op hulle eie uit te gaan. In Brisbane is dit anders. Suzet stel dit soos volg: "'n Mens mis jou ouers omdat jy nie van vriende dieselfde kan verwag as van familie nie"[35].

Anton en Suzet sien hulleself as introverte en besef dat vriendskappe oor tyd gevorm word. Die interessante is egter dat hulle tog vinnig goeie vriende gemaak het. Die rede daarvoor vind hulle in die feit dat daar 'n definitiewe band met ander mense, wat deur dieselfde swaarkry van immigrasie gaan, bestaan. Hulle beleef dit dat hegter vriendskapsbande gevorm word omdat mense die swaarkry deel. Hulle beskryf hulle vriende as geloofsvriende[36].

Hulle realiteit in Brisbane is ook gevorm deurdat die maatskappy wat vir Anton die werksgeleentheid aangebied het, ook hulle skuif na Brisbane geborg het. Dit het beteken dat die vlugte vir hulle gereël is, die trek vir hulle betaal is en dat hulle geweet het dat alles in plek sou wees met hulle aankoms. Anton sou dadelik kon begin werk.

Dit was vir hulle lekker om uiteindelik op die vliegtuig te wees, want die laaste twee weke in Suid-Afrika was dit baie swaar om almal te groet. Anton het hard

---

[35] **Aanpassing: 'n Oop 'geen-finale-besluit' benadering impakteer ook op hulle wat die finaliteit van hierdie besluit uitstel. Hulle beleef hulle situasie veral as 'weg-van-geliefdes', is veral nie besig met 'dit-waarheen-ons-beplan-het-om-te-kom' nie en is geneig om hierdie lewensfokus op 'dit wat was' te behou, eerder as op 'dit wat behoort te wees'. Die tydelike aard van hierdie immigrantegesinne se aanpassing in die buiteland weerhou hulle van die lewenskwaliteit wat ondervind word wanneer 'n gesin 'n 'lewenstuiste' vir hulleself skep, eerder as om tydelik in 'n 'oorlewings-huur-huis' te woon. Hulle investeer ook anders (meer tydelik) in vriendskappe en mag selfs meer geneig wees tot gevoelens van eensaamheid, betekenisloosheid, en self tot gevoelens van depressie.**

[36] **Geloofsgemeenskap: Die term 'geloofsvriende' is baie insiggewend! Die waarde daarvan mag nie deur die kerk gering geskat word nie.**

gewerk om alles oor te gee en het onder geweldige spanning gewerk. Hy voel egter skuldig dat hy teen die einde van hierdie tydperk moeg en ongesellig was tydens die laaste ete by sy ouers se huis.

Suzet besef dat haar ma baie hartseer was en die feit dat sy gehuil het, was anders as altyd, want haar ma is gewoonlik ‘n baie sterk mens. Suzet besef dat die immigrasie-realiteit haar ma diep geraak het. Tog ondersteun haar ma hulle in hulle keuse en spreek dit uit dat sy weet dat hulle nou ‘n “beter lewe” het as wat hulle gehad het.

Hulle lewens het drasties verander. Suzet vind dat haar lewenskwalitiet baie verbeter het. Sy kan in die middestad vir die stadskoor sing en daarna elf uur in die aand veilig met die bus huis toe ry. Sy besef nou eers hoeveel sy haar vryheid waardeer. Hulle het vantevore in Suid-Afrika in ‘n sekuriteitskompleks gewoon en Anton stel die feit dat hy nooit ‘n vuurwapen besit het of sleg geslaap het nie, maar Suzet was besorg oor haar eie veiligheid en het soms onveilig gevoel. Sy het byvoorbeeld nie gevoel dat dit veilig genoeg was om op haar eie te gaan draf nie. Nou is dit anders; sy gaan maklik alleen met die kinders na ‘n park toe en geniet dit sorgeloos.

Suzet voel egter dat sy ‘n rustiger lewe in Pretoria gehad het. Sy voel nou meer gespanne as toe sy in Pretoria was. Sy kon met haar vriendinne gaan tee drink en haar bediende kon aandag gee aan die klein dingetjies. Suzet moet nou aandag gee aan al die detail tuis en net om die huis skoon te hou en die kinders op skool te hou is ‘n veel groter taak, omdat dit daarop neerkom dat sy alles self moet doen. Tog voel hulle dat die Australiese manier van doen anders is. Die Australiërs is nie so perfeksionisties oor hulle huise nie en laat dinge maar oorstaan tot ‘n geskikte tyd. Suzet beleef dit dat hulle baie ontspanne mense is, maar sy voel dit gaan haar nog lank neem om self hierby aan te pas. Die feit dat sy so baie aandag aan detail moet gee, maak haar gespanne. Almal in Australië

werk ook nie voltyds nie. Suzet werk net twee dae 'n week. Baie mense verkies om nie voltyds te werk nie, sodat hulle tyd by die huis het vir al die huishoudelike take.

Anton voel dat sy lewenskwaliteit laer is as wat dit in Pretoria was. Hy is gereeld verontrief deurdat hy in Brisbane van openbare vervoer gebruik moes maak na sy werk en terug. Daar was ook verskeie slegte ervarings wat hy by die werk gehad het en hy het dit dikwels beleef dat hy onregverdig behandel is. Anton se hele ervaring by die werk was negatief en dit was vir hom moeilik om elke dag werk toe te gaan. Suzet het naderhand begin skuldig voel omdat sy gelukkig was in Australië, terwyl dit met Anton sleg gegaan het. Verder het Anton boonop siek geword en probleme met sy gewrigte gehad. Die pyn was ondraaglik. Hy besef egter dat die siekte hom ook in Suid-Afrika sou plattrek, maar dit het bygedra tot die swaarkry wat hy in Australië beleef het.

Hy beleef Brisbane egter nie negatief nie, alhoewel sy werksomstandighede en sy gesondheid dit vir hom moeilik gemaak het die afgelope drie jaar in 'n nuwe land. Hy beskou dit nie as noodwendig sleg dat hy sy werk verloor het nie, omrede hy in elk geval op 'n daaglikse basis ongelukkig was. Anton beleef dit dat Suid-Afrika finansieel veiliger sou wees in die huidige ekonomies klimaat, omrede dit goedkoper is om daar te leef en 'n mens dus langer sonder 'n inkomste sou kon oorleef. "Mense in Brisbane ken jou ook nie in die werksomgewing nie en jou geskiedenis en werkservaring is baie werd in Suid-Afrika, maar nie noodwendig in Australië nie. Wanneer jy op soek is na werk is Australiese ervaring al wat regtig tel," beweer Anton vanuit sy huidige omstandighede. Die Australiese regering het prosedures in plek om mense by te staan wat hulle werk verloor het. Die finansiële ondersteuning wat die regering gee is egter nie genoeg om 'n lewe te maak nie. Dit is slegs 'n vorm van ondersteuning.

Die taalkwessie is moeiliker as wat 'n mens verwag. Suzet getuig dat sy na twee jaar eers die Australiese ma's by die skool regtig begin verstaan het. Daarmee bedoel sy dat dit aanvanklik moeilik is om die Australiese uitspraak te verstaan, maar dit is die maklikste van die uitdagings om te oorbrug in die verstaansproses. Die Australiërs gebruik spesifieke uitdrukkings en dit wat hulle werklik bedoel, neem 'n tyd om aan gewoond te raak en te verstaan.

Anton glo die meeste mense in Australië is nie gelowig nie en gevolglik het hulle 'n heel ander wêreldbeeld as Christene. Suzet beleef dit dat sy baie in haar geloof gegroei het in Brisbane. Sy begin al hoe meer om God se hand in alles te sien. Suzet dink dat baie meer mense in Suid-Afrika sê dat hulle Christene is, maar sy beleef dat Australiese Christene anders is. Daar is geen druk op hulle om Christene te wees nie; trouens die norm is dat mense nie gelowig is nie.

Anton en Suzet het ingeskakel by die 'Christian Reformed Church' in Mansfield, Brisbane, omrede hulle 'n gemeentelid se broer geken het in Suid-Afrika. Dit was egter net die begin van hulle reis in die gemeente. Op die oomblik behoort hulle aan die geloofsgemeenskap in Mansfield omdat hulle goeie vriende het en omdat hulle glo dat die gemeente 'n verskil maak in mense se lewens. Mense in die gemeente is gemaklik met mekaar en aanvaar mekaar. Die gemeente en veral die kleingroepbediening het Suzet gehelp om geestelik te groei. Die selgroep waaraan hulle behoort, het haar sterk gemaak en toegerus vir die skool waar sy nou werk. Sy beleef dat sy in Australië 'n groter verskil maak op Koninkryksvlak. In Suid-Afrika was sy meer in haar geriefsone.

Anton beaam dit dat hulle hier in situasies beland waar hulle nie anders kan as om te getuig nie. Anton het 'n kollega by die werk gehad wat begin uitvra het oor Christenskap en hulle het met vriendskapsevangelisasie uitgereik na die familie en hulle ook uitgenooi na die kerk toe. Die hele gesin het die uitnodiging aangeneem en 'n deurlopende verhouding het ontstaan net omdat Anton as 'n

Christen uitgestaan het by die werk. Suzet beleef dit dat die geestelike nood in Australië groot is.

Suzet glo dat die Here ‘n mens hier op ‘n unike manier gebruik, maar dat Hy jou ook netsowel in Suid-Afrika sou kon gebruik. Hulle het geïmmigreer as gelowige mense, maar hulle beleef dit nie dat hulle met ‘n roeping Australië toe is nie. Hulle glo dat hulle as gelowiges in Australië woon en werk.

Volgens Anton is die Australiese kultuur meer gemaklik as die Suid-Afrikaanse kultuur. Hy beskryf hoedat die Australiërs nie oor die detail bekommerd is nie. Sy kollegas het alreeds na die eerste twee dae van werk aan ‘n projek, begin skryf aan ‘n verslag – dit is iets wat vir Anton ondenkbaar is, omrede daar op daardie stadium nog te veel praktiese werk is om te doen!

Suzet maak die volgende positiewe opmerking: “Australiërs sien nie neer op mekaar nie.” Een van hulle kinders se vriende se pa ry ‘n stukkende ou motor en dit maak nie saak as hy met die motor by die skool opdaag nie. Selfs die Eerste Minister van die land ry “net ‘n Ford”. Anton bevestig ten slotte Suzet se siening met die volgende opmerking: “Hier maak dit nie saak of jy ‘n dokter is en of jy by Mc Donalds werk nie.”

Anton en Suzet sal alles in die stryd werp om op hierdie stadium eerder in Brisbane te bly, as om nou terug te keer na Suid-Afrika.

## Respondent 2

Anton en Suzet sê dat hulle skuif na Brisbane baie vinnig gebeur het. Die vinnige verandering van omstandighede maak my besorg oor die kinders en hulle voorbereiding vir die skuif. Drastiese veranderinge soos wat gepaard gaan met immigrasie/migrasie kan aanleiding gee tot emosionele en gedragsprobleme by kinders.

Dit klink of Anton en Suzet albei 'n hegte verhouding met hulle onderskeie ouers het. Ek is besorg oor die skuldgevoelens wat Anton ervaar oor sy laaste kuier saam met sy ouers. Skuldgevoelens het 'n beperkende invloed op die funksionering van en kommunikasie binne verhoudings asook op die persoon self. Dit kan emosionele konflik en stres binne die 'self' veroorsaak, wat 'n negatiewe invloed kan hê op die persoon se aanpassing en selfaktualisering.

Dit klink of die kleinkinders gereelde kontak gehad het met hulle grootouers. Ek is besorg oor die impak wat die skielike verlies daaraan op die kinders het. Gevoelens van verlies kan aanleiding gee tot onsekerheid by kinders en dan kom emosionele of gedragsprobeleme na vore.

Anton en Suzet erken dat hulle albei introverte is en dit maak my besorg oor hulle ondersteuningsisteem hier in Brisbane. Hulle sê self dat jy nie dieselfde van vriende kan verwag as van familie nie. Hoewel hulle praat van hulle geloofsvriende kan ek nie help om te wonder hoe sterk hulle ondersteuningsisteem al gevestig is nie. Dit mag baie moeiliker wees vir introverte om vir hulp en ondersteuning te vra in tye van nood, soos met Anton se werkloosheid en gesondheid. Indien hulle alles self probeer hanteer kan dit ekstra emosionele en fisiese spanning (wat genoem word in hulle verhaal) veroorsaak en dit plaas weer stremming op gesinsverhoudinge wat selfs 'n

invloed op 'n persoon se gesondheid kan hê en emosionele/gedragsprobleme by kinders kan veroorsaak.

## Respondent 3

My grootste besordheid is die verskille tussen Anton en Suzet ten opsigte van hulle beskouings en opinies rakende die situasie waarbinne hulle hulsef bevind na immigrasie. Die redes wat hulle aanbied as motivering om te immigreer, sowel as hulle interpretasie rakende die kwalitiet van lewe wat hulle in Australië geniet, verskil. Dit is natuurlik gesond om as 'n getroude paar van mekaar te verskil en verskillende standpunte en opinies te hê, maar hulle verhaal laat die besorgdheid by my dat hulle spesifieke belangrike sake rakende immigrasie en lewenstyl nie deurgepraat het nie, wat hulle daaglikse lewe gevolglik negatief beïnvloed. Efesiërs 5:22-33 speel hierin 'n belangrike rol en dit is my opinie dat hulle as huweliksmaats na eenheid behoort te streef.

In die verhaal van Suzet is ek verder besorg daaroor dat sy sensitief moet wees t.o.v. die ondersteuning van Anton in hierdie moeilike tye waarbinne hy homself bevind as iemand wat sy werk verloor het. Anton aan die ander kant het nodig om bewus te wees van skuldgevoelens rondom die feit dat hy nie op die oomblik die rol vertolk om sy gesin te versorg soos wat hy graag sou wou nie. Hulle het dus nodig om hulle Bybelse waardes en rolle as man en vrou weer voorop te stel en te midde van moeilike omstandighede hulle stabiliteit te soek in die Woord van God.

Die grootste besorgdheid rakende Anton is die feit dat hy sukkel om in te skakel in die Australiese kultuur en dat sy identitiet en selfwaarde gevolglik onder druk verkeer. Die geloofsgemeenskap speel hierin 'n belangrike rol. Dit is nodig dat

Anton sy identitiet in Christus verstaan en geluk vind in die geloofsfamilie wat God aan hom in Australië voorsien het. Die realiteit is dus dat as hy nie suksesvol inskakel nie, die moontlikheid van 'n terugkeer na Suid-Afrika bestaan.

### Respondent 4

Various sources of concern were identified in Anton and Suzet's immigration story. These include the suddenness of their move to Australia, their parents' resistance to the idea of them moving overseas, Anton had negative experiences at work (i.e. felt like he was being treated unfairly) and was made redundant, missing their family in South Africa, reduced social contact and support, increased responsibilities in terms of domestic duties and looking after children, illness (i.e. Anton developed problems with his joints that resulted in a great deal of pain), and cultural differences (in particular language barriers and the fact that not many Australians are Christians). These stressors in turn can result in a number of psychological conditions including: stress, depression, anxiety, bereavement, post traumatic stress disorder, substance abuse, adjustment disorder, and relationship distress (not only between partners, but also between parent and child). Suzet actually stated that she is feeling more stressed than when they were living in South Africa.

## 2.1.2.5 Besorgdhede oor die verhaal van Jaco en Linda Botha

### Respondent 1

*Let daarop dat respondent 1 sy bydrae lewer deur die verhaal net so te gebruik en dan van voetnotas gebruik te maak.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jaco en Linda Botha het besluit dat Jaco vooruit na Brisbane sou vlieg om solank al die praktiese aspekte ten opsigte van die immigrasieproses te hanteer. Sy doel was om ‘n blyplek voor te berei vir Linda en hulle seun Con. Dit het Jaco ongeveer drie weke geneem om alles in plek te kry. Die praktyk van sake was dat hy gereeld na ‘n internetkafee moes gaan om toegang tot die internet te verkry, ten einde werk te soek en ook om behuising te verseker.

Die vlug en die ervaring daarrondom was vir hom traumaties, veral omdat hy almal in Suid-Afrika moes groet en alleen na Brisbane moes vlieg. Dit was nie net sy uitgebreide familie wat sou agterbly nie, maar Linda en Con sou ook eers later by hom aansluit[37].

Linda se herinneringe van hierdie tyd was dat sy doodmoeg was. Dit was vir haar moeilik sonder Jaco in Suid-Afrika en sy kon nie wag om self in Australië te kom nie. Dinge is vererger deurdat hulle ‘n slegte vlug gehad het en boonop met vertragings moes rekening hou. Van hulle bagasie het ook weggeraak en in ‘n vreemde land met weinig ondersteuning is ‘n mens afhanklik van elke kilogram wat die lugredery jou toelaat om saam te dra[38].

---

**[37] Verlies: Lede van immigrantegesinne ervaar oor die algemeen ernstige en selfs traumatise gevoelens van verlies, veral tydens die aanpassingsperiode in hulle nuwe omstandighede. Hulle ervaar oor die algemeen almal verlies aan ‘n ondersteuningsnetwerk, die beskikbaarheid van geleenthede tot self-aktualisering, die beskikbaarheid van hulpbronne, hulle vermoë om persoonlike doelstellings te realiseer en aan stabiele en voorspelbare lewensomstandighede. Spoedige effektiewe inskakeling by ‘n ‘Liggaam-van-Christus-vormige geloofsgemeenskap’ mag ‘n belangrike rol in hierdie verband speel tydens die aanpassingsperiode.**

**[38] Oorlading: Die immigrasieproses is geneig om mense te oorlaai met nuwe informasie en fisieke uitdagings wat hulle moontlik vir die eerste keer moet prosesseer en waaruit hulle nuwe alternatiewe opsies moet identifiseer, nuwe keuses moet maak, en nuwe maniere van optrede moet ontwerp en uittoets. Omdat hierdie prosesse soveel addisionele energie vereis, is immigrante geneig om oorweldig te voel en baie moeg te word. Hierdie moegheid impakteer weer op hulle prosesseringsvermoë, wat impakteer op hulle vermoë om nuwe aanpassings te maak. Hierdie negatiewe spiraal het weer ‘n invoed op gesinslede se onderlinge verhoudings en ook op hulle verhoudings met die uitgebreide**

Aanvanklik het dit vir haar gevoel asof hulle met ‘n lang vakansie weg is. Die snaaksste ervaring vir Linda was dat sy nie geweet het waar Noord of Suid in die nuwe land is nie. Dit het haar ontstel, omrede sy iemand is wat in Suid-Afrika rigtingvas was en sy nie die gevoel om rigtingloos te wees kon verdra nie. Dit het met die verloop van tyd reggekom, omrede Jaco haar in die diep kant ingegooi het en sy met die Referdex (padkaart) van Brisbane hulle roetes moes beplan en navigeer.

Linda onthou hoedat die familie haar met gemengde gevoelens gegroet het. Haar ouers het hulle baie aangemoedig en selfs finansieël ondersteun. Linda se pa was destyds terminaal siek en hulle beplanning is steeds dat Linda se ma by hulle sal aansluit na haar pa se afsterwe. Hulle was intussen in Suid-Afrika om haar pa te begrawe en haar ma is van plan om vir die tweede keer te kom kuier en ook haar sake in orde te kry om self te immigreer.

Jaco se ouers het hulle immigrasie-besluit egter baie moeilik ervaar. Jaco se broer is in Suid-Afrika tragies oorlede en hierdie gebeure het hul besluit om te immigreer vir sy ouers baie meer intens gemaak. Veral Jaco se pa het dit ervaar dat hy sy tweede seun ook verloor het. Jaco verwys daarna dat sy pa dit spesifiek so verwoord het. Sy suster het in hierdie tyd toe die druk begin voel as enigste kind in Suid-Afrika, wat verantwoordelik was om haar ouers te ondersteun. Op hierdie stadium oorweeg sy ouers dit egter ook om te immigreer en hulle het reeds om permanente verblyfreg in Australië aansoek gedoen. Jaco en Linda hoop om voor die einde van 2010 sy ouers aan huis by hulle te ontvang, met die doel om vir hulle ‘n eie blyplek op hulle erf aan te bou.

---

**gesinslede wat die kern van hulle ondersteuningstruktuur vorm. Praktiese spontane omgee-aksies van lede van ‘n geloofsgemeenskap kan dus ‘n groot helende rol speel in hierdie mense se lewens, en hulle veral ook help om ‘tot verhaal’ te kom.**

Jaco het die afskeid op die lughawe baie negatief beleef. Hy het op ‘n stadium besluit om vroeër deur doeane te gaan, net om weg te kom van die “dooie gevoel” wat tussen hom en sy familie in die vertreksaal geheers het[39]. Dit het beteken dat hy ‘n uur op sy eie gehad het voordat hy toegang tot die vliegtuig kon kry. Vir hom was dit ‘n lang, moeilike vlug en hy het oor die algemeen net na die skerm, wat afstande rakende die reis beskryf en opdateer soos wat die vlug vorder, gestaar. Dit alles het verander die oomblik toe hy in Sydney geland het. Sy hele lewe het toe oor oorlewing gegaan. ‘n Plek om te bly, ‘n vervoermiddel en werksmoontlikhede sou prioriteit geniet.

Jaco het slegs kontak gehad met twee Suid-Afrikaanse gesinne voordat hy in Brisbane aangekom het. Linda se suster en haar man was net ‘n paar weke langer as Jaco in Australië en hulle het hom aanvanklik tydelik in hulle huis ingeneem. Tweedens was daar ook ‘n oud-kollega se broer in Noosa, wat twee ure noord van Brisbane geleë is. Jaco het nie besef dat Noosa eintlik ver uit Brisbane is nie en was afgehaal toe die persoon hom nie op die lughawe wou kom haal nie. Hulle het dus geen verdere kontak gehad nie. Daar was geen sprake van ‘n ondersteuningsisteem nie[40].

Linda se skoonouers het nie lughawe toe gekom om te groet toe sy en Con na Australië vertrek het nie. Hulle het nie vir ‘n tweede keer vir die afskeid kans gesien nie. Tog was Linda positief omdat sy na Jaco verlang het en hulle weer as ‘n gesin bymekaar sou wees. Con het ‘n halfuur nadat die vliegtuig opgestyg het besef wat regtig aangaan en toe erg begin huil. Linda kon toe maar net saam

---

**[39] Verlies: Wanneer gesinslede by geleentheid van afskeid sprakeloos-verstom staan, dui die emosionele ‘verlamming’ moontlik op traumaties-intense ervaring van verlies. Hier ontstaan ‘n pastorale uitdaging vir woordbedienaars, naamlik om aan hulle die raakvlakke uit te wys tussen hulle desperate verhaal van verlies, en die Bybelse verhaal van God se doelgerigte, liefdevolle, genadige betrokkenheid by die lewens van gebroke mense oor die eeue heen. God se helende verhaal mag hulle uitdaag om hulle eie verhaal van verlies te herfraseer tot ‘n hoopvolle en helende wins-verhaal.**

**[40] Ondersteuningsisteem: Dit is opvallend hoe swaar hierdie immigrantegesin gekry het in die afwesigheid van mense wat soos hulle glo en aktief omgee.**

met hom huil en saam het hulle hul hartseer gedeel, sonder woorde, want sy het nie geweet wat om te sê nie...

Jaco is nou gelukkig in Australië en het redelik vinnig nadat hy hier aangeland het, tot die oortuiging gekom dat die keuse om te immigreer die regte besluit was. Linda is egter anders. Sy sukkel soms wanneer sy deur boeke of tydskrifte blaai wat oor Suid-Afrika gaan. Dit laat haar emosioneel reageer omdat sy baie na Suid-Afrika verlang. Die mees onlangse ervaring was 'n dokumentêre program wat oor Suid-Afrika gehandel het. Volgens Linda het Jaco 'n kognitiewe besluit geneem, maar vir haar as vrou is daar baie emosie betrokke[41]. Sy stel dit soos volg: "Die besluit om te immigreer noodsaak dat 'n mens emosioneel leeg getap word in die proses om as immigrant 'n nuwe lewe in 'n nuwe land te maak."

Vir Jaco was dit veral moeilik toe hy nog moes werk soek. Hy onthou hoe vinnig hulle hulle rande uitgeleef het, omdat vyf rand ongeveer net een dollar werd was. Hy het verwerping beleef omrede hy nie in die rekenaar bedryf kon werk kry nie. Die Australiërs het volgens hom nie belang gestel in sy spesifieke vaardighede nie. Jaco het toe uitgespring en handearbeid by 'n konstruksiemaatskappy begin doen. Die gedagte was om dit net te gebruik as 'n trappie om Australiese werkservaring op te doen. Hy moes letterlik "kruiwa stoot, graaf gooi en pik slaan"[42]. Jaco kan in retrospek sien dat dit vir hom goed was omdat hy fisies kon

---

**[41] Aanpassing: Gesinslede herfraseer hulle verhale van verlies teen hulle eie tempo tot wins-verhale. Hierdie prosesseringsproses kan energie-dreinerend wees. Vir sommige is die proses meer kompleks en neem dit langer as ander en hulle het dikwels gespesialiseerde berading nodig, ten einde hulle te help om finaal afskeid neem van mense, dinge en lewensomstandighede wat na aan hulle harte was en om 'n gestagneerde rouproses tot 'n gesonde groeipunt deur te voer, asook om nodige nuwe lewensaanpassings te maak en eienaarskap van nuwe moontlikhede te aanvaar.**

**[42] Ontneming: Gevoelens van verwerping kan ervaar word deur persone met persepsies dat hulle ontneem is van geleenthede tot self-aktualisering. Die stelling " 'n Mens is 'n mens deur mense", impliseer eintlik dat self-aktualisering grotendeels plaasvind binne verhoudings. Daarom behoort 'n immigrant se spoedige betrokkenheid by 'n geloofsgemeenskap, uit 'n pastorale hoek, uiters waardevol te wees. Aan die anderkant behoort so 'n geloofsgemeenskap ook daarop gerig te wees om kapasiteit vir aktiewe, doelgerigte, gawe-georiënteerde deelname deur nuwe immigrante te skep.**

werk en so van sy frustrasies kon ontslae raak. Hierdie werksgeleentheid het ook in ‘n pos ontwikkel waar hy tans in die kantoor na die rekenaars van die onderneming omsien en sy huidige werksbeskrywing maak voorsiening vir sy eerste liefde, rekenaars, alhoewel dit nie die enigste komponent van sy werk is nie.

Die besluit om te immigreer was vir hulle ‘n “suiwer stap in die geloof.” Linda sê dat “hulle daaroor gebid het en male sonder tal besluit het die antwoord is nee, totdat hulle die groen lig gekry het.” Die wil van die Here was daarna duidelik in alles wat hulle aangepak het. Hulle glo van die begin af dat dit die Here se wil was dat hulle moes immigreer[43]. Aanvanklik het familie en vriende dit nie so gesien nie. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle weghardloop uit ‘n moeilike situasie in Suid-Afrika en dat dit nie die regte ding is om te doen nie[44].

Volgens Linda is haar lewenskwalitiet op sy beste wanneer sy slaap, want sy slaap rustig in Australië. In Suid-Afrika was sy vreesbevange as daar ‘n geluid in die huis was terwyl hulle geslaap het. Hulle glo ook albei dat hulle algemene lewenstandaard verhoog het. Hulle kan buite vleis braai sonder vrees, hulle motors staan buite in die straat sonder dat dit gesteel word en misdaad is oor die algemeen gering.

---

**[43] Besluitneming: Hierdie gesin se besluitnemingsproses blyk nie gebaseer te wees op goed-nagevorste en geverifieerde kennis nie. Hulle verkies om hulle immigrasie-besluit in geloof, gebaseer op hulle begrip van God se wil, te neem. In retrospeksie verstaan hulle dus ook dat wat gebeur, dit is wat hulle van God verwag het. Hierdie versmelting van die betekenis-horison van God se verhaal met die van hulle eie immigrasieverhaal het duidelik hulle psigies-geestelike weerstand versterk in wat Jaco by tye as ‘n oorlewingstryd ervaar het.**

**[44] Besluitneming: Hierdie gesin se ouers gebruik ‘n ander besluitnemingsproses. Die maatstaf wat hulle hier gebruik is hulle visie van wat die ‘gepaste ding’ is om te doen, gebaseer op ‘n sosiale konstruk van wat ‘gepas’ beteken, wat insluit hoe die lewe is en behoort te wees.**

Die hoofrede vir Jaco en Linda se immigrasie was egter hulle kind, Con. Hulle dogtertjie, Anita, is in Australië gebore en dit maak haar ‘n Australiese burger. Hulle glo dat hulle kinders in Australië baie beter geleenthede het en dat hulle ‘n goeie toekoms ingaan. Jaco was altyd besorg oor Linda en Con se veiligheid tuis wanneer hy nie daar was nie. ‘n Tweede bekommernis was dat hy sy werk sou verloor en dat hulle dan nie ‘n heenkome sou hê nie. Dit het by hom ‘n gevoel van magteloosheid gelaat. Die skuif na Australië het hierdie vrees egter vir hom aangespreek en weggeneem.[45]

Jaco en Linda glo dat ‘n gebore Suid-Afrikaner moet aanpas om in die Australiese kultuur aanvaar te word. Hulle beleef dit dat die Australiërs hulle as “*nuwe* Australiërs” aanvaar. Dit beteken dat hulle altyd immigrante sal wees. Tog is mense in die samelewing oor die algemeen positief oor Suid-Afrikaanse immigrante. Hulle glo dat hulle kinders as Australiërs aanvaar sal word en nie as nuwe Australiërs gereken sal word nie.

Linda sê dat Australiese ouers hulle kinders anders opvoed. Dit neem ‘n tydjie om te besef wat aanvaarbare gedrag in die nuwe kultuur is. Een voorbeeld hiervan is die wyse waarop Suid-Afrikaners hulle kinders in die openbaar dissiplineer. Sy het ‘n paar slegte aanmerkings verduur omdat sy streng was met haar kinders. Ten spyte hiervan het sy tog goeie vriendskappe met Australiese ma’s gesluit en skakel sy nou gerieflik op sosiale vlak in.

Hulle aanvanklike geestelike tuiste was by ‘n inter-denominasionele Afrikaanse kerk wat nie meer bestaan nie. Hulle het as gevolg van die sameloop van omstandighede in die kerk seergekry. Hulle voel dat hulle hul vingers verbrand

[45] **Besluitneming: Bo en behalwe vir die feit dat Jaco ‘n geloofsbesluit geneem het, vind hierdie besluit veral ook plaas op die vlak van ‘n ervaring wat na vore kom deur die uitspeel van ‘n verhaal wat hy in sy verbeelding omdra.**

het en is bekommerd wanneer daar net Suid-Afrikaners in ‘n geloofsgemeenskap bymekaar is. Dit is vir hulle ‘n onnatuurlike situasie[46].

Hulle woon ongeveer 50 minute se ry van die gemeente van Mansfield af waar hulle tans aanbid. Hulle is van die mense wat die verste ry om die gemeente-aksies by te woon. Die rede vir hierdie opoffering is dat hulle dit beleef dat hulle broers en susters in Christus in Mansfield het. Hulle beleef die gemeente as God se familie en dit was veral die Australiese Christenvriende wat hulle in tye van nood bygestaan het. Hulle sien mede-Christene as ware broers en susters, wat beteken dat hulle sekere mense enige tyd van die dag of nag kan bel as daar ‘n krisis is. Dit skep ‘n gevoel van vrede in hulle gemoed[47].

Die vraag: “Waarom wil die Here julle in Australië hê?” antwoord hulle soos volg: “Ons seun, Con, het ‘n unieke probleem. Die Australiese regering ondersteun kinders wat in die hoofstroom sukkel baie goed en hulle akkomodeer hom op ‘n

---

**[46] Omgee: In heterogene samelewings word kerke feitlik altyd gekonfronteer met ‘n onvermoë om te onderskei tussen kultuurgemeenskap en geloofsgemeenskap; en gaan medegelowiges selfs gebuk onder onderlinge diskriminasie op grond van sosiale stand, velkleur en geslag (‘gender’). Ook immigrante, kry met verloop van tyd onder soortgelyke omstandighede seer in kerke. ‘n Groot deel van die Australiese gemeenskap gaan gebuk onder die persepsie dat kerke ongebalanseerde, kultus-agtige groeperinge is waar misbruik en mishandeling van mense onderliggend is en wat daarom ten alle koste vermy moet word, of ten minste baie versigtig benader moet word. Elke kerk moet hierdie persepsie ernstig aanspreek, deur introspeksie te doen, voorsorg te tref, foute te herstel en ernstig te bid dat God hulle van die bose sal bewaar.**

**[47] Omgee: Daar word vandag verskeie metafore gebruik om die identiteit van die ware kerk uit te beeld en te kommunikeer, bv. ‘Geloofsgemeenskap’, ‘Liggaam van Christus’, ‘Familie van God’, ‘Kudde van die Goeie Herder’, ‘Soldate in Geestelike Oorlogvoereing’, ‘Burgers van God se Koninkryk’, ‘Volgelinge van Christus’, ensovoorts. Al hierdie metafore is Bybelse metafore, en hulle betekenis word telkens verhelder wanneer die betekenis-horisonne van die onderskeie metafore versmelt. Die uiteindelike gemene deler kan moontlik beskryf word met die term ‘DNA van die Liggaam van Christus’. Jesus het gesê dat ‘n boom aan sy vrugte geken sal word. ‘n Onteenseglike en nie verhandelbare kenmerk van die ware kerk is sonder twyfel die aanwesigheid van menslike omgee-aksies gedring deur die liefde van God in Christus Jesus ons Here. Jesus het homself baie duidelik oor hieroor uitgespreek in Mattheus 25:40-46.**

besonderse wyse by die skool. In Suid-Afrika sou ons waarskynlik ‘n groter probleem gehad het.”

Linda het na die vorige negatiewe gemeente-ervaring in Australië ‘n geloofskrisis beleef tot by die punt waar sy nie meer geweet het wat sy regtig glo nie. Die geloofsgemeenskap in Mansfield het haar in die geloof laat groei en dit is haar belewenis dat hulle weekliks nader aan die Here groei. “Kerkwees hier is anders omdat jy uit jou gemaksone is,” sê Linda. “Hier word alles getoets en nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Jy as persoon word nie gereken nie. Jy het nie ‘n geskiedenis in hierdie land nie. Jy is ‘n nuwe immigrant. Dit dwing jou op jou knieë”.

Jaco en Linda sien hulleself as diensbaar aan God en die gemeente. Hule vra na die wil van die Here vir hulle nuwe lewe in Australië[48].

Die positiewe van Australië vir die Bothas is dat almal gelyk geag word. Dit maak nie saak watter werk jy doen of waar jy gestudeer het of watter tipe motor jy ry nie. Jaco en Linda stem saam: “Hulle reken jou vir wie jy is en nie vir wat jy het nie.”

Ten slotte gee hulle redes waarom hulle weer die keuse sou uitoefen om te immigreer: hulle het goeie vriende gemaak wat vir hulle soos familie is, hulle

---

**[48] Geloof: ‘n Geloofsgemeenskap kan vandag vergelyk word met ‘n vrou se baarmoeder. In lande waar ‘n ongebore kind geen regte het nie en beskou word as deel van die moeder se liggaam waaroor sy self kan besluit, kan dit of die veiligste plek op aarde vir hom wees, of die onveiligste. ‘n Geloofsgemeenskap wat veral op sterk sosiale verhoudings gebaseer is (‘n sosiaal aantreklike en behoefte-georienteerde gemaksone), maar op swak of onbybelse geloofsbeginsels, is seker die gevaarlikste plek vir ‘n jong Christen. Die teendeel is sekerlik ook waar. Suiwer Woordbediening wat in gehoorsaamheid oorgaan in Godverheerlikende menslike omgee-aksies is sekerlik een van die veiligste geestelike omgewings vir ‘n immigrantegesin om in tuis te kom.**

kwalitiet van lewe en gesinslewe is ‘n vreugde en hulle het ‘n geloofsverdieping ervaar. Daar is egter een waarskuwing en dit is dat immigrasie baie druk plaas op ‘n huwelik. Vir hulle is dit belangrik dat albei huweliksmaats wat wil immigreer vooraf daaroor saamstem, alvorens die immigrasieproses aangepak word[49].

Linda se slotopmerking is: “Australië is nie Suid-Afrika nie, maar dis ‘n wonderlike land.”

### Respondent 2

Die frase dat Jaco se pa hulle immigrasie sien as die verlies van nog ‘n seun en sy suster wat die druk ervaar as enigste kind in Suid-Afrika kan moontlike skuldgevoelens by Jaco veroorsaak wat veral sy verhouding met sy suster negatief kan beïnvloed.

Enige groot besluit wat ‘n persoon neem het ‘n fisiese, kognitiewe en emosionele komponent. Die kognitiewe deel word gewoonlik makliker deur mans aangespreek en die emosionele komponent deur vrouens. Jaco noem dat hy ‘n “dooie gevoel” by die lughawe ervaar het en dat hy gefokus het op oorlewing toe hy in Brisbane aangekom het. Ek is besorg dat Jaco nog nie die emosionele impak wat die immigrasie op hom gehad het aangespreek of gekonfronteer het nie. Indien dit nie gebeur nie kan dit spanning veroorsaak in die huweliksverhouding, veral omdat Linda die immigrasie baie emosioneel beleef en Jaco se emosionele begrip en ondersteuning nodig het.

[49] **Berading: Pastorale versorging tussen gemeentelede onderling en die beskikbaarheid van meer gespesialiseerde berading is belangrik vir veral gemeentes wat immigrantegesinne bedien.**

In die verhaal word gesê dat Con hulle seun 'n "unieke probleem" het en sukkel om in die hoofstroom aan te pas. Ek is dus besorg oor Con se aanpassing in Australië. Kinders met probleme sukkel meer as ander kinders om by nuwe omstandighede en veranderinge aan te pas. Emosionele, gedrags- en leerprobleme is ook meer geneig om teenwoordig te wees. Ek wonder dus watter tipe ondersteuning en hulp Con ontvang om hom te help om aan te pas in Australië.

Jaco noem dat hy verwerping beleef het terwyl hy werk gesoek het hier in Australië. Ek is besorg oor die impak wat dit op sy selfbeeld gehad het, veral omdat hy gedwing was om werk te doen wat nie sy voorkeur was nie. Werkstevredenheid veral by die broodwinner speel 'n belangrike rol in nie net die persoon se verhouding met homself nie, maar ook die gesinsverhoudinge.

Linda noem in haar verhaal dat daar 'n verskil is in hoe ouers hulle kinders dissiplineer hier in Australië. Hierdie verskil in opvoedingstyl kan moontlik twee probleme veroorsaak. Die een is dat die kinders, wanneer hulle ouer word en meer goedkeuring van hulle portuurgroep soek, kan rebelleer teen die strenger opvoedingstyl. Die tweede is dat die ouers die meer permissiewe opvoedingstyl van Australiërs kan oorneem en moontlik beheer oor hulle kinders verloor.

### Respondent 3

It is noteworthy that the Bothas have seen their immigration as the will of God and to note the correlation between a decision made on one's own merits or on reliance on God. Despite the pain and heartache of moving cross-culturally, there is an underlying peace and dependence on God that made the move more

bearable. They perceive their move to Australia as a 'pure step in faith' and that it is God's will for them to be here.

The most striking comment in the story of the Bothas is the statement by Linda that church and worship is different in Australia because you are taken out of your comfort zone. "Here everything is tested and nothing is taken for granted." It brings to mind the exile story of Israel where those in exile ultimately rediscovered the Lord because they were also ultimately stripped of hindrances to their faith. Not that I at all see immigration as a punishment of sin or God's judgment, I merely point to the notion of complete and utter spiritual nakedness before God. Jeremiah 29:13 gave the summary for the result of the exile: "You will seek me and find me when you seek me with all your heart."

From before the immigration process even started, Jaco and Linda were drawing nearer to God to seek his will in how and when to make the move. It is times of personal crisis like immigration that often can spark spiritual renewal. They did not find God in Australia, God was very much in the picture while considering options in South Africa; rather their eyes were opened to see God in a fresh new light after immigrating. They feel called to serve in Mansfield, not because they have received a specific calling to serve there, but because they have been called in service to the God who revealed himself to them when they sought him out. They will serve Him anywhere, because they love Him.

### Respondent 4

Numerous sources of stress were identified in Jaco and Linda's immigration story. These include practical issues associated with immigrating (e.g. losing luggage), negative life events (i.e. the deaths of two family members), feelings of

grief and loss (including Linda's sense of loss of control), rejection (i.e. Jaco not being able to find work in his field of expertise), having a child with a specific need (an its associated difficulties), family and friends' negative attitude regarding the move (i.e. "they are running away"), cultural differences, and a lack of social support. These stressors in turn can lead to various psychological difficulties including: stress, depression, anxiety, bereavement, post traumatic stress disorder, substance abuse, adjustment disorder, and relationship distress (not only between partners, but also between parent and child).

## 2.2 Refleksie op besorgdhede rakende die immigrasieverhale

Die verskillende reaksies deur die respondente vertolk hulle unieke interpretasies van die ware verhale van gelowige immigrante. Daar is oorvleuelings, aanvullings en selfs enkele verskille in interpretasie vanuit die verskillende perspektiewe.

Van Huyssteen (2006:21) maak die volgende interessante opmerking: "Transversal rationality is now fused with consciousness and self-awareness and this consciousness is then unified by an experience of selfpresence, emerging over time from a remembering self-awareness/consciousness in which diverse past experiences are transversally integrated *as we reach out to others.*" Die transversale rasionaliteit maak dus vir 'n fokus op patrone van diskoers en die aksies wat daarmee gepaard gaan voorsiening. Hierdie multi-dimensionele studie vind daarom by die groter gesprek tussen gespreksgenote, in plaas van 'n enkelsydige interpretasie deur die navorser alleen, baat.

Die multi-dimensionele gesprek ontvou soos volg wanneer daar na die vyf verhale afsonderlik gekyk word, met die doel om te soek na die transversale rasionaliteit soos hierbo beskryf:

### 2.2.1 Johan en Ansie van Zyl

Beide respondent 1 en 3 wys vanuit 'n teologiese raamwerk daarop dat die verhaal betekenis het op die vlak van kerk-wees in die lewens van gelowiges. Hierdie verhaal wys op 'n "*seerkry-tendens*" van gelowige mense, wat negatiewe ervarings in kerke beleef en as immigrante nie die ervaring wil herhaal in 'n *nuwe geloofsgemeenskap* nie. Hierdie tendens het ernstige gevolge vir die nuwe identiteit wat benodig word om suksesvol in te skakel in 'n nuwe kultuur en 'n nuwe land.

Die integriteit van die geloofsgemeenskap en die rol wat die geloofsgemeenskap speel in die lewens van mense staan op die voorgrond. Die geestelike groei kan negatief wees deur "seerkry-ervarings" of dit kan positief wees deur die "*omgee-aksies* van mense." Die dogma van die kerk speel in hierdie verhaal nie so 'n sterk rol soos die uitreik en omgee-aksies van mense nie, soos opgemerk deur respondent 1.

Respondent 2 wys op die belangrikheid van die behoud van *kultuur en taal* in hierdie verhaal van Afrikaanssprekende immigrante. Respondent 1 is egter van mening dat die begrip 'kerk' in Suid-Afrika 'n sterk kulturele karakter dra, maar in Australië meer dié van 'n geloofsgemeenskap behoort te wees, aangesien daar in Australië meer as 200 nasies of kulture verteenwoordig word. *Verhoudings* wyer as net die gesin word uitgewys en daar is 'n besorgdheid dat die uitreik en omgee vir ander, hoofsaaklik ander gebore Suid-Afrikaners insluit, maar die wyer

ongelowige gemeenskap uitsluit. Die uitwys van *diensbare leierskap* as 'n integrale deel van die geloofsgemeenskap het groot betekenis in die omgee- en uitreikaksies van immigrante teenoor mekaar. Die leemte van diens aan persone buite die geloofsgemeenskap bly egter 'n besorgdheid.

Respondent 1, 2 en 4 wys die stres waaronder *verhoudings* tussen huweliksmaats, asook tussen ouers en kinders verkeer, as belangrik uit. Die reaksies hierop verskil grootliks. Vanuit 'n kliniese sielkundige oogpunt word terapie voorgestel en vanuit 'n pastorale oogpunt word die belangrikheid van 'n *geloofsgemeenskap* uitgewys. Hierdie studie sien beide hierdie interpretasies as waardevol en beskou dit as aanvullend tot mekaar.

Volgens respondent 1 loop immigrant-Christene die gevaar om, in hulle soeke na 'n beter lewe vir hulle en hulle kinders, beide 'n selfgesentreerde en selfsugtige verbruikersmentaliteit te ontwikkel. Die gevolg mag wees dat hulle kinders die integriteit van hulle geloof mag bevraagteken, en self in *vertwyfeling* mag verval. Die tendens in Mansfield gemeente is om hierdie nuwe immigrant-gesinne so spoedig moontlik te betrek by die praktiese funksionering van die 'Liggaam van Christus' binne die nuwe geloofsgemeenskap en sodoende in 'n nuwe kulturele konteks te hervestig.

### 2.2.2 Ben en Jackie de Vos

Daar bestaan konsensus dat *besluitneming* en die prosesse wat daarmee verband hou hierdie verhaal oorheers. Respondente 1 en 3 verskil egter in hulle interpretasie rakende die rol wat die wil van God speel en die logiese besluitnemingsprosesse wat by Ben 'n groot dryfveer is. Respondent 3 sien Ben se belewenis dat God teenwoordig was in hulle rasionele immigrasiebesluit as 'n

positiewe bydrae, terwyl respondent 1 dit egter uitwys dat 'n *kognitiewe* en *rasionele* besluit onbewustelik 'n *emosionele* komponent bevat.

Respondent 2 maak 'n waardevolle bydrae wanneer sy 'n bepaalde klem op *Christelike opvoeding* plaas en die rol wat dit in hierdie verhaal speel. Sy gaan van die veronderstelling uit dat die *kultuur* in Suid-Afrika Ben en Jackie se manier van opvoeding spesifiek beïnvloed het en dat daar sekere botsings met die Australiese kultuur na vore gebring word in die lewens van hulle kinders.

Respondent 2 en 4 is vanuit 'n sielkundige oogpunt besorg oor verskeie *stressors* in die lewens van Ben en Jackie, wat die swak gesondheid van Ben se ma en die negatiewe ingesteldheid ten opsigte van immigrasie van Jackie se ouers insluit. Die druk en spanning waaronder hierdie verhoudings verkeer, kan skuldgevoelens en *onverwerkte emosies* 'n realiteit maak waaraan aandag gegee behoort te word.

Ben en Jackie se ervaring van God binne hulle verhaal is vir respondent 1 betekenisvol. Hy maak die opmerking dat hulle God se betrokkenheid *eensydig* beleef en God se seën aan hulle belewenis van Sy teenwoordigheid in hulle verhaal koppel. Die geldige vraag wat Hy gevolglik vra is of God ook teenwoordig is wanneer mense swaarkry en in nood verkeer.

Respondent 3 meld dat *twyfel en pyn* wat gedurende krisistye beleef word mense noodsaak om te vra na die teenwoordigheid van God. Sodoende beleef hulle dat terwyl hulle diensbaar is op 'n sekere plek en tyd, God hulle deur die moeilike tye dra.

Ouers van immigrant-gesinne wat in Suid-Afrika agterbly moet die opoffering maak om hulle kinders te laat gaan en ervaar, volgens respondent 1, *gedwonge verliese* wat impakteer op hul geloofslewe en bring die vraag na *geregtigheid* na vore.

Respondent 1 wys op die negatiewe gevolge wat onverwerkte gevoelens van *verlies* mag hê op immigrante nadat hulle moes afstand doen van hulle geboorteland en tyd wat hulle saam met hulle geliefdes spandeer.

### 2.2.3 Pieter en Karien Venter

Hierdie verhaal wys 'n totale ander tendens uit as die meeste immigrasieverhale in die sin dat hier sprake is van *globalisering* in plaas van immigrasie. Pieter leef elke dag in die werklikheid van Suid-Afrika, deurdat hy spesifieke besigheidsbelange daagliks daar in stand hou, al woon en leef hy in Australië. Sy werklikheid is selfs groter as dit – hy doen regoor die wêreld besigheid. Respondent 1 wys tereg daarop dat hierdie gesin met hulle 'normale' lewenswyse voortgaan, maar vanuit 'n ander 'hoofkwartier'. Hulle neem nie werklik afskeid nie en kan dit bekostig dat hulle leefwêreld beide lande insluit. Die hele skuif na Australië is dus fyn beplan.

Hierdie insluiting van *globalisering* het spesifieke gevolge vir die *kinders*. Respondent 1, 2 en 4 wys op die *komplekse verhoudings* van die kleinkinders met hulle grootouers. Karien se ouers se onvermoë om die Venters se immigrasiebesluit te verstaan, word waarskynlik gevoed deur 'n onvermoë om globalisering en die uitkomste daarvan te begryp.

Globalisering kan beide negatiewe en positiewe gevolge op die omgee-aksies van mense hê. Positief kan dit *" 'n onbaatsugtige gee"* en investering van verskeie hulpbronne wees. In die geval van die Venters sien ons hierdie positiewe uitlewing in hulle beskikbaarstelling van hulself as *diensbare leiers* in 'n nuwe geloofsgemeenskap in Brisbane. Hierdie geloofsgemeenskap is egter net een deel van hulle realiteit. Die negatiewe gevolge van globalisering kan 'n "*selfsugtige en eiesoortige alleen-lewe"* tot gevolg hê. Hiervan is daar egter nie ooglopend sprake by die Venters nie. Die feit dat hulle rekening hou met God se wil in hulle lewe, is volgens respondent 3 die anker en sukses in hulle immigrasieverhaal.

Alhoewel die Venters glo dat hulle geïmmigreer het binne die wil van God, het hulle egter 'n kognitiewe besluit geneem om te immigreer. Respondent 2 is besorg dat daar 'n moontlike spanning tussen die soeke na die wil van God en die besluitnemingsprosesse van hierdie gesin bestaan.

### 2.2.4 Anton en Suzet Muller

Respondente 2 en 3 sien die vinnig-veranderende besluit van Anton en Suzet om te immigreer as 'n bron van kommer. Hierdie manier van *besluitneming* het gevolge: Anton sukkel om te integreer in die Australiese kultuur en hulle kinders loop die risiko van *gedrags- en aanpassingsprobleme*. Respondent 3 brei verder hierop uit deur te verwys na die verskillende interpretasies van Anton en Suzet ten opsigte van hulle immigrasieverhaal en wys daarop dat daar wesenlike verskille is wat aandag behoort te geniet ter wille van hulle huweliksverhouding.

Respondent 1 wys op die feit dat die Mullers *'n oop besluit* geneem het. Dit beteken dat hulle hulself nooit werklik tot immigrasie verbind het nie. Die gevolge

hiervan kan verreikend wees. Die eerste gevolg is ‘n onvermoë om in die Australiese kultuur in te skakel. Die Australiërs het ‘n term daarvoor – hulle noem mense wat nie die “sprong” na ‘n nuwe kultuur wil maak nie “*migrants*” en nie “immigrants” nie.

Die tweede gevolg is ‘n gebrek aan investering, wat ‘n lewenswyse word. Mense besluit om eerder ‘n huis te huur as te koop of ander suiwer finansiële beleggings te maak – ten einde beheer daaroor te hou, ongeag waar in die wêreld hulle hulself mag bevind. Dit het moontlik ook ‘n impak op die wyse waarop hulle hulself verbind (of nie verbind nie), tot verhoudings en verantwoordelikhede in Brisbane en in die vriendekring en kerk waarby hulle betrokke raak. ‘n Verdere gevolg is die *grootouers* se uitdaging om die “*oop besluit*” te aanvaar, omrede daar altyd ‘n *onsekerheid* en ‘n hoop bestaan dat hulle weer in Suid-Afrika kan vestig.

Agterblywende ouers van immigrante ervaar volgens respondent 1 waarskynlik baie ernstige gevoelens van verlies op ‘n gevorderde tyd van hulle lewens, wanneer interaksie met hulle kinders en kleinkinders dikwels ‘n groot aandeel in hulle lewenssin en motivering het, veral wanneer hulle aftree-ouderdom nader kom of reeds bereik is. *Skuldgevoelens* word deur respondent 2 as besorgdheid uitgewys in die sin dat dit Anton kan verhoed om selfaktualisering te vind en ‘n suksesvolle aanpassing in die nuwe land te maak. Respondent 4 sluit hierby aan deurdat hy die moeilike *kulturele aanpassing* van die Mullers as moontlike gevolg van die vinnige besluit om te immigreer sien.

Respondent 4 identifiseer vanuit ‘n kliniese sielkundige oogpunt dat weerstand van ouers teenoor die immigrasiebesluit, negatiewe ervarings by Anton se werk, verlange na familie in Suid-Afrika en verlies aan sosiale kontak en ‘n ondersteuningstruktuur, aanpassingsprobleme in die nuwe land kan veroorsaak.

### 2.2.5 Jaco en Linda Botha

Respondent 4 identifiseer negatiewe lewenservarings (verlies van ‘n geliefde), gevoelens van hartseer en verlies, verwerping, die uitdagings verbonde aan ‘n kind met spesiale behoeftes, die negatiewe ingesteldheid van familie en vriende jeens die immigrasiebesluit, kultuurverskille en ‘n gebrek aan ‘n ondersteuningstruktuur, as *bronne van spanning* in hierdie immigrasieverhaal.

*Gevoelens van verlies* is deur respondent 1 in hierdie verhaal geïdentifiseer, wat ‘n duidelike impak op verhoudings het. Die Bothas het traumatiese gevoelens van verlies beleef, veral tydens die aanpassingsperiode in hulle nuwe omstandighede. Hulle het volgens respondent 1 verliese ervaar aan ‘n ondersteuningsnetwerk, die beskikbaarheid van geleenthede tot self-aktualisering, die beskikbaarheid van hulpbronne, hulle vermoë om persoonlike doelstellings te realiseer en aan stabiele en voorspelbare lewensomstandighede. Daar is ‘n besorgdheid oor Jaco wat aanvanklik nie in Australië kon werk kry in sy spesifieke beroepsrigting nie. Dit het die gevolg van oorlading op alle vlakke in hulle daaglikse lewe gehad. Respondent 2 sluit hierby aan deurdat sy uitwys dat Jaco se *selfbeeld en werksbevrediging* in hierdie tyd kon seerkry.

Respondent 1 beskryf dit as ‘n “*emosionele verlamming*”. Hy merk op dat dit opvallend is hoe swaar hierdie immigrantegesin gekry het in die afwesigheid van mense wat soos hulle glo en aktief omgee. Die negatiewe kerk-wees-ervaringe van die verlede het ook op die Bothas geïmpakteer en hulle inskakeling in die nuwe geloofsgemeenskap gevolglik bemoeilik.

Tog het die omgee-aksies van mense by Mansfield Christian Reformed Church ‘n rol gespeel in die “tot verhaal kom” van die Bothas. Respondent 1 beveel aan

dat spoedige en effektiewe inskakeling by 'n 'Liggaam-van-Christus-vormige geloofsgemeenskap' 'n belangrike rol in hierdie verband speel tydens die aanpassingsperiode van immigrante. Die *geloofsgemeenskap* het dus die rol vertolk van 'n andersins gebrekkige ondersteuningstruktuur.

Die Liggaam van Christus-model by die Mansfield Christian Reformed Church het die deurslag gegee in die inskakeling by die *geloofsgemeenskap* – eerder as die dogma of teologiese *herkoms of tradisie*. 'n Onteenseglike en nie verhandelbare kenmerk van die ware kerk is volgens respondent 1 sonder twyfel die aanwesigheid van menslike *omgee-aksies* gedring deur die liefde van God in Christus Jesus ons Here. Jesus het Homself baie duidelik oor hieroor uitgespreek in Mattheus 25:40-46.

Hierdie gesin se *besluitnemingsproses* blyk volgens respondent 1 nie gebaseer te wees op goed-nagevorste en geverifieerde kennis nie. Hulle verkies om hulle immigrasiebesluit in geloof, gebaseer op hulle begrip van God se wil, te neem. Die besluitnemingsproses kan dus as *'n daad van geloof* beskryf word. Respondente1, 3 en 4 wys dit duidelik uit as 'n ware *afhanklikheid* van die Here, selfs ten tye van 'n stryd om fisiese oorlewing in 'n nuwe land en 'n nuwe kultuur.

Respondent 2 merk op dat die verskil in *opvoedingstyl* tussen Suid-Afrika en Australië moontlik twee probleme kan veroorsaak. Die een is dat die kinders, wanneer hulle ouer word en meer goedkeuring van hulle portuurgroep soek, kan rebelleer teen die strenger opvoedingstyl. Die tweede is dat die ouers die meer permissiewe opvoedingstyl van Australiërs kan oorneem en moontlik beheer oor hulle kinders verloor.

## 2.3 Samevattende opmerkings ten opsigte van besorgdhede rakende die immigrasieverhale

Die mate van ooreenstemming tussen die respondente was meer as net interessant – dit was 'n bevestiging dat verstaans-horisonne vanuit verskillende perspektiewe in verskeie gevalle aanvullend gelees behoort te word. Vanuit die respondente se refleksie op die immigrasieverhale in hierdie hoofstuk word die volgende interpretasies nou soos volg gemaak:

- **Seerkry-tendense**: Stres, onverwerkte emosies en skuldgevoelens word uitgewys as deel van die seerkry verbonde aan immigrasie.

- **Verliese**: Negatiewe lewenservarings ontstaan vanweë immigrante se verlies aan identiteit, beroepsekuriteit, geboorteland en finansiële verliese.

- **Verhoudings**: 'n Behoefte aan 'n ondersteuningstruktuur bestaan in die afwesigheid van familieverhoudings. 'n "Emosionele verlamming" word gesien as gevolg van die vervreemding van die immigrante van hulle ouers en die kinders se verliese en behoefte aan verhoudings met hulle grootouers.

- **Geloofsgemeenskap**: Die 'omgee-aksies' van mense in die nuwe geloofsgemeenskap is as betekenisvol in die lewens van immigrante uitgewys.

- **Diensbare leierskap**: Diensbare leierskap ontwikkel binne die konteks van immigrasie as 'n natuurlike uitvloeisel van die wyse van bestaan van die geloofsgemeenskap.

- **Die belewenis van God se teenwoordigheid**: Hoe immigrante God se teenwoordigheid in hulle lewens ervaar, is deel van die vertellings van mede-navorsers en hulle verhale is ryk aan sowel geloofstaal as twyfeltaal, wat dui op die belangrikheid hiervan.

- **Kultuur en taal**: Kultuur en taal word deur die respondente as belangrik op twee vlakke uitgewys. Eerstens is daar die stryd om behoud van die Afrikaanse kultuur en taal en tweedens is daar die pyn wat met aanpassing by die Australiese kultuur gepaard gaan.

- **Aanpassing van kinders**: Kinders se aanpassing word bemoeilik teen die agtergrond van die verskillende opvoedingstyle in Suid-Afrika en Australië wat as verwarrend beleef word.

- **Vertwyfeling en pyn**: Twyfelvrae kom regdeur die verhale na vore en wanneer immigrante 'n oop 'geen-finale-besluit'-benadering volg, verger dit die pyn en twyfel wat in die verhale opgeteken word.

- **Besluitneming**: Besluitneming word uitgewys op meer as net die kognitiewe vlak. Emosionele, psigiese en spirituele aspekte vorm deel van die besluitnemingsprosesse van mede-navorsers.

- **Globalisering**: Hierdie verskynsel word as 'n vertakking van immigrasie, met die uitdagings en aanpassingseise wat dit meebring, uitgewys.

Hierdie samevattende opmerkings rakende die besorgdhede van respondente, ten opsigte van die verhale van Suid-Afrikaans gebore immigrante, het 'n ontwikkeling ondergaan in hierdie studie. Hierdie ontwikkeling word gestimuleer deurdat mede-navorsers hulle verhale vertel en toegelaat word om self interpretasies op hulle verhale te maak, alvorens respondente inter-dissiplinêre bydraes lewer wat die navorser in staat stel om soos hierbo uiteengesit hierop te reflekteer.

Die kritiese en inter-dissiplinêre dialoog word nou voortgesit deurdat die respondente gevra is waarom hul vakgebied 'n unieke bydrae maak tot die gesprek.

## 2.4 Waarom bied u dissipline/vakgebied 'n unieke perspektief op die verhale?

### 2.4.1 Respondent 1

Pastorale gesinsterapie kan ten minste drie belangrike perspektiewe op hierdie verhale bied. Eerstens kan dit 'n pastorale perspektief en tweedens 'n gesinsterapeutiese perspektief bied. 'n Derde unieke perspektief kom na vore waar die betekenis-horisonne van die pastorale en gesinsterapeutiese perspektiewe versmelt. Hierdie unieke perspektief word grotendeels belig vanuit die wyse waarop teologie, praktiese teologie en pastorale teologie gedefinieer word.

Ek verkies om *teologie*, vir die doeleindes van hierdie ondersoek, te definieer as die wetenskaplike studie van die totale narratiewe werklikheid aangaande die God van mense en die mense van God. Hieruit volg 'n werkbare definisie vir *praktiese teologie*, naamlik die sistematies gestruktureerde, aaneenlopende eko-

hermeneutiese proses waardeur gepoog word om menslike aksies wat verband hou met die verhale van die Christelike geloofsgemeenskap, te verlig en te vernuwe. Praktiese teologie kan as pastorale teologie beskryf word, waar (in die bogenoemde definisie) die begrip 'aksies' meer spesifiek infokus op 'omgee-aksies' ('caring actions'). Kenmerkend van pastorale gesinsterapie as vakgebied is dus dat dit eko-hermeneuties kan infokus op die menslike 'omgee-aksies' wat verband hou met die verhale van die Christelike geloofsgemeenskap.

### 2.4.2 Respondent 2

Opvoedkundige sielkunde is 'n wetenskap wat die kind in sy totale bestaan bestudeer. Die doel is om die kind te leer ken en te begryp asook om metodes te ontwerp om die kind te help om volwasse te word. Opvoedkundige en sielkundige kennis word gebruik om die ouers, die kind en ander opvoeders te help om die betrokke probleme te oorkom.

Elke kind bevind homself by die huis en by die skool in 'n spesifieke opvoedingsituasie. Opvoeding is egter nie altyd suksesvol nie en dikwels is die kind se reaksie op opvoeding nie na wense nie. Die gevolg is dan baie keer leer-gedrags- en/of emosionele probleme by die kind. Wanneer die kind se probleme van so 'n aard is dat die ouers en ander opvoeders se hulp nie suksesvol is nie kan die opvoedkundige sielkundige help.

Die opvoedkundige kennis en perspektief kan insig verskaf in veral die kinders se opvoedingsituasie, ontwikkeling, leerervaring, leerbetrokkenheid, en enige kwessies wat daarmee geassosieer word.

### 2.4.3. Respondent 3

My perspektief as jeugwerker en student in die teologie fokus my aandag op die kinders in die gesinne. Integrasie in die Australiese kultuur vir 'n jongmens is van kardinale belang en dit is my opinie dat die verhaal van immigrasie 'n baie spesifieke en unieke karakter dra. Die kinders moet integreer in die nuwe kultuur en samelewing en hulle het nodig om saam met ander gelowige jongmense in 'n Australiese geloofsgemeenskap in te skakel.

'n Verdere bydrae wat ek wil maak is rakende die geestelike vorming van die huisgesin in Australië. Gesinne moet hulself weer vind in 'n nuwe geloofsgemeenskap en hulle moet die geleentheid gegun word om hulle belewenisse met ander te deel. Die fokus hier is die sekuritiet wat 'n lewende verhouding met Jesus Christus as persoonlike Verlosser en Saligmaker bring.

### 2.4.4 Respondent 4

Psychology is an academic and applied discipline involving the systematic, and often scientific, study of human mental functions and behaviour. Moreover, it is a scientific discipline founded on sound theoretical frameworks and empirical research. A psychological assessment aims to take into account all the factors that may have an impact on the psychological well-being of an individual. The aim is then to modify the factors that are hypothesised to be causing distress to an individual. These factors may include negative/traumatic life events (such as migrating to a new country), everyday stressors, dysfunctional cognitions, relationship difficulties and poor social support. Psychology is therefore unique in

that it adopts a holistic approach and aims to improve the psychological well-being of an individual through reducing their mental, physical, and spiritual distress rather than solely adopting physical or spiritual approaches.

## 2.5 Refleksie op die unieke perspektiewe wat die verskillende dissiplines bied

### 2.5.1 Respondent 1

Die verstaanshorisonne van ‘n pastorale en ‘n gesinsterapeutiese perspektief versmelt om ‘n prakties-teologiese perspektief te bied. Hierdie perspektief vind sy unieke bydrae wanneer die *omgee-aksies* van mense soos beskryf in die immigrasieverhale bestudeer word binne ‘n spesifieke *geloofsgemeenskap*.

### 2.5.2 Respondent 2

Opvoedkundige sielkunde is die wetenskap wat die kind in sy totale bestaan bestudeer. Die *ouer-kind-verhouding* word dus in hierdie studie ingesluit om ‘n holistiese blik te bied op die studieveld met die doel om sodoende die ontwikkeling, leerervaringe, leerbetrokkenheid van die kind en enige verwante kwessies uit te wys.

### 2.5.3 Respondent 3

Die fokus van ‘n teologiese student en jeugwerker vir die doel van hierdie studie is om die jongmens en sy aanpassing binne ‘n nuwe kultuur en samelewing te bestudeer. Die unieke veld van studie sluit die *jongmens se geestelike vorming en ontwikkeling binne ‘n gesinstruktuur* in, as integrale deel van die samestelling van die geloofsgemeenskap in die Mansfield Christian Reformed Church.

### 2.5.4 Respondent 4

Die kliniese sielkunde is ‘n akademiese, wetenskaplike dissipline wat aangewend word om menslike funksies en gedrag te verstaan. Die fokus is op ‘n *holistiese verstaan van die welwese* van die verskillende *individue* wat in die immmigrasieverhale beskryf word.

## 2.6 Samevattende opmerkings ten opsigte van die unieke perspektiewe wat die dissiplines bied

Uit die bogenoemde bydraes is dit duidelik dat elke dissipline ‘n unieke bydrae en fokus het. Die interessante gemene deler is dat alle vakgebiede wat in hierdie studie saamgevoeg is, ‘n holistiese benadering voorstaan. Die interpretasie van wat met ‘n holistiese benadering bedoel word, verskil egter en die invalshoeke lewer dus ‘n *aanvullende en verrykende verstaan* van die immigrasieverhale in hierdie studie.

- Die *kliniese sielkunde* lewer ‘n holistiese bydrae wat soos volg gekwalifiseer word: die welwese van verskillende individue is die fokus van studie.

- Die *kindersielkunde* belig die verhouding tussen ouers en kinders wat immigreer met die doel om ‘n bydrae te lewer tot die groter gesprek in terme van die ontwikkeling van kinders ten tye van immigrasie.

- Die *prakties-teologiese* perspektief wys die omgee-aksies van mense uit wat ‘n wesenlike deel van die geloofsgemeenskap uitmaak en waar mense van mekaar afhanklik is en mekaar nodig het.

- Die *perspektief van ‘n jeugwerker* vir die doel van hierdie studie is die jongmens se geestelike vorming en ontwikkeling ten tye van immigrasie binne ‘n gesinstruktuur en in ‘n geloofsgemeenskap.

## 2.7 Waarom dink u sal u perspektief deur ander dissiplines verstaan en waardeer word?

### 2.7.1 Respondent 1

Ek is nie daarvan oortuig dat ander dissiplines hierdie eko-hermeneuties-gebaseerde pastoraal-teologiese perspektief noodwendig altyd verstaan en waardeer nie. In die streng empiries-wetenskaplike wêreld word die bestaan van God selde erken en dus word die verhaal van die God van mense hoogstens as ‘voorwetenskaplike kennis’ ge-etiketteer en afgemaak.

### 2.7.2 Respondent 2

Die opvoedkundige sielkundige werk met kinders, ouers en alle ander persone of instansies wat as opvoeders optree, of op die een of ander wyse met kinders te doen het. Dit sluit onderwysers, medici, maatskaplike werkers, arbeidsterapeute en vele ander in.

Ek dink dat elke dissipline die ander dissiplines respekteer en hulle kliënte se belange eerste stel. Daarom wil ek glo dat hulle die tyd sal neem om my perspektief aan te hoor en te sien waar dit moontlik hulle eie perspekief kan verryk.

### 2.7.3 Respondent 3

My perspektief bied ‘n Bybelse en geestelike bydrae in die breër gesprek rakende immigrasie. Ek glo dat hierdie perspektief sal oorvloei en raakpunte vertoon met ‘n sielkundige, pastorale en inter-persoonlike invalshoek.

Vanuit ‘n pastorale beradings- en ‘n psigologiese uitgangpunt sal die versterking van die gesinseenheid ‘n verligting in die stressors veroorsaak waaronder immigrante leef. Die Bybelse waardes ten opsigte van familiebande en die verhoudings sal op sake soos identiteit en aktualisering van die self lig werp. Immigrante se lewensmeganismes om vervulling te vind in hulle verhaal sal hulle toelaat om mense met liefde toe te vou, God in die eerste plek lief te hê en ook aan hulle die vryheid gee om hulself lief te hê binne God se wil (Mat. 22:39).

### 2.7.4 Respondent 4

Many of the conclusions psychologists make are supported by theory and empirical research, making it more likely that other disciplines will respect and appreciate it.

## 2.8 Refleksie op die verstaan en waardering van ander dissiplines

Die verskillende verstaanswyses en interpretasies het oor die algemeen 'n sterk vertroue dat respondente die spesifieke en unieke dissiplines van ander wel in ag neem en dat 'n wedersydse respek bestaan.

- Respondent 1 het egter 'n siening wat uit vorige ervaring gevorm is rakende die feit dat ander wetenskaplike navorsers 'n vooropgestelde idee het ten opsigte van 'n eko-hermeneuties-gebaseerde pastoraal- teologiese perspektief in die sin dat dit as *voorwetenskaplik* beskou word, omrede ander wetenskappe nie noodwendig die bestaan van God erken nie.

- Die opvoedkundige sielkunde neem kinders en hul *verhoudings* met ouers en ander opvoedkundiges soos onderwysers, medici en maatskaplike werkers ernstig en gevolglik bestaan daar 'n wedersydse waardering vir ander aanvullende interpretasies wanneer daar na die verhale van immigrante geluister word.

- Vanuit die jeugwerker se perspektief word Bybelse waardes belig deur spesifiek te fokus op *familiebande en verhoudings*. Gevolglik is daar raakpunte met die sielkundige, pastorale en ook inter-persoonlike perspektiewe.

- Die kliniese sielkundige perspektief maak 'n sterk saak uit dat alle interpretasies *wetenskaplik begrond* is en dat ander dissiplines gevolglik daarby sou aansluiting vind. Die teorie en empiriese navorsing dien as die ruggraat en ander dissiplines voeg hiertoe waarde by, sonder dat daar enige verandering aan die data gemaak word.

## 2.9 Samevattende opmerkings ten opsigte van die verstaan en waardering van ander dissiplines

Die metodiek van studie is aan alle respondente verduidelik en hulle het almal daartoe ingestem om deel te wees van die inter-dissiplinêre studie. Tog het die respondente wat gevra is om aan hierdie studie deel te neem vir die eerste keer na hul eie dissiplines gekyk deur die bril van 'n *narratiewe* inter-dissiplinêre gesprek.

Respondent 1 het dit egter al vantevore met ander benaderings beleef dat die praktiese teologie nie as wetenskap aanvaar is nie. Respondent 2 aanvaar dat ander dissiplines haar vakgebied se stem sal hoor en so hul eie perspektiewe verryk. Respondent 3 verwag dat daar oorvleueling en raakpunte tussen die onderskeie dissiplines sal wees, terwyl respondent 4 steeds baie rigied in sy beskrywing van die sielkunde as gespreksgenoot in die verhale van immigrante is.

Beide respondent 2 en 3 het dus positief gereageer op die inter-dissiplinêre fokus van hierdie studie, maar die vraag kan tereg gevra word of die verskillende dissiplines wedersydse verstaan vanuit 'n transversale rasionele hoek interpreteer. Die feit is dat daar wel ten minste 'n wedersydse respek bestaan en

dat alle respondente bereidwillig is om te luister na ander perspektiewe en 'n holistiese benadering ondersteun.

Hieruit is dit dus duidelik dat daar 'n openheid tot inter-dissiplinêre gesprek bestaan, maar dat die veld van hierdie studie vanuit al die bogenoemde perspektiewe 'n nuwe benadering is vir elkeen van die vakkundiges.

## 2.10 Wat is u grootste besorgdheid, indien u perspektief nie deur ander dissiplines erken sou word nie?

### 2.10.1 Respondent 1

Eko-hermeneuties gesien, vind daar 'n ontmoeting van verskeie verhale plaas in die pastoraal-terapeutiese situasie. Een van hierdie verhale is God se verhaal. Slegs wanneer hierdie verhaal deur 'n kliënt (her)ontdek word en die relevansie tussen sy eie verhaal en God se verhaal vir hom duidelik word, kan hy tot insig/verstaan kom. So word beide hierdie verhale vir hom 'n krag tot verandering. Hulle word nuwe realiteite wat alles vir die kliënt verander. Die verhaal self word dus die veranderingsagent. Hierdie insig is die unieke bydrae van 'n pastoraal-gesinsterapeutiese perspektief, gebaseer op 'n eko-hermeneutiese denkraamwerk.

### 2.10.2 Respondent 2

Ek sal baie teleurgesteld wees as die ander dissiplines nie 'n opvoedkundige sielkundige perspektief se waarde wil erken nie. My grootste besorgdheid sal dan wees dat hulle die geleentheid misloop om hulle kennis te verbreed en om

hulle kliënte en hul unieke situasies beter te verstaan en gevolglik beter hulp te kan verleen.

### 2.10.3 Respondent 3

My grootste besorgdheid is rakende die inskakeling en self-identitiet van immigrante in 'n nuwe geloofsgemeenskap. Binne die prakties-teologiese perspektief moet mense aangemoedig word om hulle geestelike gawes wat hulle uit die hand van God ontvang het aan te wend in die gemeente. Uit 'n sielkundige perspektief is 'n verdere besorgdheid die verhouding tussen man en vrou in die huwelik en die druk waaronder huweliksverhoudings verkeer ten tye van immigrasie. Dit moet raakpunte vind binne 'n Bybelse perspektief. Indien hierdie oorvleueling tussen dissiplines nie plaasvind nie, kan die gevolg wees dat die spanning van die hele situasie ook op die kinders oorgedra kan word.

### 2.10.4 Respondent 4

If the psychological perspective was not taken seriously, it is very likely that many individuals would develop mental health conditions such as anxiety and depression. These conditions would worsen if other professionals were to disregard the psychological knowledge and treatments that have been shown to be effective in the treatment of these conditions.

## 2.11 Refleksie op die besorgdhede wanneer ander dissiplines 'n spesifieke dissipline nie ag en waardeer nie

- Respondent 1 verduidelik dat die verhale van gelowige immigrante self die veranderingsagent in hul eie lewens word deurdat hulle beleef hoe God teenwoordig is in hul lewensverhale. Indien dit nie gebeur nie, is respondent 1 besorg dat mede-navorsers nie die lewensveranderende situasie van immigrasie sal kan hanteer nie.

- Die geleentheid tot verstaan word verhoog deurdat die verskillende dissiplines ag slaan op mekaar, volgens respondent 2. Sy maak 'n sterk saak uit rakende die *verlies aan insig*, wanneer enige interpretasie eensydig gemaak word.

- Die inskakeling in 'n *geloofsgemeenskap* is van kardinale belang, volgens respondent 3 en sy besorgdheid is dat gelowiges wat immigreer hierdie geleentheid algeheel kan misloop, indien ander dissiplines nie oorvleueling vind met die unieke prakties-teologiese benadering wat hy volg nie.

- Die psigologiese perspektief is volgens respondent 4 belangrik deurdat dit die situasies van *angs en depressie* uitwys en fisiese ondersteuning moontlik maak. Indien hierdie ondersteuning nie bestaan nie, sal daar sekere negatiewe implikasies en konsekwensies wees, ook in die lewens van gebore Suid-Afrikaners.

## 2.12 Samevattende opmerkings ten opsigte van die verstaan en waardering van ander dissiplines

Soos voorheen vermeld het alle respondente aangedui dat hulle 'n holistiese benadering verwelkom en nastreef. Hierdie ingesteldheid ontken nie die unieke

karakter van enige invalshoek nie, maar ondersteun juis die verstaan van 'n groter werklikheid. Die rasionaal van hierdie werklikheid is dus nie 'n universele of diverse verstaan nie, maar eerder 'n transversale insig in die ware lewensverhale van mense wat as 'n holistiese verhaal verstaan behoort te word.

## 3. GEVOLGTREKKING

Van Huyssteen (2000a:211) stel dit duidelik dat die werklikheid van mense vanuit 'n bepaalde sosiale, politieke en historiese konteks gesien behoort te word, wat uiteindelik 'n aanvullende verstaan tot gevolg het. Die post-fundamentele benadering van hierdie studie het die moontlikheid van 'n *multi-dissiplinêre studie*, wat 'n bruikbare en suksesvolle manier van studie is, moontlik gemaak. Die perspektiewe van verskillende dissiplines word in ag geneem ten einde 'n *holistiese blik* te verkry op die immigrasieverhale van Suid-Afrikaans gebore gelowiges wat na Brisbane, Australië geïmmigreer het.

Die bogenoemde gevolgtrekking kan vanuit die volgende punte gestaaf word:

- Die navorsingsproses het begin en ontwikkel vanuit 'n werklikheid wat plaaslik en tasbaar in narratiewe vorm gekontekstualiseer is. Hieruit het 'n dialoog ontwikkel, wat nie vanuit abstrakte idees gevoer is nie, maar die ware lewensverhale van mense aangehoor het.

- Die proses het uitgewys dat daar nie 'n "absolute waarheid" rakende immigrasie bestaan nie en dat die verskillende inter-dissiplinêre invalshoeke op die immigrasieverhale gesonde dialoog en kommunikasie

bewerkstellig ten einde ‘n beter verstaan van unieke verhale tot stand te bring.

- Kommunikasie tussen dissiplines het ‘n oorvleueling in interpretasie en aanvullende verstaan tot gevolg, wat tot ‘n holistiese benadering aanleiding gee.

## 4. SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Van Huyssteen (2000b:239) maak ‘n waardevolle bydrae wanneer hy sê dat verskillende perspektiewe ‘n eie logika en verstaan na die tafel van multi-dimensionele gesprekvoering bring. Hieruit ontwikkel ‘n rykdom van verstaan wat andersins nie moontlik sou wees nie.

Die post-fundamentele verstaan van die immigrasieverhale van gelowiges vanuit Suid-Afrika het weldeeglik ‘n rykdom van verstaan tot gevolg gehad. Die waarde lê daarin dat ‘n dinamiese dialoog ontstaan het, wat nie ‘n statiese en netjies-afgebakende gesprek ten doel het nie, maar ‘n ware luister na die werklikhede van mense se lewens.

Die terugvoer van die multi-dimensionele respondente, sowel as die lewensverhale van immigrante wys op die volgende *sake* wat *van belang* is vir hierdie studie:

- Die *geloofsgemeenskap* van die Mansfield Christian Reformed Church in Brisbane bied ‘n unieke tuiste aan Suid-Afrikaansgebore gelowiges wat na Australië immigreer.

- *Diensbare leierskap* is een van die omgee aksies wat dit vir immigrante moontlik maak om 'n geestelike tuiste te vind. Dit is egter nie die enigste omgee-aksie wat plaasvind nie en gelowige immigrante vertolk hul diensbaarheid verskillend. Daar is nie 'n algemene of 'n absolute waarheid nie.

- Die *belewenis van die teenwoordigheid van God* het in alle verhale wat in hierdie studie ondersoek word, sterk na vore getree.

- Die vraag rakende die *besorgdhede* vanuit ander vakgebiede, het 'n basis verskaf vir 'n transversale rasionele verstaan van die immigrasieverhale. Die verskillende dissiplines het duidelike besorgdhede gehad rakende die prosesse verbonde aan immigrasie en alhoewel die invalshoeke en klem dikwels verskil het, was daar 'n konsensus dat immigrasie as proses gevolge het wat nie geïgnoreer kan word nie.

- Die navorser en mede-navorsers se interpretasie en verstaan van die immigrasieverhale is gevorm deurdat hulle as gebore Suid-Afrikaners dieselfde prosesse deurgemaak het deur elkeen self na Australië te immigreer.

- Die vakkundiges/respondente is gekies met die doel om 'n bepaalde balans in die gesprek te bring. Respondent 1 (teologie) en 2 (opvoedkundige sielkunde) het albei hulle studie en verdere studie in Suid-Afrika voltooi. Respondent 3 (jeugwerker) en 4 (kliniese sielkunde) het albei hulle aanvanklike en verdere studie in Australië voltooi. Al vier respondente is egter ook in Suid-Afrika gebore, wat bydra tot die gesprek en verstaan van Suid-Afrikaans gebore immigrante.

- Dit is hierdie studie se doel om 'n *post-fundamentele gesprek* te fasiliteer en *inter-dissiplinêre* sienings, bydraes en invalshoeke van respondente uit verskillende vakdissiplines toe te laat om in te speel op die *psigologiese en spirituele* verstaan van die verhale.

- Daar behoort 'n geleentheid te wees waar die deelnemers hulle eie verhale kan her-interpreteer en waar selfverstaan en insig gesoek moet word, met die doel om hulle aktief te laat deelneem aan die groter gesprek rakende die belewenisse tydens immigrasie. Dit sou die gevolg hê dat die deelnemers kan bevestig dat dit "werklik my bedoeling was." Sulke geleenthede is in opvolggesprekke met mede-navorsers geskep.

Gevolglik dien hierdie prakties-teologiese studie die versmelting van verstaans-horisonne van verskillende dissiplines. Die waarde van hierdie proses is dat dit multi-dimensioneel is en dat die narratiewe karakter daarvan 'n bydrae lewer om inter-dissiplinêr, eerder as teologies eensydig op die ware verhale van immigrante te reflekteer.

## 5. REFLEKTIEWE BEWEGING VIR VERDERE STUDIE

Uit die samevattende opmerkings hierbo, rakende sake van belang vir hierdie studie, is dit eerstens nodig om 'n deeglike literatuurstudie oor *diensbare leierskap* binne die *geloofsgemeenskap* van Mansfield Christian Reformed Church te doen. Dit sal in hoofstuk 4 aandag geniet.

Vervolgens is 'n refleksie op die immigrante se *belewenisse van God se teenwoordigheid* in hul immigrasieverhale van belang. Hoofstuk 5 sal vanuit die post-fundamentele raamwerk, as posionering van hierdie narratiewe navorsing, hieraan gewy word.

Daarna sal die besorgdhede en interpretasies wat in hoofstuk 3 deur die inter-dissiplinêre gesprek van respondente uitgewys is, in hoofstuk 6 verder ontgin word, deur na relevante literatuur te verwys om uiteindelik *alternatiewe interpretasies*, wat wyer strek as die plaaslike konteks van Mansfield, daar te stel.

Laastens sal die fokus in hoofstuk 7 op 'n *refleksie op die navorsingsproses* val.

Die metodiek wat tot dusver in hierdie studie gevolg is sluit in:

- Aanhoor van immigrasieverhale
- Interpretasies van mede-navorsers
- Interpretasies van respondente
- Refleksie van die navorser

Vervolgens sal die metodiek as volg uitgebrei word:

- Her-interpretasie deur mede-navorsers
- Integrasie van toepaslike literatuur
- Alternatiewe interpretasies van die navorser wat wyer strek as die plaaslike konteks
- Refleksie op navorsing

Hieruit is dit duidelik dat respondente, nadat hulle insae gehad het in die immigrasieverhale van mede-navorsers, vanuit verskillende vakgebiede hul

onderskeie interpretasies gelewer het. Hierdie interpretasies moet nou aan die hand van relevante literatuur, tesame met die her-interpretasies van mede-navorsers, toegelaat word om te ontwikkel sodat alternatiewe interpretasies wyer as die plaaslike konteks geïdentifiseer kan word.

# HOOFSTUK 4

# DIE NARRATIEF VAN DIENSBARE LEIERSKAP IN 'N POST-MODERNE GELOOFSGEMEENSKAP IN BRISBANE, AUSTRALIË

## 1. INLEIDING

Die verhaal van Mansfield Christian Reformed Church is direk deur die aankoms van vele immigrante, waarvan die grootste gedeelte Suid-Afrikaansgebore immigrante is, beïnvloed. Die gemeente het in die afgelope twee jaar in getalle verdubbel en die grootste persentasie groei (85%) is die direkte gevolg van Suid-Afrikaanse immigrante wat hulself in Brisbane, Australië kom vestig het.

Die groot aantal nuwe lidmate het die gevolg gehad dat die hele bedieningstyl in die gemeente verander het. Die gemeente het haarself opgestel om in selgroepe te funksioneer, omrede die lidmate wat by die gemeente aanbid, wydverspreid oor die Brisbane-area woon. Daar is selfs lidmate wat langer as 'n uur ry om 'n erediens by te woon en weer 'n uur in die motor terug spandeer om tuis te kom na die erediens. Die selgroepe word dus 'n lewensaar vir lidmate wat ver woon. Daar word gepoog om mense wat redelik naby aan mekaar woon, saam in selgroepe te groepeer. Die meeste selgroepe kom eenmaal in twee weke bymekaar, omrede mense se werksdae, sowel as kinders se skooldae lank is en die selgroeplede na 'n sentrale huis moet ry om die groepe by te woon.

Die feit dat lidmate van Mansfield Christian Reformed Church wyd-verspreid oor 'n groot geografiese area woon, bied sy eie unieke uitdagings. Dit bemoeilik die sentralisering en ondersteuning van die selgroepbediening. Die leiers van die selgroepe vorm 'n kardinale deel van die uitkomste en visie van die gemeente en selfs die gemeentebou en groei van die gemeente. Die selleiers is die sleutel tot

sukses en die gemeente se leierskap-verhaal begin juis hier. Die leiers se diensbaarheid kom tot uiting in die opofferings wat daar gemaak word om die groepe van die grond af te kry en aan die gang te hou. Die gemeente se verhaal vertel van die noodsaaklikheid van diensbare leiers, waarsonder die gemeente nie sou kon bestaan nie.

Die gemeentelede kom dus twee-weekliks in selgroepe bymekaar en weekliks is daar verskeie eredienste waarvan lidmate deel kan wees. Die familiediens en kategese vind elke Sondagoggend om 09:30 in Engels plaas. Elke eerste Sondag van die maand is daar om 17:00 'n uitreik-erediens in Afrikaans en elke Sondag om 19:00 is daar 'n kontemporêre erediens, wat goed bygewoon word deur die jeug. Hierdie eredienste word elkeen opgevolg deurdat lidmate saam kuier met 'n koppie tee of koffie in die hand, in en buite die saal, waar stoele en tafels gereed staan om mense te ontvang.

Lidmate kuier dikwels langer as 'n uur na eredienste by die kerk, omrede hulle mekaar as gevolg van die groot afstande nie gedurende die week sien nie. Hierdie kuiergeleenthede het die "geloofsgemeenskap-gedagte" laat posvat. Mense raak informeel betrokke by mekaar, soos wat die onderskeie verhale van die mede-navorsers uitgewys het. Die geloofsgemeenskap dien dus as die "familie van God" vir immigrante wat dikwels sonder eie familie in Brisbane aankom.

Hierdie "familie van God" bevind hulself egter in 'n post-moderne samelewing in Brisbane, Australië. Die kerk het nodig om hiervan kennis te neem. Volgens Du Toit (2000:11) het daar 'n belangrike kulturele skuif, wat post-modernisme 'n werklikheid maak, in die tweede helfte van die twintigste eeu plaasgevind. Dit regverdig 'n teologiese refleksie wat 'n nuwe selfverstaan en wêreldverstaan vir kerke regoor die wêreld tot gevolg het in veranderende tye.

Rossouw (1995: 80-82) wys daarop dat die kerk hom deeglik moet vergewis van die werklikhede waarbinne mense leef, ten einde die vraagstukke van hul eie tyd sinvol te kan aanspreek. Vir Mansfield-gemeente is dit krities belangrik om die werklikheid van 'n post-moderne samelewing waarbinne lidmate leef (waarvan die oorgrote meerderheid immigrante is), te verstaan.

Bosman (2001:12) voer die gesprek verder deur te verwys na die gees van die tyd waarbinne ons leef. Indien die kerk in isolasie bestaan en nie bewus is van die tendense in die samelewing nie, sal sy nie in staat wees om die alledaagse bestaan van mense te verstaan nie. Dit is egter nie te sê dat die post-modernisme sonder kritiese refleksie deur die kerk as norm aanvaar behoort te word nie. Die feit is egter dat die geloofsgemeenskap in Mansfield 'n geestelike tuiste bied aan immigrante in 'n post-moderne wêreld.

Tabel 2 lei die kritiese refleksie ten opsigte van 'n post-moderne samelewing in Mansfield, Brisbane in. Die post-moderne verwysings en tendense in hierdie tabel toon aan dat Mansfield deel vorm van 'n post-moderne samelewing.

## TABEL 2 : POST-MODERNISME IN DIE MANSFIELD-GELOOFSGEMEENSKAP

| Modernisme | Postmodernisme in Mansfield-geloofsgemeenskap |
|---|---|
| Rasionele en intellektuele kennis | Intuïtiewe kennis, leer deur ervaring en emosionele klem<br><br>Die belewenisse van immigrante is dikwels emosioneel van aard en lidmate se ervarings en belewenisse is die “manier van leer” in hulle omstandighede. |
| Outoritêre styl | Buigsaamheid en styl van openheid<br><br>Die gemeente van Mansfield het ‘n openheid wat selfs mense van ander tradisies as die gereformeerde tradisie insluit – dit word in hoofstuk 5 bepreek. |
| Monargieë | Demokrasieë<br><br>Mede-navorsers se verhale wys duidelik ‘n demokratiese leierskapstyl in die gemeente van Mansfield uit. |
| Tradisie en klem op spesifieke kultuur | Populêre kultuur, kommersialisering van plesier<br><br>Leierskapontwikkeling en -toerusting sluit die verstaan van die populêre kultuur in die plaaslike samelewing in. |
| Dissipline | Hedonisme<br><br>Die lewensverhale van mede-navorsers verwys na die goddeloosheid in verskillende werksituasies. |
| Absolute waarhede | Relatiwiteit<br><br>Talle gereelde besoekers sien hulself as deel van die geloofsgemeenskap, maar lidmaatskap van die gemeente is vir hulle ‘n relatiewe begrip. |
| Beplanning | Eksperimentering<br><br>Daar is ook ongereelde besoekers wat “church shopping” doen en openlik te kenne gee dat hulle die gemeente net uittoets om eers te sien of hulle wil aanbly of nie. |
| Homogeniteit | Heterogeniteit<br><br>Daar is verskeie nasionaliteite en lande van afkoms teenwoordig in die gemeente. |
| Sekerhede, sisteme en sintese | Skeptisisme en dekonstruksie<br><br>Die gemeente is besig om te vernuwe en aanpassings te maak te midde van talle onsekerhede wat lidmate en immigrante in die oë staar. |

(Aangepas uit: Goudzwaard 1998:7-8, Rossouw 1995:77 en Du Toit 2000:24-30)

Cahoone (1995:3-4) wys daarop dat enige bespreking wat groot verskuiwings in ‘n samelewing in ag neem, bewus moet wees van ‘n belangrike onderskeid wat getref behoort te word. Eerstens is daar die verskuiwings wat plaasvind in die gemeenskap self. Tweedens is daar verskuiwings wat plaasvind in die kultuur van die gemeenskap en derdens is daar verskuiwings wat plaasvind in die dominante diskoers oor die gemeenskap.

Die *verskuiwings in die gemeenskap self* gaan oor die veranderinge op tegnologiese gebied of die manier waarop die gemeente georganiseer word. Die gemeente van Mansfield het ‘n webtuiste (www.mansfieldcrc.com) ontwikkel wat duidelik ‘n post-moderne aanpassing in bedieningstyl uitwys.

Die *verskuiwings in die kultuur* van die gemeenskap gaan oor die wyse waarop mense hulle werklikheid interpreteer. Die gemeente sien haarself as ‘n geloofsgemeenskap, wat ‘n aanpassing aandui rakende die wyse waarop mense hulself sien in die diensbare leierskap wat hulle uitleef as deel van die kultuur of manier van leef in Mansfield.

Die *verskuiwings in die diskoers* oor ‘n gemeenskap handel oor die veranderings wat lede van die gemeenskap aanbring as gevolg van dominante beskouiings of intellektuele veranderinge wat leiers aanbring. In Mansfield-gemeente word die strategiese leiers se insette rakende diensbare leierskap as een van die intellektuele veranderinge gesien.

Hierdie bespreking word nou verder gevoer deur na die verhaal van die gemeente te luister. Die verhaal van diensbare leierskap in Mansfield-gemeente word vertel aan die hand van die groei wat as gevolg van die immigrasie-toevloei na die gemeente gedurende die afgelope twee jaar plaasgevind het. Die geloofsgemeenskap in Mansfield is nie net informeel van aard nie en die

behoefte aan ‘n formele geloofsgemeenskap in ‘n post-moderne wêreld word aangespreek deurdat die diensbare leiers van selgroepe kwartaalliks intensioneel bymekaar kom. Hierdie byeenkomste vind plaas in die vorm van vier werkswinkels wat spesifiek op diensbare leierskap ingestel is.

Diensbare leierskap word ontwikkel deur na vier elemente van leierskap te kyk, soos wat die literatuur oor leierskap vervolgens aandui. Eerstens word die selleiers toegerus ten opsigte van self-leierskap, tweedens vind leierskap-ontwikkeling intensioneel plaas, derdens word daar aandag gegee aan leierskap in spanne en laastens word die selleiers deelgemaak van die strategiese leierskap in die gemeente.

## 2. DIENSBARE LEIERSKAP

### 2.1 Self-leierskap

Die verhaal van Mansfield-gemeente vertel die noodsaaklikheid van diensbare leierskap, wat by *self-leierskap* begin. Self-leierskap is die fondament waarop die leierskap-plan van die gemeente gebou word. Die werkswinkels waarby alle selleiers teenwoordig is, is die geleenthede waartydens diensbare leierskap deurgaans bespreek word en die leierskap-plan van die gemeente voortdurend ontwikkel.

Die fokus op self-motivering en unieke bydraes van die onderskeie leiers word verwelkom en aangemoedig, sodat die leierskap van die gemeente nie net by die leraars berus nie. Hierdie strategie word gevolg in lyn met die bydrae wat Manz

en Sims (1990:21) maak: "*Self leadership is the influence we exert on ourselves to achieve the self motivation and self direction we need to perform.*"

Tydens een van die werkswinkels het die diensbare leiers self tot die gevolgtrekking gekom dat 'n selleier iemand is wat beleef dat hy/sy tot die taak geroepe is en nie maar net 'n vrywilliger is nie. Hierdie beweging wat die gemeente se verhaal beïnvloed, was die direkte gevolg van self-leierskap.

Die gevolg is dat daar besluitnemingsprosesse aan die gang gesit word op die vlak van selgroepe deur die diensbare leiers van selgroepe. Die gemeente word nie deur die leraarspan alleen gelei nie. Appelbaum & Santiago (1997:13) stel dit duidelik as 'n voorwaarde vir sukses in enige organisasie dat besluitneming op alle vlakke en nie net op strategiese vlak plaasvind nie.

Die selgroepe in Mansfield het verskillende projekte so met self-leierskap aan die gang gesit. Een so 'n voorbeeld is een van die selgroepleiers wat by 'n jeugwerker in 'n staatskool betrokke geraak het. Hierdie jeugwerker het met 'n fiets-herstel werkswinkel begin, met die doel om kinders te help wat andersins sou uitsak uit die hoofstroom van skoolopleiding. Die hele selgroep het uiteindelik die geloofsgemeenskap van Mansfield verteenwoordig in die selgroep se onmiddelike omgewing!

Die nuwe geleenthede en projekte waarby selgroepe betrokke raak, verseker juis die voortbestaan van hierdie bediening in die gemeente. Dit is egter van kardinale belang dat die diensleiers nie uitsak en moed verloor nie. Skrywers soos Ball (1997:74-8) is dit eens dat nuwe wyses van betrokkenheid op 'n kreatiewe wyse aan leiers gebied behoort te word, sodat hulle nie momentum verloor nie en gevolglik sin vind in hulle werk.

Die self-leierskap-gemeente van Mansfield brei uit deurdat die self-leierskap oorgaan tot spanbou en gesamentlike besluitneming. Die invloed van die leiers in hulle groepe bepaal die suksesverhale wat opgeteken word. Die skema in Tabel 3 is ontwikkel om uiteen te sit hoedat hierdie faktore saamwerk om diensbare leiers in staat te stel om hulle werk te verrig:

**TABEL 3: DIE WAARDE VAN LEIERSKAP EN SPANBOU IN DIE MANSFIELD-GELOOFSGEMEENSKAP**

| | |
|---|---|
| **Leierskap en spanbou** | * Ontwikkel ‘n suksesvolle leierskapspan<br>* Ontwikkel die vermoë om te sosialiseer<br>* Ontwikkel integriteit van diensleiers<br>* Verhoudingbou |
| **Invloed** | * Skep kommunikasiekanale<br>* Bou vertroue<br>* Motivering |
| **Besluitneming** | * Bemagtig andere<br>* Fokus energie<br>* Buigsaamheid van leierskap<br>* Ontwikkel stabiliteit |

Die bogenoemde uiteensetting rondom leierskap in die Mansfield-geloofsgemeenskap kan afgesluit word met die gevolgtrekkings waartoe Daft (2002:8-14) kom:

- ‘n Verskuiwing in waardes is nodig
- Kontrole maak plek vir aanvaarding
- Bemagtiging van leiers is noodsaaklik

- Fokus op mense eerder as dinge
- ‘n Soeke na uniekheid word aangemoedig
- Spanbou eerder as kompetisie

Die gemeente in Mansfield het reeds ‘n *waardeverskuiwing* gemaak en die term “geloofsgemeenskap” eerder as “die kerk as institusie” word uitgeleef. Daar heers ‘n kultuur van *aanvaarding* en leiers word *bemagtig* op ‘n deurlopende wyse, met die doel om selgroepleiers en selgroepe instaat te stel om ‘n *unieke* bydrae te lewer. Dit alles word moontlik gemaak deur die intensionele ontwikkeling van self-leierskap wat aanleiding gee tot *spanbou* in die gemeente.

Die mede-navorsers se verhale wys die belangrikheid van leierskap uit. Suzet Muller vertel dat die gemeente en veral die kleingroepbediening haar gehelp het om geestelik te groei te midde van moeilike omstandighede. Haar selgroepleier het ‘n ruimte geskep waarbinne sy kon vriende maak. Dit is in haar verhaal opgeteken dat sy op die oomblik behoort aan die geloofsgemeenskap in Mansfield omdat hulle goeie vriende in die selgroep het en omdat hulle as gesin glo dat die gemeente ‘n verskil maak in mense se lewens. Mense in die gemeente is gemaklik met mekaar en aanvaar mekaar. Hierdie kultuur van aanvaarding word geskep deur die inisiatief wat die selgroepleier, in hierdie geval Karien Venter, neem.

Suzet se man Anton het vanuit die selgroep as selgroeplid inisiatief geneem tydens een so ‘n byeenkoms toe hy gevra het die selgroep moet vir hom bid en hom as introvert ondersteun om uit te reik na ‘n kollega wat vrae het rondom Christenskap. Die Mullers het met die selgroep se ondersteuning deur middel van vriendskapsevangelisasie uitgereik na die familie en hulle ook uitgenooi na die kerk toe. Die hele gesin het die uitnodiging aangeneem en ‘n deurlopende verhouding het ontstaan net omdat Anton die ondersteuning gehad het om uit te

reik na iemand anders. Hy getuig self dat dit nie iets is wat hy as introvert normaalweg sou doen nie.

Leierskap en spesifiek diensbare leierskap word nie net gesien by die selgroepleier in hierdie geval nie, maar selfleierskap word ook as lewenswyse by die selgroeplid opgemerk. Hier is die volgende aanhaling nodig om die bespreking rondom leierskap in perspektief te stel: "Leadership can be defined as *the ability to influence and develop individuals and teams to achieve goals that contribute to a worthwhile purpose*" (Robbins *et al*, 2001: 400).

Die leierskap in Mansfield gemeente fokus op verhoudings en spesifiek die invloed van diensbare leiers op die verhoudings waarbinne hulle leef. Die waardes waarmee leiers leef is van kardinale belang en hierdie Christelike waardes sal in hoofstuk 5 aan die orde gestel word. Volgens Rost, in Whitely W.T & Coetsier, P (1993: 419-423) is leierskap gefundeer in die motiveringe, waardes en geloofsisteme van diegene wat deelneem aan 'n aksie. Die waardes van leiers beïnvloed dus die lewenswêreld van die selgroeplede en so word die waardes, motiveringe en geloofswaardes in die onderlinge verhoudinge in die groep uitgeleef.

Die gemeente se siening dat nie net die leraars die leierskapspan vorm nie, is hier van belang. Die leierskapstyl is om *self-leierskap* by diensbare leiers te ontwikkel en aan te moedig. Nie-verbale kommunikasie vorm volgens Carlopio *et al* (1997:16) 'n belangrike bousteen in die verhoudings waarbinne die diensbare leiers leef. Die werkswinkels vir selleiers gee aandag aan sake soos liggaamstaal, stemtoon en die kultuur van die omgewing waarbinne diensleiers hulself bevind.

Die doel is om in die selgroepbediening ‘n eie kultuur te skep waarbinne nie net die selleiers leef nie, maar ook die lede en diegene wat deur hulle uitgenooi word om deel te neem aan die bediening. Lewis (1996:21) beskryf dit soos volg: “Culture is the basic assumptions that people in an organisation hold and share about that organisation. Those assumptions are implied in their shared feelings, beliefs and values and embodied in symbols, processes, forms and some aspects of patterned group behaviour.” Mansfield-gemeente vertel ‘n verhaal waar ‘n diensbare leierskapskultuur uiters belangrik is in soverre dit die geloofsgemeenskap en hoe mense teenoor mekaar optree, bepaal. Hierdie kultuur word beskerm, gevoed en geleef, met die doel dat nuwe lidmate hiervan deel sal word en dat dit hulle ervaring sal wees dat hulle deur die diensleiers gedien word.

Die diensbare leiers in die geloofsgemeenskap van Mansfield is moontlik onbewus van die kragtige uitwerking en die invloed wat hulle het op die lewens van mense. Hulle dien die gemeente met kreatiwiteit deur self te ontwikkel en uit te reik na ander met die doel om hulle uit te nooi om deel te raak van die geloofsgemeenskap in Mansfield.

Die studie van Parry en Sarros (1996:108) wys ses faktore, wat die invloed van leierskap ten opsigte van transformasie in die Australiese konteks bepaal, uit. Die leierskapspan in Mansfield wys ‘n sterk korrelasie met twee van hierdie faktore uit. Hierdie faktore, wat onderskeidelik oor die *ideale invloed* van leiers en *motivering en inspirasie* handel, verdien aandag in hierdie studie.

Die *ideale invloed* van leiers verwys na die respek wat leiers in hulle gemeenskap opbou en verdien. Diensbare leierskap het spontaan uit ‘n behoefte van gemeentelede ontwikkel en die verhale van mede-navorsers het die transformerende invloed daarvan beskryf. Vanuit hierdie spontane ontwikkeling het daar egter ‘n intensionele leierskap-bediening ontwikkel wat daarop fokus om

andere met die Woord van God te bedien. Die leiers is daarvan bewus dat hulle as ‘n span ‘n *ideale invloed* uitoefen en hulle vind hulle *motivering en inspirasie* in die Woord van God. Parry en Sarros (1996:108) maak ‘n sterk saak uit dat lojaliteit sukses bepaal. Die diensleiers in Mansfield se lojaliteit teenoor die Woord van God maak hulle bediening suksesvol.

Thompson *et al* (1997:74) stel voor dat daar in die ontwikkeling van self-leierskap kernsake geïdentifiseer moet word. Die geloofsgemeenskap in Mansfield het twee kernsake ten opsigte van die ontwikkeling van self-leierskap geïdentifiseer. Die eerste aspek is ‘n *openheid teenoor mense* en die tweede aspek is *verhoudingsbou.*

*Openheid teenoor mense* word gesien in die verhale van navorsingsgenote wat getuig van die aanvaarding van die geloofsgemeenskap en hulle inskakeling in die gemeente. Die intensionele *verhoudingsbou* deur middel van die selgroepe en selleiers het ‘n netwerk van verhoudings tot gevolg wat geen hiërargiese orde toon nie. Mense staan in verhoudings met mekaar in die gemeente binne ‘n kultuur van aanvaarding, ongeag die persoon se afkoms of geloofstradisie.

Verhoudings word gevorm en mense word toegevoeg tot die gemeente, deurdat daar nuwe kapasiteit in die gemeente geskep word. Waar mense ver van die kerk woon en nodig het om aan ‘n geloofsgemeenskap te behoort, word nuwe selleiers geïdentifiseer. Die nuwe selgroep en selgroepleier word die ondersteuningstruktuur vir sulke lidmate deur die loop van die week.

Kapasiteit word ook geskep deur leiers wat hulle groepe lei om te vermenigvuldig. Vermenigvuldiging vind plaas deur die leierskap van die selgroepleier. Die selgroepleier sal by die ontstaan van die selgoep die lede inlig dat dit die doel van die bediening is om voortdurend kapasiteit te skep vir nuwe

lidmate in die gemeente en dat groepe vermenigvuldig met die doel om plek te maak vir nuwe aankomelinge. Vermenigvuldiging vind plaas deurdat ‘n groep in twee kerngroepe verdeel en sodoende is daar ten minste twee kerngesinne in elke nuwe groep. Hierdie leierskapstyl word deur almal toegepas as ‘n ooreengekome waarde om sin in die bediening te bring en om leiers gefokus te hou op die kernwaarde van aanvaarding van nuwe lidmate, veral immigrante wat op soek is na ‘n geestelike tuiste.

Ten slotte kan opgemerk word dat die waardes waarmee die diensbare leiers optree in die gemeente, integriteit toevoeg tot die bediening. Lidmate beleef die selgroepleiers as dienaars wat optree met self-leierskap en sodoende vertroue inboesem in die gemeente.

Die belangrikheid van self-leierskap noodsaak ‘n volgende been van diensbare leierskap in die gereformeerde gemeente van Mansfield. Hierdie volgende been van leierskap is leierskapontwikkeling. Elke leier kan nie maar met kreatiwiteit sy/haar eie selgroep lei en self nie ontwikkel nie – dit sou ‘n stagnering in die gemeente tot gevolg hê! Daarom word die ontwikkeling van diensbare leiers nou as tweede bousteeen van leierskap bespreek.

## 2.2 Leierskapontwikkeling

Leierskapontwikkeling is deel van die verhaal van Mansfield-gemeente. Die werkswinkels wat spontaan vanuit die selgroepbediening ontstaan het, vervul die behoefte aan onder andere leierskapontwikkeling as deel van die ‘diensbare leierskap-fokus’ van die gemeente. Hierdie werkswinkels bestaan uit drie komponente:

- In die eerste plek is daar 'n openheid teenoor die Woord van God en 'n dialoog word spesifiek hieroor aangemoedig by elke werkswinkel.

- Tweedens is daar 'n geleentheid waar relevante literatuur oor diensbare leierskap bespreek word en waar toerusting plaasvind. Dit is juis hier waar leierskap-ontwikkeling begin.

- Derdens is daar 'n praktiese sessie waar die diensbare leiers geleentheid het om hulle stories te vertel en vrae te vra. Hierdie praktiese sessie handel oor die verstaan van die verhaal van die gemeente en die rol wat diensbare leiers speel deur deel te wees van die selgroep-bediening. Hier vind diensbare leierskap in werkswinkel-styl plaas. Alle leiers neem deel en hulle verhale versmelt in 'n gesamentlike verstaanshorison, deurdat hulle meeleef, bydraes maak en inkoop in die bediening waarvan hulle deel is.

Ek sou graag op hierdie punt op die verhaal van Karien Venter wil fokus, in soverre dit ooreenstem met die verhaal van Mansfield-gemeente se leierskap-ontwikkeling. Sy was een van die eerste diensbare leiers wat die aanvanklike werkswinkels bygewoon het en haar ontwikkeling spreek boekdele. Karien vind goeie aanklank by die visie van die geloofsgemeenskap in Mansfield en spesifiek die klem wat op diensbare leierskap geplaas word.

Sy is een van die eerste leiers in die gemeente wat deur middel van vermenigvuldiging die kapasiteit geskep het om nuwe lidmate in die gemeente te verwelkom en te laat tuiskom in nuutgevormde kleingroepe. Hierdie proses help baie nuwe aankomelinge, hoofsaaklik immigrante uit Suid-Afrika, maar ook vanuit ander dele van die wêreld. Sy en haar man, Pieter, sien hierdie kleingroepbediening as die uitleef van hulle gelowige verhale. Dit is vir hulle 'n

voorreg om op ‘n persoonlike wyse nuwe Suid-Afrikaners op hulle voete te help en aan te moedig om weer ander te help, aangesien immigrasie nie ‘n maklike proses is nie en mense wat nuut in Brisbane aankom, normaalweg geen ondersteuningsnetwerk het nie.

Die leierskapontwikkeling wat in hulle verhaal sigbaar is, lê op die vlak van vermenigvuldiging. Hierdie gedagte om kapasiteit te skep vir nuwe lidmate was nie vantevore deel van haar verhaal nie, maar hulle diensbaarheid (beide dié van Karien as leier van die groep en haar man as lid van die groep) het aanleiding gegee tot die leierskapontwikkeling wat deel vorm van die unieke bediening in Mansfield.

Hulle was in Suid-Afrika nooit op dieselfde wyse by ‘n geloofsgemeenskap betrokke as hier in Brisbane nie. Pieter het op die finansiële kommissie gedien en was by geleentheid leier-oudeling en -diaken. Hier in Brisbane het hulle as egpaar egter ‘n bediening en hulle selgroep het alreeds vier nuwe groepe tot stand gebring.

Klagge (1997:335) stel die waarde van ‘n “plat-struktuur” teenoor ‘n hiërargie baie duidelik, waarvan hierdie voorbeeld van leierskapontwikkeling binne die selgroepbediening tekenend is. Mansfield se diensbare leierskapstyl wys ‘n duidelike skuif van ‘n tradisioneel hiërargiese gemeente na ‘n gemeente waar die insette van diensleiers ernstig opgeneem word. Diensbare leiers se deelname aan die vorming van die bediening veroorsaak sodoende dat hulle eienaarskap aanvaar van die “vertel” van die verhaal van die gereformeerde kerk in Mansfield. Die *leierskapkwaliteit* wat deur so ‘n sisteem gekweek word is van onskatbare waarde!

Volgens Peters en Smith (1998:291) lê die kwaliteit van leierskap in die feit dat leiers nie tradisioneel bestuur word nie. Die fokus lê op die praktyk en die operasionele uitkomste. Dit is hier waar die derde fokuspunt van die werkswinkels van kardinale belang is. Die praktiese meelewing van leiers vorm 'n versmelting van hulle onderlinge verstaanshorisonne en die bediening word gevoed deurdat die leiers mekaar vertrou en met 'n sentrale waardestelsel, wat op diensbaarheid gebou is, uitreik na selgroeplede.

Die ontwikkeling van leierskap kom ook nie in hierdie "plat-struktuur" by die selleiers tot stilstand nie, maar is juis dinamies. Die selgroeplede word eweneens as leiers gesien wat ander dien. Hierdie struktuur funksioneer in die gemeente en in die post-moderne samelewing waarin die gemeente haarself bevind, goed, omrede dit die gemeente toelaat om aanpasbaar te wees en die praktiese leefwêreld van immigrante te verstaan.

Daar is egter ook sekere *uitdagings* wat hierdeur meegebring word. Die eerste uitdaging sou beskryf kon word as die problematiek vir leiers om die gereformeerde tradisie te verstaan. Alhoewel die "plat-struktuur" leiers ontwikkel, is hulle nie noodwendig teologies opgelei nie. Hulle effektiwiteit as leiers is dus onder konstante druk in die sin dat hulle moet staatmaak op die opleiding en toerustingsgeleenthede vir selleiers in die gemeente.

Volgens "The Industry Task Force on Leadership and Management Skills" (1995:22) is dit nodig om leierskap as meer as net kommunikasie te sien. Die invloed van die leierskap van selleiers en selgroeplede moet vanuit 'n spesifieke kultuur van diensbaarheid gevoed word. Die werkswinkels is hierop ingestel: die selleiers dra die diensbaarheidskultuur van die werkswinkels in hulle eie selgroepe in en kommunikasie hieroor is spontaan. Die verhouding tussen die leraars en selleiers veroorsaak 'n dinamiese aanpasbare netwerk van kommunikasie, sowel as die vermoë om 'n leefwyse binne die kultuur van die

gemeente te modelleer. Hierdie kultuur vorm die geloofsgemeenskap waarvan mense deel word en wat volgens die mede-navorsers sin maak deurdat die geloofsgemeenskap aktief betrokke raak in mense se lewens. Die invloed van leiers op alle vlakke van die samelewing is dus 'n prioriteit in die gemeente en nie maar net die leierskap van leraars nie.

Die leierskap van leraars word onder andere sigbaar in die ontwikkeling van 'n spesifieke strategie, maar selfs hierdie vlak van ontwikkeling behels die bydraes en insette van selleiers, sellede en gemeentelede. Ter verduideliking van die ontwikkeling van die Mansfield Christian Reformed Church se strategie word die volgende raamwerk gevolg wat in lyn met die basiese raamwerk van leierskapsontwikkeling, soos aangebied deur Cacioppe (1998:44-47), is. Eerstens moet daar *strategiese imperatiewe geartikuleer* word en tweedens moet *duidelike doelwitte ontwikkel* word.

Die eerste stap in die *artikulering van strategiese imperatiewe* is om die strategiese sleutelareas te identifiseer. Die rede hiervoor is dat leierskapontwikkeling altyd in pas moet wees met die doelwitte van die gemeente, andersins kan die invloed van leiers 'n negatiewe impak op die gemeente en onmiddellike samelewing hê.

Die gemeente in Mansfield het drie sleutelareas geïdentifiseer : “Go”, “Teach” and “Obey” wat direk uit die Woord van God (Matt.28:19-20) kom. Die eerste area, “Go”, is op uitreik na mekaar en die gemeenskapgerig; die tweede fokusarea, “Teach”, gaan oor lering en onderrig en die laaste, “Obey”, handel oor 'n lewe van gehoorsaamheid, wat ook die kultuur van die geloofsgemeenskap, soos reeds bespreek, bepaal.

Hieruit vloei die *ontwikkeling van duidelike doelwitte* met die doel om 'n ontwikkelingsprogram daar te stel. Die leierskapstyl in Mansfield is 'n insluitende

styl, waar elke Christen: lidmaat, besoeker, sellid, selleier, ouderling, diaken en leraar, die geleentheid het om tydens die werkswinkels bydraes te lewer wat deur die groepleiers bespreek, getoets en geïmplimenteer word.

Die leraars lewer spesifieke insette rakende tersaaklike kennis en literatuur gemik op leierskapontwikkeling, wat altyd uitloop op 'n spanbenadering en in die werkswinkelstyl word elkeen die geleentheid gegee om unieke bydraes te lewer. Die doel is om 'n konstante dialoog daar te stel en die gesprek 'n oop gesprek te hou, sodat die gemeente voortdurend groei. Die gevolg is 'n leierskapspan wat ontwikkel as 'n span wat leergierig is en daarop gefokus is om te dien en te groei.

Die volgende *doelwitte* is deur die diensbare leiers in Mansfield vanuit die bogenoemde proses ontwikkel. Dit is 'n dinamiese proses en doelwitte behoort voortdurend verder ontgin en ontwikkel te word. Doelwitte is as volg:

- Elke lid van die leierskapspan moet verstaan watter rol hy/sy daarin speel.

- Beplanning, organisering en koördinering vind net plaas tydens die werkswinkels en nie op selgroepvlak nie.

- Leierskapsontwikkeling is gefokus op individuele gawes en belyn met strategiese doelwitte.

- Leierskap in 'n geloofsgemeenskap is anders as in die sekulêre wêreld in die sin dat dit altyd diensbare leierskap is.

- Selgroepe se doel is om te vermenigvuldig en diens te lewer deur spesifieke gemeenskapsprojekte te identifiseer.

Die ontwikkeling van ‘n leierskapsprogram in Mansfield vind op verskeie vlakke plaas. Eerstens is daar die strategiese vlak van leierskap (wat later in hierdie hoofstuk bespreek sal word). Vervolgens is daar die vlak van besluitneming in die vorm van die kerkraad wat met voorstelle deur die diensbare leiers (selgroepbediening en werkswinkels) bedien word, soos in hierdie hoofstuk bespreek. Laastens is daar ook die vlak van praktyk, waar alle leiers, selgroeplede ingesluit, as diensleiers in die gemeenskap betrokke is.

Tabel 4 sit leierskapontwikkeling in Mansfield Christian Reformed Church uiteen, soos hierbo bespreek:

## TABEL 4: LEIERSKAPSONTWIKKELING IN MANSFIELD CHRISTIAN REFORMED CHURCH

| 1. ARTIKULEER STRATEGIESE IMPERATIEWE | KWALIFISERING |
|---|---|
| 1.1. Diensleiers fokus op groei | * in getalle<br>* in karakter<br>* geestelike groei |
| 1.2. Leiers moet die kultuur van 'n geloofsgemeenskap verstaan | * insluitende leierskapstyl<br>* werkswinkels is waar leierskap ontwikkel word<br>* spanbenadering |
| 1.3. Diensbare leierskap is 'n uitreikbediening | * na die plaaslike gemeenskap<br>* wêreldfokus sal ontwikkel |
| **2. ONTWIKKEL DUIDELIKE DOELWITTE** | **KWALIFISERING** |
| 2.1. "Plat struktuur" | * Nie net leraars betrokke nie, maar leiers op alle vlakke |
| 2.2. Spanbenadering | * Beplanning, organisering en leierskap is intensioneel in spanverband |
| 2.3. Strategiese doelwitte | * Opwekking van kreatiewe energie en die invloed van leiers is sleutelaspekte |
| 2.4. Leiers funksioneer as dienaars | * Wees rolmodelle in die selgroepe |
| 2.5. Projek-gefokus | * Ontwikkeling van projekte in die gemeenskap |
| **3. METODOLOGIE** | **KWALIFISERING** |
| 3.1. Ontwikkel 'n program vir diensbare leierskap | * Mede-verantwoordelikheid<br>* Projekte het 'n begin en eind datum<br>* Probleem oplossing word tydens werkswinkels in praktiese sessies hanteer.<br>* Leierskap is in spanverband<br>* Interpersoonlike kommunikasie en oop dialoog |

Die bogenoemde tabel baan die weg tot die ontwikkeling van 'n program vir diensbare leierskapsontwikkeling. Die veronderstelling is dat die tabel 'n chronologiese volgorde aandui om die ontwikkeling van leiers binne 'n geloofsgemeenskap in 'n post-moderne wêreld moontlik te maak.

Mansfield Christian Reformed Church is in ‘n baie unieke situasie, deurdat Suid-Afrikaansgebore immigrante meestal aktief aan die gemeente deelneem. Die diensbare leierskapsontwikkeling word dus ook sterk beïnvloed deur die verhale van nuwe lidmate wat immigreer na Brisbane. Hierdie mense ontmoet die bestaande gemeente, wat andersins hoofsaaklik uit Australiërs en gebore immigrante uit Nederland bestaan wat gedurende die 1950s na Australië geïmmigreer het. Suid-Afrikaanse immigrante maak meer as 80% van die totale lidmaattal in Mansfield uit en hulle kerklike agtergrond ontmoet die verstaanshorison van Mansfield-gemeente, wat ‘n soortgelyke gereformeerde tradisie het. Daar is egter ook talle verskille, soos wat die verhale van die mede-navorsers uitgewys het.

Die belangrike is egter dat hier, soos wat die verhaal van die gemeente van Mansfield ontvou, ‘n unieke situasie aan die ontwikkel is. Storey (1989:7) maak ‘n waardevolle bydrae tot die gesprek van leierskapsontwikkeling wanneer hy sê dat die beskikbare literatuur oor die onderwerp baie min gekontekstualiseerde studies aantoon en dat die konteks waarbinne leierskap ontwikkel word, van die allergrootste belang is. Hierdie studie in Mansfield is wel gekontekstualiseer, deurdat dit ‘n unieke verhaal vanuit sy konteks in Australië vertel, maar ook ‘n sterk Suid-Afrikaanse invloed in die onmiddelike gemeenskap toon. In die breër konteks van Brisbane is die teendeel egter waar: Suid-Afrikaans gebore immigrante is in die minderheid.

Die uitdaging in die verhaal van die ontwikkeling van diensbare leierskap in Mansfield word ook gevind in hierdie unieke situasie. Die mikro-konteks oorskadu die makro-konteks, omrede die immigrante ‘n behoefte het om te behoort aan die onmiddellike konteks in Mansfield, ten einde saam met ander eendersoortiges te wees. Storey (1989:3-11) waarsku almal betrokke in leierskapontwikkeling dat ‘n bewustheid van die makro-konteks en ‘n wêreldfokus van groot belang is. Die verantwoordelikheid van leiers op alle vlakke in Mansfield is ook om te integreer in die breër Australiese samelewing. Alhoewel

hierdie fokus bestaan as deel van die leierskapontwikkeling, wys die praktyk in die gemeente net enkele voorbeelde hiervan en die verhale van die navorsingsgenote is gevolglik ook gebrekkig in hierdie opsig.

Rakende leierskap-ontwikkeling in die verhaal van Mansfield kan ten slotte na Kaagan (1998:79) verwys word wat die volgende interessante opmerking maak: "The principles of continuity and interaction in experience and the inevitable march to a sense of purpose are central to the dynamics thoughtful *educators* should seek ..."  Die leraars van die gemeente is per definisie opvoeders van 'n spesifieke sisteem wat die verantwoordelikheid het om die kernwaardes van die Woord van God in die leierskaparena in te dra tydens die implementering van 'n program vir leierskapsontwkkeling.  Die wyse waarop dit plaasvind is volgens Fulmer en Goldsmith (2001:170) net suksesvol as die leiers hulself laat leer deur ervaring, beide deur positiewe en negatiewe ervaringe.  Moxley (1998:208) sluit hierby aan deur te sê dat negatiewe ervaringe onvermydelik is, maar dat dit juis in sulke tye is wat groei en ontwikkeling plaasvind.

Die verhaal in Mansfield gemeente wys groei uit op grond van kreatiewe diensbare leierskap wat kontekstueel ontwikkel, sowel as leer deur ervaring en aanpassings wat voortdurend gemaak word na gelang van die nood in die gemeenskap waarin die lidmate leef.

## 2.3 Leierskap in spanverband

Die verhaal van Jaco en Linda Botha verwys na een van die min geleenthede waar daar sprake is van integrasie.  Hulle beleef die gemeente van Mansfield as God se familie.  Die interessante van hulle verhaal is dat dit veral hulle Australiese vriende in Christus is wat hulle in tye van nood bygestaan het. Hierdie

omgee-aksies in hulle verhaal vertel van die uitkomste van ‘n spanbenadering in die gemeente van Mansfield. Om dit te verduidelik is dit nodig om eers aandag te gee aan die volgende gedeelte van die Bothas se verhaal:

Linda het ‘n geloofskrisis beleef na ‘n vorige negatiewe gemeente-ervaring in Australië tot by die punt waar sy nie meer geweet het wat sy regtig glo nie. Mettertyd het sy egter beleef hoedat die geloofsgemeenskap in Mansfield haar gehelp het om in haar geloof te groei. “Kerkwees hier is anders, omrede jy uit jou gemaksone is,” sê Linda. “Hier word alles getoets en nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Jy as persoon word nie gereken nie. Jy het nie ‘n geskiedenis in hierdie land nie. Jy is ‘n nuwe immigrant. Dit dwing jou op jou knieë.”

Hierdie negatiewe ervaring van spesifiek Linda, het haar uit haar gemaksone geneem en sonder dat dit haar keuse was, het sy as immigrant noodgedwonge kontak gemaak met meer gevestigde Australiese Christene en toe die Liggaam van Christus op ‘n nuwe manier beleef en ervaar. Hierdie Australiërs vorm ‘n belangrike deel van die diensbare leierskapspan in Mansfield, alhoewel hulle in die minderheid is.

Leierskap in spanverband is deel van die verhaal van die geloofsgemeenskap in Mansfield, deurdat die “plat-struktuur” wat diensbare selleiers oplewer in die kwartaallikse werkswinkels in Mansfield in die praktyk gestalte vind. Die feit dat leierskap op alle vlakke van die gemeente gesien word of anders gestel die feit dat die verhaal van Mansfield leiers uitwys as gelowiges wat diensbaar is en leiding neem deur ander mense te bedien, veroorsaak verandering in die gemeentelike lewe.

Volgens Robbins *et al* (2001:398) het leierskap alles te make met die vermoë om verandering te hanteer. Die tradisionele agtergrond van die gemeente in

Mansfield wys 'n konserwatiewe leierskapstruktuur wat bestaan het uit een leraar en die kerkraad wat op strategiese vlak die leiding geneem het. Die veranderinge wat die selgroepbediening oor die afgelope 4 jaar in die gemeente gebring het, ontwikkel leierskap in spanverband. Die vyf en dertig selgroepleiers werk goed in 'n span saam, omrede hulle gesamentlike besluite neem en 'n dinamiese dialoog oor diensbare leierskap aan die gang hou, tydens werkswinkels wat eenmaal per kwartaal gehou word. Daar is ook vyf ouderlinge wat elk vir sewe selgroepleiers verantwoordelikheid aanvaar en hulle ondersteun in hulle bediening. Die gevolg is dat goeie verhoudinge tussen ouderlinge en selgroepleiers ontwikkel, wat almal hulself as deel van die leierskapspan in Mansfield sien.

Elke selgroepleier het egter die kreatiewe vryheid om 'n unieke fokus deur selgroepbediening in hulle eie groep in te dra. Hulle unieke leierskapstyl en manier van doen word gerespekteer, deurdat die selgroepleiers inspraak in die kerkraad het. Die tradisionele siening dat die kerkraad alleen oor besluitingnemingsvermoë beskik, word nie meer in die verhaal van Mansfield gesien nie.

Napier en Gershenfield (1999:217) wys duidelik op die gevare wanneer leierskap en mag hand aan hand gaan. Die mag wat dikwels met leierskap geassosieer word, is nie langer deel van die vergelyking in hierdie gemeente nie. Dit word duidelik in die invloed wat leiers in hulle onmiddelike omgewing uitoefen deur die rol wat hulle vertolk. Mansfield-gemeente se siening hierrondom word gevorm deur die Bybelse beginsel van diensbaarheid. Leiers is diensbaar en hulle invloed lê in hulle diensbaarheid. Hulle is dus daarop gefokus om andere te bedien en nie om andere te beïnvloed deur in magsposisies besluite te neem nie.

Hierdie Bybelse beginsel is vasgelê tydens een van die werkswinkels in Mansfield. Die Skriflesing vir die oggend was Matteus 9:35-10:15 (Verklarende

Bybel, 1989). Die selgroepleiers het 'n oop dialoog rondom verskillende en vernuwende perspektiewe in die bediening gevoer, met die doel om op 'n verantwoordelike wyse diensbare leierskap te ondersoek en om op die voorbeeld van Christus te fokus.

In Mat. 9:35 vind ons dieselfde koninkryksvisie as in Mat. 4:23. Die rede hiervoor is dat die skrywer aan ons wil toon dat ons hier in Mat. 9:35 met 'n nuwe gedeelte in die boek begin. Mat. 4:23 maak deel uit van 'n groter geheel in die boek wat handel oor die grootheid en die majesteit van Jesus, wat mense van sy tyd bedien het. Sy leierskap en invloed was te siene in die wyse waarop Hy ander gedien het deur word en daad.

Die diensleiers in Mansfield het besef dat Mat. 9:35 'n beroep op hulle doen om Jesus se heerlikheid en majesteit daadwerklik raak te sien, omdat hulle gelees het hoe die mense se aanvanklike verwondering (Mat. 4:23 in die Verklarende Bybel, 1989) oor Jesus en die wonders wat Hy gedoen het aan die afneem was. Hulle het die lewe dus nie meer gesien met die perspektief wat Jesus daarop geplaas het nie, maar hulle het weer teruggeval in hulle eie lewens en die ou manier van doen.

Ons lees dat Jesus diep bewoë was toe Hy die skare mense voor Hom sien, omdat hulle nie meer die perspektief gehad het wat Hy hulle geleer het nie. In Mat. 9:36 staan geskrywe hulle was soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hierdie beeld wat Jesus gebruik het, was goed bekend aan die mense, want hulle het dit geken vanuit die Ou Testamentiese tradisie. Ons lees daarvan in Num. 27:17, 1 Kon. 22:17 en Eseg. 34:5 (Verklarende Bybel, 1989). Die motivering vir hierdie beeld wat Jesus gebruik word gevind in sy liefde en ontferming of anders gesê in die feit dat Hy regtig omgee vir mense.

Jesus sien dus die nood van mense raak en Hy kyk nie daarby verby soos die leiers van die volk gedoen het nie. In vers 36 sien ons dat deel van Jesus se hartseer daarin gevind moet word dat die leiers van die volk die nood van die mense nie raakgesien het nie. Dit beteken dat hulle nie omgegee het vir die mense nie. Vir die diensbare leiers in Mansfield word hierdie 'omgee-perspektief' krities belangrik in hulle bediening. Hulle sien hulself as geestelike leiers wat die nood van ander raaksien, omgee vir ander en hulle invloed as leiers word gesien in hulle diensbaarheid aan ander. Die begronding hiervoor word gevind in Mat. 9:35-10:15.

Die nood van mense staan op die voorgrond. Die selgroepbediening in Mansfield word beskryf as 'n "Needs oriented evangelical cell group ministry". Die selgroepleiers se lewens vertel van 'n ingesteldheid op die nood van ander. Karien Venter, as mede-navorser, beskryf haar verhaal as 'n verhaal waar baie groei plaasgevind het. Haar eie interpretasie van die selgroepbediening in Mansfield is dat sy buite haar gemaksone funsioneer as leier en dat hulle selgroep bestaan met die hoofdoel om uit te reik na gebore Suid-Afrikaanse immigrante wat nuut in Brisbane is. Hierdie perspektief om die nood van immigrante raak te sien, word dankbaar aanvaar deur immigrante soos Ben en Jackie de Vos. Hulle verhaal getuig van die invloed van die leierskap van Karien en haar groep, wat hulle meer as net tuis laat voel het – hulle is aanvaar deur die groep, hulle nood is aangespreek en sinvolle verhoudings het daaruit ontwikkel. Hulle getuig van die familie van God (die selgroeplede) wat hulle bloedfamilie in Suid-Afrika se plek in 'n vreemde land inneem en die waarde daarvan beskryf hulle as onmoontlik om te bepaal.

Behalwe vir die beeld van die skape wat herderloos is, gebruik Jesus ook die beeld van die groot oes wat deur die min arbeiders ingesamel moes word in vers 37 van hoofstuk 9. Tradisioneel het dit betrekking gehad op die engele omdat mense gedink het dat slegs engele geskik was om as gesante van God op te tree. Ons sien egter dat Jesus hierdie perspektief kom verander het, deurdat Hy

nou apostels aanwys, gewone mense, om sy werk te gaan doen, naamlik om die fisiese en geestelike nood van mense aan te spreek. Die motivering vir Jesus se optrede kan weereens net gevind word in sy onvoorwaardelike liefde en die feit dat Hy vir mense omgee.

In sy liefde gebruik Jesus die apostels en Hy gee aan hulle dieselfde opdrag as wat Hy van die Vader ontvang het (vanaf die 5de vers van hoofstuk 10), om van huis tot huis te gaan met die onvoorwaardelike liefde van God, die nood van mense aan te spreek in hulle alledaagse lewens en mense in die gemeenskap en in hulle lewenswêreld te bedien met die Evangelie. Die dissipels het die opdrag ontvang om as ‘n span hierdie werk te doen en die diensbare leiers in Mansfield poog om dieselfde te doen.

Daar is twee sake rondom leierskap in spanverband wat vanuit die literatuur uitstaan as sake wat aandag behoort te geniet. Eerstens moet die wyse waarop spanne opereer en die doelwitte wat suksesvolle spanne behaal, *meetbaar* wees. Tweedens is die daarstel van ‘n *netwerk* vir elke leier belangrik.

Leiers kan maklik, indien hulle hul dienswerk in afsondering doen, die ervaring van isolasie beleef. Jesus het juis sy dissipels as ‘n span benoem en die leierskap in Mansfield glo dit behoort dieselfde in hulle bediening te wees. Leierskap in spanverband in Mansfield gee aandag aan onder andere die bogenoemde twee sake. Tog is daar ook heelwat ontwikkeling en groei wat reeds plaasgevind het deur die bydraes van selleiers in spanverband.

Die volgende voorwaardes vir groei is geïdentifiseer:

- Daar moet meetbare doelwitte in spanverband wees.
- ‘n Dringendheid moet ontwikkel word.

- Leiers moet volgens gawes en nie persoonlikhede nie, gekies word.
- Die aksies van leiers moet gemeet word.
- ‘n Kultuur, waarbinne leiers kan optree, moet geskep word.
- Leiers behoort met nuwe informasie en feite gekonfronteer te word.
- Genoeg tyd behoort saam spandeer te word.
- ‘n Netwerk van leiers moet ontwikkel word.

Alhoewel die verhaal in Mansfield-gemeente tot dusver nog nie *meetbare doelwitte in spanverband* vertoon nie, is die diensbare leiers bereid om aanpassings te maak. Die werkswinkels word alreeds gebruik as ‘n meganisme waar daar informeel terugvoer gegee word, maar formele aanpassings word as ‘n leemte uitgewys.

Volgens Katzenbach and Smith (1993: 175-194) behoort die terugvoer van leiers sekere elemente, wat op mekaar inspeel met die doel om leierskap in spanverband te verstewig, te vertoon. Die span selgroepleiers het ‘n spesifieke *dringendheid ontwikkel* ten opsigte van diensbaarheid in die gemeenskap, maar die skakeling met ouderlinge vertoon ‘n afwesigheid van ‘n verstaan van die dringendheid waarmee selleiers die bediening benader. ‘n Moontlike rede hiervoor is die feit dat ouderlinge nie van meet af aan deelgeneem het aan die bediening nie en gevolglik ook die werkswinkelsesssies nie bygewoon het nie.

Die kerkraad ondersteun egter die bediening goed en ‘n algemene rigting in die ontwikkeling van leierskap regoor die gemeente word bevorder. Diensbare leierskap in die kerkraad behoort verder ontwikkel te word en die verhaal in Mansfield sluit nou die ouderlinge in as deel van die werkswinkels, met die insig dat kerkraadslede ook toegelaat word om hul unieke bydrae te lewer.

Ten opsigte van die *keuse van lede volgens gawes en nie persoonlikhede nie*, maak Welbourn (2001:140) 'n waardevolle bydrae tot die gesprek wanneer hy klem lê op mense se potensiaal en waarde wat hulle kan toevoeg in 'n span. Hy pleit vir 'n verstaan van die gawes van mense wat opgesluit lê in die potensiaal wat hulle as leiers in die gesprek indra. Sy redenasie is dat die kwaliteit van leierskap drasties verhoog, wanneer lede besef dat hulle 'n waardevolle bydrae het om te maak. Dit beteken nie dat persoonlikhede genegeer word nie. Persoonlikheidtipes is tog van belang vir die selgroepleier en die selgroeplede het nodig om aanvaar te word vir wie hulle is. Die suksesse wat in 'n selgroep behaal word, word egter meer ooglopend beïnvloed deur die talente wat potensieel in die groep opgesluit is. Die belangrike besef in diensbare leierskap is dat elkeen 'n bydrae lewer.

*Aksies van leiers behoort gemeet te word*. Die belangrike vraag wat hier beantwoord moet word is of leiers doen wat hulle sê. Die werkswinkels is net effektief wanneer die diensleiers uitgaan en in die gemeenskap betrokke raak deur diensbaar te wees. Mansfield begin in die gemeenskap bekend raak as 'n kerk wat dinge 'anders' doen en wat intensioneel aksies loods wat gefokus is op die nood van mense in die gemeenskap. Die post-modernisme is duidelik in die algemene gemeenskap sigbaar deurdat mense nie meer sterk morele waardes het waarvolgens hulle leef nie. Die Australiese manier van leef is om te "go with the flow" en die Brisbaniete beskryf hulself om hierdie rede as "easy going". In 'n samelewing wat hierdie laat-maar-loop-houding onderskryf, is die optrede van diensleiers om intensioneel die nood van ander te verlig daarom iets ongewoon.

*'n Kultuur, waarbinne leiers kan optree, moet geskep word*. In Mansfield word 'n kultuur van diensbaarheid gekweek, deurdat selleiers op die nood van mense ingestel is. Die selgroeplede doen dieselfde: hulle leef die diensbaarheids-kultuur uit, in die gemeente, by die werk en in die gemeenskap. Die belangrikheid van hierdie kultuur kan nie onderskat word nie, omrede hierdie kultuur die deurslag bied wanneer iemand as besoeker uitgenooi word na die

gemeente toe. Die verhaal van Ansie van Zyl is hier ter sake - sy vertel dat hierdie geloofsgemeenskap anders is as al die ander kerke waaraan sy al behoort het. Wanneer sy gevra word om hierdie stelling te interpreteer, sê sy dat die mense “real" is. Hierdie opregtheid is ‘n sleutelarea in die suksesse van diensbare leiers.

*Leiers behoort met nuwe informasie en feite gekonfronteer te word*. Spanleiers is net suksesvol wanneer hulle uitgedaag word om met nuwe materiaal te werk. Selgroepleiers ontvang vier keer per jaar formele toerusting, waartydens diensbare leierskap en operasionele vaardighede as uitkomste nagestreef word. Dit veroosaak dat stagnasie teëgewerk word en dat ‘n dinamika ontwikkel waar lede deelgemaak word van die proses om bydraes te lewer en self te groei in hulle eie leierskap.

Die diensbare leiers sal net suksesvol wees as hulle *genoeg tyd saam met die sellede spandeer*. Sellede het nodig om te ervaar dat die leiers na hulle luister en geleenthede ontwikkel waar hulle ook bydraes kan maak, wat in die bediening geïnkorporeer kan word. Op hierdie vlak word verskeie projekte geïdentifiseer, beide in die geloofsgemeenskap en ook met uitreike na nie-gemeentelede. Die selleiers ontmoet die groepe ten minste een maal in twee weke vir twee tot drie ure lank. Weeklikse ontmoetings is gewoonlik nie moontlik nie, vanweë die groot afstande wat afgelê word alvorens ‘n groep bymekaar kan kom. Onder hierdie omstandighede kan een ontmoeting elke twee weke gesien word as genoegsame kontak.

*Daar behoort ‘n netwerk van leiers te wees*. Buttery en Buttery (1994:17) identifiseer ‘n netwerk as twee of meer mense of groepe wat in ‘n spesifieke verhouding betrokke raak met ‘n gemeenskaplike doel. Hierdie gemeenskaplike doel word deur Deresky (2000:134) verder gevoer deurdat gemeenskaplike waardes aangewend word om ‘n gesamentlike doel te bereik. Die diensbare

leiers in Mansfield het gedeelde Bybelse waardes ten opsigte van leierskap soos in hierdie hoofstuk beskryf en hul gemeenskaplike doel is om as 'n netwerk van gelowiges die nood van ander, ook Suid-Afrikaans gebore immigrante, aan te spreek deur diensbaar te wees.

Die tema van diensbaarheid in Mansfield word in die verhaal van die mede-navorsers, Ben en Jackie de Vos, in hierdie studie aangehoor. Ben en Jackie se vriende, Pieter en Karien Venter, wat deel is van die leierskapspan van die Mansfield-gemeente, het die De Vos-gesin uitgenooi om die eredienste saam met hulle te begin bywoon. Hulle vertel dat hulle onmiddelik deel gevoel het van die geloofsgemeenskap. Die volgende uitnodiging was na die Venters se selgroep, waar hulle saam met ander gebore Suid-Afrikaners bedien is deur die Woord van God en die omgee-aksies van mede-Christene.

Dit het hulle toegelaat om deel te vorm van 'n groter prentjie, wat soos volg uiteenval: Die Engelstalige gemeente in Mansfield het kleingroepe in beide Afrikaans en Engels. Verskeie groepe het beide Afrikaanssprekende en Australiese lidmate in die groep en in so 'n geval is die voertaal Engels. Ander groepe het net Afrikaanssprekendes in die groep, omrede ongeveer 85% van die lidmate in die gemeente Afrikaans as eerste taal besig. Ben en Jackie het in so 'n Afrikaanssprekende groep tuisgekom en hulle verhaal spreek van dankbaarheid vir die ondersteuning wat die groep aan hulle gebied het, toe hulle swaar onder die druk van immigrasie gebuk gegaan het.

Hierdie verhaal is 'n voorbeeld van hoe leierskap in spanverband die nood van immigrante raaksien en opvang. Die verhale van mede-navorsers vertel hoedat mense in mekaar se lewens betrokke raak en hoe gedeelde Bybelse waardes 'n gemeenskaplike doel van diensbaarheid aan mekaar en die gemeenskap bevorder.

Johnson en Johnson (1997:3) sê: "Research has shown that a positive interdependence, personal responsibility, interpersonal and group skills, personal interaction and reviewing the team process lead to high team performance". Opsommend kan genoem word dat die leiers van die Christian Reformed Church in Mansfield in spanverband funksioneer en die terugvoer van diensbare leiers bevestig dat 'n spanbenadering spesifieke voordele vir die bediening inhou. Die neem van persoonlike verantwoordelikhede, die ontwikkeling van (potensiële) gawes van leiers en 'n ingesteldheid op diensbaarheid is sigbaar in die gemeente.

## 2.4 Strategiese Leierskap

Wanneer strategiese leierskap in Mansfield Christian Reformed Church bespreek word, is dit allereers nodig om die intellektuele bronne van die gemeente van naderby te beskou. Die intellektuele bronne van die gemeente sou allereers as die betaalde werkers of die leraars van die gemeente beskryf kon word. Die leraars van die gemeente, tesame met die kerkraad vorm die strategiese leierskap in die gemeente.

Die strategiese leiers het volgens die model van McCrindle (2009:171-175) 'n besluit ten opsigte van die styl van leierskap geneem, wat soos volg beskryf word: Die outoritêre en direktiewe styl word nie oorweeg nie, omrede dit geensins die plaaslike konteks in Mansfield in ag sou neem nie. Fasette van die konsulterende en bemagtigingstyle word in die inligting rakende diensbare leierskap, wat aan die selgroepleiers beskikbaar gestel word tydens werkswinkels, geïnkorporeer. Hierdie twee style het raakpunte met die beskrywing van McCrindle, insoverre daar 'n inklusiewe besluitnemingsproses daargestel word en die betrokkenheid van diensbare leiers verseker word.

Die styl van mentorskap word veral hoog aangeslaan deur die strategiese leiers in die gemeente en die toerustingsmateriaal wat ontwikkel word, fokus grootliks daarop om 'n oop gesprek, op beide formele en informele vlak, te stimuleer. Die waarde van hierdie styl lê in die invloed van selgroepleiers in hulle selgroepe, met die gevolg dat daar 'n "plat struktuur" van leierskap daargestel word. Hierdie "plat struktuur" in die gemeente stel die gemeente op om beide die selgroepleiers en sellede as deel van die leierskap te sien.

Sveiby (1997:162) stel dit duidelik dat intellektuele kapitaal in die 'vloei van kennis' gesien word. Die gemeente van Mansfield is daarop ingestel om die kommunikasie tussen die strategiese leierskap (kerkraad) en die selgroepleiers uit te bou. Die vloei van kennis vind plaas tydens die kwartaallikse werkswinkels vir selgroepleiers, wanneer die leraars die opleiding en toerusting van die diensbare leiers deurlopend hanteer. Die kerkraadslede lewer ook hulle bydrae tydens hierdie geleenthede, maar eers nadat die selgroeplede die geleentheid tot refleksie op die materiaal wat hulle ontvang het, gegun is. Die selgroeplede interpreteer hierdie materiaal rakende diensbare leierskap ten opsigte van hulle praktiese ervarings in die bedieningsveld van die selgroepe en maak die spesifieke ouderlinge wat verantwoordelik is vir hierdie bediening bewus van die nood wat in die selgroepe bestaan. Die ouderlinge voltooi dan die sirkel van kommunikasie deur die sake wat tydens die werkswinkels bespreek is by die kerkraadsvergaderings te opper en hanteer voorstelle vanuit die forum van die werkswinkels om hulle te help met die besluitnemingsprosesse as kerkraad van die gemeente. Hierdie struktuur bevorder dus die vloei van kennis rakende diensbare leierskap op alle operasionele vlakke van die gemeente.

Die leraars sien dit as deel van hulle verantwoordelikheid om die gemeente te bedien met kennis. Hieronder word allereers 'n Woordkennis verstaan, met ander woorde die Bybel as bron vanwaaruit die gemeente leef. Dit is veel meer

as net die Woordverkondiging op Sondae tydens eredienste. Die leraarspan stel hulleself onder andere ten doel om die Christelike waardes vanuit die Woord van God in die selgroepe te laat tuiskom. Hieronder word aktuele kennis, in terme van die Liggaam van Christus wat as geloofsgemeenskap op ‘n bepaalde manier as diensbare leiers leef, verstaan. Die strategie van die leraars is om die ouderlinge en selgroepleiers op te lei en toe te rus om nie net diensbare leierskap te verstaan nie, maar om dit ook uit te leef as deel van die kultuur van die gemeente.

Die strategiese leiers in die gemeente dra dus ‘n sekere kennis in die gemeente in en hierdie vloei van kennis word gesien in die proses wat hierbo beskryf is. Hierdie proses veroorsaak dat kennis rakende diensbare leierskap as strategiese doelwit en uitkoms hanteer word met die veronderstelling dat kennis nie net van die leraars na die kerkraad en selgroepleiers vloei nie, maar dat werkswinkels die forum word waar hierdie kennis rakende diensbare leierskap werklik bespreek en deur die selgroepleiers geïnternaliseer word.

Die kommunikasieproses bly oop, die selgroepleiers lewer hule insette en die ouderlinge word by die proses betrek deurdat hulle van die nood in die gemeente, soos wat die selgroepleiers dit weekliks ervaar, bewus gemaak word. Hierdie dinamiese oop kanaal van kommunikasie is ‘n strategiese uitkoms wat deel is van die kultuur in die Mansfield Christian Reformed Church. Hierdie gemeente is daarop ingestel om ‘n immigrant-vriendelike gemeente te wees en het gevolglik nodig om te fokus op die nood van nuwe lidmate, wat meestal Suid-Afrikaans gebore immmigrante is.

Die strategiese visie geniet hoë prioriteit in Mansfield-gemeente en die strategiese leiers (selleiers ingesluit) werk hard daaraan om ‘n ‘diensbare leierskapkultuur’ te vorm, ten einde ‘n geloofsgemeenskap daar te stel wat werklik leiding neem om andere (mense binne, sowel as buite die gemeente) te

bedien. Deel van die strategiese visie is die *vloei van kennis*, soos reeds bespreek, en die leraars en kerkraadslede sien dit as hulle gedeelde verantwoordelikheid om die selleiers met materiaal rakende diensbare leierskap te bedien. Dit bemagtig die selleiers om in hulle bediening andere te kan bereik en in die proses word hulle as diensbare leiers ondersteun en het nie die ervaring dat hulle vereensaam of alleen in hierdie proses van bediening is nie.

Hierdie strategiese visie ten opsigte van die 'vloei van kennis' word aan die hand van vier fases, soos voorgestel deur Huseman & Goodman (1999:177) hier ten slotte beskryf:

- Identifiseer kennis en lê beslag daarop: Hierdie eerste fase het die betekenis dat goeie kennis jou eie gemaak moet word. Die gemeente moet dus die kennis allereers verkry deur die leraars wat 'n studie maak van diensbare leierskap. Die strategiese besluite wat die waarde van diensbaarheid in die geloofsgemeenskap beklemtoon, veroorsaak dat selgroepleiers 'n eie kennis opbou en dat dit deel word van hulle die lewenservaring as diensbare leiers.

- Prioritiseer kennis: Nie alle kennis sal relevant wees in die lewensverhaal van Mansfield-gemeente nie en die strategiese leierskap sien dit as deel van hulle taak om die relevansie van kennis saam met die selgroepleiers tydens werkswinkels intensioneel te evalueer. Hierdie kennis word dan die eiendom van die gemeente gemaak, deurdat die selgroepleiers en die kerkraad die waardes van diensbaarheid uitleef.

- Deel die relevante kennis en plaas 'n hefkrag daarop: Hiermee word bedoel dat kennis met selgroepleiers en selgroeplede gedeel word ten einde 'n kultuur van diensbaarheid in die geloofsgemeenskap te

bewerkstellig. Hierdie relevante kennis word vanuit die terugvoer van selgroepleiers bepaal en een van die leraars is verantwoordelik vir die opstel van hierdie relevante materiaal wat tweeweekliks aan die selgroepleiers ge-epos word, met die doel dat hulle hierdie materiaal rakende diensbaarheid in hul selgroepe kan gebruik. ‘n Hefkrag word op die kennis geplaas deurdat relevante kennis effektief deur die gemeente vloei.

- Kennis bou kultuur: Die effektiewe vloei van kennis rakende diensbaarheid in die gemeente sorg vir die konstante implementering van hierdie kennis deur selgroepleiers. ‘n Kultuur waar die geloofsgemeenskap hulself as diensbaar aan die gemeenskap sien, word op alle terreine van die gemeente gekweek en uitgeleef. Die ontwikkeling van diensbare leierskap dra by tot die uitbou van hierdie kultuur en nogmaals die ontwikkeling van relevante kennis wat deur die geloofsgemeenskap vloei.

## 3. SLOTOPMERKINGE RAKENDE DIENSBARE LEIERSKAP IN DIE GELOOFSGEMEENSKAP VAN MANSFIELD

Die verhaal van Mansfield vertel van ‘n intensionele ontwikkeling van diensbare leierskap wat onder andere daarop ingestel is om die nood van immigrante aan te spreek. Die diensbare leiers word toegerus om *self-leierskap* te verstaan, vanwaaruit *leierskapontwikkeling* en *leierskap in spanverband* vloei. *Strategiese leierskap* is ‘n gedeelde verantwoordelikheid in die gemeente en die vloei van kennis word as ‘n voortdurende dinamiese proses van kommunikasie gestimuleer.

Hierdie proses van kommunikasie bepaal die besluitnemingsvermoë van die kerkraad en die werkswinkels speel 'n kardinale rol in die voltooiing en die terugvloei van kommunikasie vanaf die selgroepleiers na die strategiese leiers in die gemeente. Die werkswinkels het dit uitgewys dat die vloei van *gelowige* kennis deel is van die dinamiese kommunikasieproses.

Hierdie studie is daarom verder geïnteresseerd in die verhale van *gelowige* immigrante, in soverre hulle belewenisse van God se teenwoordigheid in Mansfield beskryf word. Die volgende hoofstuk sal hieraan aandag gee, met die doel om betekeniswaarde aan hierdie aspek van die immigrasieverhale te verleen.

# HOOFSTUK 5

# DIE BELEWENIS VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID IN ‘N POST-MODERNE GELOOFSGEMEENSKAP IN BRISBANE, AUSTRALIË

## 1. ‘N REFLEKSIE OP DIE BELEWENISSE VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID IN DIE VERHALE VAN MEDE-NAVORSERS

Hierdie hoofstuk word aan die verhale van mede-navorsers en hulle belewenisse van God se teenwoordigheid in die groeiende geloofsgemeenskap in Mansfield gewy. Hierdie is nie ‘n poging om ‘n volledige weergawe van elkeen se eie geloofservaringe te gee nie. Die dinamiese geloofsverhouding van navorsingsgenote is veel meer as wat hier weergegee word. Hierdie studie is geïnteresseerd in gedeeltes van die immigrasieverhale, insoverre die ervaringe van God se teenwoordigheid in elke verhaal wat vertel word, met mekaar oorvleuel en mekaar aanvul.

Voordat daar na die transversale rasionalitiet binne die gemeente van Mansfield gekyk word is dit nodig om die spesifieke diskoerse in die verhale uit te lig. Die metodiek wat ek as navorser gebruik het is om individuele opvolggesprekke, sowel as opvolggesprekke in groepverband met die mede-navosers te inisieer, ten einde saam met hulle die diskoerse in hulle verhale te identifiseer en te herinterpreteer.

Uit die tien mede-navorsers was dit moontlik om met agt die opvolggesprekke te voer, vanweë die feit dat twee van hulle (Johan en Ansie van Zyl) vir ses maande in Europa was en dus nie beskikbaar was vir die opvolggesprekke nie. Hierdie opvolggesprekke het plaasgevind tussen agt en elf maande na die aanvanklike verhale vertel is. Die tydsverloop tussen gesprekke dra by tot ‘n ryper verstaan

van die immigrasieverhale en die onderskeie refleksies laat die gespreksgenote op hierdie wyse toe om ‘n epistemiese ruimte te ontdek wat krities is in inter-dissiplinêre narratiewe navorsing (Van Huyssteen, 2007:421).

Hier volg ‘n kort opsomming van die opvolggesprekke met agt mede-navorsers, met die doel om die tersaaklike diskoerse in die verhale te identifiseer:

**Ben en Jackie de Vos**

Ben en Jackie kom beide uit ‘n agtergrond waar Christelike opvoeding belangrik is en hulle deelname aan die gemeente in Mansfield gaan in ‘n groot mate oor hoe die Woord van God verkondig word. Hulle stem saam dat hulle kinders se Christelike opvoeding vir hulle belangrik is en dat hulle in die “Liggaam van Christus” in Mansfield ‘n geestelike tuiste gevind het beide vir hulself en vir hulle kinders waarmee hulle kan gemaklik voel.

Hulle verhaal wys duidelik die diskoers van ‘n soeke na God se wil uit. Hulle sien die feit dat God sekere deure vir hulle oopgemaak het rakende Ben se werk en die manier waarop daar vir hulle voorsien is in die huis wat hulle gekoop het as tekenend van hulle belewenis van die teenwoordigheid van God. Een van die respondente (Respondent 1) wys egter daarop dat die belewenis van God se teenwoordigheid nie reglynig met ‘n “oop en toe deur” beleid bepaal kan word nie. In die herinterpretasie en opvolggesprek met Ben wys dit egter duidelik dat hy nie hiermee saamstem nie en dat dit juis vir hom die belewenis van God se teenwoordigheid as die God van die Verbond uitwys.

Hierdie studie beoog nie om teologies die korrektheid al dan nie ten opsigte van God se teenwoordigheid in mense se lewens te bepaal nie, maar eerder die belewenisse van God se teenwoordigheid in die lewens van immigrante uit te wys.

**Pieter en Karien Venter**

Die Venters se verhaal wys duidelik dat hulle belewenis van God se teenwoordigheid in hulle immigrasiebesluit en lewens as immigrante vir hulle belangrik is. Pieter sê dat hy nog nie een dag getwyfel het dat hulle die regte besluit geneem het om te immigreer nie. Op die vraag of hulle dalk eerder geglobaliseer as geïmmigreer het, lag hy te lekker. Hy stem in dat die bogenoemde interpretasie van een van die respondente korrek is, alhoewel dit vir hom nie so belangrik is nie. Hyself beleef dit dat hy eintlik net besig is om sy lewe in ‘n nuwe land voort te sit, deurdat hy doen wat hy altyd gedoen het, maar dat hy net sy kantoor verskuif het na Brisbane.

Die twyfel wat hulle wel beleef, volgens Karien, is rondom een aspek rakende die toekoms van hul kinders. Die spesifieke verwysing na hul bekommernis oor huweliksmaats vir die kinders is interessant en vir hulle as gelowiges lê dit op die vlak van hulle verhouding met God. Hulle gebedslewe wys dit duidelik uit dat hulle in verhouding met God ook hierdie deel van hulle immigrasieverhaal binne God se wil vertel.

‘n Verdere diskoers wat reeds in hierdie studie beskryf is (hoofstuk 4) word gevind rakende diensbare leierskap in die gemeente van Mansfield. Karien se meelewing as selgroepleier gee aan hulle die ervaring dat hulle ander immigrante aan die een kant met die Woord van God kan bedien en aan die ander kant kan

hulle fisies diensbaar wees aan ander. Pieter ondersteun vir Karien in haar rol as selgroepleier en gevolglik ook in haar diensbaarheid aan ander.

**Anton en Suzet Muller**

Anton en Suzet vertel dat hulle immigrasieverhaal dit uitwys dat hulle aanvanklik nie geïmmigreer het nie, maar dat hulle 'n agterdeur na Suid-Afrika oopgehou het. Suzet interpreteer hulle huidige situasie soos volg: sy wys dit uit dat daar sedert hulle immigrasiebesluit vyf jaar gelede by haar groei plaasgevind het in haar denke. Sy verkies op die oomblik om in Australië te woon. Anton stem saam met Suzet se interpretasie, maar sy negatiewe werkservaring laat hom steeds koud teenoor die nuwe manier van bestaan in Brisbane.

Die diskoers van 'n "soeke na God se wil" is dus vir hulle 'n groot realiteit en hulle besef dat hulle as huweliksmaats saam in hulle verhouding met God moet soek na Sy wil. Hulle lees die Woord van God en behoort aan die Liggaam van Christus deurdat hulle deel vorm die selgroepbediening in die gemeente en hulle het ook besluit om hulle lidmaatskap oor te plaas vanuit Suid-Afrika na die gereformeerde gemeente van Mansfield. Hulle het 'n positiewe belewenis van die verkondiging van die Woord van God in die gemeente, maar in hulle daaglikse bestaan bly dit vir hulle 'n uitdaging om deur middel van die Woord van God duidelik leiding te kry oor hulle besluit om in Australië te bly al dan nie. Suzet beleef dit al hoe meer dat hulle skuif na Australië binne die wil van God is, terwyl Anton nog nie duidelikheid hieroor het nie. As lidmate van die Mansfield Reformed Church beleef hulle hul "geloofsvriende" as 'n "anker in onseker tye".

**Jaco en Linda Botha**

Hulle herinterpreteer hulle verhaal soos volg: *Aan die een kant* beskryf hulle die swaarkry wat immigrasie bring. Die feit dat Jaco voor Linda in Australië geland het en op sy eie probeer het om alles in orde te kry voordat Linda en hulle seun, Con, by hom aangesluit het, het sy tol geëis. Jaco se swaarkry het geëskaleer deurdat hy nie slegs huisvestig vir sy gesin moes verseker nie, maar hy het ook gesukkel om werk te kry. Hy getuig egter van sy ervaringe waarmee hy God se teenwoordigheid in hierdie "rowwe tye" beleef het en vertel dat sy gebede en verhouding met God geweldig verander het deurdat dit gegroei het tydens hierdie fase van immigrasie.

Linda se aankoms in Australië het vir Jaco baie verligting gebring deurdat sy die huishoudelike take en verantwoordelikhede op haar geneem het. Hierdie wending het hom toegelaat om te fokus op sy loopbaan. Die verhaal van Linda wys haar swaarkry in die vorm van twyfel. Haar verhouding met die Here het verskeie vrae na vore gebring. Sy het ook met nuwe vriende te make gekry en gevolglik is sy gekonfronteer met ander perspektiewe as waarmee sy grootgeword het. Haar belewenisse van God se teenwoordigheid vertel sy te midde van 'n immigrasieproses wat haar "ontwortel het" en sy sê dat dit waarin sy nog "altyd" geglo het, getoets is deur vele ander sienings van verskillende mense wat sy in Brisbane ontmoet het.

Haar verhaal neem 'n wending met hulle aankoms in die gemeente van Mansfield, deurdat die Woordverkondiging aansluiting vind by haar eie interpretasie van die Bybel. Talle van die twyfelvrae het met die verloop van tyd tot 'n nuwe verstaan van haar verhouding met God gegroei. Hierdie wending in haar verhaal vertel aan die *ander kant* van 'n positiewe belewenis in die ontdekking wat sy gemaak het dat God tydens haar swaarkry en twyfel "nooit verander het nie." Sy beleef dit dus nou dat God getrou was aan sy Verbond en

dat Hy altyd vir haar God was, alhoewel daar tye was wat sy daaraan getwyfel het. Jaco is dankbaar vir die insette en ondersteuning van die gemeente van Mansfield in die lewe van Linda en spesifiek die geestelike groei wat by haar plaasgevind het in die laaste twee jaar. Alhoewel hulle nie lidmate van die gemeente is nie, woon hulle die eredienste baie gereeld by en is deel van die selgroepbediening in die gemeente, omrede dit vir hulle "sin" maak. Jaco verkies om nie lidmaat van enige gemeente te wees nie, as gevolg van sy vorige negatiewe ervaringe met die kerk as instituut (sy eie interpretasie). Hulle woon die gemeente van Mansfield juis by aangesien hulle dit as 'n geloofsgemeenskap en nie 'n institusionele instelling beleef nie.

Tabel 5 poog om, op grond van 'n narratiewe navorsingsproses, die verskillende diskoerse rakende God se teenwoordigheid, soos uit die samevattings van die bogenoemde opvolggesprekke, weer te gee:

## TABEL 5: DIE MEDE-NAVORSERS SE BELEWENIS VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID

| DISKOERSE | GOD AS BONDGENOOT | VERHOUDING MET GOD | SOEKE NA DIE WIL VAN GOD | WOORD VAN GOD | LIGGAAM VAN CHRISTUS |
|---|---|---|---|---|---|
| **JACO EN LINDA BOTHA** | **Jaco**: God is teenwoordig in sy swaarkry | **Linda**: Twyfel in haar verhouding met God | | | **Jaco**: Seerkry sigbaar in die kerk as institusie |
| **ANTON EN SUZET MULLER** | | | **Anton**: Hou agterdeur oop na SA en vra na God se wil | **Anton en Suzet**: Lees die Woord van God om Sy wil te verstaan | **Anton en Suzet**: Vind ondersteuning in die gemeente |
| **PIETER EN KARIEN VENTER** | | **Pieter**: Dinamiese verhouding met God | **Pieter en Karien**: Twyfel ten opsigte van huweliksmaats vir kinders | | **Karien**: Diensbare leierskap en selgroep-bediening |
| **BEN EN JACKIE DE VOS** | **Ben**: God van die Verbond sorg vir hulle | | **Ben en Jackie**: God maak deure oop as antwoord op gebed | **Ben en Jackie**: Woord-verkondiging in die gemeente tydens eredienste en selgroepe | **Ben en Jackie**: Christelike opvoeding van kinders in die gemeente belangrik |

Die uitdaging bestaan nou om dekonstruerend met hierdie diskoerse om te gaan. As navorser wil ek getrou bly aan die post-fundamentele uitgangspunte van studie en wil onder geen omstandighede fundamentele "waarhede" konstrueer of weergee nie. Hierdie navorsingsproses wil met integriteit die betekenis, wat mede-navorsers se immigrasieverhale verwoord, hier weergee.

Volgens Woodhead *et al* (2001:15-18) maak Peter Berger, as sosioloog, 'n waardevolle bydrae tot die inter-dissiplinêre teologiese gesprek, deurdat hy aanvoer dat daar 'n beweging weg van die modernisme in hedendaagse teologie behoort te wees. Sy bydrae lê op die gebied van die sosiale wetenskappe wat die inter-dissiplinêre gesprek aanmoedig om die wêreld te beskryf soos wat dit

werklik is. Hy maak ‘n sterk saak uit vir die “ontmaskering” van die waarheid en dat die teologiese gesprek nie gevoer moet word deurdat ‘n front voorgehou word oor wat die werklikheid *behoort* te wees nie.

Die verskillende *diskoerse* word nou aan die orde gestel, met die veronderstelling dat daar gekyk word na die taalgebruik van mede-navorsers, wat dui op hulle belewenisse rakende die teenwoordigheid van God. Vervolgens val die soeklig ook op twyfeltaal, wat dui op ervarings van mede-navorsers in hulle worsteling wanneer hulle God se teenwoordigheid nie beleef nie. Daar word dus nou opnuut geluister na die verhale van gelowiges met die doel om krities te reflekteer op hulle ervaring van God se teenwoordigheid in hulle verhale van immigrasie.

Die mede-navorsers het op ‘n eerlike manier oor hulle ervaring van God se teenwoordigheid in hulle lewens gepraat en hulle taalgebruik word beskou as die voertuig waarmee betekenis gegee word aan hulle lewensverhale, sonder om religieuse taal op enige manier te forseer of in te dra in enige gesprek.

## 1.1 Eerste diskoers: God as Bondgenoot

Wanneer mede-navorsers oor waardes praat is dit 'n duidelike leidraad dat dit oor hul belewenis van God en sy genade in hulle lewens gaan. Van der Watt (2000:19) bevestig dat waardesisteme mense se lewens rig. Hy stel dit duidelik dat 'n waardesisteem sin in mense se lewens gee en dat mense vanuit 'n waardesisteem optree, omrede hulle weet dat dit werk, maar ook omdat hulle weet dit is die regte en die beste ding om te doen.

In een van die opvolggesprekke wat met die groep mede-navorsers gevoer is, word dit duidelik dat mede-navorsers in die algemeen God as 'n God van die Bybelse Verbond ervaar en dat hulle dit beleef dat Hy 'n troue Bondgenoot is. Hulle beleef dit as gelowige gesinne dat God getrou is tydens die hele immigrasie-proses en dat Hy op 'n daaglikse wyse in hulle lewens teenwoordig is.

Die interpretasies van God se teenwoordigheid lewer egter verskille op en mense se ervarings van God se teenwoordigheid word verskillend verwoord. Ben en Jackie ervaar God se teenwoordigheid in die feit dat Hy hulle seën en hulle gebede beantwoord ten opsigte van die rekonstruksie van 'n lewe, spesifiek ten opsigte van die materiële hulpmiddele wat hulle nodig het. In die geval van Jaco en Linda Botha was dit duidelik dat hulle God beleef het as Bondgenoot, juis in tye van swaarkry toe Jaco nie in sy veld van kundigheid kon werk kry nie en op God moes vertrou vir uitkoms. Die verskille in die twee gesinne se belewenisse van God se teenwoordigheid in hulle lewens is betekenisvol. Hier ontwikkel dus 'n kritiese vraag na die wyse waarop die navorsingsgenote God se teenwoordigheid ervaar, sonder dat hierdie studie dit ten doel het om 'n teologie weer te gee van wat mense *behoort* te glo.

Hierdie kritiese vraag ten opsigte van die belewenis van God as Bondgenoot kan soos volg verwoord word:

*"Is die morele bewussyn van mense dat God se seën sy teenwoordigheid bewys, eensydig of nie?"*

Die geldige opvolgvraag wat gevolglik in dekonstruksie hierop gevra behoort te word is *of God ook teenwoordig is wanneer mense swaarkry en in nood verkeer*.

Dit is duidelik in die verhaal van Jaco en Linda Botha dat krisistye vir gelowiges deel uitmaak van die wyse waarop hulle bewus word van God se teenwoordigheid. Die twyfeltaal in die verhaal van Linda wys op verskillende

krisisse wat tydens immigrasie beleef word. Vanuit haar twyfel het sy noodgedwonge op God as Bondgenoot vertrou en haar verhouding met God het volgens haar eie interpretasie tydens immigrasie gegroei soos nooit tevore nie!

Die werklikheid soos wat Berger in Woodhead *et al* (2001:15-18) voorstel is dat navorsingsgenote hulle verhale vertel soos wat hulle dit beleef en nie soos wat hulle dink dit *behoort* te wees nie. God se teenwoordigheid word nie eensydig beleef net wanneer sy seën ervaar word in "deure wat oopgaan" vir gelowiges nie. Die mede-navorsers vertel van die teendeel: hulle beleef God se teenwoordigheid ook wanneer dit blyk dat die "deure toe bly" en hulle nie werk kry in hulle veld van kundigheid nie of wanneer hulle uitdagings beleef waarop daar nie antwoorde te vinde is nie of selfs in tye wanneer hulle twyfel ervaar.

Gelowige immigrante beleef dit steeds vandag in 'n post-moderne geloofsgemeenskap in Brisbane dat God getrou is, selfs in tye van swaarkry as deel van die werklikheid van immigrasie. Hulle verhale vertel van 'n post-moderne lewensgevoel in Brisbane deurdat dit hulle ervaring is dat hulle as Christene in 'n samelewing, waar Christenskap net een van die opsies is, moet integreer. Hulle belewenis van God as Bondgenoot is ook nie algemeen aanvaarbaar in die nuwe samelewing waar hulle hulself bevind nie. Hulle (gelowige immigrante) Christelike waardes, waarvolgens hulle leef, word aan die einde van hierdie hoofstuk verder beskryf.

## 1.2 Tweede diskoers: 'n Dinamiese verhouding met God bepaal die ander verhoudinge in die lewens van immigrante

Die verhale toon vervolgens aan dat daar 'n dinamiese verhouding bestaan tussen gelowiges en God. In die taal van een van die mede-navorsers word dit

soos volg verwoord: "Gelowige immigrante beleef dit daagliks dat God al die pad vanuit Suid-Afrika na Australië saam gevlieg het en ook in die nuwe land teenwoordig is. Jy leer God op 'n nuwe manier ken." Dieselfde mede-navorser is ook iemand wat twyfeltaal in haar verhaal indra en wat dit uitwys dat immigrasie ook 'n moeilike kant het ten opsigte van die ervaring van God se teenwoordigheid. Sy beskryf dit dat daar tydens die proses van immigrasie tye van twyfel in haar geloof en verhouding met God was. Sy vertel dat sy "deurmekaar" geraak het met talle nuwe sieninge, waaraan sy in Suid-Afrika nie blootgestel was nie.

'n Post-fundamentele teologie erken dat tradisie 'n invloed op die epistemiese en nie-epistemiese waardes uitoefen wat 'n refleksie oor God en 'n belewenis van God se teenwoordigheid meebring (Van Huyssteen, 1997:4). 'n Eerlike poging moet volgens Müller (2004:303) aangewend word om die navorsingsgenote se religieuse en spirituele verstaan van hulle ervaringe ten opsigte van God se teenwoordigheid in hul verhouding met Hom te begryp.

Dit lei na die volgende kritiese vraag:

*"Hoe belangrik is twyfeltaal in die verhale van gelowige immigrante?"*

Wanneer daar noukeurig geluister word na wat mede-navorsers rakende hulle belewenisse van God se teenwoordigheid vertel, word 'n sekere spanning ten opsigte van hulle verhouding met God ingedra. Die gereformeerde geloofstradisie, waarvan die mede-navorsers en die gemeente van Mansfield deel is, verkondig 'n sterk Verbondsverhouding met God. Die modernistiese perspektief wil voorgee dat twyfeltaal nie deel is van die gereformeerde tradisie nie. Die spanning in die verhale van mede-navorsers ontwikkel juis hier: hulle verhale vertel van twyfeltye in hulle belewenisse van hulle verhouding met God.

‘n Kritiese refleksie oor die belewenis van God se teenwoordigheid in twyfeltye wys op die eerlike weergawe van Linda Botha wat as een van die navorsingsgenote haar verhaal van twyfel vertel. In ‘n opvolg-groepsgesprek bevind sy haarself te midde van hierdie krisis wanneer die Venters hulle verhaal vertel:

Die Venters se verhaal wys ‘n dinamiese verhouding met die Here uit. Hulle glo dat God ‘n plan met die groot aantal Suid-Afrikaners in Australië het. Hulle wys dit duidelik uit dat gelowige immigrante in Australië die geleentheid het om ‘n verskil as Christen te maak, deurdat sinvolle verhoudings met mense in Australië aangeknoop word. Hierdie siening word gehandhaaf deurdat die Venters verwys na die Hollanders wat na Australië geïmmigreer het in die 1950s. Die gereformeerde gemeente in Mansfield is dus volgens hulle ‘n getuienis van die werk wat deur Nederlandse immigrante gedoen is. Die Hollanders het ‘n unieke gereformeerde kerk gestig, wat goed geïntegreer het in die Australiese samelewing en talle Suid-Afrikaners raak nou betrokke by hierdie selfde gereformeerde kerk. Die Verbondsverhouding met God is vir die Venters sigbaar tussen die Suid-Afrikaansgebore immigrante, Hollandse immigrante en gebore Australiese gelowiges in die geloofsgemeenskap van Mansfield en dien as ‘n sigbare teken van God se teenwoordigheid.

Linda Botha beleef hierdie siening nie op die oomblik nie en is nie so positief oor die invloed van Suid-Afrikaansgebore immigrante op die Australiese samelewing nie. Sy beleef die teendeel - die post-moderne samelewing in Australië bring talle ander “nie-gereformeerde” lewensbeskouiings in haar leefwêreld in. Sy word dus in haar verhouding met God getoets en is eerlik genoeg om deur die twyfel te werk en opreg te soek na die waarheid in haar verhouding met God.

Die *religieuse en spirituele verstaan* van die verhale van mede-navorsers wys dus op verskillende fases in hulle onderlinge verhoudings met God. Volgens die

mede-navorsers is daar groot kultuurverskille wat oorbrug moet word. Een van die mede-navorsers beskryf in haar verhaal ‘n insident by die werk waar sy een dag moes opstaan vir haar geloof en verhouding met God. Hierdie gebeure spreek boekdele oor hoe moeilik dit vir gelowiges is om “polities korrek” op te tree in ‘n Australiese samelewing waar goddeloosheid algemeen is.

Die belangrikheid daarvan om die twyfeltaal van mede-navorsers aan te hoor kan dus nie gering geskat word wanneer daar oor hulle belewenisse van God se teenwoordigheid gereflekteer word nie. Dit sou lei tot ‘n eensydige waarheid wat nie sosiaal-konstruksionisties eerlik genoeg is nie. Die sosiaal-konstrusionistiese benadering word aan die einde van hierdie hoofstuk in ag geneem alvorens daar finaal oor die belewenis van God se teenwoordigheid in die verhale van die navorsingsgenote in hierdie studie gereflekteer word.

## 1.3 Derde diskoers: ‘n Soeke na die wil van God

Die navorsingsgenote se verhale wys derdens ‘n erns by die gelowige immigrante, om binne die wil van God te leef, uit. Nie een van hierdie gelowiges sien dit as ‘n maklike taak nie, maar elkeen van die gelowiges vertel ‘n verhaal wat rekening hou met hoe hulle die wil van God interpreteer. Hulle erken dat die wil van God soms onduidelik is, al lees hulle die Woord van God en al behoort hulle aan die Liggaam van Christus (die gemeente van Mansfield).

Karien Venter besef dat hulle deur middel van hulle Bybelstudie, of anders gestel ‘n studie van die Woord van God, deurentyd die leiding van God gehad het. Sy erken egter in ‘n opvolggesprek dat hulle nie elke dag leiding gehad het rakende wat om te doen in terme van immigrasie nie. Tog word hulle geloofsperspektief gevind in die feit dat hulle glo dat hulle gehoorsaam was aan die Here se wil. Sy

is oortuig dat die Woord van God oor ‘n lang periode teenwoordig was in hulle lewensverhaal en dat hulle besluit om te immigreer nie teenstrydig was met wat hulle in God se Woord gelees het nie. Karien sê ook dat hulle bereid is om terug te gaan na Suid-Afrika, as hulle daarvan oortuig sou word dat dit die Here se wil vir hulle sou wees. Haar soeke na die wil van God lei haar tot die volgende gevolgtrekking: “Hierdie aardse lewe is in elk geval net ‘n tydelike bestaan...”

Die interessante geloofsverskynsel hier is ‘n besluitnemingsproses wat nie primêr gelei word deur kognitiewe denke of emosionele ervarings nie, maar eerder op ‘n *spirituele vlak* wys op ‘n afhanklikheid van God en ‘n soeke na Sy wil. Hierdie studie wil nie die meriete van die mede-navorsers se soeke na die wil van God ontleed nie, maar wil eerder erkenning gee aan ‘n belangrike diskoers in die verhaal, naamlik ‘n soeke na die wil van God. Elkeen van die mede-navorsers het sy/haar eie verhaal om te vertel en nie een van die verhale maak ‘n aanname dat die mede-navorser alles weet rakende die wil van God nie. Die verhale wys bloot ‘n dinamiese verhouding met God uit, wat uitloop op ‘n soeke na Sy wil, vanuit ‘n lewende verhouding met God.

Die soeke na God se wil word eenvoudig uitgebeeld in die Venters se verhaal: Hulle sien ‘n duidelike verskil tussen ‘n gelowige- en ‘n ongelowige persoon se belewenis van immigrasie. Hulle stel dit soos volg: “’n Ongelowige persoon hanteer die hele saak op sy eie. Sy eie denke en dade bepaal die uitkomste in alle gevalle. ‘n Gelowige mens sien die Here se hand egter in alles. Daar is baie ongelowige mense in Australië en ‘n mens ontmoet ongelowiges op ‘n daaglikse basis.”

Dit lei tot die kritiese vraag:

*Is daar enige twyfel in die verhale van gelowige immigrante rondom die wil van God vir hulle lewens?*

Hoewel die Venters se verhaal hoofsaaklik vertel van sekerhede vanuit die Woord van God, is die verhaal van die Mullers deurspek met onsekerhede en twyfel rakende hulle besluit om te immigreer. Anton sê in 'n opvolggesprek dat hy van dag een af "die agterdeur na Suid-Afrika oopgehou het" en hy gee self betekeniswaarde hieraan deur te sê dat hy nog steeds party dae onseker is. Hierdie verhaal van die Mullers is sprekend van gelowiges wat ook eerlik voor God staan en worstel met talle vraagstukke. Hulle twyfeltaal wys onsekerheid uit oor hulle besluit ten opsigte van immigrasie en hulle dade wys dat hulle immigrasieverhaal nog lank nie klaar vertel is nie.

Ons sien dus dat daar wel twyfel teenwoordig is by gelowiges in hul soeke na die wil van God. Die gelowige immigrante se taalgebruik wys dit duidelik uit dat hulle te midde van die twyfel en tye van sekerheid erns maak met 'n soeke na God se wil. Hulle maak opmerkings soos "ons worstel daagliks met die Here", "ons neem die Here op Sy Woord", "ons gebedslewe", "ons geloofslewe" en "God het 'n plan met ons hierwees." Hierdie taalgebruik is ryk aan "God-spraak" wat nie geforseerd is in die verhale nie, maar wat spontaan in die gelowige gesprekke na vore gekom het.

Hierdie gesprek oor die soeke na die wil van God word afgesluit met 'n verwysing na die verhaal van die Bothas. Jaco en Linda se immigrasiebesluit was vir hulle 'n "suiwer stap in die geloof." Linda sê dat "hulle daaroor gebid het en male sonder tal besluit het die antwoord is nee, totdat hulle die groen lig gekry het." Die wil van die Here was daarna vir hulle duidelik gedurende die proses van immigrasie. Hulle glo nou dat dit die Here se wil was dat hulle moes immigreer. Hulle getuig daarvan dat die Here in elke nuwe situasie, ook situasies van wanhoop, teenwoordig was. Die swaarkry-element van immigrasie bring hulle by die punt om te sê: "Ons het 'n geloofsverdieping deur alles ervaar".

Wanneer ons dus na die verhale van die mede-navorsers kyk, word dit eerstens duidelik dat gelowige immigrante erns maak met ‘n soeke na die wil van God. Sommige immigrante is positief oor hulle besluit om te immigreer en glo dat dit binne die wil van God is; ander is egter meer versigtig om te sê dat dit God se wil vir hulle was om te immigreer en hulle verhale wys situasies van onsekerhede uit. Hulle twyfel selfs in die nuwe land en hulle nuwe lewensituasie en of hulle besluit binne die wil van God vir hulle is of nie.

## 1.4 Vierde diskoers: Die Woord van God in die lewens van gelowiges

Die Woord van God speel ‘n belangrike rol in die lewensverhale van immigrante. Wanneer hulle vra na die wil van God is die logiese uitvloeisel ‘n soeke na Sy wil in Sy Woord. Die geloofstradisie van die mede-navorsers sluit ‘n bestudering van die Woord van God in. Die verhale van mede-navorsers wys ook daarop dat die Woord van God in die gemeente van Mansfield gehoor word en verskillende aksies waaraan die gelowiges meedoen vind plaas rondom God’s Woord. Die eredienste, selgroepbediening, uitreikbediening en gemeenskapswerkswinkels word rondom die Woord van God ingerig. Die geloofskultuur in Mansfield is egter besig om ‘n unieke ontwikkeling te toon ten opsigte van diensbare leierskap, soos beskryf in hoofstuk 4 van hierdie studie. Die opleiding van selgroepleiers rondom diensbare leierskap is ook Woord-gesentreer en die mede-navorsers is deel van hierdie nuwe manier van leef in ‘n nuwe geloofsgemeenskap wat gevorm en beïnvloed word deur onder andere die gelowige immigrante uit Suid-Afrika.

In al die verhale van gelowige immigrante wat aangehoor is, is die Woord van God ‘n raakpunt. Dit is ook die realiteit wat gebore Suid-Afrikaanse gelowiges met ander Australiese gelowiges in die Australiese samelewing deel. Mansfield-gemeente bevind haarself in ‘n unieke samelewing - Anton Muller beskryf hierdie samelewing as totaal anders as enige Suid-Afrikaanse samelewing waarvan hy

deel was. Daar is volgens hom opmerklike verskille tussen Australiërs en Suid-Afrikaners in die algemene samelewing, hoofsaaklik omdat die meeste mense in Australië nie Christene is nie. Die gevolg is ‘n verskil in waardes: ongelowige mense het ‘n heel ander wêreldbeeld as Christene, omrede dit nie op die Woord van God gebaseer is nie.

Die kritiese vraag wat na vore kom is:

*Is die waardes waarvolgens gelowiges leef, soos wat dit in die Woord van God opgeteken is, anders as sekulêre waardes?*

Anton se vrou, Suzet Muller, neem deel aan hierdie gesprek deur te sê dat Christene anders is as nie-Christene, omrede hulle nie net vir hulleself leef nie. Christelike waardes dui op ‘n inagneming van ander wat sigbaar is in die feit dat gelowiges omgee en uitreik na ander, soms ten koste van hulself. Sy neem verder waar dat Australiese Christene anders is as Suid-Afrikaansgebore Christene, omrede daar geen sosiale druk op Australiese Christene is om Christene te wees nie; trouens die norm is eerder dat mense nie gelowig is nie.

Die Woord van God bly egter dieselfde, ongeag waar in die wêreld jy jouself bevind. Die verhaal van Pieter en Karien Venter wys dit soos volg uit:

Hulle het aanvanklik eers in ‘n multi-denominasionele Afrikaanse gemeente in Brisbane aanbid, maar dit was volgens hulle ‘n “somber situasie.” Daar was baie mense wat swaargekry het as gevolg van immigrasie en gevolglik het hulle Sondae by die kerk teenoor mekaar gekla. Pieter wou egter nie ‘n somber situasie met kerk assosieer nie en sy interpretasie van die Woord van God was nie in ooreenstemming met die uitlewing van hulle geloof in hierdie gemeente nie. Die waardes waarmee hierdie kerk geleef het, was volgens hom nie in ooreenstemming met sy siening van die waardes waarmee Christene behoort te

leef nie. Hulle soeke na ‘n nuwe geestelike tuiste tydens die proses van immigrasie het hulle gelei na die gereformeerde gemeente in Mansfield.

Pieter en Karien hou van die Christelike waardes en balans in die gemeente van Mansfield. Soggens is daar ‘n Engelse familiediens, wat goed is vir die kinders en daar is ook op ‘n maandelikse basis ‘n Afrikaanse uitreik-erediens. Hulle beleef God se teenwoordigheid in beide tale en hulle het selfs ‘n getuienis dat hulle persoonlike studie van die Woord van God nou in Engels gedoen word, omrede die “New International Version” van die Bybel in Engels ‘n nuwe perspektief bring op die waarhede van God se Woord wat hulle altyd in Afrikaans gelees het. Hierdie gesin beleef God se teenwoordigheid nuut; nie net vanuit ‘n nuwe Bybelvertaling nie, maar ook deurdat hulle op ‘n nuwe manier deel is van ‘n geloofsgemeenskap wat hulself sien as deel van die breër gemeenskap met ‘n diensbare karakter in die gemeenskap!

Die Woord van God is dus vir die mede-navorsers die bron vanwaaruit hulle lewe. Hulle ervaring van God se teenwoordigheid vorm daagliks deel van hulle lewe, deurdat die Woord van God ‘n lewende dokument in al hulle immigrasie-ervaringe is. Die Woord van God is die wyse waarop en waarmee hulle na die wil van God in ‘n dinamiese verhouding met God soek. Vanuit die Woord van God leef die navorsingsgenote dus met Christelike waardes.

Die mede-navorsers stel dit in ‘n opvolggroepsgesprek dat die waardes waarmee Christene leef anders behoort te wees as die sekulêre waardes waarmee ongelowiges leef en immigreer. Die werklikheid is egter dat van die mede-navorsers die ervaring gehad het dat Christene en spesifiek gelowige immigrante ook kan verval in ‘n somber manier van leef, wat volgens hulle nie deel is van die waardes waarmee gelowiges leef en ook die manier waarop gelowiges immigreer nie.

## 1.5 Vyfde diskoers: God is teenwoordig in die Liggaam van Christus

Die kerk as instituut het volgens Grenz en Franke (2001:10) nie 'n groot impak op die post-moderne wêreld waarin sy haarself bevind nie, omdat die kerk nie die kulturele situasie van die dag heeltemal begryp nie en ná die era van modernisme nie die vermoë het om aan te pas nie. Geestelike leiers is hiervolgens in 'n groot mate besig om maar net die funksies van kerkwees instand te hou. Wanneer daar gevra word na die teenwoordigheid van God in die daaglikse lewenswêreld van die mede-navorsers in hierdie studie, is dit nodig om allereers die volgende kritiese vraag te vra:

*Beleef die mede-navorsers die gemeente van Mansfield as 'n instituut (soos hierbo beskryf) of as 'n geloofsgemeenskap?*

Die gemeente van Mansfield het volgens Ben de Vos nie 'n tradisionele manier van aanbidding nie. Alhoewel hy in Suid-Afrika vir 'n hele dekade net aan een selgroep behoort het, het selgroepe in Mansfield die doel om te vermenigvuldig en nuwe gelowiges tot die gemeente toe te voeg. In die nuwe geloofsgemeenskap was hy en sy gesin nou reeds deel van drie verskillende groepe, weens hierdie fokus op vermenigvuldiging. Volgens hom sluit die gemeente mense van verskillende agtergronde in: die gemeente van Mansfield bestaan uit meer nasionaliteite as net Suid-Afrikaans, Hollands en Australies. Die groter samelewing in Australië wys nagenoeg tweehonderd verskillende nasionaliteite uit en Ben sien dit as 'n geleentheid om mense van verskillende agtergronde te verenig rondom die Woord van God as deel van die gemeente, oftewel die Liggaam van Christus.

Jaco Botha vertel ook in ‘n opvolggesprek dat hy die gemeente van Mansfield nie as instituut beleef nie; alhoewel hy beide die vorige twee gemeentes waarvan hy deel was (een in Suid-Afrika en een in Australië) tog as instituut beleef het. Hy vertel ‘n verhaal van seerkry in beide hierdie gemeentes en hy skryf dit daaraan toe dat hy in tye van swaarkry nie die ondersteuning van Christene beleef het, deurdat hulle aksies enige omgee gewys het nie. Volgens hom is dit omdat gemeentes dikwels net besig is om deur die gewone rituele te gaan, sonder om op die nood van mense ag te slaan. Hy beskryf die kerk dan as leweloos en bloot ‘n instituut en definitief nie as die Liggaam van Christus nie!

Die feit dat hy ook nie lidmaatskap opneem in die gemeente van Mansfield nie, is aan sy seerkry-ervarings toe te skryf. Volgens hom is dit “net ‘n stukkie papier” waarop sy naam staan. Hy sien die gemeente as geloofsgemeenskap waaraan hy behoort en hiervoor hoef hy nie sy naam op papier te plaas nie. Hy is op ‘n gereelde wyse teenwoordig by gemeente-aktiwiteite en sien homself daarom as deel van die Liggaam van Christus in Mansfield, wat ‘n lewende geloofsgemeenskap is.

Die verhale van die navorsingsgenote wys daarop dat die gemeente van Mansfield ‘anders’ is en die interpretasie van ten minste twee immigrantegesinne is dat die gemeente nie as instituut funksioneer nie, maar as geloofsgemeenskap die waardes vertoon van Christene wat op die werklike nood van mense ingestel is. Hulle beleef God se teenwoordigheid dus in die omgee-aksies van ander gelowiges.

## 1.6 Slotopmerkings ten opsigte van die teenwoordigheid van God in 'n post-moderne geloofsgemeenskap in Brisbane

### 1.6.1 Dekonstruksie van verhale

Van der Westhuizen verwys na Caputo (1997:32) rondom die saak van dekonstruksie in narratiewe navorsing en maak die waardevolle opmerking dat die idee is om nuwe moontlikhede te ondersoek, gesprekvoering te fasiliteer, kritiese vrae te vra en die verhaal toe te laat om te ontwikkel. Wanneer daar in hierdie studie dekonstruerend te werk gegaan word, is dit nodig dat ons die kritiese vrae wat die verskillende diskoerse in die verhale verteenwoordig, van naderby bekyk, met die doel om die gesprekvoering te fasiliteer, nuwe moontlikhede te ondersoek en die verhale toe te laat om te ontwikkel:

Vanuit die besprekings rakende die sentrale diskoerse (1.1 - 1.5 hierbo) kan daar op die onderstaande kritiese vrae verder dekonstruerend te werk gegaan word:

- *"Is die morele bewussyn van mense dat God se seën sy teenwoordigheid bewys eensydig of nie?"*
- *"Hoe belangrik is twyfeltaal in die verhale van gelowige immigrante?"*
- *"Is daar enige twyfel in die verhale van gelowige immigrante rondom die wil van God vir hulle lewens?"*
- *"Is die waardes waarvolgens gelowiges leef, soos wat dit in die Woord van God opgeteken is, anders as sekulêre waardes?"*
- *"Beleef die mede-navorsers die gemeente van Mansfield as 'n instituut of as 'n geloofsgemeenskap?"*

Caputo in gesprek met Derrida (1997:32) verwys na die *oopbreek* van die teks, wat behels dat die sentrale diskoerse allereers aan die orde gestel behoort te word, soos wat in hierdie hoofstuk van hierdie studie alreeds gedoen is. Die kuns

is nou om die kern en betekenis van hierdie diskoerse vas te lê. Om dit suksesvol te doen, stel Derrida voor dat die verhale op 'n nuwe manier gelees behoort te word en hierdie studie het dit ten doel deur die kritiese vrae wat gevra word rakende *twyfel* en *geloof*.

Die gevolg hiervan is dat 'n sekere groei in die verhaal plaasvind. Die groei wat in die verhale van die mede-navorsers plaasgevind het, word gesien in hulle eie her-interpretasie van hul verhale in spesifieke opvolggesprekke, wat met hierdie bogenoemde doel gevoer is.

Vanuit die diskoers rakende die mede-navorsers se belewenisse van *God as 'n Bondgenoot,* of anders gestel as die God van die Verbond, word dit duidelik dat God se teenwoordigheid nie net ervaar word wanneer God se seën beleef word nie. God word ook beleef as teenwoordig in tye van swaarkry en wanneer dit oënskynlik lyk of sy seën nie rus op die immigrante in hulle stryd om oorlewing, werksoek en huisopsit nie. Die werklikheid hiervan word gekommunikeer deur mede-navorsers wat in retrospek terugkyk na hulle ervarings en besef dat hulle God as teenwoordig in hulle immigrasieverhale beleef het.

Vervolgens word daar in die verhale na die immigrante se *verhouding met God* verwys wat dui op hulle belewenis van God se teenwoordigheid. Die dekonstruksie van hulle verhale wys dat twyfeltaal sigbaar was en dat daar 'n eerlike poging aangewend behoort te word om die werklikheid van hulle belewenisse uit te lig. Die waarheid is ontmasker deurdat daar kritiese vrae rondom hulle twyfel in opvolggesprekke gevra is. Dit sou 'n valse voorstelling van die verhale van die mede-navorsers in hierdie studie wees om voor te gee dat gelowiges altyd sekerheid in hul verhouding met God het. Die ontblote werklikheid is dat immigrante dikwels twyfel in hulle verhouding met God.

Die derde diskoers rakende 'n soeke na die *wil van God* wys op 'n opregte soeke na God se wil by navorsingsgenote. In opvolggesprekke lyk dit egter asof dit een van die moeilikste sake in die lewens van gelowiges blyk te wees. Die kritiese vraag of daar soms twyfel bestaan rondom die wil van God in die lewens van immigrante, belig die feit dat sekere gelowiges selfs te midde van onsekerheid immigreer en in die nuwe land worstel met 'n soeke na die wil van God in en vir hulle lewens. Die omstandighede waaronder gelowiges tydens immigrasie leef, verskerp die ervaring dat hulle besluit om te immigreer dalk die verkeerde besluit kon wees. Die interresante werklikheid is dat gelowiges wat immigreer wel 'n geloofsbelewing het en dinamies soek na die wil van God.

Vierdens het die verhale gewys op die belangrikheid van die waardes waarvolgens gelowiges, vanuit die *Woord van God,* leef. Die vraag of hierdie waardes anders is as die sekulêre waardes waarmee mense in die post-moderne gemeenskap in Brisbane leef, het 'n interessante groeiverskynsel teweeggebring. Die mede-navorsers het aanvanklik die interpretasie gehad dat die Woord van God ander waardes daarstel waarvolgens gelowiges *behoort* te leef. Die werklike ervaring van twee van die mede-navorsers was dat sommige gelowiges en selfs lede van 'n kerk, egter somber en koud kan optree teenoor ander gelowiges.

Hierdie diskoers lei ook die bespreking rondom die vyfde aspek, naamlik die belewenis van God se teenwoordigheid in die L*iggaam van Christus*, in. Die kritiese vraag is of die kerk in Mansfield as instituut of as 'n geloofsgemeenskap beleef word. In hoofstuk 4 is strategiese leierskap bespreek as 'n keuse wat in die gemeente gemaak word om sodoende die ontwikkeling van diensbare leierskap in die gemeente formeel aan te moedig en wat die gemeente toelaat om as 'n geloofsgemeenskap te funksioneer. Die dekonstruksie van hierdie diskoers rondom die liggaam van Christus in die verhale van mede-gelowiges het dit uitgewys dat Mansfield 'n opregte poging aanwend om 'anders' te wees, deurdat die gemeente nie as instituut bestaan nie, maar wel as

geloofsgemeenskap en sodoende spesifiek bewus is van die nood van immigrante.

Ricoeur (1991:20) wys daarop dat die lewens wat mense leef deur middel van verhale opgeteken word. Hy sien ‘n direkte verband tussen ‘n lewensverhaal, in hierdie geval die immigrasieverhale wat vertel word, en die waarheid wat deur die narratief in ‘n proses van dekonstruksie gekommunikeer word. ‘n Proses van dekonstruksie het die ontmaskering van die waarheid tot gevolg, soos wat hierdie studie ten opsigte van die belewenis van God se teenwoordigheid tot dusver aangedui het.

Foucault (1998:388) sluit hierby aan deur te sê dat daar ook dieper gekyk behoort te word na dit wat nie in die teks geskryf staan nie, naamlik ‘mag’. Die individu in ‘n magsposisie dra ‘n sekere kennis in die verhaal in en volgens hom het kennis die waarde van mag. Diegene sonder mag (die gemarginaliseerdes) vertel egter ook ‘n verhaal wat kennis inhou, maar wat in die modernisme nie aangehoor is nie. Hierdie studie wat rekening hou met die post-modernisme sal die bogenoemde beweging dus nou aan die hand van die bestaan van gemarginaliseerde narratiewe aandui.

### 1.6.2 Gemarginaliseerde narratiewe

Vanuit ‘n narratiewe posisionering, met dekonstruksie en sosiale konstruksionisme as uitgangspunte, is die verhale wat nie gewoonlik gehoor word nie, die gemarginaliseerde verhale, van belang.

Die reaksie van mede-navorsers hierop het ‘n interessante gesprek in die groepsgesprek rondom immigrasie tot gevolg gehad. Hulle interpretasie kan soos volg saamgevat word:

- Daar bestaan sommige verhale van beide gelowige en ongelowige Suid-Afrikaansgebore immigrante na Australië, wat as gevolg van geweld geïmmigreer het. Hierdie verhale sou as gemarginaliseerde verhale vertel kon word. Die persone in die verhale in hierdie studie is egter nie direk deur geweld in Suid-Afrika geraak nie.

- Immigrasie opsigself is traumaties en elke verhaal wat in hierdie studie vertel word, raak talle lewensterreine en ervaringe aan, wat nie as gewoon in ‘n gemiddelde Suid-Afrikaner se lewe beskou kan word nie. Elke verhaal is dus meer as net uniek, dit bevat ook ‘ongewone’ of *gemarginaliseerde elemente*.

- Die belewenis van God se teenwoordigheid in die lewens en verhale van immigrante is nie noodwendig deel van immigrasievertellings nie. Hierdie studie vertel die verhale van gelowiges op ‘n persoonlike vlak en hulle eerlike en werklike geloofservarings te midde van immigrasie word verwoord, deur nie weg te skram van die twyfel en swaarkry in hulle verhale nie, maar dit juis te ontmasker en te vertel soos wat hulle dit beleef.

Uit die bogenoemde bespreking is dit dus duidelik dat nie een van die immigrasieverhale wat vertel word as ‘n gemarginaliseerde verhaal beskou kan word nie. Die verhale van gelowiges wat immigreer is deel van die verhale van Suid-Afrikaanse immigrante wêreldwyd. Hierdie verhale van gelowige

immigrante na Brisbane, Australië, maak egter 'n bydrae wat gemarginaliseerde elemente rakende die immigrasie-belewenisse van die mede-navorsers bevat.

Die ontstaan van 'n *'derde kultuur'* is uitgewys in 'n opvolg-groepsgesprek ten opsigte van die gemarginaliseerde elemente in die ervarings van immigrante. Die trauma, swaarkry en twyfel wat beskryf word in die verhale van die navorsingsgenote dui op die totstandkoming van 'n 'derde kultuur'. Alhoewel hierdie 'derde kultuur' nie spontaan deel vorm van die verhale van mede-navorsers nie, wys Foucault (1998:388) daarop dat daar dikwels betekenis lê in dit wat nie in die teks opgeteken word nie.

In hierdie studie wys pyn, swaarkry en twyfel dikwels op die eise wat 'n nuwe kultuur aan die immigrante stel. Die Suid-Afrikaansgebore immigrante word met talle nuwe uitdagings gekonfronteer en die verhale wys op 'n vermenging wat tussen die Suid-Afrikaanse kultuur en agtergrond aan die een kant en die Australiese kultuur en manier van leef aan die ander kant plaasvind, soos wat dit opgeteken is in die verhale van die navorsingsgenote. Albei hierdie kulture verteenwoordig 'n sekere mag in die lewens van die gelowige immigrante en die derde kultuur wat hieruit ontstaan dra die *gemarginaliseerde elemente* van die swaarkry en pyn van aanpassing in die verhale van immigrante in.

### 1.6.3 Sosiale konstruksionisme en post-modernisme in die verhale van immigrante

Die sosiale konstruksie van kennis lewer verskeie probleme in 'n post- moderne wêreld op volgens Grenz (1996:8). Hy stel dit duidelik dat die verstaan van die waarheid vanuit die samelewing na vore kom. Die hele saak rondom objektiwiteit is hier onder bespreking. Die post-moderne wêreld bevraagteken die rasionele

verklaarbaarheid van sake as enigste medium om kennis oor ‘n saak te bekom (Bosman, 2001: 20). Bosman maak ‘n saak daarvoor uit dat daar ‘n breër rasionaliteit bestaan binne die konteks waarbinne kennis opgedoen word en hierdie konteks laat ‘n dieper en aanvullende verstaan toe. Grenz (1996:8) neem die gesprek verder deur die post-moderne invloed te verdiskonteer deur te verwys na wat die sosiale konstruksie binne ‘n gegewe samelewing is. Dit gaan hier oor wat deur die gemeenskap aanvaar word as die interpretasie van die konteks en sodoende word ‘n holistiese wêreldbeeld in ‘n narratiewe studie verkry.

Volgens Lorne Dawson (2010: 2-3) sluit Peter Berger by hierdie gesprek aan deur verder te verwys na die post-modernisme. Berger neem sterk standpunt in ten opsigte van die teologie en die sosiale konstruksionisme van die kultuurskuif wat plaasgevind het in die tweede helfte van die twintigste eeu.

Hierdie kultuurskuif vra volgens Bosman (2001 :11) dat die teologie besef dat die kultuur van die dag ‘n bepaalde invloed op die samelewing het en dat die praktiese teologie hiervan moet kennis neem. Die gevolg is dat teologie dan as ‘n ‘tweede orde’ aktiwiteit deel word van ‘n inter-dissiplinêre gesprek, wanneer daar met die narratief as vorm van studie gewerk word.

Berger (in Dawson, 2010: 2-3) voer verder aan dat die teologie net een van twee keuses het. Die eerste sou wees om die bogenoemde bespreking te ignoreer en dan toe te laat dat die kerk die skuiwe in die samelewing nie in ag neem nie. Die gevolg sou wees dat die teologie homself sou vervreem om sodoende nie deel te wees van enige inter-dissiplinêre gesprek nie.

Die alternatief is dat die teologie kennis neem van die post-modernisme, die kulturele skuiwe daaraan verbonde en die nood van mense. Volgens hom bied

die post-modernisme ‘n unieke perspektief in die sin dat die nood van mense op die voorgrond gestel word. Die gemarginaliseerde ervaringe en elemente in die samelewing word nie, soos wat die geval was met die modernisme, geïgnoreer nie.

Wanneer daar nou sosiaal-konstruksionisties na die belewenis van die teenwoordigheid van God in die lewens van immigrante gekyk word, is dit nodig om ag te slaan op die bogenoemde bespreking.

Die veronderstelling van hierdie studie as post-fundamentele prakties-teologiese werk, is dat daar in hierdie hoofstuk gepraat word oor hoe God se teenwoordigheid deur navorsingsgenote ervaar word. In hieride ervaring van navorsingsgenote is dit belangrik om die ‘waardes vanwaaruit gelowiges leef’ *in ‘n nuwe samelewing* in Brisbane te beskou. Die spesifieke waardes op die verskillende lewensterreinne van die mede-navorsers word met wedersydse respek hanteer. Die vermoë om na hulle verhale te luister, asook die spesifieke invalshoeke van hulle verhale, konstrueer ‘n breër konteks. Binne hierdie konteks kan daar na mede-navorsers se belewenisse van die teenwoordigheid van God in hulle lewens as Suid-Afrikaansgebore immigrante in Brisbane, Australië, gesoek word.

Müller en Demasure (2006:410-419) verwys daarna dat wanneer daar met integriteit narratiewe navorsing gedoen word, post-fundamentalisme ‘n vennoot is van die hermeneutiek en sosiale konstruksionisme. Hierdie post-fundamentele en inter-dissiplinêr studie moet op ‘n hermeneutiese vlak die belangrike moment van sosiale konstruksionisme in narratiewe navorsing navolg, ten einde ‘n dieper verstaan tot gevolg te hê. Wanneer daar sosiaal konstruksionisties te werk gegaan word, is die konteks van die mede-navorsers en hul eie interpretasie ook van kardinale belang.

Die belangrike om te besef is dat die *post-modernisme* 'n kritiese dialoog tot stand gebring het, waarin die gelowige sy/haar standpunt stel, nie net met woorde nie, maar ook met dade. Oden (1990: 197-8) vra daarvoor dat die navorsing nie met 'n monoloog besig moet wees nie. Volgens hom moet die geloofsgemeenskap in Mansfield dus die vermoë ontwikkel om te luister na die breër samelewing en die vermoë tot interpretasie ontwikkel om sodoende sinvol te kommunikeer met die post-moderne wêreld, wat dan ‘n werklike diepgaande dialoog tot gevolg het.

Die geloofsgemeenskap in Mansfield is, soos reeds in hoofstuk 4 bespreek, op die nood van mense ingestel en die doel van diensbare leiers is om in die gemeenskap betrokke te wees om andere te bedien wat gemarginaliseer is of op welke manier ookal swaarkry. Die verhale van mede-navorsers wys hoedat diensbare leierskap ook hulle nood as immigrante aangespreek het. Die sosiaal-konstruksionistiese gesprek het dit verder opgelewer dat die nood van immigrante aan die hand van ‘n derde kultuur gesien behoort te word, wat die vermenging van die kulture van Suid-Afrika as land van afkoms en Australië as nuwe land aandui. Die immigrante ondergaan ‘n kultuurskuif wanneer hulle in Brisbane aankom. Een van die mede-navorsers se opmerking hierrondom was: “Hierdie mense doen dinge anders”.

Aan die hand van die gesprek oor sosiale konstruksionisme is dit nou nodig dat die vraag gevra word na wat *deur die samelewing* as *aanvaarbaar* gesien word en wat nie aanvaarbaar is nie. Die kultuur waarbinne die Mansfield-geloofsgemeenskap en dus ook elkeen van die mede-navorsers leef, is een van openheid en vryheid van keuse. Christenskap is net een van die opsies in hierdie post-moderne samelewing en die verhale van mede-navorsers vertel van die pyn en swaarkry wat hulle veral in die werksplek rondom hulle Christenskap beleef, wat hulle makliker in Suid-Afrika kon uitleef as hier in Brisbane.

Die sosiale bestel aanvaar Christene egter as deel van die samelewing en die diensbaarheid van Christene is uitgewys as ‘n suksesvolle manier om die teologie en die kerk toe te laat om aktief deel te wees van die plaaslike gemeenskap in Mansfield en die breë gemeenskap in Brisbane. Die gemeente van Mansfield het volgens Berger (in Dawson, 2001:2-3) dus die regte keuse gemaak om die sosiale bestel in ag te neem ten einde haarself nie te vervreem van die kultuur van die dag in Brisbane nie. Die ‘derde kultuur’ wat in Mansfield aan die vorm is hou dus die gevaar in dat mede-navorsers en ander immigrante eensydig kan optree deur hulle eie kultuur van afkoms en Christelike oriëntering te probeer afforseer op die gemeenskap. Hierdie studie wys egter dat die strategiese leierskap in die gemeente hiervan bewus is en aktief op ‘n sosiale vlak deelneem aan die aktiwiteite van die wyer Brisbane-gemeenskap en sodoende die geloofsgemeenskap deel maak van die breër gemeenskap. Die gemeente is nie besig om haarself van die samelewing te vervreem nie.

## 2. TRANSVERSALE RASIONALITEIT EN DIE BETEKENIS VAN DIE NARRATIEWE

Wanneer daar na die betekenis van ‘n verhaal vanuit ‘n narratiewe perspektief gevra word, is dit nodig om tydens hierdie prakties-teologiese en interdissiplinêre studie dit uit te wys dat die eerste lyn van interpretasie deur die mede-navorsers self gemaak word. Hulle vertel hulle verhale spontaan en ‘n proses van sosiale konstruksionisme word gevolg, waarbinne hulle self toegelaat word om betekenis-interpretasies te maak.

Die inter-dissiplinêre respondente word deel gemaak van alle verhale wat vertel is en hulle lewer ‘n tweede vlak van interpretasie vanuit hulle eie veld van

kundigheid. Die navorser word op hierdie wyse deel van die sosiaal-konstruksionistiese proses op ‘n derde interpretasievlak, met die uitgangspunt dat daar nie ‘n subjektiewe karakter in die verhale ingedra word nie – die taal wat deur die mede-navorsers gebruik word, bepaal die betekenis wat uit die verhale na vore kom.

Die inter-dissiplinêre studie maak ‘n transversale rasionaliteit moontlik. In die geval van ‘n narratiewe studie kan hierdie transversale rasionaliteit beskryf word as ‘n gedeelde rasionaliteit of die oorvleuelings/snypunte tussen die verskillende dissiplines en hul vakkundige interpretasies van die verhale.

Volgens Osmer (2006: 342-345) is dit nodig om ‘n viervuldige benadering, ten opsigte van die verkryging van ‘n transversale rasionalitiet, te verseker:

- Eerstens is dit nodig om ‘n spesifieke navorsingsvoorstel te definieer en seker te maak dat die prakties-teologiese studie die transversale rasionaliteit as deel van die navorsingsproses inkorporeer alvorens betekenis aan die verhale gee word. Hierdie studie het vanaf die eerste hoofstuk as uitgangspunt die navorsingsvoorstel duidelik gedefinieer en in hoofstuk 5 word hierdie raakpunte beskryf. Dit is dus vervolgens nodig om die transversale rasionaliteit van die verhale uit te lig ten opsigte van die belewenisse van God se teenwoordigheid in die lewensverhale van gelowige immigrante.

- Tweedens is dit nodig om respondente aan te stel en hulle aanstelling te motiveer, met dien verstande dat hulle aan ‘n inter-dissiplinêre gesprek sal deelneem. Die deelname van die respondente is reeds gemotiveer en hulle bydraes is gedokumenteer.

- Derdens is dit nodig dat daar betekeniswaarde toegeken word aan beide die verhale en interpretasies van respondente. Osmer (2006:344) verwys hier na Van Huyssteen wat 'n dieper soeke na betekenis voorstel deurdat die groei in die verhale in ag geneem word en deurdat her-interpretasie toegelaat word deur die mede-navorsers self, sowel as deur die respondente en die navorser, met in agneming van die relevante literatuur wat tot die studie toegelaat is. Daarna kan 'n betekeniswaarde ten opsigte van die belewenis van God se teenwoordigheid aan hierdie studie toegeken word.

- Vierdens en laastens is 'n alternatiewe interpretasie deur die praktiese teologie nodig. Hierdie bydrae behoort krities en as deel van die inter-dissiplinêre gesprek plaas te vind. Osmer (2006:345) maak op hierdie punt die opmerking dat die teologie en kerk nie maar eenvoudig konformeer en aanpas by die die kulturele konteks nie. Dit is vir hierdie studie dus belangrik dat daar in die vierde benaderingspunt nie relativistiese interpretasies gemaak behoort te word nie.

Wanneer die verwerking van informasie *prosesmatig* plaasvind, vorm die eie interpretasies van mede-navorsers oor hul persepsie van God se teenwoordigheid in hulle lewens die primêre fokus van hierdie studie. Dawson (2010:2-3) verwys na Berger wat die werklikheid sien as 'n *reeks gebeure* of ervaringe wat holisties betekenis dra en nie individueel geanaliseer hoef te word nie.

Die gesamentlike persepsie van die mede-navorsers in die laaste groepsgesprek is dat hulle immigrasie-ervaringe nie net die gevolg van kognitiewe besluitneming is nie. Die geloofstaal en die diskoerse van die gelowige lewensverhale wat in hierdie hoofstuk beskryf is, getuig van 'n andersheid in die verhale van

immigrasie wat aangehoor is. Die verhale wys ‘n verandering uit ten opsigte van navorsingsgenote se ‘kerk-toe gaan’-lewenstyl wat ‘n natuurlike oorgang na ‘n ‘deelneem-aan-‘n-geloofsgemeenskap’-lewenstyl in Mansfield aanneem. Hierdie lewenstyl getuig van ‘n aktiewe belewenis van die teenwoordigheid van God deur middel van een van die *diskoerse* wat uitgewys is as die ***Liggaam van Christus*** in Mansfield.

‘n Verdere betekenis wat deur die respondente uitgewys word handel oor die interpersoonlike verhoudings van immigrante. Aan die een kant is daar na ***God as Bondgenoot*** en die belewenisse van immigrante wat sê dat God teenwoordig is verwys, beide wanneer hulle Sy seën beleef en in tye van nood en swaarkry. Die respondente het ‘n verdere diskoers by die immigrante belig deur hul onderskeie ***verhoudinge met God en andere*** uit te wys. Daar behoort volgens hulle betekenis aan die twyfel in die verhale gegee te word. Die twyfeltaal van gelowiges is in hierdie hoofstuk bespreek en nou word die *reeks ervarings* in die verskillende verhale in ag geneem om betekenis aan die twyfel in die verhale te gee.

Die onbaatsugtige ondersteuning van verskeie ouers wat in Suid-Afrika moes agterbly, is uitgewys, ongeag die opoffering wat dit van hulle vereis. Die feit dat die gelowige ouers van immigrante vir hulle kinders en kleinkinders omgee impakteer op die verhale van die immigrante. Hulle omgee-aksies ten opsigte van die toekoms van hulle kinders en kleinkinders, ten koste van hulleself, is merkwaardig.

Gelowige ouers toon egter nie almal ‘n positiewe reaksie op immigrasie nie. Hier is die diskoers rakende ***die soeke na God se wil*** belangrik. Daar is verskeie ouers wat ‘n negatiewe emosionele reaksie toon as gevolg van die intense verlies wat hulle as ouers/grootouers van immigrantegesinne ervaar. Hierdie gedwonge verlies het waarskynlik ook ‘n ernstige impak op die ouers se belewenis van God

se teenwoordigheid in hulle lewens as ouers en grootouers en veroorsaak ook gevoelens van pyn, swaarkry en nood, sowel as die ervaring van eensaamheid en onregverdigheid. Die immigrasieverhale sny dus baie diep en raak elkeen ook die verhoudings met hulle ouers en die grootouers van die kinders.

Gevolglik is dit dus nodig om die verliese wat beleef word tydens immigrasie aan die orde te stel. Wanneer gesinslede by geleentheid van afskeid sprakeloos-verstom staan, is daar 'n emosionele 'verlamming' wat intree vanweë die traumaties-intense ervaring van verlies. Die gelowige verhale het ook die diskoers uitgewys van die belewenis van die teenwoordigheid van God deur ***Sy Woord****.* Die ervaring van God se teenwoordigheid deur Sy Woord help navorsingsgenote om hulle eie verhale van verlies en hulle hoopvolle en helende winsverhale, te midde van die immigrasieprose, saam te kommunikeer as hul belewenis van die werklikheid wat immigrasie meebring.

Ten slotte kan hier verwys word na Van Huyssteen (2006b:148) wat soos volg na transversale rasionalisasie verwys: "In this wide reflective equilibrium, we finally find the safe but fragile public space we have been searching for, a space for shuttling back and forth between deep personal convictions and the principles that finally result from interpersonal judgments."

Wanneer daar dus in hierdie studie gepoog word om *betekenis* aan gelowige immigrasie te gee, is die belewenisse van mede-navorsers rakende God se teenwoordigheid in hulle verhale ondersoek op 'n wyse wat die bogenoemde oortuiginge (*convictions and principles*) van mede-navorsers uitgewys het. Die verhale van mede-navorsers het saamgevloei en oorvleuel in die geloofsgemeenskap (*public space*) in die Mansfield Christian Reformed Church.

Verskeie omgee-aksies is bespreek as deel van die positiewe elemente in die verhaal van die geloofsgemeenskap en die nuwe manier van leef van immigrante. Daar is egter nie net winspunte aan immigrasie nie; die mede-navorsers vertel verhale van verlies en spesifieke verliese aan die kwaliteit van hulle verhoudings, beide in Suid-Afrika en Australië.

In hierdie immigrasieverhale word die uitleef van Christelike waardes deel van hulle soeke na betekenis. Hier volg nou slegs ‘n bespreking van hierdie waardes. Betekeniswaarde en interpretasie sal aan die waardes toegeken word in hoofstuk ses, wanneer die alternatiewe verstaan van die verhale bespreek sal word.

## 3. WAARDES WAT OP GOD SE TEENWOORDIGHEID REFLEKTEER

In ‘n opvolggroepgesprek met die mede-navorsers is hulle gevra om kollektief deel te neem aan ‘n gesprek rondom die kultuur waarbinne hulle hulself bevind. Die gedagte van ‘n ‘derde kultuur’ is deelnemend bespreek, sowel as die gedagte van die post-modernisme en die ‘nuwe’ Australiese samelewing waarbinne hulle as immigrante leef. Die gedagte van Osmer (2006: 345) dat die teologie en kerk nie maar eenvoudig konformeer en aanpas by die die kulturele konteks nie, is ook met hulle bespreek. Hierna is die respondente gevra om te reflekteer op hulle eie verhale en om die Christelike waardes waarmee hulle geïmmigreer het, te bespreek.

Respondente het soos volg gereageer en die volgende bydraes gemaak:

**Integriteit, Eerlikheid en Opregtheid:** Die liggaam van Christus in Mansfield word deur die mede-navorsers as eerlik en opreg beleef. Hulle ervaar die

dienswerk in die gemeente as ‘n aksie van omgee en integriteit. Taal en kultuur is nie vir die mede-navorsers die belangrikste aspek in hulle lewens as gelowige immigrante nie.

**Omgee-aksies:** Verskeie omgee-aksies word deur die mede-navorsers verwoord en die eerste bewys van omgee word gesien in die geloofsfamilie van Mansfield. Die verhale vertel van mense wat omgee en mekaar se laste dra. Hulle help mekaar trek, leen meubels onderling en help mekaar werk soek of wat ookal in die situasie nodig is. Die diensbare leiers in die gemeente speel ‘n belangrike rol in die tuiskom van nuwe immigrante. Hierdie studie het ook die belangrikheid van die omgee-aksies van die ouers en grootouers in Suid-Afrika teenoor hulle kinders wat immigreer uitgewys.

**Koinonia eerder as Dogma:** Die vertellings het verskeie verwysings na die liefde van Christus tussen mense gemaak, deurdat ‘n ingesteldheid op die nood van veral immigrante voorop staan in die gemeente. Die verdere interessante verskynsel is die feit dat die dogma of die leer van die kerk in Mansfield nie as primêr in die kerklike lewe beleef word nie.

**Verhoudings:** Verskeie verhoudings is in die gemeente van Mansfield sigbaar: eerstens is daar die primêre verhouding met Christus wat ‘n eenheid in die gemeente tot gevolg het; vervolgens is daar die koinonia wat mede-gelowiges aan mekaar verbind en laastens bestaan onderlinge verhoudings tussen lidmate, wat as diensbare leiers vir die verskillende bedieninge in die gemeente verantwoordelik is.

Vanuit hierdie bespreking rakende die waardes van die mede-navorsers word die gereformeerde tradisie ook genoem en bespreek. Die gemeente in Mansfield is ‘n gereformeerde gemeente met ‘n gereformeerde belydenis, soos wat dit

duidelik blyk uit die gemeente se webwerf (www.mansfieldcrc.com) en dit is ten slotte in hierdie hoofstuk nodig dat die betekenis van hierdie tradisie verder ontgin word. Die belewenis van God se teenwoordigheid in die g*ereformeerde* gemeente van Mansfield vra na ‘n dieper verstaan van hierdie tradisie.

## 4. TRADISIE-INTERPRETASIE

### 4.1 Beskrywing en interpretasie van tradisie

Die geloofsgemeenskap in Mansfield is deel van die “Reformed Churches of Australia” en onderskryf die gereformeerde belydenisse, soos al haar susterskerke. Die gemeente se webwerf stel dit egter duidelik dat hierdie gemeente ‘n immigrant-vriendelike gemeente is. Die betekenis hiervan is dat Suid-Afrikaanse immigrante in die gemeente welkom is, tesame met ander immigrante vanuit ander lande. Die gemeente bly dus getrou aan die Evangelie en reik uit na alle mense, ongeag hulle afkoms.

Die gereformeerde tradisie word egter nie deur die mede-navorsers as die kern van die gemeente beleef nie. Die belewenis van God se teenwoordigheid maak vir hulle die verskil. Hulle maak verskeie opmerkings wat die omgee-aksies en koinonia, soos reeds bespreek, voorop stel in hulle ervaring van die teenwoordigheid van God tussen gemeentelede. Daar is selfs van die mede-navorsers wat vertel dat hulle reeds maande aan die gemeente verbonde was, alvorens hulle agtergekom het dat die gemeente ‘n gereformeerde tradisie het.

Die belewenis van God se teenwoordigheid maak deel uit van die gelowige verhale wat vertel word en kan die persepsie laat dat ek as navorser nie objektief is nie. Die metodiek van hierdie studie fokus egter daarop dat ek as navorser, tesame met die die mede-navorsers, ‘n oop gesprek voer en voortdurend soek na 'n realistiese wêreldbeeld. Die insette van mede-navorsers rakende hul belewenis van God se teenwoordigheid bepaal die voortdurende dialoog. Die doel is om saam te groei na 'n beter verstaan van die konteks waarbinne die navorsingsgenote op ‘n daaglikse basis lewe.

Wanneer daar dekonstruerend met die verhale en die interpretasies van mede-navorsers, rakende die gereformeerde tradisie van die Mansfield Christian Reformed Church, te werk gegaan word, is dit nodig om te let op die volgende sentrale diskoers deur middel van ‘n kritiese vraag:

*“Is dit moontlik dat ‘n gemeente in die Gereformeerde Kerk nie net vir eendersdenkendes ‘n geestelike tuiste is nie?”* of anders gestel*: “Is dit moontlik dat ‘n Gereformeerde Kerk gereformeerd kan bly te midde van die besoeke van lidmate of gereelde besoekers van ‘n ander tradisie en agtergrond?”*

Ten einde hierdie vraag te beantwoord is dit nodig dat ons die *gereformeerde tradisie* in Mansfield gemeente beskryf, sowel as die gemeente se onderskeid om hulself as ‘n *geloofsgemeenskap* te verwoord.

## 4.2 Gereformeerde tradisie

Wanneer daar na die verhale van die mede-navorsers geluister word en die verhale versmelt in die verhaal van die Liggaam van Christus in Mansfield, word

die vraag gevra: *"Waarom is die lidmate nie almal van gereformeerde afkoms, soos wat 'n mens sou verwag in 'n gereformeerde kerk nie?"*

Die *geloofskultuur* van die gemeente word deur die mede-navorsers as 'anders' beleef en die Liggaam van Christus in hierdie gemeente is baie uniek – daar is lidmate wat in Suid-Afrika gebore is, lidmate vanuit Holland, Australiese lidmate, lidmate uit Korea, Indiese lidmate en ook lidmate van die kleiner eilande noord-oos van Australië.

Die lidmate wissel ook in tradisies van herkoms en alhoewel die meeste lidmate vanuit 'n gereformeerde tradisie kom en die gemeente 'n gereformeerde belydenis het, is daar ook onder die Suid-Afrikaansgebore immigrante na Australië, lidmate of gereelde besoekers van die Baptiste, Charismatiese en Rooms-Katolieke agtergrond. Hierdie lidmate neem nie lidmaatskap van die gemeente op nie, maar sien hulself as deel van die geloofsgemeenskap en is aktiewe lidmate deurdat hulle deelneem aan die aksies van die gemeente.

Die gereformeerde tradisie en gebruike is duidelik sigbaar in die gemeente. Die gemeente het 'n baie sterk Verbondsteologie, die kinderdoop word gereeld bedien en die prediking en kategese is Skrifgetrou rondom die genade van God. Al die gereformeerde belydenisskrifte word onderskryf en die kerkraad funksioneer soos enige ander kerkraad in die ring van Gereformeerde Kerke. Daar sou ook verwys kon word na die weeklikse koerantjie, die "Bulletin" en selfs die naambord op die sypaadjie, wat die kerk duidelik uitwys as 'n Gereformeerde Kerk.

Die immigrante se nood is egter voorop in hulle eie lewenservaringe en daar word geluister na die verhale van seerkry van mense in die gemeente van Mansfield. Die gemeente is ingestel op die nood van mense en die

selgroepbediening word beskryf as "Needs oriented evangelism cell groups." Hieruit is dit duidelik dat die seerkry van mense met diensbaarheid deur mede-lidmate aangespreek word deur middel van 'n formele selgroepbediening.

Die ander kant van die saak is egter dat sekere immigrante verlore raak, sodra hulle nood aangespreek is. Hulle motiewe om by die gemeente betrokke te raak is net om 'n netwerk van mense rondom hulself daar te stel, sodat hulle praktiese hulpverlening, tydens hulle inskakelingsproses in 'n nuwe land, kan bekom. Wanneer dit nie meer nodig is nie, is die gemeente ook nie meer vir sulke immigrante nodig nie, aldus die mede-navorsers in die laaste opvolggroepsgesprek van hierdie studie.

Die gereformeerde oortuigings en tradisie van die gemeente word dus prakties uitgeleef in die alledaagse lewens van mense, maar met die onderskeid dat daar op die nood van mense gefokus word.

### 4.3 Geloofsgemeenskap

Die gereformeerde gemeente van Mansfield sien haarself nie as 'n kerklike instituut nie. Die post-moderne samelewing waarbinne die gemeente haarself bevind word bereik deurdat die gemeente as geloofsgemeenskap uitreik na mense in nood in die samelewing en hulle uitnooi om deel te raak van die geloofsgemeenskap of anders gestel die familie van God. Daar is 'n sterk beklemtoning van die Evangeliese/Bybelse waardes, soos reeds bespreek in hierdie hoofstuk, en hierdie beklemtoning laat by mede-navorsers die idee dat die dogma nie die fokus in die gemeente is nie. Die gevolgtrekking hier is dat die gereformeerde leer *geleef word* en nie net gepreek word nie. Die

geloofsgemeenskap dra die belewenis van die liefde en ervarings van God se teenwoordigheid uit na die onmiddelikke leefwêreld van mense.

Die manier waarop en die waardes waarmee die geloofsgemeenskap lewe maak dit vir die kerk/gemeente moontlik om lidmate van ander tradisies te akkommodeer en hulle omgee-aksies, soos reeds beskryf, bereik verskeie mense en laat hulle geestelik tuis voel.

### 4.4 Samevattende opmerkings

Die kultuur in Mansfield-gemeente is een van insluiting en is definitief nie eksklusief nie. Die mede-navorsers se verhale oorvleuel in die gemeente van Mansfield, waar hulle as immigrante self 'n geestelike tuiste gevind het en nou deel is van 'n geloofsgemeenskap wat aan ander in nood 'n geestelike tuiste bied. Daar bestaan 'n openheid teenoor mense: die gemeente verwelkom met integriteit *enige iemand*, deurdat 'n netwerk van gelowige vriende werklik betrokke raak by die nood wat immigrante beleef, wanneer hulle hulself in 'n nuwe land met 'n nuwe kultuur bevind. Hierdie fokus op die nood van mense maak dit moontlik dat 'n gereformeerde kerk gereelde besoekers van 'n ander tradisie en agtergrond in hulle midde kan verwelkom.

## 5. DIE VERHAAL VAN DIE ERVARING VAN GODDELIKE TEENWOORDIGHEID IN MANSFIELD

Wanneer daar dus gereflekteer word op die belewenis van God se teenwoordigheid en hoe die verhale van gelowiges in die gereformeerde

gemeente van Mansfield oorvleuel, is dit ten slotte nodig om die *psigologiese en spirituele aspekte* in die geloofsgemeenskap te verstaan.

Vanuit ‘n *psigologiese denkraamwerk* het die respondente in ‘n laaste groepsgesprek rondom die belewenis van God se teenwoordigheid na die omgee-aksies van mense, die ingesteldheid om andere te dien en sinvolle verhoudings wat ontwikkel in die geloofsgemeenskap, verwys. Hulle psigologiese bydrae het dus sekere raakpunte met die praktiese teologie in die verhoudings wat onderling sigbaar is tussen mense in die geloofsgemeenskap. Die *prakties-teologiese respondente* stem met hierdie interpretasie saam en voeg die beklemtoning van diensbare leierskap as Christelike ingesteldheid by, wat volgens hulle die onderlinge verhoudings sinvol maak en die belewenis van die teenwoordigheid van God beskryf.

Die gemeente word as getrou aan haar gereformeerde belydenis gesien, wanneer mede-navorsers self vertel dat die lidmate God se teenwoordigheid as *Bondgenoot* beleef in tye van swaarkry sowel as in tye wannneer hulle God se seën beleef. Daar is talle dinamiese *verhoudings* tussen die verskillende lede van die geloofsgemeenskap wat saam *soek na die wil van God* en uitreik na ander met *Sy Woord*. Die *Liggaam van Christus* is duidelik sigbaar en die verhale van gelowige immigrante in die gemeente vertel van Christelike waardes soos integritiet, eerlikheid en opregtheid.

Hierdie *waardes* word ‘n manier van lewe in die verhaal van die gemeente en dui op die belewenis van God se teenwoordigheid deurdat hulle Sy Woord indra in hulle lewens. Daar was egter ook verhale van *twyfel* aan die teenwoordigheid van God in sekere situasies, deurdat daar van die swaarkry van immigrasie vertel is en die uitdagings van ‘n post-moderne wêreld bespreek is. Die immigrante beleef soms twyfel as deel van die worsteling wat immigrasie meebring, maar die

verhale vertel van gelowige mense se ervaringe dat God teenwoordig is tydens die positiewe en negatiewe elemente van die immigrasieproses.

# HOOFSTUK 6

# DIE ONTWIKKELING VAN ALTERNATIEWE INTERPRETASIES WAT WYER STREK AS DIE PLAASLIKE KONTEKS IN MANSFIELD

## 1. INLEIDING

In die vorige hoofstukke is die verhale van mede-navorsers vertel met die geleentheid vir ‘n eie interpretasie en refleksie op hulle verhale. Ander stemme is ook tot die inter-dissiplinêre studie toegevoeg, by wyse van respondente wat ‘n spirituele, sowel as psigologiese perspektief bygedra het tot die verhale van gelowige immigrante. Die Mansfield Christian Reformed Church in Brisbane vorm die konteks van studie en die ontwikkeling van diensbare leierskap in die gemeente het ‘n spesifieke literatuurstudie tot gevolg gehad.

Die verskillende stemme sou soos volg beskryf kon word:

- Mede-navorsers het primêr hulle verhale vertel; interpretasies is gemaak, opvolggesprekke is gevoer en betekeniswaarde is daaraan toegeken. Verder het hulle deelgeneem aan groepsgesprekke (sien Bylaag 3) met die doel om herinterpretasie toe te laat en die gesprek oop en dinamies te hou.

- Respondente het inter-dissiplinêre bydraes gemaak vanuit verskillende pisgologiese en teologiese vakgebiede en opvolggesprekke (sien Bylaag 4) het betekeniswaarde aan die interpretasies toegeken.

- Tersaaklike literatuur is aan die orde gestel ten einde die gesprek op so ‘n wyse te stimuleer dat groei en ontwikkeling verwoord is.

Die belangrike uitgangspunt is dat die verhale van mede-navorsers die kern van die studie is. Daar word allereers na hulle verhale geluister, ten einde die konteks van studie in Mansfield, Brisbane te verstaan. In die luister na die verskillende narratiewe is daar alreeds ‘n sekere komponent van interpretasie teenwoordig. Alvorens daar met die oog op ‘n breër konteks - wyer as net die onmiddellike gemeente in Mansfield - in hierdie hoofstuk alternatiewe interpretasies geformuleer word, sal die besorgdhede van die respondente wat in hoofstuk 3 uitgewys is, tesame met die her-interpretasies van mede-navorsers se verhale, verwerk word. ‘n Samevatting van die tersaaklike literatuur, sowel as ‘n beweging in die literatuur vir hierdie studie sal bespreek word, met die doel om te groei na moontlike alternatiewe interpretasies.

## 2. DIE TEMAS VAN STUDIE

In hoofstuk 3 van hierdie studie is die besorgdhede van respondente, rakende die immigrasieverhale van mede-navorsers, in diepte bespreek. Die interpretasies van die respondente is uitgewys, deurdat elkeen van die verhale aan die orde gestel is en ‘n volledige prosesbeskrywing, wat elke respondent se bydrae in ag neem, gee tot die volgende samevattende interpretasie aanleiding:

- **Seerkry-tendense**: Stres, onverwerkte emosies en skuldgevoelens word as deel van die seerkry verbonde aan immigrasie uitgewys.

- **Verliese**: Negatiewe lewenservarings ontstaan vanweë immigrante se verlies aan identiteit, beroepsekuriteit, geboorteland en finansiële verliese.

- **Verhoudings**: In die afwesigheid van familieverhoudings bestaan 'n behoefte aan 'n ondersteuningstruktuur. Vanweë die vervreemding van die immigrante van hulle ouers, asook kinders se verliese en behoefte aan verhoudings met hulle grootouers, ontstaan 'n "emosionele verlamming".

- **Geloofsgemeenskap**: Die 'omgee-aksies' van mense in die nuwe geloofsgemeenskap is as betekenisvol in die lewens van immigrante uitgewys.

- **Diensbare leierskap**: Binne die konteks van immigrasie ontwikkel diensbare leierskap as 'n natuurlike uitvloeisel van die wyse van bestaan van die geloofsgemeenskap.

- **Die belewenis van God se teenwoordigheid**: Hoe immigrante God se teenwoordigheid in hulle lewens ervaar, is deel van die vertellings van mede-navorsers. Hulle verhale is ryk aan sowel geloofstaal as twyfeltaal, wat dui op die belangrikheid van die ervaring van God se teenwoordigheid.

- **Kultuur en taal**: Kultuur en taal word deur die respondente op twee vlakke as belangrik uitgewys. Eerstens is daar die stryd om die behoud van die Afrikaanse kultuur en taal en tweedens is daar die pyn wat met aanpassing by die Australiese kultuur gepaard gaan.

- **Aanpassing van kinders**: Kinders se aanpassing word bemoeilik teen die agtergrond van die opvoedingstyl in Australië wat heeltemal van die Suid-Afrikaanse opvoedingstyl verskil en dus as verwarrend beleef word.

- **Vertwyfeling en pyn**: Twyfelvrae kom regdeur die verhale na vore en wanneer immigrante 'n oop, 'geen-finale-besluit'-benadering volg, vererger dit die pyn en twyfel wat in die verhale opgeteken word.

- **Besluitneming**: Besluitneming word op meer as net die kognitiewe vlak uitgewys. Emosionele, psigiese en spirituele aspekte vorm deel van die besluitnemingsprosesse van mede-navorsers.

- **Globalisering**: Hierdie verskynsel word as 'n vertakking van immigrasie, met die uitdagings en aanpassingseise wat dit meebring, uitgewys.

Aan die hand van die bogenoemde samevatting het opvolggesprekke met die mede-navorsers plaasgevind, ten einde aan hulle 'n geleentheid tot her-interpretasie te bied. Tydens die aanhoor van die verhale, asook die her-interpretasies van mede-navorsers, het die belangrikheid van taal na vore gekom. Van der Walt (2010) is, as senior besigheidstaal-analis in Brisbane, genader om die spesifieke taalgebruikspatrone in die verhale van mede-navorsers te ontleed. Hy het die verhale en her-interpretasies van die mede-navorsers in hierdie studie geneem en die hoeveelheid kere wat die mede-navorsers sekere woorde gebruik het, as maatstaf vir 'n ontleding gebruik. Die frekwensie waarteen sekere woorde gebruik word, is tot 'n persentasie verwerk, wat dan die grootte van verskillende woorde in sy voorstelling bepaal. Die voorstelling (sien Figuur 1) gee dus 'n kritiese gevoel van die belangrikheid van sekere aspekte vir mede-navorsers. Die woorde kommunikeer betekenis en is van belang deurdat dit aan die samevattende interpretasies wat hierbo uit die verhale gemaak is, betekeniswaarde toeken.

Figuur 1 wys duidelik dat die immigrante bekommerd is oor die welstand van hulle *kinders*. Verder speel die *gemeente* en *kerk* 'n belangrike rol in hulle, as gelowiges, se ervaring van immigrasie. Die *besluit* om te immigreer vorm deel van die kern van al die verhale. Verhoudings met *ouers* is 'n brandpunt, maar verhoudings met *nuwe vriende* dra hulle deur die swaarkry van immigrasie. Die *gevoelens* van mede-navorsers dra ook by tot die beskrywing van hulle belewenisse.

**FIGUUR 1: DIE BELANGRIKHEID VAN DIE TAALGEBRUIK VAN MEDE-NAVORSERS**




(Van der Walt, F. 2010. ***GJI Marketing***)

Daar is dus groot ooreenkomste in die taalgebruik van mede-navorsers en die interpretasies van respondente, wat nou bespreking benodig.

Dit is nodig om die verskillende kontekste van die verhale allereers te identifiseer, alvorens daar na alternatiewe interpretasies van die verhale van immigrante gesoek word:

- Eerstens is daar die konteks van immigrasie;
- tweedens is daar die kultuur in Brisbane, Australië;
- derdens is daar die kultuur van diensbare leierskap in die geloofsgemeenskap in Mansfield en
- laastens is die spiritualiteit van gelowige immigrante ook deel van die konteks van hulle verhale.

Die *plaaslike konteks* kan uit die bogenoemde bespreking saamgevat word deur te verwys na die *geloofsgemeenskap in Mansfield*. Die geloofsgemeenskap veronderstel die kultuur van beide die Brisbane-samelewing en die die kultuur van diensbare leierskap, waaraan die mede-navorsers blootgestel word. Hulle onderskeie verhale oorvleuel ook binne die konteks van immigrasie, te midde van ‘n geloofsgemeenskap wat ryk is aan ander gelowige immigrante.

Vanuit ‘n sosiaal-konstruksionistiese perspektief is dit nodig om die betekenis wat taal binne die spesifieke konteks dra, te verwoord. Ek wil as navorser dus my stem voeg by dié van die mede-navorsers en respondente, deur op hulle interpretasies te reflekteer:

- Mense gebruik taal om verhale te vertel.
- Mense gebruik taal om interpretasies en bydraes vanuit hul eie ervarings te maak.
- Taal vind binne ‘n spesifieke konteks plaas.

My refleksie op die bogenoemde bespreking word vanuit die belangrikheid van die mede-navorsers se her-interpretasie, sowel as hulle taalgebruik en die

samevattende interpretasies van respondente gemaak. Dit kulmineer in die volgende temas rakende die immigrasieverhale.

## 2.1 Temas afgelei vanuit respondente se besorgdhede

Vanuit die respondente se besorgdhede, aangaande die verhale van gelowige immigrante, kan die volgende vier temas van studie afgelei word:

- Die eerste tema in die verhale van immigrante sou beskryf kon word as die invloed wat die **geloofsgemeenskap** in Mansfield op die verhale van immigrante het. Hierdie invloed word hoofsaaklik in die kultuur van *diensbare leierskap* gesien. Die verhale wat aangehoor is vertel ook van die immigrante se *belewenisse van die teenwoordigheid van God* binne die geloofsgemeenskap van Mansfield en in die kultuur van Brisbane, Australië.

- Die tweede tema word gevind in die gevolgtrekkings rondom die **verhoudings** van mede-navorsers. Respondente het die belangrikheid van ouers in Suid-Afrika, die kinders se toekoms in Australië en die rol van nuwe vriende in die afwesigheid van familiebande, uitgewys as deel van die immigrasie-realiteit waarbinne mede-navorsers hulleself in Brisbane bevind.

- Die derde tema sou beskryf kon word as die **twyfel en pyn** wat immigrasie meebring. Die respondente se besorgdhede wys op die *seerkry-ervaringe* van immigrante, wat dui op verskillende *verliese* wat hulle beleef ten opsigte van die geboorteland, verhoudinge en die Suid-Afrikaanse *kultuur*.

- Die vierde tema omvat die **besluitnemingsprosesse** van mede-navorsers, wat meer as bloot 'n kognitiewe handeling is. Die psigologiese, spirituele en emosionele komponente van besluitneming is gedokumenteer en die interessante verskynsel wat hieruit na vore gekom het, is dat daar verskillende wyses van immigrasie is. Een so 'n interessante verskynsel is *globalisering*, wat die gevolg is van 'n proses van besluitneming wat verskil van dié van immigrasie. Globalisering maak dit vir die immigrant moontlik om sy/haar leefwêreld te vergroot, sonder om werklik afskeid te neem van sy/haar geboorteland.

Die bogenoemde samevattende temas wat vanuit die besorgdhede van die respondente verkry is, wys groot ooreenkomste met die *taalgebruik van mede-navorsers* uit.

## 2.2 Temas afgelei vanuit die belangrikheid van taalgebruik in mede-navorsers se immigrasieverhale

Met verwysing na Figuur 1 hierbo, word dieselfde vier oorkoepelende temas van studie uitgewys, maar met die klem op die aanwending van taalgebruik deur mede-navorsers tydens die vertel van hulle immigrasieverhale:

- Die eerste tema rondom die **geloofsgemeenskap** in Mansfield word verwoord deur die begrippe *gemeente* en *kerk,* wat in die aanvanklike verhale as wisselterme gebruik is. Die opvolggesprekke met mede-navorsers wys ook op 'n bepaalde groei ten opsigte van hul belewenis van die *kerk* in Mansfield. Die immigrante beleef die gemeente as 'anders,' wat

'n dieper verstaan van 'n geloofs'gemeenskap', eerder as bloot 'n 'kerk,' kommunikeer.

- Die woorde *ouers, kinders en vriende* word met 'n hoë frekwensie deur mede-navorsers gebruik, wat dui op die belangrikheid van **verhoudings** in die lewens van immigrante. Die afwesigheid van breër familieverhoudinge laat 'n soeke na 'n nuwe familie ontstaan en die mede-navorsers praat van 'geloofsvriende' wat familie in hulle onmiddelike ervaringswêreld vervang. Hulle bevestig in opvolggesprekke hoe belangrik die toekoms van hulle kinders vir hulle is en hoe groot die pyn is wat die verliese aan verhoudings met hulle ouers meebring.

- Die derde tema van **pyn en twyfel** wys nie 'n hoë frekwensie in Figuur 1 uit nie. My interpretasie is dat dit moeiliker is om oor die ervaring van pyn te praat as om die feitelike gebeure en uitdagings van immigrasie te beskryf. 'n Bewys hiervan is die grootte van die woord "voel" in Figuur 1, wat aandui dat mede-navorsers wel dikwels oor hulle gevoelens gepraat het. Ek is daarvan oortuig dat hierdie tema van pyn en twyfel nie geïgnoreer mag word nie, omrede die mede-navorsers in 'n opvolggroepgesprek wel hieroor praat en 'n fyner lees van die verhale wys duidelik die twyfel en pyn van immigrante uit.

- Die laaste tema van **besluitneming** wys met 'n hoë frekwensie in die taalgebruik van mede-navorsers uit. Die besluite rakende immigrasie word deur mede-navorsers as lewensveranderende besluite beleef en deur middel van her-interpretasie wys die mede-navorsers daarop dat besluitnemingsprosesse baie energie en tyd in beslag neem.

Hierdie temas van studie word vervolgens deur 'n verdere literatuurstudie aangevul om 'n proses van her-interpretasie deur die navorser, en gevolglik 'n alternatiewe verstaan, daar te stel. Die literatuur ten opsigte van die derde tema van studie, rakende twyfel en pyn, dui 'n belangrike beweging ten opsigte van 'n alternatiewe verstaan aan. Omrede die tema van twyfel en pyn tydens 'n fyner bestudering van die temas, as prominent na vore tree, beïnvloed dit ook die bespreking van die ander temas en lei daarom hierdie bespreking in.

## 3. ALTERNATIEWE INTERPRETASIES RAKENDE DIE VERHALE VAN IMMIGRANTE

### 3.1 Alternatiewe interpretasies rakende twyfel en pyn

Vanuit die bogenoemde temas van studie word die gesprek rakende die *tema van twyfel en pyn* ingelei deur te verwys na die volgende gevolgtrekkings van die respondente. *Seerkry-tendense* wat stres, onverwerkte emosies en skuldgevoelens insluit word as deel van die seerkry verbonde aan immigrasie uitgewys. *Vertwyfeling en pyn* kom as twyfelvrae regdeur die verhale na vore en wanneer immigrante 'n oop, 'geen-finale-besluit'-benadering volg, vererger dit die pyn en twyfel wat in die verhale opgeteken word. Negatiewe lewenservarings ontstaan in die immigrasieverhale, vanweë immigrante se verlies aan identiteit, beroepsekuriteit, geboorteland en ook finansiële verliese. *Kultuur en taal* word deur die respondente op twee vlakke as belangrik uitgewys. Eerstens is daar die stryd om die behoud van die Afrikaanse kultuur en taal en tweedens is daar die pyn wat met aanpassing by die Australiese kultuur gepaard gaan.

'n Verdere literatuurstudie rakende *twyfel en pyn* sal vervolgens eers weergegee word, alvorens daar parallelle met hierdie studie getrek sal word.

Berger en Zijderveld (2009:89) beskryf die 'waarheid' in die boek "In Praise of Doubt" as iets wat verskeie ondertone het. Hulle verduidelik hierdie konsep deur te verwys na "opregte gelowiges" wat diegene is wat 'n absolute waarheid verkondig. Hierteenoor voer hulle aan dat waarheid nie so 'n eenvoudige konsep is nie en dat daar na die ondertone van waarheid gekyk moet word. Hulle vra die vraag of daar iets is soos "twyfellose waarheid" en stel ook voor dat werklikheid en waansin nie net teenoor mekaar gestel kan word nie, maar dat dit soms as aanvullende terme gesien word.

Hierdie konsep van die werklikheid word onder andere verduidelik deur te verwys na twee geestesversteurde pasiënte wat albei glo dat hulle Maria, die moeder van Jesus is, soos wat die Bybel haar beskryf. Die sielkundige wat hulle behandel bring hierdie twee vroue dan bymekaar en hulle werklikhede bots deurdat hulle voortdurend met mekaar baklei oor wie nou eintlik Maria is. Hierdie woordewisseling lewer niks op nie totdat die ouer vrou op 'n dag vra wie die moeder van Maria was. Die sosiale sielkundige, Milton Rokeach, antwoord dan dat hy dink haar naam was Anna. Die ouer vrou kondig toe aan dat sy Anna is en haar gesindheid verander onmiddelik teenoor die jonger vrou in 'n positiewe uitkoms deurdat sy glo dat sy nou Anna is, die ma van die jonger vrou. Berger en Zijderveld beskryf hierdie voorbeeld van kognitiewe dissonansie om die werklikheid van mense en hulle belewenisse van die werklikheid aan die orde te stel (Berger & Zijderveld, 2009:90-91).

Berger en Zijderveld (2009:92) beweer dat die twyfelloosheid van die werklikheid bevraagteken moet word en voer aan dat twyfel en onsekerheid deel is van die werklikheid. Hiervolgens is die twyfel in die werklikheid van die mede-navorsers in hierdie studie die *waarheid* en die realiteit is dat immigrante dit nie kan of mag ontken nie. Volgens hierdie redenasie sou 'n immigrasieverhaal sonder twyfel nie moontlik wees nie.

Berger en Zijderveld (2009:92) beskryf dit verder deur na institusies in die samelewing, wat sekere waarhede van generasie tot generasie oorlewer om sekere tradisies te bewerkstellig, te verwys. Hierdie tradisies dra spesifieke waardes en norme aan 'n persoon binne sy eie land en kultuur oor. Hulle verduidelik dit, aan die hand van die werklikheid van immigrasie, soos volg: "When for example, one migrates to a foreign country, one ought to learn its language, its manners, its religious and secular ceremonies, its ways of acting, thinking and feeling – in short, its institutions. In that way, one appropriates the meanings, values and norms of the people in the new social habitat. Such appropriation is necessary if one is to communicate and interact with one's new neighbo(u)rs" (Berger & Zijderveld, 2009:93).

Die samevattende verstaan van die werklikheid word dus gevind in die tradisies wat algemeen aanvaarbaar is in die nuwe samelewing waarbinne die immigrant hom/haarself bevind. Die onsekerheid van die werklikheid word egter gevind in die herinneringe aan die vorige tradisies vanuit die geboorteland wat nou in spel kom. Berger en Zijderveld (2009:93) beskryf hierdie onsekerheid deur te sê dat dit in die "twilight zone of multiple doubts and uncertainties" plaasvind. Dit kan volgens hulle selfs tot in die tweede en soms derde generasie van immigrante na 'n nuwe land 'n werklikheid bly. Hierdie onsekerhede van albei wêrelde veroorsaak dat mense keuses moet maak ten einde hulle werklikheid te interpreteer en te verstaan.

Die keuses van mense in enige samelewing in die wêreld en dag van ons tyd is egter oneindig. Dink maar net aan hoeveel keuses op die rakke in die supermarkte van die westerse wêreld bestaan. Berger en Zijderveld (2009:94) voer aan dat hierdie keuses wat as gevolg van die onsekerhede in die werklikhede van mense bestaan, twee *logiese* gevolge kan hê: mense kan óf in die geriefsone van pre-moderne sekerhede terugval en fundamentalistiese keuses maak, óf hulle kan verval in 'n post-moderne relativisme van "anything goes," waar niks saak maak nie. Dan wys hulle egter daarop dat hierdie keuse 'n

verabsolutering van twyfel in die werklikhede wat mense daagliks beleef, veronderstel. Hulle kies dan teen albei die bogenoemde voor-die-handliggende opsies en voer verder aan dat daar ook ‘n derde opsie is om nie enersyds fundamentalisties te wees of om andersyds twyfel te verabsoluteer nie, maar om eerder die twyfel in die werklikheid te vier (“to celebrate doubt”).

Berger en Zijderveld (2009:103) beskryf twyfel as ‘n komplekse term. Weereens gebruik hulle ‘n voorbeeld om hierdie gesprek verder te voer. Wanneer iemand met ‘n soettand die keuse moet maak of hy/sy na ete nagereg gaan eet of nie, ontstaan twyfel. Die rasionele keuse is eenvoudig. Die nagereg is nadelig vir die persoon se gesondheid en hy/sy weet dit. Gevolglik sou daar vanuit ‘n rasionele perspektief verwag kon word dat die persoon sou kies om nie nagereg te eet nie. Die rasionele word egter deur die versoekings van die heerlike nagereg beproef en die twyfel gaan waarskynlik ‘n ander keuse tot gevolg hê.

Berger en Zijderveld (2009:105) verduidelik die konsep van twyfel verder deur te noem dat twyfel nie net in die kleiner keuses, soos die bogenoemde voorbeeld, teenwoordig is nie, maar ook in die groter en meer belangrike dinge in enige persoon se lewe. ‘n Mens kan twyfel oor sake rakende jouself, die wêreld en oor God. Hierdie twyfel is sinvol en word in die vraag of iets betroubaar en betekenisvol is of nie, gevier. Gevolglik word daar dus na die waarheid van “iets” gesoek en sodoende word twyfel en waarheid in dieselfde asem genoem en ondersoek.

‘n Neutrale posisie ten opsigte van twyfel is tussen die relativisme aan die een kant en die fundamentalisme aan die ander kant nodig. Vir hierdie studie vanuit ‘n gereformeerde tradisie is dit nodig om hierdie argument volgens Berger en Zijderveld (2009:113-115) se verduideliking van die Reformasie te volg. Hulle verduidelik die verhouding tussen die modernisme en die protestantisme van Calvyn in die lig van ‘n modernistiese subjektiwiteit, wat die gevolg is van die

klem wat Calvyn op die individuele gewete van mense geplaas het. Berger en Zijderveld beskryf dit gevolglik as fundamentalisties, maar aan die ander kant beskryf hulle Luther se interpretasie rakende protestantisme en vind ‘n raakpunt waar Luther se definisie van geloof nie alleen maar ‘n saak van sekerheid is nie. Berger en Zijderveld voer dit verder deur hier uit te wys dat twyfel met ander woorde deel word van die gesprek rakende geloof. Hulle sien die protestantisme in hierdie lig as ‘n werkbare opsie wanneer daar gesoek word na die neutrale grond wat twyfel, tussen die fundamentalisme aan die een kant en die relativisme aan die ander kant, inneem.

Berger en Zijderveld (2009:116-119) sê daar moet na beide die kern asook die meer marginale komponente van enige saak gesoek word, ten einde ‘n gesprek met moontlike kompromieë moontlik te maak. Hulle stel sekere voorwaardes vir die soeke na hierdie neutrale posisie:

- ‘n Openheid tot die aanwending van ‘n persoon se eie tradisie, met inagneming van die historiese konteks waarbinne hierdie tradisie ontstaan het.

- ‘n Verwerping van beide die relativisme en die fundamentalisme, met ‘n soeke na neutrale grond tussen hierdie twee sienings.

- Die aanvaarding van twyfel en die positiewe rol wat twyfel speel, spesifiek in ‘n geloofsgemeenskap.

- ‘n Nie-vyandige definisie van andere wat nie dieselfde wêreldbeeld en sieninge koester nie.

- Die ontwikkeling en instandhouding van institusies wat 'n vredevolle debat, met die doel om konflik op te los, voorstaan.

- Die aanvaarding van keuses wat nie slegs 'n kognitiewe besluit is nie, maar keuses wat morele begeertes insluit.

Die bogenoemde bespreking bring dus 'n beweging en **'n alternatiewe verstaan** van *twyfel en pyn* in hierdie studie oor gelowige Suid-Afrikaansgebore immigrante na Brisbane, Australië na vore:

- Die *seerkry-tendense* wat in hierdie studie uitgewys is, naamlik stres, onverwerkte emosies en skuldgevoelens as deel van immigrasie, skets 'n werklikheid waarbinne immigrante eerlik met sowel hulleself as die narratiewe inter-dissiplinêre karakter van die studie was. Die werklikheid van immigrante word nie fundamenteel gekommunikeer as "opregte gelowiges" wat net sê wat hulle dink by gelowiges pas of wat hulle dink gesê ***behoort*** te word nie. Die *verliese* as gevolg van die negatiewe lewenservarings is dus ook deel van die werklikheid van immigrasie en hierdie studie kommunikeer die werklikheid soos wat dit deur die mede-navorsers ervaar word, *sonder om enigsins iets voor te gee*. Die alternatiewe verstaan lê daarin dat die seerkry tendense besondere betekenis dra en nie iets is wat ontken kan word of wat vermy behoort te word nie. Die hantering van pyn bring **groei en verstaan**.

- Die *vertwyfeling en pyn* wat deur die twyfelvrae van mede-navorsers na vore kom, behoort *gevier* te word, aangesien hierdie **twyfel deel is van die gesprek oor geloof**. Die immigrante wat met 'n oop 'geen-finale-besluit'-benadering geïmmigreer het kan nie sonder meer gekritiseer word

nie; trouens, die pyn en twyfel wat as gevolg hiervan in hierdie verhale opgeteken word, laat hierdie mede-navorsers toe om self tot ‘n verstaan van hulle werklikheid te kom, sonder om deur die geloofsgemeenskap gekritiseer te word oor wat en hoe hulle behoort te glo. Wanneer twyfel dus die middelposisie tussen fundamentalisme en relativisme inneem, dra dit integriteit in die verhale van immigrante in. Die vermenging van *kultuur en taal* word as ‘n “twilight zone” beskryf (Berger & Zijderveld, 2009:93) en die werklikheid hiervan is ‘n deurlopende twyfel aan identiteit, wat egter groei tot gevolg het in die eie verstaan van die verhale van mede-navorsers. Die alternatiewe verstaan vier dus die bestaan van twyfel as deel van die gesprek van geloof en probeer nie om twyfel negatief fundamenteel te veroordeel of om dit te verabsoluteer vanuit ‘n relativistiese perspektief nie.

## 3.2 Alternatiewe interpretasies rakende die geloofsgemeenskap in Mansfield

Vanuit die temas van studie word die gesprek rakende ‘n *geloofsgemeenskap* ingelei deur te verwys na die volgende gevolgtrekking van die respondente. Die ‘omgee-aksies’ van mense in die nuwe geloofsgemeenskap is as betekenisvol in die lewens van immigrante uitgewys.

Grenz en Franke (2001:10) sê ten opsigte van die kerk as instituut dat die kerk nie ‘n groot impak op die post-moderne wêreld waarin sy haarself bevind, maak nie. Die rede hiervoor is dat die kerk as insitituut nie die kulturele situasie van die dag heeltemal begryp nie en na die era van modernisme nie die vermoë het om aan te pas nie. Volgens hulle is geestelike leiers in 'n groot mate besig om maar net die funksies van kerkwees instand te hou. Die verhale van twee mede-navorsers het dit bevestig dat die kerk as instituut maklik sy krag in die uitreikaksies na mense kan verloor. Een van hierdie mede-navorsers het in sy

eie woorde die kerk as instituut verkwalik omdat twee vorige gemeentes waaraan hy behoort het, nie daarin geslaag het om die nood wat hy beleef het, raak te sien nie.

Die verhale van ander immigrante in hierdie studie het egter 'n beweging aangetoon in terme van hoe die konsep van 'kerk' deur mede-navorsers verstaan word. Die gemeente van Mansfield word nie as kerk as instituut gesien nie, maar eerder kerk as geloofsgemeenskap. Die strategiese leierskap in die gemeente van Mansfield neem die bydrae van Grenz en Franke, soos hierbo beskryf, ernstig op en is intensioneel besig om 'n kultuur van diensbaarheid in die geloofsgemeenskap te vestig, met die doel om uit te reik na mense, veral immigrante, in nood. Die gemeente tref dus suskesvol die onderskeid tussen die kerk as instituut en geloofsgemeenskap.

Berger en Zijderveld (2009:92) verwys ook na die kerk as 'n instituut en plaas die klem op die kerk se betrokkenheid in die samelewing. Die kerk lewer volgens hulle sekere waarhede van generasie tot generasie oor, wat die gevolg het dat sekere tradisies gevestig word. Hierdie tradisies bestaan uit spesifieke waardes en norme, waaroor die kerk met die samelewing in gesprek behoort te gaan. Hulle stel dan verder voor dat die ontwikkeling en instandhouding van institusies, wat 'n vredevolle debat in die samelewing voorstaan, aangemoedig moet word. Die gemeente van Mansfield behoort op 'n inter-dissiplinêre wyse deel te wees van 'n oop gesprek met die wyer samelewing sonder om eensydighede 'waarhede' te kommunikeer.

Die fokus van die gemeente van Mansfield op die samelewing en die nood van mense wys die belangrikheid van 'n geloofsgemeenskap *in plaas van* die kerk as instituut uit. Dit word duidelik deurdat die 'omgee-aksies' van mense in die nuwe geloofsgemeenskap, betekenisvol in die lewens van immigrante is. In Mansfield

is daar dus ‘n beweging weg van die kerk as instituut na die kerk as geloofsgemeenskap wat met Christelike waardes in die samelewing leef.

As navorser wil ek tot hierdie gesprek toetree deur ‘n **alternatiewe interpretasie** rakende die geloofsgemeenskap in Mansfield voor te stel:

Berger en Zijderveld (2009:115) se bespreking van die kerk as instituut omvat hierdie *alternatiewe interpretasie.* Eerstens maak hulle die waardevolle bydrae dat die kerk as instituut relevant kan bly deur die waardes en norme wat die kerk kommunikeer. Hulle maak voorts ‘n saak uit dat die kerk met sy tradisies deel van die gesprek met die samelewing kan bly en hulle beweer selfs dat dit help om ‘n protestante agterond te hê in hierdie tipe oop gesprekke.

Hierdie studie het in hoofstuk 5 uitgewys dat die geloofsgemeenskap in Mansfield nie haar gereformeerde belydenis verloor het nie. Die dogma word egter nie deur die strategiese leiers in die gemeente voorop gestel nie. ‘n Alternatiewe verstaan van die geloofsgemeenskap in Mansfield sou behels dat die leiers tesame met hulle siening van die waarde van ‘n geloofsgemeenskap, weer bewus word van die **waarde van die gereformeerde tradisie** wat die kerk as instituut het. Wanneer die kerk in gesprek met die samelewing staan, veral in die uitleef van die *omgee-aksies* van die gemeente om die nood van mense aan te spreek, is dit belangrik dat die kerk getrou bly aan haar gereformeerde identiteit. Die kerk as instituut hoef dus nie *per se* irrelevant te wees of haar tradisie op te gee om deel te bly van ‘n multi-dimensionele gesprek met die samelewing nie.

### 3.2.1 Alternatiewe interpretasies ten opsigte van diensbare leierskap *binne die geloofsgemeenskap*

Vanuit die temas van studie word die gesprek rakende *diensbare leierskap* ingelei deur te verwys na die volgende gevolgtrekking van die respondente. Binne die konteks van immigrasie ontwikkel *diensbare leierskap* as 'n natuurlike uitvloeisel van die wyse van bestaan van die geloofsgemeenskap.

Ten einde 'n samevattende en **alternatiewe interpretasie** te maak ten opsigte van die geloofsgemeenskap in Mansfield en die visie om diensbare leiers te wees, is dit nodig om eers te verwys na Botten & McManus (1999:31) wat die *hefkrag van kennis* verstaan as 'n effektiewe instrument om verandering en groei aan te bring. Die geloofsgemeenskap in Mansfield toon *groei* in die sin dat 'n alternatiewe kultuur ontwikkel word, waaraan immigrante kan behoort, **teenoor die alledaagse ingesteldheid van immigrante wat (selfsugtig) soek na 'n beter lewenskwaliteit.**

Die kennis waaroor die leiers van Mansfield-gemeente beskik en wat aan hulle die *hefkrag* gee om verandering en groei aan te bring, word in die verhale van die mede-navorsers gesien wat getuig dat die *diensbaarheid* van selgroepleiers hulle lewenservaring verryk het. Hierdie verryking kan beskryf word as die groei wat in die geloofsgemeenskap plaasvind, wanneer die nood van immigrante suksesvol aangespreek word. Die respondente se gevolgtrekkings vanuit die immigrasieverhale dui aan dat diensbare leierskap nie net 'n *manier van bestaan* word nie, maar dat hierdie manier van bestaan ook 'n *kultuur* van diensbaarheid skep. Immigrante wie se eie nood aanvanklik aangespreek is, word self ook deel van die kultuur van diensbaarheid deur betrokke te raak in ander mense se nood.

Hierdie beweging wat immigrante self maak om deel te raak van ‘n nuwe manier van leef, word moontlik gemaak deur ‘n *vloei van kennis,* volgens Armistead (1999:153). Hy stel voor dat die vloei van kennis ‘n proses van deelname fasiliteer en dat alle lede by so ‘n proses betrokke is. In hoofstuk 4 word dit duidelik dat hierdie kennis vloei deur ‘n “plat struktuur” van die strategiese leiers na die selgroepleiers tydens werkswinkelsessies en daarvandaan weer na die kerkraad, waar besluitneming plaasvind. Sodoende word almal deel van die besluitnemingsproses en die vloei van kennis word nie net gestimuleer nie, maar die diensleiers kry ook die geleentheid om **bydraes** te lewer. Boyle (1991:49) beskryf gedeelde kennis, wanneer verandering en groei ter sake is, as die sleutel tot sukses. Die mede-verantwoordelikheid wat die selleiers, sellede, kerkraadslede en leraars dra, wys op ‘n ingesteldheid van gedeelde kennis wat ‘n hefkrag veroorsaak in die ontwikkeling van ‘n nuwe geloofsgemeenskap met ‘n nuwe kultuur van omgee.

‘n **Samevattende alternatiewe interpretasie** wys diensbare leierskap uit as ‘n alternatief op een van die aanvanklike (dikwels selfsugtige) redes vir immigrasie, naamlik die soeke na ‘n beter lewenskwaliteit. Opvolggesprekke met die mede-navorsers het dit duidelik uitgewys dat hul immigrasiebesluite ‘n soeke na ‘n beter lewe ingesluit het. Hulle kwalifiseer dit deur te noem dat die besluit oor veiligheid, sekuriteit, werksgeleenthede, die besit van eiendom en ook hoop vir die toekoms gegaan het. **Diensbaarheid is ‘n alternatiewe manier om lewenskwaliteit toe te voeg tot die lewens van immigrante.** Die mede-navorsers het in die laaste opvolggesprek getuig van die positiewe invloed wat die diensbaarheid van ander in hulle lewens gehad het en beleef dit dat dit waarde toevoeg tot hulle alledaagse lewe. Die insluitende manier van lewe het die gevolg dat immigrante self die keuse het om ook diensbaar te leef. **Hulle diensbaarheid aan andere** laat hulle toe om weer bydraes in die lewens van ander te maak. Hierdie **alternatiewe beweging gee sin** aan hulle lewens, omrede hulle dit ervaar dat hulle nodig is in die gemeente en self nou ingestel is op die nood van ander.

### 3.2.2 Alternatiewe interpretasies rakende die ervaring van God se teenwoordigheid en die bydrae van praktiese teologie *binne die geloofsgemeenskap*

Vanuit die temas van studie word die gesprek rakende *die ervaring van God se teenwoordigheid* ingelei deur te verwys na die gevolgtrekking van die respondente dat die wyse waarop immigrante God se teenwoordigheid in hulle lewens ervaar, deel is van hulle vertellings. Hulle verhale is ryk aan sowel geloofstaal as twyfeltaal, wat dui op die belangrikheid van die ervaring van God se teenwoordigheid.

In hierdie studie word die verhale van *gelowige* immigrante vertel. Die kritiese vraag na die bydrae van praktiese teologie tot hierdie narratiewe inter-dissiplinêre studie, spesifiek rakende die belewenis van God se teenwoordigheid in die lewens van immigrante, is dus hier van belang. Die dinamiese dialoog wat in hierdie studie ontwikkel is, wys op ‘n voortdurende proses waar mede-navorsers se belewensise van God se teenwoordigheid beskryf is. In hoofstuk 5 is uitgewys hoe mede-navorsers in ‘n groepsgesprek genoem het dat God se teenwoordigheid beleef word deur die *waardes* waarmee gelowiges uitreik na immigrante in hulle nood tydens immigrasie.

Voordat hierdie waardes verder bespreek word, is dit eers nodig om die posisie van die prakties-teologiese posisionering van hierdie studie aan die hand van die tersaaklike literatuur te bevestig.

Die proses van interpretasie en herinterpretasie met die oog op 'n alternatiewe verstaan word aan die hand van 'n *post-fundamentele, praktiese teologie* gedoen, ten einde aan die metodiek van studie getrou te bly. Hier is Van Huyssteen (1997:24-25) se werk, wat daarop wys dat teologie *nie in isolasie* binne die post-fundamentele raamwerk bedryf word nie, van belang. Hierdie benadering gaan van die veronderstelling uit dat teologie en wetenskap in verhouding staan en dat daar, ten einde die waarheid te rekonstrueer, definitiewe areas van oorvleueling gesoek behoort te word. Die waardes wat die mede-navorsers uitgewys het, sal aan die orde gestel word, met die veronderstelling dat die areas van oorvleueling met ander vakwetenskappe, soos deur die respondente in hierdie *inter-dissiplinêre studie* verwoord, ondersoek sal word.

Volgens Müller en Schoeman (2004:9) plaas hierdie post-fundamentele benadering die klem op die verstaan van die konteks *deur almal wat aan die studie deelneem*. Dit is nodig om dit hier weer duidelik te noem dat die plaaslike konteks van hierdie studie die geloofsgemeenskap van die Mansfield Christian Reformed Church is. My eie interpretasies, sowel as die interpretasies van mede-navorsers en respondente, sal dus die volgende bespreking van die waardes van gelowige immigrante beïnvloed, ten einde 'n alternatiewe beweging in die studie aan te dui.

Müller (2009:222-225) maak 'n verdere bydrae tot die praktiese teologie deur na die rol van *transversale rasionalisasie* in narratiewe navorsing, wat vir hierdie studie van belang is, te verwys. Sy bydrae plaas die klem op die *insluiting van die gespreksgenote* in die interpretasieproses van die verhale wat vertel is. Volgens hom is dit nodig dat die gespreksgenote self die geleentheid tot her-interpretasie gegee word, nadat die respondente hulle onderskeie bydraes vanuit die inter-dissiplinêre gesprek gelewer het. Transversale rasionalisasie gaan in hierdie konteks daaroor dat die *raakpunte* wat die waardes van die immigrante het met die interpretasies van die respondente gesoek en ontgin moet word. Die her-interpretasie deur mede-navorsers is in hierdie studie toegepas.

Vervolgens word die waardes van integriteit, eerlikheid en opregtheid; omgee-aksies; koinonia eerder as dogma; en verhoudings wat in hoofstuk 5 uitgewys is, nou hier weer kortliks aan die orde gestel en beskryf. Daarna sal ‘n samevattende alternatiewe interpretasie aangebied word.

**Integriteit, Eerlikheid en Opregtheid:** Die mede-navorsers wys die waardes van integriteit, eerlikheid en opregtheid allereers uit met die doel om die manier van leef, wat die kultuur van diensbaarheid in Mansfield behels, te kwalifiseer. Die mede-navorsers se gesamentlike interpretasie is dat die bogenoemde waardes deur gelowige immigrante gedeel word. As navorser het ek egter ‘n besorgdheid rakende die interpretasie van die mede-navorsers, in die sin dat hulle interpretasie gemaak word met ander gelowige immigrante in gedagte. Hulle diensbaarheid bring sin in hulle bestaan in ‘n nuwe land, maar die verhale van mede-navorsers vertel van die waardes waarmee daar teenoor ander mense wat dieselfde taal (Afrikaans) praat en van dieselfde kulturele afkoms is, opgetree word.

**Omgee-aksies:** Verskeie omgee-aksies word in die geloofsfamilie van Mansfield verwoord. Die verhale vertel van mense wat vir mekaar omgee en mekaar ondersteun. Die diensbare leiers in die gemeente speel ‘n kardinale rol in die *tuiskom* van nuwe immigrante. Hierdie studie wys ook die belangrikheid van die omgee-aksies van die ouers en grootouers in Suid-Afrika teenoor hulle kinders wat immigreer uit. Sonder die omgee-aksies van andere, sou die immigrasie-ervaringe volgens die mede-navorsers se eie interpretasie *ondraaglik eensaam* gewees het. Weereens kan daar op die bogenoemde gereflekteer word dat die omgee-aksies hoofsaaklik tussen Suid-Afrikaansgebore immigrante plaasvind.

**Koinonia eerder as dogma:** Die vertellings het verskeie verwysings na die liefde van Christus, wat onderling tussen mense in die gemeente uitgeleef word (koinonia), teenoor die dogma of die formele leer van die kerk in Mansfield, wat nie as die belangrikste fasset van die kerklike lewe beleef word nie. Die twyfeltaal, sowel as die geloofstaal van gelowige immigrante, wys daarop dat dit nie vir hulle oor die dogma, of "wat" die gemeente glo, gaan nie; maar eerder oor die uitleef van diensbaarheid wat fokus op die nood van immigrante. Hierdie tendens is deel van die *post-moderne wêreld* waarbinne die gemeente van Mansfield haarself bevind. Die interpretasie van mede-navorsers op hierdie waarde in hulle lewens is dat verhoudings vir mense in hulle alledaagse lewe belangriker is as leerstellings en die gesprek word dus nou rondom die waarde van verhoudings voortgesit.

**Verhoudings:** Verskeie verhoudings is in die gemeente van Mansfield sigbaar. Eerstens is daar die primêre verhouding met Christus wat 'n eenheid in die gemeente tot gevolg het. Vervolgens is daar die koinonia wat mede-gelowiges aan mekaar verbind. Die mede-navorsers heg groot waarde aan hulle "geloofsvriende" wat 'n plaasvervangende funksie vervul in hulle lewens deurdat 'n netwerk van vriende die afwesigheid van familie draagliker maak. Daar is egter ook gevalle waar daar sprake is van verhoudings wat seergekry het as gevolg van immigrasie en in tye van aanpassing in 'n nuwe land met 'n nuwe kultuur help die nuwe geloofsgemeenskap om die pyn te verwerk. Die geneigdheid van immigrante is om die seerkry van immigrasie met eendersdenkendes, wat hulself in soortgelyke omstandighede bevind, te deel.

Die bogenoemde waardes is deel van die verhale van gelowiges en onderskei, volgens die interpretasie van die mede-navorsers in 'n opvolggroepsgesprek, die gelowige en ongelowige verhale van immigrasie. Waarde en betekenis word deur hulle aan hulle belewenisse van die teenwoordigheid van God, soos wat dit duidelik word vanuit die geloofstaal en die twyfeltaal in hulle lewensverhale,

geheg. Die waardes wat hierbo bespreek is wys daarop dat diensbaarheid uitgeleef word in die geloofsgemeenskap van Mansfield.

In ‘n refleksie op die bogenoemde waardes kan daar nou oorgegaan word daartoe om ‘n **alternatiewe interpretasie**, ten opsigte van die *navorsingsgenote* se vermoë om te *integreer* in ‘n nuwe samelewing, te maak. Die behoefte aan skakeling met ander gebore Suid-Afrikaners beïnvloed hulle verhale sodanig dat die vraag na die gelowige immigrante se integriteit, eerlikheid en opregtheid, waarmee daar teenoor die breër Australiese samelewing opgetree word, gevra moet word. Die omgee-aksies en die koinonia met ander gelowiges, sowel as ander belangrike vriendskapsverhoudings is primêr op ander Suid-Afrikaansgebore immigrante gefokus.

Die werklikheid is dus dat integrasie gebrekkig is en ‘n **alternatiewe interpretasie** word voorgestel. Die leierskap van die gemeente in Mansfield is bewus van hierdie **leemte ten opsigte van ‘n gebrekkige integrasie** in die Australiese samelewing en wend selfs pogings aan om uit te reik na ander mense in die samelewing. ‘n **Moontlike aanpassing** in die uitleef van diensbare leierskap word voorgestel, deur die daarstel van ‘n **diensbare leierskap*model*** wat voldoen aan ‘n **post-fundamentele praktiese teologie**.

## 3.3 Alternatiewe interpretasies rakende die belangrikheid van verhoudings in die lewens van immigrante

Vanuit die temas van studie word die gesprek rakende *verhoudings* in die lewens van immigrante ingelei deur te verwys na die volgende gevolgtrekkings van die respondente. In die afwesigheid van familie*verhoudings* bestaan ’n behoefte aan ‘n ondersteuningstruktuur. Vanweë die vervreemding van die immigrante van

hulle ouers, asook kinders se verliese en behoefte aan verhoudings met hulle grootouers, ontstaan ‘n “emosionele verlamming”. *Kinders se aanpassing* word verder bemoeilik teen die agtergrond van die opvoedingstyl in Australië wat heeltemal van die Suid-Afrikaanse opvoedingstyl verskil en dus as verwarrend beleef word.

In die voorafgaande hoofstuk is die mede-navorsers se belewenisse van God se teenwoordigheid in hulle lewens uitgewys as ‘n realiteit waarmee hulle daagliks lewe. Vanuit hulle *verhouding* met God het hulle die immigrasie-ervaringe beskryf as die harde realiteit dat *gelowiges* nie makliker immigreer as ongelowiges nie.

Die spanning waaronder navorsingsgenote se interpersoonlike *verhoudings* gestel word, is hier van belang. Tydens die opvolggesprekke met mede-navorsers word die verhoudings met ouers en grootouers in Suid-Afrika dikwels gesien in die lig van gevoelens van verwerping en verliese wat gely word as gevolg van immigrasie. Daar het egter ook gevoelens van ondersteuning en liefde van ouers en grootouers, wat die immigrasiebesluit van die mede-navorsers in sekere gevalle goedkeur en verstaan, na vore gekom.

Berger en Zijderveld (2009:135) werp lig op hierdie situasie deur te verwys na die “belangrike ander” in mense se lewens. Hulle voer aan dat die opvoeding en spesifiek die sosiale karakter van die opvoeding in mense se lewens ‘n groot rol speel in hoe hulle toekomstige lewenservarings beleef. Berger en Zijderveld se werk is relevant vir hierdie studie wanneer die opvoeding van mede-navorsers in ag geneem word tydens hulle immigrasie-ervarings. Wanneer die immigrante volgens die respondente ‘n “emosionele verlamming” beleef, is dit die gevolg van ‘n fisiese skeiding tussen hulle en hulle ouers en die kleinkinders en grootouers.

Die effek van Berger en Zijderveld se siening op hierdie verhale is dat die opvoeding wat immigrante gehad het, wel deurskemer in hulle immigrasie-ervarings. Wanneer die immigrante aanpas by hulle nuwe omstandighede, val hulle terug op die opvoeding wat hulle ontvang het en hierdie opvoeding het ook ‘n sosiale karakter wat bruikbaar is in ‘n nuwe samelewing met die uitdagings wat daarmee gepaard gaan. Dit bepaal dus hoe hulle die nuwe lewenservarings beleef.

‘n **Alternatiewe interpretasie** op die mede-navorsers se belewenis van ‘n moontlike “emosionele verlamming” is om volgens die bogenoemde bespreking die gevolgtrekking te maak dat hierdie **emosionele verlamming net tydelik is**. Die verhouding van ouers met mede-navorsers sal, wanneer daar teruggeval word op die opvoeding tydens hulle kinderjare, die uitdagings van immigrasie oorkom. Die leemte bestaan egter daarin dat mede-navorsers tyd nodig het om die nuwe situasie te verwerk en genoeg emosionele energie bymekaar te maak om aan hulle verhoudings met hul ouers aandag te gee. Dit is egter belangrik om te besef dat hier nie ‘n absolute waarheid bestaan nie. Die suksesvolle oorbrugging van ‘n emosionele verlamming kan nie in alle gevalle gewaarborg word nie; daar word slegs die hoop uitgespreek dat die opvoeding van ouers wel ‘n bydraende rol speel in kinders se latere lewe en dus word die aanvanklike opvoeding van ouers veronderstel in die vermoë van immigrante om die uitdagings van immigrasie te hanteer.

Berger en Zijderveld se siening rondom die opvoeding wat mede-navorsers ontvang het, soos hierbo uiteengesit, is ook hier verder ter sake, wanneer die respondente wat vanuit ‘n sielkundige perspektief kom, die opvoeding van immigrante se kinders aan die orde stel. Respondent 2 se interpretasie is dat die opvoedingstyle van Suid-Afrikaansgebore immigrante verskil van die styl van opvoeding wat in die sosiale bestel van Australië teenwoordig is. Sy maak die opmerking dat ouers verwarring in die oë staar, omrede ‘n beklemtoning van die Suid-Afrikaanse manier van doen waarskynlik ‘n opvoeding is wat as “te streng”

deur die immigrante-kinders in die Australiese samelewing beleef kan word. Die alternatief om eenvoudig die Australiese manier van doen in die lewens van kinders toe te laat, sal weer die kinders verwar in die opsig dat hulle die vroeëre opvoeding wat hulle in Suid-Afrika ontvang het sal bevraagteken en as waardeloos sal ervaar.

Die **alternatiewe interpretasie** wat hier na vore kom is dus in werklikheid 'n her-interpretasie van opvoedingstyle. Opvoeding is 'n dinamiese proses en ouers van immigrante-kinders het nodig om **aanpassings** te maak. Die aanpassings is om self die positiewe vanuit **beide maniere van doen** te haal en te laat saamvloei in 'n opvoeding wat die kinders binne hulle nuwe sosiale bestel as sinvol sal kan beleef, nie net vir die huidige nie, maar ook vir hulle toekomstige lewe in Australië.

## 3.4 Alternatiewe interpretasies rakende besluitnemingsprosesse van immigrante

Vanuit die temas van studie word die gesprek rakende *besluitnemingsprosesse* in die lewens van immigrante ingelei deur te verwys na die volgende gevolgtrekkings van die respondente rakende *besluitneming* en *globalisering*. *Besluitneming* word op meer as net die kognitiewe vlak uitgewys. Emosionele, psigiese en spirituele aspekte vorm deel van die besluitnemingsprosesse van mede-navorsers. *Globalisering* word as 'n vertakking van immigrasie, met die uitdagings en aanpassingseise wat dit meebring, uitgewys.

Die besluitnemingsprosesse van immigrante is deur die proses van interpretasie deur die respondente as meer as net kognitiewe besluite uitgewys. Childs (1998:197) stel dit duidelik dat besluitneming nie net *kognitief* en selfs nie net

deur 'n proses van refleksie bepaal word nie; *intuïsie* en *emotiewe* elemente beïnvloed ook besluitneming.

Berger en Zijderveld (2009:122) voeg ook die element van twyfel hierby, wat besluitneming verder bepaal en voer aan dat *twyfel* veroorsaak dat besluite nie geneem word nie, maar eerder uitgestel word. Vir hierdie studie is dit van belang, omrede sommige verhale uitgewys het dat sekere immigrante geïmmigreer het sonder om 'n besluit ten opsigte van immigrasie te neem. Hierdie immigrante worstel daagliks met die vraag of dit die regte optrede was om Suid-Afrika te verlaat. Hulle verhale wys daarop dat hulle keuse om te immigreer intuïtief was en dat die emosionele gevolge daarvan dus tydens immigrasie beleef word.

Een van die immigrasieverhale het egter 'n interessante en teenoorgestelde besluitnemingsproses uitgewys, waar immigrasie fyn en kognitief beplan is, met die doel om 'n lewe in Suid-Afrika in stand te hou, terwyl die gesin in Australië leef. Hierdie verskynsel van globalisering het sekere voordele, maar ook aanpassingseise wat die gevolg is van die besluit om op so 'n wyse te immigreer. Parker *et al* (2006:218) wys op die volgende voordele en uitdagings wat globalisering meebring en wat vir hierdie studie belangrik is: globalisering laat die immigrant toe om in meer as een land besigheidsbelange te hê, maar dit vereis 'n sekere kennis van die nuwe kultuur, asook die verstaan van die wyse waarop besigheid gedoen word.

Globalisering vergroot die vryheid van keuse in die sin dat immigrante meer opsies het om te oorweeg, maar die uitdaging hiervan is dat so 'n persoon oorweldig kan word met te veel opsies waarvan hy/sy nie genoegsame kennis dra nie. Die hedendaagse tegnologie maak globalisering moontlik, maar die aanwending van tegnologie kan onkostes meebring wat in ag geneem behoort te

word. Hierdie bespreking van globalisering handel dus steeds oor keuses en besluitnemingsprosesse van immigrante.

Vanuit die gevolgtrekkings van hoofstuk 3 kan hier nou die volgende **alternatiewe interpretasie** voorgestel word: Besluitneming ten opsigte van immigrasie is meer as net 'n kognitiewe proses en selfs meer as om 'n emotiewe komponent en intuïsie te sien as deel van die proses; twyfel word beleef, selfs na besluitneming en selfs wanneer kognitiewe besluitneming tot globalisering aanleiding gee.

Die aanvanklike keuse van immigrasie **open verskeie nuwe keuses** soos wat die verhale van immigrasie ontwikkel, wat **nuwe twyfel in die verhale indra**. Die belangrike hier is om twyfel te verstaan vanuit 'n middel-posisie, wat nie fundamenteel negatief of relativisties verabsoluterend beskou behoort te word nie. Twyfel in die verhale van immigrante konfronteer hulle met die werklikhede van hulle keuses en laat gevolglik groei toe, wanneer daar opnuut twyfel ontwikkel in hulle verhale. Die besluitnemingsprosesse bly dus dinamies en immigrante plaas hulself in nuwe omstandighede wat **nie net uitdagings bied nie, maar ook geleenthede**.

## 4. DIE ONVERTELDE VERHALE

Hierdie prakties-teologiese studie het dit uitgewys dat *gemarginaliseerde*s se verhale nie aangehoor is nie. Alhoewel die verhale van mede-navorsers wel van verskeie verliese, wat gemarginaliseerde elemente bevat en deur die proses van immigrasie te weeg gebring is, melding maak, is daar nie verhale van byvoorbeeld geweld en moord vertel wat tot immigrasie aanleiding gegee het nie.

Ten einde getrou te bly aan ‘n sosiaal-konstruksionistiese benadering, kan die volgende voorstelle dien om in die toekoms op hierdie studie uit te brei:

Voorstel 1:

Gemarginaliseerdes se verhale behoort in ‘n volgende studie aangehoor te word om hul stemme toe te voeg tot die gesprek van gelowige immigrasie. Die pynlike en negatiewe elemente van immigrasie kan sodoende verder belig word ten einde die oop gesprek rondom immigrasie te stimuleer.

Voorstel 2:

Die verhale van ander kerke/kerkverbande en gemeentes behoort tot ‘n volgende gesprek toegelaat te word met die doel om die gereformeerde tradisie as een stem tussen talle ander Christelike stemme te plaas.

Voorstel 3:

Hierdie studie het deeglik geluister na die belewenisse van immigrante, soos vertel deur Suid-Afrikaansgebore mede-navorsers. Die uitdagings wat geïdentifiseer is, het die ontwikkeling van diensbare leierskap genoodsaak. ‘n Model vir diensbare leierskap kan in ‘n volgende studie ontwikkel word, wat vir ander gemeentes van waarde kan wees.

## 5. ‘N VOORGESTELDE BENADERING TEN OPSIGTE VAN DIENSBARE LEIERSKAP

Die post-fundamentele teologie is daarop ingestel om nuwe definisies, wat relevant is binne ‘n spesifieke konteks, te ontwikkel. *Diensbaarheid* en *leierskap* word in hierdie studie ontwikkel as twee bekende terme wat saamgevoeg word met prakties-teologiese waarde. Die literatuur het hierdie studie beïnvloed deurdat die praxis van studie in ag geneem is om ‘n ontwikkeling van diensbare leierskap soos volg moontlik te maak:

Die konteks van die geloofsgemeenskap in Mansfield het aan die hand van ‘n literatuurstudie **diensbare leierskap** geïdentifiseer as *self leierskap*; *leierskapontwikkeling*; *leierskap in spanverband* en *strategiese leierskap*. Hierdie fasette van diensbare leierskap, tesame met die *Bybelse beginsel van diensbaarheid* (vergelyk Matteus 9:35-10:15) stel ‘n prakties-teologiese ontwikkeling voor.

‘n Leierskap*model* wat hierdie bewegings, aanvullings en oorvleuelings in ag neem kan nou met versigtigheid aanbeveel word. Die ontwikkeling van so ‘n model moet egter deeglik kennis neem van die literatuurverwysings, interpretasies en toepassings wat in hierdie studie voorgestel is. Die doel is om ‘n post-fundamentele bydrae te lewer en nie om ‘n program daar te stel wat sekere algemene waarhede verkondig nie. Die model behoort te dien as instrument wat in verskillende kontekste bruikbaar kan wees.

## 6. SLOTOPMERKINGS EN VOORSTELLE TEN OPSIGTE VAN DIE ONTWIKKELING VAN ALTERNATIEWE INTERPRETASIES WAT WYER STREK AS NET DIE PLAASLIKE KONTEKS

Alvorens daar gekyk kan word na die *konteks wyer* as die plaaslike konteks, is dit nodig om kortliks weer die konteks waarbinne hierdie studie plaasgevind het, uit te wys. Die ***plaaslike konteks*** kan saamgevat word deur te verwys na die *geloofsgemeenskap in Mansfield*. Die geloofsgemeenskap veronderstel die kultuur van beide die Brisbane-samelewing en die die kultuur van diensbare leierskap, waaraan die mede-navorsers blootgestel word. Hulle onderskeie verhale oorvleuel ook binne die konteks van immigrasie, te midde van ‘n geloofsgemeenskap wat ryk is aan spirituele ervarings, wat hulle met ander gelowige immigrante deel.

Vanuit hierdie plaaslike konteks het die volgende **alternatiewe interpretasies** na vore gekom:

Die verhale van mede-navorsers wys die twyfel van gelowiges uit as deel van die gesprek oor geloof. Die hantering van pyn en swaarkry is nie ‘n negatiewe element in hulle lewensverhale wat vermy behoort te word nie; dit bring juis groei en verstaan by mede-navorsers, wat betekenis in hulle immigrasieverhale indra.

Die leiers van die gemeente het, te midde van die ontwikkeling van diensbare leierskap, daarin geslaag om die nood van immigrante aan te spreek, deurdat diensbare leierskap en die selgroepbediening versmelt het. Die gevaar dat leiers hulle gereformeerde identiteit kan verwaarloos is uitgewys en hierdie studie beveel aan dat die leiers in die gemeente weer bewus word van die waarde van

die gereformeerde tradisie, veral wanneer dit in gesprek staan met ongelowige en gelowige mense vanuit die samelewing, in die uitleef van die omgee-aksies van die gemeente.

Die geloofsgemeenskap in Mansfield toon groei in die sin dat ‘n alternatiewe kultuur, teenoor die alledaagse ingesteldheid van immigrante wat soek na ‘n beter lewenskwaliteit, ontwikkel. Diensbaarheid word as ‘n alternatiewe manier, waarop lewenskwaliteit tot die lewens van immigrante toegevoeg kan word, uitgewys. Hulle diensbaarheid aan andere laat hulle toe om bydraes in die lewens van ander te maak en dit is ‘n verdere alternatiewe beweging wat sin gee aan hulle lewens.

Hierdie studie het ‘n leemte ten opsigte van ‘n gebrekkige integrasie deur die Suid-Afrikaansgebore immigrante in die Australiese samelewing uitgewys. ‘n Moontlike aanpassing in die uitleef van diensbare leierskap is voorgestel, deur die daarstel van ‘n diensbare leierskap*model,* wat voldoen aan die vereistes van ‘n post-fundamentele praktiese teologie.

Die emosionele verlamming wat immigrante beleef is as tydelik uitgewys en die opvoeding van ouers speel ‘n belangrike rol in hoe ‘n mate immigrante met die verloop van tyd by ‘n nuwe kultuur in ‘n vreemde land aanpas. Keuses bly deel van die lewens van immigrante en wanneer die keuse om te immigreer gemaak is, open dit die deur tot verdere keuses. Voortdurende besluitneming lei tot twyfel. Hierdie twyfel in die lewens van immigrante behoort nie negatief ervaar te word nie. Twyfel neem ‘n middelposisie in tussen die fundamentalistiese siening, waar twyfel negatief beskryf word en die relativistiese siening, waar twyfel verabsoluteer word. Hierdie posisie in die middel laat die immigrant toe om twyfel nie net as uitdagings nie, maar ook as geleenthede, wat deel word van die immigrasieproses, te ervaar.

Vanuit hierdie alternatiewe interpretasies kan daar nou daartoe oorgegaan word om sekere *voorstelle* te maak **wat wyer strek as net die plaaslike konteks**.

Voorstelle word eerstens in verband met diensbare leierskap en die wyse waarop verskillende kerke en kerkverbande kan uitreik na immigrante, binne die wyer *Australiese konteks* gemaak.

- Diensbare leierskap is ‘n handige instrument wat intensioneel aangewend en ontwikkel kan word binne die konteks van ‘n immigrant-vriendelike gemeente in Australië.

- Daar moet geluister word na die stemme van ander bestaande kerke in Australië, ten einde ‘n beter verstaan ten opsigte van integrasie van immigrante in die Australiese samelewing te weeg te bring. Die Mansfield Christian Reformed Church kan die ontwikkeling van ‘n post-fundamentele *model* vir diensbare leierskap na die tafel van gesprekvoering met ander kerke in Australië neem.

- Die stemme van Afrikaanse kerke wat in Australië besig is om te ontwikkel moet gehoor word in die gesprek van gelowige immigrasie, met die doel om ‘n oop dialoog te bewerkstellig. Wedersydse begrip word in hierdie gesprekke voorgestel, ten einde baat te vind by die gesprek wanneer die nood van immigrante bespreek word.

- Die stemme van nie-gelowiges wat immigreer, is deel van die immigrasiegesprek en die prakties-teologiese stemme van gelowige

immigrasie vorm alleen met integriteit deel van die groter gesprek van immigrasie, as daar ook na die nie-gelowige stemme geluister word.

Tweedens word 'n voorstel ten opsigte van die *Suid-Afrikaanse konteks* gemaak met die oog op die immigrante se ouers en verhoudings wat bestaan tussen immigrante en familie in Suid-Afrika.

- Kerke in Suid-Afrika kan betrokke bly in die proses van immigrasie, deur die geleentheid te benut om veral die ouers van immigrante te ondersteun. Die *tydelike* emosionele verlamming wat plaasvind in die lewens van immigrante sal 'n invloed uitoefen op hulle verhoudings met hulle ouers. Kerke in Suid-Afrika wat hierop ingestel is, behoort die ouers nie net geestelik te ondersteun nie, maar behoort hulle ook aan te moedig om met deursettingsvermoë aktief deel te bly van die lewens van hulle kinders en kleinkinders. Kleingroepe vir ouers wie se kinders in die buiteland is, kan byvoorbeeld as ondersteuningstelsel gevorm word.

Laastens word daar ook 'n voorstel gemaak rondom 'n *vermenging* van die *Australiese en Suid-Afrikaanse kontekste.*

- Daar is sprake van 'n 'derde kultuur' wat by Suid-Afrikaansgebore immigrante ontwikkel as 'n vermenging van die Suid-Afrikaanse en Australiese kulture. Die opvoeding van immigrante-kinders sal baat vind indien Australiese immigrant-vriendelike kerke hiervan bewus is en 'n oop gesprek in hierdie verband stimuleer.

# HOOFSTUK 7

# REFLEKSIE OP NAVORSING

## 1. INLEIDING

Hierdie kort hoofstuk word daaraan gewy om te reflekteer op my eie ervaring as navorser tydens hierdie studie. Dit is vir my belangrik om 'n eie refleksie op die proses van navorsing weer te gee, ten einde my eie groei ten opsigte van die narratiewe navorsing te bepaal.

## 2. DIE NARRATIEWE BENADERING

Die narratiewe benadering het vir my 'n nuwe perspektief ten opsigte van die praktiese teologie geopen. Die fokus op die praxis en spesifiek die lewenservaringe van mede-navorsers was geslaagd in die opsig dat hulle verhale as oop verhale vertel is. Die betekenis van oop verhale word gevind in die feit dat die navorser nie die verhale beperk en eensydig daarop reflekteer nie, maar die mede-navorsers word gevra om eie interpretasies en betekeniswaarde aan hul verhale te gee.

Die gevolg is 'n dinamiese dialoog wat weer 'n oop gesprek tussen die navorser en mede-navorsers daarstel. Hierdie oop gesprek het verskeie nuwe perspektiewe geopen en so die weg gebaan vir 'n inter-dissiplinêre gesprek deur spesifieke respondente toe te laat tot die gesprek. Hierdie metodologie wat deur Müller (2008 en 2009) voorgestel word, laat die vakkundiges toe om vanuit hul

onderskeie vakgebiede te reflekteer op die primêre verhale van die mede-navorsers.

Hierdie wyse van navorsing loop uit op 'n post-fundamentele navorsingsproses wat verskeie perspektiewe belig soos wat die verhale ontvou en groei tydens die navorsing. Ek glo dat hierdie navorsingsmetodologie die praktiese teologie toelaat om 'n eerlike gespreksgenoot in die inter-dissiplinêre gesprek te wees.

Hierdie studie het egter ook sy gebreke en die oop gesprek wat gefasiliteer is kan nie as foutloos of perfek beskryf word nie. Die navorser, respondente en mede-navorsers se interpretasies kan nie sonder meer sonder kritiek, net soos wat hulle dit aanbied, aanvaar word nie. Die proses van navorsing is dus tydsaam, omrede die kritiese refleksie op die interpretasies van alle gespreksgenote nodig is. Dit is egter 'n goeie *vertrekpunt* vir 'n eerlike inter-dissiplinêre gesprek.

Die doel van hierdie studie was om 'n *psigologiese en spirituele* perspektief as deel van die immigrasieverhale van gelowiges te beskryf. Die rede hiervoor was om die ervarings van immigrante beter te verstaan, sowel as om die rol wat geloof tydens immigrasie speel, aan te hoor.

'n Kritiese refleksie op hierdie studie wys daarop dat daar nog ander stemme van meer vakgebiede tot die gesprek toegelaat sou kon word wat verdere bydraes tot die inter-dissiplinêre gesprek moontlik sou maak. Hoewel die studie primêr geïnteresseerd is in die *psigologiese belewenisse* van mense en hulle *geestelike ervarings*, sou daar waarskynlik raakpunte gevind kon word met ander geestes- en menslike wetenskappe.

Die literatuurstudie vanuit die sosiologie en spesifiek die werk van Berger en Zijderveld (2009) het 'n beweging in die studie aangedui wat ek as navorser nie voorsien het of van bewus was ten tye van die opstel van die navorsingsvoorstel nie. Hulle interdissiplinêre werk het raakpunte vanuit die sosiologie met praktiese teologie uitgewys, wat vir hierdie studie ter sake is en in retrospek sou die toelating van 'n sosioloog tot die inter-dissiplinêre studie en veral die gesprekke met respondente nog 'n belangrike stem tot die gesprek kon toevoeg. Die sosiologie neem die konteks waarbinne die verhale van mede-navorsers afspeel, in ag en die literatuur het uitgewys dat die konteks wel 'n invloed het op die psigologiese en geestelike belewenisse van immigrante.

## 3. MY EIE POSISIONERING AS NAVORSER

Die verhale van gelowige mede-navorsers het in hulle aktiewe deelname aan die aksies van die Mansfield Christian Reformed Church oorvleuel. Die mede-navorsers het elkeen hulle eie verhale vertel. Hierdie verhale het in die gemeente in Mansfield saamgevloei. Die verskillende verhale het die noodsaaklikheid van diensbare leierskap uitgewys, wat in die gemeente deur die strategiese leiers geïdentifiseer is as 'n sleutelarea in die lewens van immigrante en die gesamentlike soeke na die betekenis van immigrasie in die lewens van gelowige mense.

My eie deelname en insette ten opsigte van die ontwikkeling van diensbare leierskap was aanvanklik vir my 'n bron van kommer, omrede die persepsie kan bestaan dat ek as navorser die proses van navorsing hierdeur kan beïnvloed. Die deelname van immigrante en selleiers in hierdie proses verskaf egter 'n gesonde balans en dra integriteit in die proses in. Ek beskou myself as 'n deelnemer aan die navorsingsproses en is definitief nie die enigste rolspeler nie. Die feit dat ek

en my gesin die afgelope vier jaar tussen die mede-navorsers kom woon en leef het, laat my toe om die konteks van immigrasie beter te verstaan.

## 4. PRAKTIESE GEVOLGTREKKINGS

Tydens die navorsingsproses het ek daarvan bewus geraak dat narratiewe navorsing nie 'n maklike proses is nie. Die oop gesprek wat tot stand gebring is deur na die verhale van mede-navorsers te luister was suksesvol, maar nie sonder uitdagings nie. Die praktyk van die besige lewens van immigrante en die uitdagings verbonde aan immigrasie het veral die opvolggesprekke bemoeilik.

Groepsgesprekke is gefasiliteer waartydens mede-navorsers geleentheid gegun is om eie interpretasies op hul eie verhale te maak. Die positiewe gevolg hiervan was die dinamika in die groepsgesprek wat ontwikkel het deurdat mede-navorsers direk kon deelneem aan 'n oop gesprek.

Die nadeel is egter dat daar sekere persoonlike insette verlore raak as gevolg van die feit dat groepswerk net soveel insette toelaat as waarvoor daar tyd begroot is. Ek het die gesprekke lank vooraf reeds gereël en die mede-navorsers gevra om 'n volle aand daarvoor opsy te sit, sonder om enige ander afsprake te maak. Die gevolg was 'n sinvolle ononderbroke gesprek. Dieselfde prosedure is ook gevolg in 'n opvolggesprek met die respondente wat verdere refleksies en dialoog ten opsigte van vroeëre interpretasies tot gevolg gehad het.

## 5. MY EIE GROEI

Op akademiese gebied het hierdie studie my kritiese denke ontwikkel en ‘n lewensingesteldheid gekweek, waarvolgens daar intens en opreg geluister is na die verhale van mede-navorsers. My aanvanklike ingesteldheid om as navorser die primêre inset te lewer het gegroei om ‘n volledig deelnemende studie en proses van navorsing met integriteit daar te stel. Ek het as navorser baie vanuit die praktyk van die mede-navorsers geleer en hul interpretasies het die kern van die studie gevorm. Die proses om spesifieke vakkundiges as respondente aan te stel het die proses van interpretasie verdiep, deurdat die verskillende narratiewe en diskoerse binne die inter-dissiplinêre gesprek belig is.

Ek beskou hierdie bogenoemde beweging as positief omrede dit die praktiese teologie toelaat om ‘n gespreksgenoot in ‘n multi-dimensionele gesprek te word. Die gevolglike narratiewe ontwikkeling in die navorsingsproses is waardevol omdat verskeie insigte, refleksies en interpretasies deur verskeie gespreksgenote en nie net deur die navorser gemaak word nie.

## 6. TOEKOMSTIGE STUDIE

Die narratiewe karakter van hierdie studie het sekere areas uitgewys as moontlikhede vir verdere studie:

- Die ontwikkeling van ‘n diensbare leierskapmodel wat aanpasbaar is by die spesifieke kontekste van verskillende gemeentes is ‘n moontlike gevolg op hierdie studie.

- Die totstandkoming van ‘n ‘derde kultuur’ waar die kultuur van die land van oorsprong en die nuwe land vermeng, behoort verder ondersoek te word ten opsigte van die opvoeding van immigrante-kinders.

- Die immigrasieverhale van kinders kan in ‘n narratiewe studie hierdie studie komplementeer.

- Die verskillende modelle van kerkwees en die verhale van verskillende kerke in Australië, wat uitreik na gebore Suid-Afrikaners, moet gehoor word en ‘n oop gesprek met die verskillende rolspelers kan gefasiliteer en gedokumenteer word.

## 7. SLOTOPMERKINGS

Ten slotte kan opgemerk word dat hierdie narratiewe studie ‘n bydrae maak tot die breër gesprek rakende immigrasie van Suid-Afrikaansgebore gelowiges. Die invloed van diensbaarheid as ‘n gelowige *manier van leef* en die fokus op leierskap bied aan immigrante ‘n unieke geleentheid om immigrasie as sinvol te beleef.

Hierdie studie maak dus ‘n prakties-teologiese bydrae vanuit ‘n gereformeerde perspektief, sonder om die gereformeerde kerke as enigste rolspeler in die proses van gelowige immigrasie te sien. Hopelik sal die waarde van hierdie studie ten opsigte van immigrasie, ‘n bydrae lewer wat dui op ‘n konteks groter as net die plaaslike.

# BIBLIOGRAFIE

Appelbaum, S.H. & Santiago, V. 1997. Career Development in the Plateaued Organisation. *Career Development International* 2 (1): 11-20.

Armistead, C. 1999. Knowledge Management and Process Performance. *The Journal of Knowledge Management.* 3 (2): 143-54.

Ball, B. 1997. Career Management Competences. The Individual Perspective. *Career Development International.* 2 (2): 74-79.

Berger, P.L. & Zijderveld, A.C. 2009. *In Praise of Doubt: How to have Convictions without Becoming a Fanatic.* New York: Harper Collins Publishers.

Botten, N. & McManus, J. 1999. *Competitive Strategies for Service Organizations.* London: Macmillan.

Boyle, R. 1991. *Wresting with Jellyfish*. *Participative Management.* Boston: Harvard Business School Publishing. 47-56.

Bosman, L.L. 2001. *'n Narratiewe Beskouing van die Pastoraal Terapeutiese Self in 'n Post Moderne Samelewing*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Bruner, J. 1986. *Actual Minds, Possible Worlds.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Bruner, J. 1990. *Acts of Meaning.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Burger, C. 1995. *Gemeentes in Transito: Vernuwingsgeleenthede in 'n Oorgangstyd*. Kaapstad: Lux Verbi.

Buttery, E. & Buttery, A. 1994. *Business Networks.* Melbourne: Longman Business and Professional.

Cacioppe, R. 1998. An Integrated Model and Approach for the Design of Effective Leadership Development Programs. *Leadership and Organisation Development Journal.* 19 (1): 44-53.

Cahoone, L.E. 1995. *TheTen Modernisms,* in Rossouw, G. (Ed.) *Life in a Post-Modern Culture.* Pretoria: HSRC Publishers.

Caputo, J.D. (Ed). 1997. *Deconstruction in a Nutshell: A Conversation with Jacques Derrida.* New York: Fordham University Press.

Carlopio, J, G Andrewartha & H Armstrong. 1997. *Management Skills in Australia.* Chapter 1, in *Developing Management Skills.* Melbourne: Addison Wesley Longman. 4-37, 615-621.

Chase, S.E. 2003. *Learning to Listen: Narrative Principles in a Qualitative Research Methods Course,* in Josselson, R, A Lieblich and DP Mc Adams. (Eds). *Up Close and Personal. The Teaching and Learning of Narrative Research*. Washington DC: American Psychological Association.

Childs, B.H. 1998. *Practical to the End,* in Brueggemann, W. & Stroup, G.W. (Eds). *Many Voices, One God: Being Faithful in a Pluralistic World*. Louisville: Westminister John Knox Press.

Connely, F.M. & Clandinin, D.J. 1990. Stories of Experience and Narrative Inquiry. *Educational Researcher.* 19 (5): 2-14.

Craddock, F.B. 1981. *As One Without Authority.* Nashville: Abingdon.

Daft, R.L. 2002. *The Leadership Experience.* Fort Worth: Harcourt College Publishers.

Dawson, L. 2010. Anti-Modernism, Modernism and Post-Modernism: Struggling with the Cultural Significance of Religious Movements*.* *Reference Publications* [Aanlyn], http://findarticles.com/p/articles/mi_m0SOR/is_n2_v59/ ai_20913875/.

De Kiewiet, C. 2004. *The Transforming Power of Gospel Preaching to an Audience Influenced by Post Modernism*. Pretoria: University of Pretoria.

Demasure, K. & Müller, J. 2006. Perspectives in Support of the Narrative Turn in Pastoral Care. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif.* 47(3&4): 410-419.

Deresky, H. 2000. *The Role of Culture in International Management. International Management Managing Across Borders and Cultures.* USA: Prentice Hall. 102-137.

Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n Postmoderne Tyd*. Bloemfontein: CLF Uitgewers.

Elgin, C.Z. 1998. *Epistemology's End,* in Alcoff, L.M (Ed). *Epistemology: The Big Questions.* Malden, MA: Blackwell. 26-40.

Elmesky, R. 2005. Rethinking Qualitative Research: Research Participants as Central Researchers and Enacting Ethical Practices as Habitus. *Forum Qualitative Social Research 6(3*) [Aanlyn], http://www.qualitative-research. net/index.php/fqs/article/viewArticle/32/67.

Foucault, M. 1998. *The History of Sexuality*, in Mc Neill, W. & Feldman, S. (Eds). *Continental Philosophy.* Malden, MA: Blackwell. 380-390.

Freeman, J. & Combs, G. 1996. *Narrative Therapy: The Social Construction of Preferred Realities.* New York: WW Norton.

Fulmer, R.M. & Goldsmith, M. 2001. *The Leadership Investment.* New York: American Management Association. 164-95.

Gadamer, H. 1998. *The Universality of the Hermeneutical Problem*, in McNeill, W. & Feldman, S. (Eds). *Continental Philosophy.* Malden, MA: Blackwell, 186-193.

Ganzevoort, R.R. 2002. Social Construction in Practical Theological Epistemology. *Journal of Emperical Theology*. 15 (2): 34-42.

Gergen, K.J. 1999. *An Invitation to Social Construction*. London: SAGE.

Gergen, K.J. 1999a. *Social Psychology as Social Construction: The Emerging Vision.* [Aanlyn], www.swarthmore.edu/SocSci/kgergen1/text.htm1.

Gerkin, C.V. 1997. *An Introduction to Pastoral Care.* Nashville: Abingdon.

Goudzwaard, B. 1998. *Hoe om Sin te Maak van die Postmodernisme,* in Goudzwaard, B, HG Geertsema & MF Heyns. Instituut vir Reformatoriese Studie 369 (September), 1-10. Potchefstroom: PU vir CHO.

Grenz, S.J. 1996. *A Primer on Postmodernism.* Grand Rapids Michigan: W.B. Eerdmans Publishing Company.

Grenz, S.J. & Franke, J.R. 2001. *Beyond Foundationalism.* Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.

Hadjistavropoulos, T. & Smythe, W.E. 2001. Elements of Risk in Qualitative Research. *Ethics and Behaviour.* 11(2), 163-174.

Heyns, J.A. & Jonker, W.D. 1977. *Op Weg met die Teologie.* Tweede druk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Hirst, P.Q. 1975. *Durkheim, Bernard and Epistemology.* London and Boston: Routledge & Kegan Paul.

Huseman, R.C. & Goodman, J. 1999. *Leading with Knowledge.* London: SAGE Publications.

Industry Task Force on Leadership and Managemant Skills. 1995. *Enterprising Nation: Renewing Australia's Managers to Meet the Challenges of the Asia-Pacific Century.* Canberra: Australian Government Publishing Service. 15-49.

Johnson, D. & Johnson, F. 1997. *Joining Together, Group Theory and Group Skills*, in *Team Leadership Study Guide.* 2003. Toowoomba, Australia: University of Southern Queensland.

Kaagan, S. 1998. Leadership Development: The Heart of the Matter. *International Journal of Educational Management.* 12 (2): 74-81.

Katzenbach, J.R. & Smith, D.K. 1993. *The Wisdom of Teams*: *Creating the High Performance Organisation.* London: The McGraw-Hill Companies.

Klagge, J. 1997. Leadership Development Needs Of Today's Organisational Managers. *Leadership and Organisation Development Journal.* 18 (7), 355-62.

Lewis, D. 1996. *New Perspectives on Transformational Leadership*, in Parry, K. (Ed). *Leadership Research and Practice.* Melbourne: Pitman Publishing. 17-28.

Manz, C.C. & Sims, H.P. 1991. *Super Leadership: Beyond the Myth of Heroic Leadership. Organizational Dynamics,* in Introductory Book: *Self Leadership.* Toowoomba, Australia: University of Southern Queensland.

McCrindle, M. & Wolfinger, E. 2009. *The ABC of XYZ.* Sydney, Australia: The University of New South Wales.

Meeto, D. & Temple, B. 2003. Issues in Multi-Method Research: Constructing Self Care. [Aanlyn], http://ualberta.ca/iiqm/backissues/ 2_3final / pdf/meetotemple.pdf. Oorspronklik gepubliseer in: *International Journal of Qualitative Methods.* 2(3), 1-21.

Mishler, E.G. 1986. *Research Interviewing, Context and Narrative.* Cambridge, Massachusetts and London: Harvard University Press.

Morse, J.M. & Chung,S.E. 2003. Toward holism: The significance of methodological pluralism. [Aanlyn], http://ualberta.ca/iiqm/ backissues/ 2_3final / pdf/morsechung.pdf. Oorspronklik gepubliseer in : *International Journal of Qualitative Methods.* 2(3), 1-12.

Moxley, R.S. 1998. *Hardships.* Chapter 6, in *The Center for Creative Leadership Handbook of Leadership Development,* Mc Cauley, CD, R S Moxley & E Van Velsor. (Eds). San Francisco: Jossey-Bass Publishers. 194-213.

Müller, J.C. 2004. HIV/AIDS, narrative Practical Theology And Postfoundationalism: The Emergence of a New Story. *HTS Theological Studies/ Teologiese Studies.* 60 (1&2), 293-306.

Müller, J. & Schoeman,K. 2004*. Narrative Research: A Respectful and Fragile Intervention*. Pretoria: University of Pretoria.

Müller, J. 2008. Postfoundationalism as a Practical Way Of Interdisciplinary Work: Narrative Research on HIV and AIDS. *Third International Conference on Interdisciplinary Social Sciences.* 22-25 July 2008: 1-18.

Müller, J. 2009. Transversal Rationality as a Practical Way Of Doing Interdisciplinary Work, with HIV and AIDS as a Case Study. *Practical Theology in South Africa.* 24 (2): 199-228.

Müller, J, W Van Deveter & L Human. 2001. Narrative Research: A Respectful and Fragile Intervention. *Sociale Interventie.* 13(3): 7-13.

Napier, R.W. & Gershenfeld, M.K. 1999. *Groups.* Boston, New York: Houghton Mifflin Company.

Oden, T.C. 1990. *After Modernity… What? Agenda for Theology.* Michigan: Academie Books, Zondervan Publishing House.

Osmer, R.R. 2006. *Toward a Transversal Model of Interdisciplinary Thinking in Practical Theology*, in Schults, F.I. (Ed). *The Evolution of Rationality.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. 327-345.

Parker, B. *et al.* 2006. *Geography for Global Citizens.* South Yarra, Australia: Macmillan Education.

Parry, K. & Sarros, J. 1996. *An Australasian Perspective on Transformational Leadership*, in Parry*, K. (Ed). Leadership Research and Practice.* Melbourne: Pitman Publishing. 105-11.

Pattison, S. 2000. Some Straw for the Bricks: A Basic Introduction to Theological Reflection. *The Blackwell Reader in Pastoral and Practical Theology*. Oxford: Blackwell Publishers.

Pattison, S. & Woodward, J. 2000*. An introduction to Pastoral and Practical Theology. The Blackwell Reader in Pastoral and Practical Theology*. Oxford: Blackwell Publishers.

Peters, J. & Smith, P.A.C. 1998. Action Learning and The Leadership Development Challenge, *Journal of Workplace Learning.* 10 (6/7), 284-291.

Phillips, D.C. 1994. Telling it Straight: Issues in Assessing Narrative Research. *Educational Psychologist.* 29 (1), 13-21.

Phillips, D.L. 1993. *Looking Backward: A Critical Appraisal of Communitarian Thought.* Princeton, N.J.: Princeton University Press.

Phillips, D.Z. 1988. *Faith after Foundationalism.* London and New York: Routledge.

Pinnock, C. 1990. *Tracking the Maze: Finding our Way Through Modern Theology from an Evangelical Perspective*. San Francisco: Harper & Row.

Ricoeur, P. 1977. *The Model of the Text*, in Dallmayr, F. & Mc Carthy, T. (Eds). *Understanding and Social Inquiry.* Notre Dame, Ind.: University of Notre Damme Press.

Ricoeur, P. 1991. *Life in Quest of Narrative,* in Wood, D. (Ed). *On Paul Ricoeur: Narrative and Interpretation*. London: Routledge. 20-33.

Reyneke, C.J.S. 2004. *' n Prakties-Teologiese Narratiewe Navorsing van die Aanpassingsproses van 'n Gesin wat van Suid-Afrika na Nieu-Seeland verhuis het.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Robbins, S. *et al*. 2001. *Organisational Behaviour.* Prentice Hall: Sydney.

Rossouw, G.J. 1993. Theology in a Post-Modern Culture: Ten Challenges. *Hervormde Teologiese Studies*. 49(4): 894-907.

Rossouw, G.J. 1995. *Theology in a Postmodern Culture: Ten Challenges,* in Rossouw, G.J. (Ed.) *Life in a Postmodern Culture*. Pretoria: HSRC Publishers.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S. 1995. *Qualitative Interviewing. The art of Hearing Data.* United States of America: SAGE Publications.

Scheepers, R. 1998. *Koos Prinsloo. Die Skrywers en sy Geskryfdes*. Kaapstad: Tafelberg.

Schrag, C.O. 1992. *The Resources of Rationality: a Response to the Postmodern Challenge.* Bloomington, Indiana: Indiana University Press.

Schweitzer, A. 1969. *Reverence for Life.* London: SPCK.

Smythe, W.E. & Murray, M.J. 2000. Owning the Story: Ethical Considerations in Narrative Research. *Ethics and Behaviour.* 10(4), 311-336.

Smythe, W.E. & Murray, M.J. 2001. A Respectful Reply to Gottlieb and Lasser. *Ethics and Behaviour.* 11(2), 195-199.

Storey, J. 1989. Management Development: A Literature Review and Implications for Future Research - Part 1: Conceptualisations and Practices. *Personnel Review.* 18 (6): 3-19.

Storey, J. 1989. Management Development: A Literature Review and Implications for Future Research - Part II: Profiles and Contexts. *Personnel Review.* 19 (1), 3-11.

Sveiby, K.E. 1997. *The New Organizational Wealth: Managing and Measuring Knowledge-Based* Assets. San Francisco: Berret-Koehler.

Tatusko, A.M. 2005. The Tacit Media Pedagogy as Praxial Critique: A Critique of Postmodern Theory for Higher Education Curriculum. *Teachers College Record* 107(1). January 2005: 114-136.

Thompson, J.E, R Stuart & PR Lindsay. 1997. The Competence of Top Team Members: A Framework for Successful Performance. *Team Performance Management.* 3 (2): 57-75.

Van der Linde, M. 1998. *Sending Binne 'n Post-Moderne Wêreld: 'n Uitdaging vir die NG Kerk*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Walt, F. 2010. Persoonlike Onderhoud met ‘n Senior Besigheids-taalanalis. Brisbane: GJI Marketing.

Van der Watt, J. 2000. *Die Christen, die Bybel en die Toekoms.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Van der Westhuizen, Z. 2008. *Mentorship Narratives in a Local Congregation: A Post-Foundational Practical Theological Study*. Pretoria: University of Pretoria.

Van Huyssteen, J.W. 1997. *Essays in Postfoundationalist Theology.* Grand Rapids, Michigan: W.B.Eerdmans Publishers.

Van Huyssteen, J.W. 1999. *The Shaping of Rationality. Toward Interdisciplinarity in Theology and Science.* Grand Rapids, Michigan: W.B.Eerdmans Publishers.

Van Huyssteen, J.W. 2000a. *Faith and Knowledge: Our Common Evolutionary Heritage,* in Du Toit, C.W. (Ed). *Evolution and Creativity.* Pretoria. Research Institute for Theology and Religion, UNISA: 181-216.

Van Huyssteen, J.W. 2000b. *Pluralism and Interdisciplinarity: In Search of Theology's Public Voice,* in Du Toit, C.W. (Ed). *Evolution and Creativity.* Pretoria. Research Institute for Theology and Religion, UNISA: 217-249.

Van Huyssteen, J.W. 2006. *Alone in the World? Human Uniqueness in Science and Theology.* The Gifford Lectures. Grand Rapids, Michigan: W.E. Eerdmans Publishers.

Van Huyssteen, J.W. 2006b. When our Bodies do the Thinking: Theology and Science Converge. *American Journal of Theology & Philosophy.* 27(2): 127-153.

Van Huyssteen, J.W. 2007. Response to Critics. *American Journal of Theology and Philosophy.* 28 (3): 409-432.

Verklarende Bybel. 1989. *Nuwe Vertaling*. Kaapstad: Lux Verbi.

Webtuiste van Mansfield Christian Reformed Church. www.mansfieldcrc.com.

Welbourn, M. 2001. *Understanding Teams.* Australia: Prentice Hall, Pearson Education. .

West, G. 1995. *The Future of Religion in the Twenty First Century: A South African Perspective,* in Du Toit, C.W. (Ed). New Modes of Thinking on the Eve of a New Century: South African Perspectives: A Collection of Papers. Pretoria: University of Pretoria. 146-160.

Whitely, W.T. & Coetsier, P. 1993. The Relationship of Career Mentoring to Early Career Outcomes. *Organizational Studies*, *Summer.* 14 (3): 419-423.

Woodhead, L, P Heelas & P Martin. 2001. *Peter Berger and the Study of Religion.* London: Rootledge.

# BYLAE

## Bylaag 1: Aanvanklike vraelys aan mede-navorsers met die oog op ‘n semi- gestruktureerde gesprek wat tot ‘n oop gesprek lei

(Gesprekke ook op CD beskikbaar)

**VRAELYS**

- Hoe het julle familie gereageer op julle besluit om te immigreer?
- Watter inligting het julle ingesamel voordat julle besluit het om te immigreer?
- Hoe het dit gevoel toe julle gesin finaal op die vliegtuig was?
- Watter spesiale reëlings het julle getref om julle aankoms in Australië makliker te maak?
- Watter wesenlike veranderings is in julle lewenstyl sigbaar?
- Is daar enige ervarings/belewenisse wat vir julle uitstaan?
- Waarom het julle geïmmigreer?
- Watter bronne het julle in plek gehad om die skuif makliker te maak? Indien geen: aan watter bronne het julle 'n behoefte gehad?
- Hoe beleef julle die nuwe kultuur?
- Watter rol speel geloof in die hele proses van immigrasie vir jou?
- Is daar enige veranderinge wat julle moes maak, ten einde julle geloofslewe uit te leef?
- Is dit vir jou belangrik om deel van 'n geloofsgemeenskap te wees? Hoekom/hoekom nie?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Bylaag 2: Etiese vraelys

### Ethical Questionnaire/Etiese Vraelys

*Voltooi in Afrikaans / Engels*

*Complete in Afrikaans / English*

| | |
|---|---|
| Naam / Name: G.J. Oberholzer<br><br>Studentenommer / Student number 87490359<br><br>Graad / Degree PhD<br><br>Departement / Department: Praktiese Teologie<br><br>Studieleier / Studyleader Prof. Julian Muller | TITEL VAN NAVORSINGS-PROJEK/TITLE OF RESEARCH PROJECT:<br><br>Die verhale van gebore Suid-Afrikaners met 'n immigrasie-roeping om diensbare leiers te wees in 'n post-moderne geloofsgemeenskap in Brisbane, Australië. |
| EERSTE AANSOEK/FIRST APPLICATION: Ja<br>VANTEVORE INGEDIEN/RESUBMISSION: Nee | |

Tik asseblief / Please type

**1. NAVORSINGSDOELWITTE / OBJECTIVES OF THE RESEARCH**

Lys asseblief: / Please list:

Om die immigrasie verhale van gelowige, gebore Suid-Afrikaners op te teken

Om die invloed van ‘n Goddelike roeping op die immigrasieproses te ondersoek

Om die rol van diensbare leierskap in ‘n nuwe geloofsgemeenskap in Brisbane na te vors

Om die invloed van post-modernisme op ‘n nuwe geloofsgemeenskap te bestudeer

[1] **With due acknowledgement to the Research Committee for the Humanities Faculty, University of Pretoria, 2003-04-1**

**2. OPSOMMING VAN DIE NAVORSING / SUMMARY OF THE RESEARCH**

Verskaf asseblief 'n bondige opsomming van die navorsing (maksimum 250-300 woorde). / Please provide a brief summary of the research (maximum 250 - 300 words).

Hierdie studie handel oor die immigrasieverhale van gelowige mense wat soek na 'n dieper verstaan van die realiteit waarbinne hulle hulself bevind. Die roepingsverhale van mense sal aangehoor en bestudeer word op 'n prakties-teologiese vlak en die rol van diensbare leierskap sal ondersoek word in 'n post-moderne wêreld. Hierdie prakties-teologiese studie volg 'n narratiewe benadering wat die konteks in Brisbane op die volgende maniere beïnvloed:

* Eerstens kies ek vir 'n epistemologiese posisionering wat realiteit verstaan binne die sosiale raamwerk van die kultuur en tyd waarbinne die verhale van mense se lewens afspeel.

* Die narratiewe karakter van die studie vereis verder dat die navorser in konstante gesprek met mede-navorsers bly ten einde integriteit te behou.

* Hierdie narratiewe benadering plaas daarom klem op die vertel en her-vertellings van verhale wat eindelik 'n verhaal op sy eie word en self ontwikkel binne die sosiale bestel, met al die invloede wat op 'n holistiese manier in ag geneem word.

* Die betekenis hiervan is dat daar geluister word na die verhale van mense en dat die verhale van mense nie ge-analiseer word nie. Die mede-navorsers word met respek behandel en die gevolg is 'n mede-verantwoordelikheid ten opsigte van die verhaal wat vertel word op hierdie plek en tyd in die geskiedenis.

Die gevolg is dat daar drie uitgangspunte is vir hierdie navorsing:

i) Die navorser en mede-navorsers neem nie 'n magsposisie in ten opsigte van 'n meerdere kennis nie.
ii) Die luister is nie passief nie, maar 'n aktiewe reagerende luister, waar die navorser en mede-navorsers dinamies in 'n oop gesprek deelneem.
iii) Die metodiek is een van vraagstelling soos wat die oop gesprek ontvou, ten einde 'n verhaal te stimuleer wat die werklike leefwêreld van mense weergee.

Hierdie prakties-teologiese studie luister dus na die immigrasieverhale van Suid-Afrikaans gebore gelowiges na Brisbane, soos wat hulle verhale ontvou in die ontwikkeling van 'n nuwe geloofsgemeenskap, met in ag neming van tersaaklike psigologiese, sosiologiese en spirituele faktore.

**DEELNAME VAN PROEFPERSONE / PARTICIPATION BY RESEARCH SUBJECTS**

3.1 Waar en hoe sal die proefpersone gekies word? / Where and how will the subjects be selected?

Die mede-navorsers sal gekies word uit gebore Suid-Afrikaners, wat as gelowiges geimmigreer het en in Brisbane Australië soek na ‘n nuwe geestelike tuiste.

3.2 Indien daar van die proefpersone verwag gaan word om as vrywilligers op te tree, wie gaan gevra word en hoe gaan deelnemers gekies word? / If any subjects will be asked to volunteer, who will be asked to volunteer and how will the participants be selected?

Die navorser sal laag-gestruktureerde gesprekke voer binne die geloofsgemeenskap in Brisbane onder gebore Suid-Afrikaanse immigrante. ‘n Verspreiding van mede-navorsers op psigologiese-, sosiale- en geestelike vlakke, sal geïdentifiseer word, alvorens die in-diepte navorsing gedoen sal word. Die verspreiding van gelowiges bevat mense wat slegs met ‘n beginselbesuit geïmmigreer het, mense wat sonder werk, sommige in professionele beroepe en ander wat met ‘n ambag geïmmigreer het. Party het lank gelede en ander het onlangs die die skuif gemaak. Sommige het sonder enige besittings in ‘n nuwe land ‘n begin gemaak en ander het al hul besittings oorgebring. Hierdie riglyne sal gebruik word om mede-navorsers te identifiseer en die sosiale, psigologiese en geestelike impak op die immigrasieproses sal bestudeer word.

3.3 Indien proefpersone gewerf moet word, wat sal as aansporingsmiddel dien? / If subjects are to be recruited, what inducement is to be offered?

In die dialoog wat uit die bogenoemde vloei, sal die betekenis en waarde van hierdie studie gedeel word met die mede-navorsers in soverre hulle verhale 'n bydrae maak ten opsigte van die verhale wat *gelowige,* gebore Suid Afrikaanse immigrante na Australië vertel, te midde van die immigrasieproses.

Die aansporing is dus om as gelowiges 'n bydrae tot die groter immigrasie-gesprek onder Suid-Afrikaners te maak.

3.4 Indien van persoonlike dokumente gebruik gemaak gaan word, dui asseblief die aard daarvan aan en ook hoe seleksie gaan geskied. / If subjects' records are to be used, specify the nature of these records and indicate how they will be selected.

NVT

3.5 Het u die nodige toestemming verkry om die dokumente te bestudeer en daaroor verslag te doen? / Have you obtained permission to study and report on these records?
Indien ***Ja***, heg asseblief die briewe hierby aan. / If ***Yes***, attach letters.

NVT

3.6 Uitstaande kenmerke van proefpersone / Salient characteristics of subjects:

Aantal / Number: 10

Geslag / Gender: Vroulik / Female 5 Manlik / Male 5

Ouderdom / Age 35-47

3.7 Het u die nodige toestemming van die bepaalde owerheid verkry (bv. gemeente, hospitaal, kliniek)? Indien wel, op welke wyse is die toestemming verkry? / Have you obtained permission from the relevant authorities (e.g. an ecclesiastical congregation, hospital, clinic)? If so, how did you obtain this permission?

NVT

3.8 Lys die beoogde metodes wat gevolg gaan word om die nodige data van die proefpersone te verkry (merk die relevante item(s)) / List the procedures you intend to carry out with the subjects to obtain the data you require (mark the applicable item(s)):

- Laag-gestruktureerde aanvanklike gesprekke.
- In diepte-onderhoude met deurlopende dialoog as deel van die navorsing.
- Bandopnames van alle gesprekke sal vir veilige bewaring deurgegee word.

3.9 Indien u (die navorser) nie self die prosedure gaan uitvoer nie, verstrek asseblief die naam en hoedanigheid van die persoon wat dit gaan doen. / If you (as the researcher) will not carry out the procedure personally, state the name and position of the person who will carry out the procedure.

NVT

**INGELIGTE TOESTEMMING / INFORMED CONSENT**

4.1 Heg ‘n kopie van die toestemmingsvorm aan / Attach a copy of the consent form.

Toestemming van al 10 mede-navorsers word hierby aangeheg.

4.2 Indien die persone jonger as 18 is, of verstandelik of wettig onbevoeg is om toestemming tot deelname te verleen, hoe gaan u te werk gaan om hulle toestemming te verkry / of van wie sal u gevolmagtigde toestemming kry? Beskryf asseblief.

If the subjects are under 18 or mentally or legally incompetent to consent to participation, how will you obtain their assent and/or from whom will you obtain proxy consent? Please describe.

NVT

4.3 Indien die persone jonger as 18 is, of verstandelik of wettig onbevoeg is, hoe sal u dit aan hulle duidelik
maak dat hulle te enige tyd aan die studie mag onttrek? Beskryf asseblief.

If the subjects are under 18, or mentally or legally incompetent, how will you make it clear to the subjects that they may withdraw from the study at any time? Please describe.

NVT

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.4 Indien u as die navorser nie die proefpersone se moedertaal magtig is nie, hoe gaan u toesien dat die persone die inhoud van die toestemmingsbrief ten volle verstaan. Beskryf asseblief. / If you as the researcher are not competent in the mother tongue of the subjects, how will you ensure that the subjects fully understand the content of the consent form? Please describe.

NVT

**RISIKO'S EN NADELE VIR DIE PROEFPERSONE / RISKS AND DISADVANTAGES TO THE SUBJECTS.**

5.1 Hou die navorsing enige risiko (bv. fisies, psigologies, regsgeldig, sosiaal) vir die persone in? / Are the subjects at any risk (e.g. physical, psychological, legal, social) if they participate in the research?

Ja potensieel, maar nie noodwendig nie. Daar is stappe in plek om anonimiteit te verseker.

Indien ***Ja***, beantwoord 5.2. / If ***Yes***, answer 5.2.

5.2 Sal persone op enige manier deur deelname of nie-deelname benadeel word? / Will participation or non-participation disadvantage the subjects in any way?

Nee

Indien ***Ja***, verduidelik op welke manier benadeling sal plaasvind. / If ***Yes***, explain in which way they will be disadvantaged.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**MISLEIDING VAN PROEFPERSONE / DECEPTION OF SUBJECTS**

6.1 Is daar enige aspekte van die navorsing waaroor proefpersone nie ingelig gaan word nie? / Are there any aspects of the research about which the subjects will not be informed?

Nee

Indien ***Ja***, beskryf hierdie aspekte. / If ***Yes***, describe these aspects.

**VOORDELE VIR DIE PROEFPERSONE / BENEFITS TO THE SUBJECTS**

7.1 Hou deelname enige voordeel vir die proefpersone in? / Will participation benefit the subjects?

Ja, 'n dieper verstaan van hulle eie immigrasie-verhaal met 'n gelowige bydrae ten opsigte van die groter immigrasie-verhaal van gebore Suid-Afrikaners.

**VERTROULIKHEID / CONFIDENTIALITY**

8.1 Op welke wyse gaan u vertroulikheid en/of anonimiteit verseker? / How will you ensure confidentiality and/or anonymity?

Beskryf asseblief / Please describe.

- Gespreksgenote sal vooraf gewaarborg word dat hulle gesprekke vertroulik hanteer sal word en dat niks sonder hul toestemming gepubliseer sal word nie. Persoonlike gesprekke kan egter nie voor die tyd voorspel word nie en dit is onmoontlik en ook nie die doel van hierdie studie om die inhoud daarvan vas te pen nie.
- Enige herinterpretasie deur die navorser sal vooraf gekommunikeer word met elke mede-navorser om te bepaal of dit ‘n ware weergawe van die verhaal is en die betekeniswaarde daaraan toegeken sal verreken word.
- Finale gevolgtrekkings en verbande met die groter verhaal sal gereflekteer word en met alle mede-navorsers bespreek word.
- Terapeutiese kwessies sal verwys word vir professionele hulp en die waarde vir hierdie studie sal slegs ‘n narratiewe bydrae wees.
- Anonimitiet sal as opsie bespreek word en indien die gespreksgenoot instem sal soveel as moontlik van die ter saaklike inligting in ag geneem word vir die studie.
- Geloofsgemeenskappe hoef nie by die naam genoem te word nie, behalwe die nuwe geloofsgemeenskap in die breër Brisbane area, wat die fokus van hierdie studie uitmaak.

**BEKENDMAKING VAN DIE NAVORSING / DISSEMINATION OF RESEARCH**

9.1 Aan wie gaan die resultate beskikbaar gestel word? / To whom will the results be made available?

- Mede-navorsers
- Universiteit van Pretoria
- Tersaaklike resultate aan die publiek in Suid-Afrika
- Tersaaklike resultate aan die publiek in Australië

9.2 In watter formaat sal die resultate na verwagting beskikbaar gestel word? / In which format do you expect the results to be made available?

Merk asseblief wat van toepassing is. / Please mark that which is applicable.

- Wetenskaplike artikel
- Leke artikel
- Radio
- Verhandeling

**BEWARING VAN NAVORSINGSDATA / STORAGE OF THE RESEARCH DATA**

10. Neem kennis dat u alle navorsingsdata moet bewaar en na voltooiing van u navorsing aan die Fakulteit moet oorhandig vir bewaring vir 'n tydperk van 10 jaar. /

Take note that you have to save all research data and at the end of your research hand it over to the Faculty for storage for a period of 10 years.

**ANDER INLIGTING / OTHER INFORMATION**

11. Verskaf asseblief hieronder enige ander inligting wat moontlik vir die komitee van waarde mag wees. / Please provide any other information which my be of value to the committee here.

Geen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**12. HANDTEKENINGE / SIGNATURES**

**Aansoeker / Applicant** : Gerhard Oberholzer

**DATUM / DATE: 15/12/2008**

**STUDIELEIER / SUPERVISOR: Prof. Julian Muller**

**DATUM / DATE: 15/12/2008**

**DEPARTEMENTSHOOF / HEAD OF DEPARTMENT: Prof. Julian Muller**

**DATUM / DATE: 15/12/2008**

Is u van mening dat die voorgestelde navorsing etiese implakasies inhou? Are you of the opinion that the proposed research project has ethical implications? **Ja/Yes** **Nee/No**

**ETIESE KOMITEE / ETHIC COMMITTEE :** …………………………………………………………………………….

**DATUM / DATE:** ………………………………………………………………………………………………………..

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**AANHANGSELS / ATTACHMENTS:**

☐ Toestemming vir bestudering van dokumente / Permission to study reports (Vraag / Question 3.5)

☐ Goedkeuring van owerhede / Approval from authorities (Vraag / Question 3.7)

☐ Onderhoude / Interviews (Vraag / Question 3.8)

☐ Vraelys / Questionnaire (Vraag / Question 3.8)

☐ Ingeligde toestemming / Informed consent (Vraag / Question 4.1)

☐ Ander / Other

## Bylaag 3: Opvolggroepsgesprek met mede-navorsers

(Gesprek ook op CD beskikbaar)

**Skuilname gebruik**: Ben en Jackie de Vos

Anton en Suzet Muller

Pieter en Karien Venter

Jaco en Linda Botha

Johan en Ansie van Zyl

**Interpretasies:** "Was dit werklik my bedoeling?"

- Immigrasie, globalisering en migrasie

- Vrouens: emosionele besluitneming
- Mans: kognitiewe besluitneming

- Gelowige immigrasie vs ongelowige immigrasie

- Het julle God as Bondgenoot beleef?

- Wat verstaan julle onder gemarginaliseerde verhale?

- Hoe belangrik is dogma in Mansfield?

- Wat is die betekenis van seerkry in julle verhale?

- Het immigrante ‘n behoefte aan ‘n geloofsfamilie, in die afwesigheid van ‘n bloedfamilie?

- Is daar is sekere immigrante wat die kerk as netwerk gebruik?

- Hoe verskil die Suid-Afrikaanse en Australiese opvoedingstyl van kinders?

**Her-interpretasies:** Mede-navorsers - oop gesprek

## Bylaag 4: Opvolggesprek met Respondente

(Gesprek ook op CD beskikbaar)

- Verduidelik die gebruik van skuilname

- Interdissiplinêre gesprek: Verduidelik transversale rasionaliteit, post-fundamentalisme en die narratiewe benadering vanuit die prakties-teologiese perspektief

- Psigologiese ervaring van immigrasie, globalisering en migrasie

- Vrouens: emosionele besluitneming
- Mans: kognitiewe besluitneming

- Rol wat geloof speel tydens immigrasie

- 'Derde kultuur' te midde van kultuur- en taalverskille

- Kinders ontwrig: verskille in Suid-Afrikaanse en Australiese opvoedingstyle

- **Herinterpretasie** van respondente - **oop gesprek**